

# **Revisie: een aspek van kwaliteitbestuur in 'n akademiese vertaalkantoor**

deur

**Alta van Rensburg**



*Proefskrif ingelewer vir die graad*

**Doktor in die Wysbegeerte in Vertaling**

*in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe*

*aan die Universiteit Stellenbosch*  
*UNIVERSITY*



Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Desember 2018

## **Verklaring**

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Alta van Rensburg

Desember 2018

## **Opsomming**

### **Revisie: een aspek van kwaliteitbestuur in 'n akademiese vertaalkantoor**

Hierdie studie ondersoek en bespreek revisie as een van die aspekte van kwaliteitbestuur in die konteks van akademiese vertaalkantore aan hoëronderwysinstellings. Kernstappe vir kwaliteitbestuur is na aanleiding van 'n analise van vyf kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf geïdentifiseer. Die mate waarin revisie, synde een van dié kernstappe, in die praktyk toegepas word, word aan die hand van 'n opname van tien vertaalkantore bespreek. Hoewel standarde soos ISO 17100 (2015) die revisie van alle vertaalde dokumente vereis, toon empiriese studies dat selfs ervare vertalers en reviseurs sowel foute oorsien as nuwe foute invoeg. Daarom is dit belangrik om die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole te bepaal. Dít word in hierdie studie gedoen deur 'n ondersoek van (i) die invloed van revisie op vertaalkwaliteit, (ii) die invloed van die reviseursprofiel op revisiekwaliteit, en (iii) die invloed van die revisieprocedure op revisiekwaliteit. Die teoretiese grondslag bestaan uit literatuur oor revisie, vertaalkwaliteit grondliggend aan revisie, en funksionalistiese vertaalbenaderings waar die klem op die doel en die breeë produksieproses van 'n vertaling ooreenstem met die kwaliteitbestuursbenadering in standarde vir die vertaalbedryf. 'n Gemengdemetode-benadering is gevvolg deur sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe data in die empiriese studie te gebruik. Dertig reviseurs het 'n eksamenvraestel nagegaan wat uit Engels in Afrikaans vertaal is. Dít is gedoen aan die hand van 'n revisie-opdrag, die bronsteks, die vertaalopdrag en revisiebeginsels. Die reviseurs het twee vraelyste ingevul waarmee data oor hulle onderskeie profiele en revisieprocedures ingewin is. Die kwaliteit van die Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie) en die vertaalprodukte (Afrikaanse doeltekste ná revisie) is deur vyf assesseerders gemeet om die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk te bepaal. Hierdie assessering is gedoen aan die hand van Colina (2009) se meetinstrument wat vir die doeleinnes van dié empiriese studie effens aangepas is. Drie taalkundiges het die kwaliteit van die revisieproduk bepaal aan die hand van twee assessoringsinstrumente, naamlik beskrywende kategorieë en 'n formule waarmee die kwaliteit van die revisieproduk gekwantifiseer is. Daar is bevind dat revisie wél 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit gehad het en dus as kwaliteitkontrole in akademiese vertaalkantore gebruik kan word. Die reviseursprofiel het slegs enkele verbande met revisiekwaliteit getoon; daarteenoor het die revisieprocedure 'n veel groter invloed op revisiekwaliteit gehad. Die studie het verder getoon dat die reviseurs talle foute oorgesien het. Die aanbeveling word dus gemaak dat reviseurs spesifiek in revisie opgelei word, en dat revisie slegs een aspek van 'n vertaalkantoor se kwaliteitbestuurstelsel behoort uit te maak.

## Abstract

### Revision: one aspect of quality management in an academic translation office

This study takes a closer look at and discusses revision as one of the aspects of quality management in the context of academic translation offices at higher education institutions. Key quality management steps were identified from an analysis of five quality standards for the translation industry. The extent to which revision, being one of these key steps, is applied in practice is discussed based on a survey of ten translation offices. Although quality standards such as ISO 17100 (2015) require revision of all translated documents, empirical studies have shown that even seasoned translators and revisers both overlook errors and add new ones. Therefore, it is vital to establish the effectiveness of revision as a measure of quality control. This study accomplishes that by examining (i) the impact of revision on translation quality, (ii) the impact of the reviser's profile on revision quality, and (iii) the impact of revision procedure on revision quality. The theoretical basis comprises literature on revision, translation quality underlying revision, and functionalist translation approaches where the focus on the aim and broad production process of a translation corresponds with the quality management approach prescribed by translation industry standards. A mixed-method approach was followed by including both qualitative and quantitative data in the empirical study. Thirty revisers revised an examination paper that had been translated from English into Afrikaans. This was done based on a revision brief, the source text, the translation brief and revision principles. The revisers completed two questionnaires that collected data on their respective profiles and revision procedures. The quality of the draft Afrikaans translation (prior to revision) and the translation products (Afrikaans target texts following revision) was rated by five assessors to determine the impact of revision on the quality of the translation product. This assessment was done based on the rating tool proposed by Colina (2009), which was slightly modified for purposes of this empirical study. Three linguists determined the quality of the revision product using two assessment tools, namely descriptive categories and a formula that quantified the quality of the revision product. It was found that revision indeed had a positive impact on translation quality and may therefore be used as a quality control measure in academic translation offices. There seemed to be little correlation between the reviser's profile and revision quality, while revision procedure had a much greater impact on revision quality. The study also showed that the revisers had overlooked multiple errors. Therefore, it is recommended that revisers be specifically trained in revision, and that revision should constitute only one aspect of a translation office's quality management regime.

## Dankbetuigings

Hiermee spreek ek graag my oregte dank en waardering uit teenoor die volgende persone en instansies wat my op hierdie doktorale reis bygestaan het:

- my Skepper, vir die vermoë en genade;
- my ouers, Daan en Johanna Nel, vir al die geleenthede en jare lange ondersteuning;
- my eggenoot Roux en dogters Anelda en Leana, vir hulle liefde en baie opoffering;
- prof. Ilse Feinauer, my studieleier, vir haar leiding, merkwaardige geduld, en geloof in my;
- prof. Susan van Schalkwyk en die PhD-gespreksgroep waar ek geleer het om myself as 'n navorser te sien;
- in die besonder Marinda van Rooyen, Elmien Sinclair, en Ronel Steyn wat soveel meer gedoen het benewens om hierdie pad saam met my te stap;
- my Taaldiens-kollegas Marguerite van der Waal, Elzette Wickens, Susan Lotz, Lenelle Foster en Cobus Snyman, omdat hulle, onder andere, die werkclas in my afwesigheid gedra het, in hierdie navorsing belangstel, en werklik omgee;
- prof. Leon de Stadler, die voormalige direkteur van die US Taalsentrum (en tans dr. Kim Wallmach) vir studieverlof toegestaan asook vir finansiële bystand wat dit vir my moontlik gemaak het om die CETRA doktorale somerskool in België by te woon;
- die Harry Crossley Stigting vir die beurs toegeken;
- al die deelnemers vir die onderskeie rolle wat hulle gespeel het en vir die vraelyste wat hulle ingeval het;
- Lorenda Boyd en Paula Conradie by die US Biblioteek- en Inligtingsdiens;
- prof. Martin Kidd by die US Sentrum vir Statistiese Konsultasie; en
- my eksaminatore, prof. Anne-Marie Beukes, dr. Haidee Kruger en dr. Amanda Lourens, vir hulle waardevolle kommentaar ter verbetering van hierdie proefskrif en voorstelle vir verdere navorsing.

# Inhoud

Verklaring .....	i
Opsomming.....	ii
Abstract .....	iii
Dankbetuigings .....	iv
Inhoud .....	v
Lys figure .....	xi
Lys tabelle .....	xiii
Afkortings en akronieme.....	xv
Begripsverheldering .....	xvii
<b>Hoofstuk 1 Kontekstualisering van die studie .....</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Probleemstelling: Revisie as deel van kwaliteitbestuur .....	2
1.3 Rasionaal en breë doelwitte.....	3
1.4 Teoretiese raamwerk .....	4
1.5 Metodologiese benadering .....	5
1.6 Hoofstukuiteensetting.....	6
<b>Hoofstuk 2 Vertaalkwaliteit.....</b>	<b>7</b>
2.1 Inleiding.....	7
2.2 Funksionalistiese vertaalbenaderings .....	7
2.2.1 Skoposteorie (Vermeer) en 'n algemene vertaalteorie (Reiss & Vermeer) .....	8
2.2.2 Vertaalhandelingsteorie (Holz-Mänttäri).....	9
2.2.3 Funksie plus lojaliteit (Nord) .....	11
2.2.4 Kritiek teen funksionalistiese vertaalbenaderings.....	14
2.3 Evaluering van vertaalkwaliteit.....	18
2.3.1 Verskeie sienings van vertaling .....	18
2.3.2 Die vertaalproses as kwaliteitversekering.....	21

2.3.3	Assessering van die vertaalproduk.....	22
2.3.3.1	Doel van assessering.....	22
2.3.3.2	Kwaliteitvlakke.....	23
2.3.3.3	Teoretiese benaderings tot assessering .....	25
2.3.3.4	Assesseringsinstrumente in die vertaalbedryf .....	28
2.4	Samevatting.....	35
Hoofstuk 3	Revisie.....	36
3.1	Inleiding.....	36
3.2	Terminologie en definisie.....	36
3.3	Soorte revisie.....	43
3.3.1	Selfrevisie.....	44
3.3.2	Anderrevisie .....	46
3.3.3	Revisie van masjienvertaalde produkte ( <i>post-editing</i> ).....	47
3.4	Besluitneming oor die grade van revisie .....	51
3.4.1	Watter tekste nagegaan word .....	51
3.4.2	Aspekte van 'n teks wat nagegaan word.....	57
3.5	Revisieparameters .....	62
3.6	Revisieprosedures.....	68
3.7	Revisiebeginsels .....	74
3.8	Revisievermoë .....	78
3.8.1	Robert, Remael en Ureel (2017) se revisievermoëmodel .....	79
3.8.1.1	Tweetaligheidsvaardigheid .....	80
3.8.1.2	Ekstralinguistiese vaardigheid.....	80
3.8.1.3	Hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid .....	80
3.8.1.4	Interpersoonlike vaardigheid .....	81
3.8.1.5	Strategiese vaardigheid.....	83
3.8.1.6	Kennis-oor-vertaling-vaardigheid.....	84
3.8.1.7	Kennis-oor-revisie-vaardigheid .....	85

3.8.1.8	Vertaalroetineaktiveringsvaardigheid.....	87
3.8.1.9	Revisieroetineaktiveringsvaardigheid.....	87
3.8.1.10	Faktore wat die revisievermoëmodel begrond.....	88
3.8.2	Revisievermoë volgens kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf .....	89
3.9	Revisiekwaliteit.....	92
3.9.1	Faktore wat revisiekwaliteit beïnvloed .....	92
3.9.2	Tekortkominge in revisieprodukte .....	94
3.9.3	Die assessering van revisieprodukte .....	96
3.9.3.1	Kategorieë ter beskrywing van die revisieproduk .....	96
3.9.3.2	Formules wat revisiekwaliteit kwantifiseer .....	99
3.10	Samevatting .....	102
<b>Hoofstuk 4 Revisie as deel van kwaliteitbestuur .....</b>		<b>103</b>
4.1	Inleiding.....	103
4.2	Die ideaal teenoor die praktyk.....	103
4.2.1	Die ideaal: vyf kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf .....	104
4.2.1.1	EN 15038 (2006): Europa.....	104
4.2.1.2	CAN/CGSB 131.10 (2008): Kanada .....	104
4.2.1.3	ISO/TS 11669 (2012): internasional.....	104
4.2.1.4	ASTM F2575 (2014): Verenigde State van Amerika.....	105
4.2.1.5	ISO 17100 (2015): internasional.....	106
4.2.2	Die praktyk: opname onder vertaalkantore .....	107
4.2.2.1	Metodologie.....	107
4.2.2.2	Beskrywing van vertaalkantore .....	108
4.2.3	Kernstappe vir kwaliteitbestuur in sowel standaarde as die praktyk .....	110
4.2.3.1	Voorvertaalfase.....	111
4.2.3.2	Vertaalfase .....	115
4.2.3.3	Navertaalfase .....	117
4.3	Samevatting .....	121

Hoofstuk 5 Metodologie .....	122
5.1 Inleiding.....	122
5.2 Hoofbenadering tot die empiriese studie.....	122
5.3 Konseptuele raamwerk .....	123
5.3.1 Hoofnavorsingsvrae .....	123
5.3.2 Operasionalisering: subnavorsingsvrae.....	123
5.4 Navorsingsontwerp.....	124
5.4.1 Navorsingsontwerp in breë trekke .....	124
5.4.2 Deelnemers.....	127
5.4.3 Navorsingsinstrumente .....	128
5.4.3.1 Engelse bronteks.....	128
5.4.3.2 Vertaalopdrag .....	130
5.4.3.3 Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie).....	131
5.4.3.4 Revisie-opdrag en revisiebeginsels.....	133
5.4.3.5 Afrikaanse doeltekste (ná revisie) .....	134
5.4.3.6 Analiseraamwerk .....	134
5.4.3.7 Vraelys 1: reviseur se profiel.....	135
5.4.3.8 Vraelys 2: revisieprocedure .....	136
5.4.4 Meetinstrumente.....	138
5.4.4.1 Vertaalproduk: Colina (2009) aangepas .....	138
5.4.4.2 Revisieproduk: Van Rensburg (2017a)-kategorieë .....	143
5.4.4.3 Revisieproduk: Van Rensburg (2017a)-formule .....	150
5.4.5 Steekproefneming, data-insameling en dataverwerking .....	150
5.4.5.1 Reviseurs .....	150
5.4.5.2 Assessering van die vertaalproduk .....	152
5.4.5.3 Analise van die revisieproduk .....	153
5.4.5.4 Statistiese analise .....	153
5.4.6 Etiese aspekte.....	154

5.5	Samevatting .....	154
Hoofstuk 6	Bevindinge en bespreking .....	155
6.1	Inleiding.....	155
6.2	Hoofnavorsingsvraag 1: revisie en vertaalkwaliteit .....	155
6.2.1	Navorsingsvraag 1a: vertaalkwaliteit voor revisie.....	156
6.2.1.1	Teksanalise van konsepvertaling .....	156
6.2.1.2	Holistiese assessering van die konsepvertaling .....	158
6.2.2	Navorsingsvraag 1b: vertaalkwaliteit ná revisie .....	159
6.2.3	Navorsingsvraag 1c: revisiekwaliteit .....	163
6.2.3.1	Kwaliteit van die revisieprodukte: beskrywende kategorieë .....	163
6.2.3.2	Kwaliteit van die revisieprodukte: formule .....	175
6.2.4	Gevolgtrekkings: revisie en vertaalkwaliteit (navorsingsvraag 1).....	178
6.3	Hoofnavorsingsvraag 2: reviseursprofiel en revisiekwaliteit.....	179
6.3.1	Navorsingsvraag 2a: reviseurs se kwalifikasie(s) .....	180
6.3.2	Navorsingsvraag 2b: reviseurs se vertaalervaring .....	181
6.3.2.1	Bevindinge: aantal jaar vertaalervaring en revisiekwaliteit.....	182
6.3.2.2	Bevindinge: vertaalervaring (Engels–Afrikaans) en revisiekwaliteit.....	182
6.3.3	Navorsingsvraag 2c: reviseurs se revisie-ervaring.....	183
6.3.4	Gevolgtrekkings: reviseursprofiel en revisiekwaliteit (navorsingsvraag 2) .....	184
6.4	Hoofnavorsingsvraag 3: revisieprocedure en revisiekwaliteit.....	184
6.4.1	Navorsingsvraag 3a: tyd aan revisie bestee .....	185
6.4.2	Navorsingsvraag 3b: revisiemetode gevvolg .....	190
6.4.3	Navorsingsvraag 3c: Medium gebruik .....	192
6.4.4	Gevolgtrekkings: revisieprocedure en revisiekwaliteit (navorsingsvraag 3) .....	197
6.5	Verdere gevolgtrekkings .....	197
6.6	Samevatting .....	200
Hoofstuk 7	Samevatting en slot .....	202
7.1	Inleiding.....	202

7.2	Oorsig van hoofstukke.....	202
7.3	Gevolgtrekkings en aanbevelings.....	205
7.3.1	Hoofnavorsingsvraag 1: revisie en vertaalkwaliteit.....	205
7.3.2	Hoofnavorsingsvraag 2: reviseursprofiel en revisiekwaliteit .....	206
7.3.3	Hoofnavorsingsvraag 3: revisieprocedure en revisiekwaliteit .....	207
7.4	Beperkings.....	207
7.5	Bydrae gelewer.....	208
7.6	Voorstelle vir verdere navorsing .....	209
7.7	Slotgedagte .....	211
	Bronne .....	212
	Lys bylaes .....	233
Bylae A	Toestemmingsbrief van die US se etiese komitee .....	234
Bylae B	Ingeligtetoestemmingsvorm en vraelys aan vertaalkantore.....	241
Bylae C	Analiseraamwerk .....	247
Bylae D	Voorbeeld van 'n revisieproduk .....	284
Bylae E	Analise van reël 1 tot 4 .....	287
Bylae F	Ingeligtetoestemmingsvorm en vraelys 1 aan reviseurs .....	297
Bylae G	Vraelys 2 aan reviseurs: revisiepraktyke .....	304
Bylae H	Colina (2009) se meetinstrument voor aanpassings .....	307
Bylae I	Ingeligtetoestemmingsvorm en vraelys aan assesseerders .....	312
Bylae J	Bevindinge: kwalifikasie in vertaling .....	319
Bylae K	Bevindinge: vertaalervaring (aantal jaar) .....	322
Bylae L	Bevindinge: vertaalervaring (Engels–Afrikaans) .....	325
Bylae M	Bevindinge: revisie-ervaring .....	328
Bylae N	Bevindinge: tyd bestee.....	331
Bylae O	Bevindinge: revisiemetode (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie) .....	334
Bylae P	Bevindinge: medium (slegs rekenaarskerm, of ook papier) .....	337

## Lys figure

Figuur 2.1	Nord (2005) se sirkulêre model van die vertaalproses .....	12
Figuur 2.2	Nord (2005) se ‘WH-vrae’ vir ekstra- en intratekstuele faktore .....	13
Figuur 3.1	Robert, Remael en Ureel (2017) se revisievermoëmodel .....	79
Figuur 3.2	Arthern (1983) se aanvanklike formule .....	99
Figuur 3.3	Arthern (1991, in Mossop 2007a:11) se aangepaste formule .....	100
Figuur 3.4	Künzli (2007b) se formule .....	100
Figuur 3.5	Robert (2012) se eerste formule .....	100
Figuur 3.6	Robert (2012) se tweede formule .....	101
Figuur 3.7	Van Rensburg (2017a) se formule .....	101
Figuur 6.1	Vertaalkwaliteit ná revisie: persentasies .....	160
Figuur 6.2	Invloed van revisie op vertaalkwaliteit .....	162
Figuur 6.3	Totale aantal nodige veranderinge aangebring .....	164
Figuur 6.4	Nodige veranderinge: persentasie taalfoute reggestel .....	165
Figuur 6.5	Nodige veranderinge: leesbaarheid verbeter .....	166
Figuur 6.6	Nodige veranderinge: persentasie ernstige vertaalfoute reggestel .....	167
Figuur 6.7	Nodige veranderinge: persentasie geringe vertaalfoute reggestel .....	167
Figuur 6.8	Aantal onnodige veranderinge aangebring .....	168
Figuur 6.9	Totale aantal foute oorgesien .....	169
Figuur 6.10	Totale aantal foute ingevoeg .....	170
Figuur 6.11	Gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur .....	172
Figuur 6.12	Taalgebruik: NV, OV, FO en FI .....	173
Figuur 6.13	Doeleksfunksie: NV, OV, FO en FI .....	173
Figuur 6.14	Vertaalakkuraatheid: NV, OV, FO en FI .....	174
Figuur 6.15	Vlak van erns (gering of ernstig): NV, OV, FO en FI .....	175
Figuur 6.16	Formule om die kwaliteit van die revisieproduk te kwantifiseer .....	176

Figuur 6.17	Revisiekwaliteit volgens die revisieformule: verspreiding van punte .....	177
Figuur 6.18	Verband tussen die holistiese instrument en revisieformule se resultate .....	178
Figuur 6.19	Reviseurs se aantal jaar vertaalervaring .....	181
Figuur 6.20	Reviseurs se aantal jaar revisie-ervaring .....	183
Figuur 6.21	Tyd aan revisie bestee .....	185
Figuur 6.22	Verband tussen tyd aan revisie bestee en totale aantal foute ingevoeg .....	186
Figuur 6.23	Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal vertaalfoute ingevoeg .....	187
Figuur 6.24	Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal vertaalfoute oorgesien .....	188
Figuur 6.25	Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal nodige veranderinge ten opsigte van vertaling aangebring .....	189
Figuur 6.26	Verband tussen tyd aan revisie bestee en totale aantal nodige veranderinge aangebring .....	189
Figuur 6.27	Revisiemetode gevolg .....	191
Figuur 6.28	Medium gebruik .....	193
Figuur 6.29	Verband tussen medium gebruik en aantal taalfoute ingevoeg .....	194
Figuur 6.30	Verband tussen medium gebruik en totale aantal foute ingevoeg .....	195
Figuur 6.31	Verband tussen medium gebruik en totale aantal taalfoute .....	196

## Lys tabelle

Tabel 2.1	Die SICAL-instrument se vier aanvaarbaarheidsvlakke .....	30
Tabel 2.2	Koo en Kinds (2000:149) se beskrywing van kritieke, ernstige en geringe foute .....	32
Tabel 2.3	SAE J2450 se foutkategorieë en gewigte .....	33
Tabel 3.1	Spesifieke vrae na aanleiding van die New Rhetoric-formule vir revisie .....	42
Tabel 3.2	Klassifikasie van tekste in 'n akademiese vertaalkantoor volgens belangrikheidsvlak .....	53
Tabel 3.3	Klassifikasie van vertalers volgens betroubaarheidsvlak (Prioux & Rochard 2007:26) .....	54
Tabel 3.4	Evaluering van die risikovlek en aanbevelings vir revisie (Prioux & Rochard 2007:30) .....	55
Tabel 3.5	Revisieparameters volgens Prioux en Rochard (2007:31–32) .....	57
Tabel 3.6	Revisieparameters en die relatiewe belangrikheid van tekste (Prioux & Rochard 2007:31) .....	58
Tabel 3.7	Prioux en Rochard (2007:30–32) se revisieparameters en aanbevelings oor revisie volgens Robert (2012:25) .....	59
Tabel 3.8	Revisieparameters .....	64
Tabel 3.9	Revisiebeginsels vir akademiese vertaalkantore .....	75
Tabel 3.10	Revisievermoë volgens kwaliteitstandarde en Robert, Remael en Ureel (2017) .....	90
Tabel 3.11	Kategorieë ter beskrywing van die revisieproduk .....	97
Tabel 4.1	Kernstappe vir kwaliteitbestuur in standarde vir die vertaalbedryf .....	111
Tabel 5.1	Navorsingsontwerp .....	126
Tabel 5.2	Deelnemers se ouderdom, vertaal- en revisie-ervaring in aantal jaar .....	128
Tabel 5.3	Deelnemers se hoëronderwyskwalifikasies .....	128
Tabel 6.1	Vertaalkwaliteit voor revisie .....	159
Tabel 6.2	Vertaalkwaliteit ná revisie: gemiddelde punte .....	161

Tabel 6.3	Gemiddelde persentasie ná revisie in vergelyking met persentasie voor revisie .....	163
Tabel 6.4	Nodige veranderinge aangebring: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid .....	164
Tabel 6.5	Onnodige veranderinge aangebring: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid .....	169
Tabel 6.6	Foute oorgesien: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid .....	170
Tabel 6.7	Foute ingevoeg: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid .....	171
Tabel 6.8	Revisiekwaliteit volgens die revisieformule: alle punte .....	176
Tabel 6.9	Revisiekwaliteit: beskrywende kategorieë .....	180

## Afkortings en akronieme

ATA	Amerikaanse Vertalersvereniging
CEN	Europese Komitee vir Standaardisasie
BT	bronteks
DGT	Directorate-General for Translation
DQF	Dynamic Quality Framework
DT	doolteks
EF(V)	ernstige fout met betrekking tot vertaling
EFI(F)	'n Ernstige fout met betrekking tot funksie is ingevoeg.
EFI(T)	'n Ernstige fout met betrekking tot taalgebruik is ingevoeg.
EFI(V)	'n Ernstige fout met betrekking tot vertaling is ingevoeg.
EFO(F)	'n Ernstige fout met betrekking tot funksie is oorgesien.
EFO(T)	'n Ernstige fout met betrekking tot taalgebruik is oorgesien.
EFO(V)	'n Ernstige fout met betrekking tot vertaling is oorgesien.
E-metode	eentalige revisie
EV-metode	eentalige revisie, gevvolg deur 'n vergelykende revisie
FI	fout ingevoeg
FO	fout oorgesien
GF(t)	geringe fout met betrekking tot taal
GFI(f)	'n Geringe fout met betrekking tot funksie is ingevoeg.
GFI(t)	'n Geringe fout met betrekking tot taalgebruik is ingevoeg.
GFI(v)	'n Geringe fout met betrekking tot vertaling is ingevoeg.
GFO(f)	'n Geringe fout met betrekking tot funksie is oorgesien.
GFO(t)	'n Geringe fout met betrekking tot taalgebruik is oorgesien.
GFO(v)	'n Geringe fout met betrekking tot vertaling is oorgesien.
ICC	tweerigting-intraklasskorrelasie-analise ( <i>twoway intra class correlation</i> )
ISO	Internasionale Standaardeorganisasie
LSD-toets	Fisher se toets vir die kleinste betekenisvolle verskil
MQM	Multidimensional Quality Metrics
MR	Mislukte regstelling: Die reviseur het gepoog om 'n fout reg te stel, maar 'n ander fout is ingevoeg óf die fout is nie gekorrigeer nie.
NV	nodige verandering

NV(f)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n geringe fout met betrekking tot funksie is reggestel.
NV(F)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n ernstige fout met betrekking tot funksie is reggestel.
NV(t)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n geringe fout met betrekking tot taalgebruik is reggestel.
NV(T)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n ernstige fout met betrekking tot taalgebruik is reggestel.
NV(v)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n geringe fout met betrekking tot vertaling is reggestel.
NV(V)	'n Nodige verandering is aangebring en 'n ernstige fout met betrekking tot vertaling is reggestel.
OECD	Organisation for Economic Cooperation and Development
OV	onnodige verandering
OV(f)	'n Onnodige verandering met betrekking tot funksie is aangebring.
OV(t)	'n Onnodige verandering met betrekking tot taalgebruik is aangebring.
OV(v)	'n Onnodige verandering met betrekking tot vertaling is aangebring.
SAVI	Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut
SICAL	Kanadese taalkwaliteitassesseringstelsel
TAP's	<i>think aloud protocols</i>
TAUS	Translation Automation User Society
US	Universiteit Stellenbosch
V-metode	vergelykende revisie
VE-metode	vergelykende revisie, gevvolg deur 'n eentalige revisie

## Begripsverheldering

Die belangrikste terme wat in hierdie proefskrif gebruik word, word vervolgens in alfabetiese volgorde kortlik verduidelik.

### Kwaliteitbestuur

Kwaliteitbestuur is 'n "structured approach to ensuring, and improving, the quality of work done, through the implementation of policies and procedures" waarby alle personeellede in die vertaalkantoor betrokke is (IAMLADP 2004:3). Dit behels nie net kwaliteitverzekering nie, maar ook kwaliteitverbetering (*quality improvement*).

### Kwaliteitkontrole

Kwaliteitkontrole is "the process of checking whether manufactured products meet stated quality specifications" (DFKI 2014) en kan handelinge soos assessering, revisie, en inhoudelike redigering (*review*) insluit (Drugan 2013:76–77).

### Kwaliteitverzekering

Kwaliteitverzekering verwys na beleid, stelsels en prosedures wat toegepas word om foute in enige fase van die vertaalprojek te voorkom (Drugan 2013:76; Lommel, Uszkoreit & Burchardt 2014) en om te verseker dat kwaliteitdoelwitte bereik word (IAMLADP 2004:3; Mossop 2014:227).

### Professionele vertaler

Iemand wat 'n bestaan maak deur te vertaal (Jääskeläinen 2010:215). Dit voorveronderstel nie dat die hoofinkomste deur middel van vertaling verdien word nie. In Suid-Afrika word daar na 'taalpraktisyns' verwys, aangesien talle taalpraktisyns verskeie dienste lewer soos vertaling, redigering, tolking en revisie.

### Redigering

Die proses waartydens 'n teks wat nie vertaal is nie, gelees word om foute op te spoor en gepaste regstellings te maak (Mossop 2014:224). Dit word ook 'taalkundige versorging' of 'teksredaksie' genoem. Redigering kan ook op 'n vertaalde teks toegepas word wanneer die vertaling gelees word sonder om na die bronrekteks te verwys.

### Revisie

'n Kwaliteitkontrole wat uitgevoer word deur 'n tweede vertaler wat iemand anders se konsepvertaling in vergelyking met die bronrekteks lees om eienskappe van die konsepvertaling op te

spoor wat nie aan die vertaalopdrag voldoen nie en dan toepaslike regstellings en/of verbeterings maak voor die vertaling aan die kliënt gelewer word.

### **Revisiemetode**

Die metode wat die reviseur volg ten opsigte van 'n eentalige of vergelykende revisie, of 'n kombinasie van die twee. Die revisiemetode maak deel uit van die revisieprosedure.

### **Revisieproduk**

Die revisieproduk bestaan uit al die veranderinge wat die reviseur aangebring het asook die foute wat hy of sy oorgesien en ingevoeg het.

### **Revisieprosedure**

Die spesifieke wyse waarop die revisie gedoen word, met inbegrip van hoeveel tyd die reviseur aan die revisie bestee, die metode wat die reviseur volg (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie), en die medium wat die reviseur gebruik (slegs rekenaarskerm, of ook papier).

### **Revisie van masjienvertaalde produkte (*post-editing*)**

Die proses waartydens masjienvertaalde produkte nagegaan word ten einde gepaste veranderinge aan te bring volgens die gekose kwaliteitvlak.

### **Selfrevisie**

'n Integrale deel van die proses om 'n vertaling te skep, waartydens vertalers hulle eie werk nagaan en aanpas (Mossop 2014:228).

### **Vertaalproses**

Die begrip 'vertaalproses' het verskillende betekenisse in die vertaalwetenskap en vertaalbedryf (Van Rensburg 2017b:197). In die vertaalwetenskap verwys 'vertaalproses' hoofsaaklik na die kognitiewe proses wat by vertalers plaasvind wanneer hulle 'n vertaling skep. Dit sluit byvoorbeeld die oplos van vertaalprobleme in. In die bedryf word die vertaalproses gesien as al die stappe wat deur verskillende rolspelers gedoen word om die vertaalproduk aan die kliënt te lewer, byvoorbeeld die aanstel van geskikte vertalers en die revisie van die vertaalproduk voor dit aan die kliënt gestuur word. Vandepitte (2017:16, 18) verwys na die breër produksieproses as die 'makrovertaalproses', teenoor die 'mikrovertaalproses' wat in die vertaler se brein plaasvind.

# Hoofstuk 1 Kontekstualisering van die studie

## 1.1 Inleiding

In meertalige samelewings en aan hoëronderwysinstellings waar die taaldiversiteit van personeel en studente erken word, is vertaling van kardinale belang. Die vertaling van eksamenvraestelle aan sodanige hoëronderwysinstellings is 'n voorbeeld van hoërisikovertaling, aangesien 'n onakkurate vertaling studentesukses negatief kan beïnvloed. Foute wat in die vertaling van toetse begaan is (Drugan 2013; Van Dyk, Van Rensburg & Marais 2011), beklemtoon hoe belangrik dit is dat kwaliteitbestuur toegepas word in 'n akademiese vertaalkantoor waar hoërisikovertalings hanteer word. Revisie – wanneer 'n tweede persoon die vertaler se konsepvertaling nagaan – word in hierdie proefskrif as een aspek van kwaliteitbestuur beskryf. Die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is in hierdie navorsing ondersoek ten einde die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole te bepaal. Verder is die invloed van die revisieprocedure en die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk<sup>1</sup> ondersoek in 'n poging om te bepaal of een of meer van hierdie veranderlikes as voorspellers van revisiekwaliteit kan dien.

Hoewel die relevante terminologie en definisie vir revisie in afdeling 3.2 in besonderhede bespreek word, veroorsaak die terminologiese verwarring in dié veld dat daar van meet af aan tussen 'revisie' en 'redigering' onderskei moet word. In hierdie proefskrif word die term 'revisie' gebruik om te verwys na die handeling wat plaasvind wanneer 'n tweede persoon die vertaler se konsepvertaling met die bronrekteks vergelyk en dan toepaslike regstellings en/of verbeterings aanbring. Daar is dus twee tekste betrokke, naamlik die konsepvertaling (of doelteks) en die bronrekteks. Daarteenoor is daar slegs een teks by 'redigering' betrokke waar die teks ook verbeter word, maar sonder om na 'n bronrekteks te verwys. Ander terme wat vir 'redigering' gebruik word, is 'teksredaksie' (Carstens & Van de Poel 2012) en 'taalkundige versorging'.

Die fokus van hierdie studie was op nieliterêre vertaling wat ook gespesialiseerde vertaling (*specialised translation*) genoem word (Gotti & Šarčević 2006; Rasmussen & Schjoldager 2011; Thelen 2008). Daar is nie 'n inskrywing vir gespesialiseerde vertaling in die *Handbook of translation studies* (Gambier & Van Doorslaer 2010, 2011, 2012, 2013) en die *Routledge encyclopedia of translation studies* (Baker & Saldanha 2009) nie. Die redakteurs het gekies om op vertaling in spesifieke vakgebiede soos natuurwetenskappe (bv. mediese wetenskappe en fisika), tegnologie (bv. ingenieurswese en inligtingstegnologie), regte en ekonomie te fokus. Dit is slegs enkele voorbeeld van vakgebiede waarin vaktaal gebruik word en waar gespesialiseerde vertaling plaasvind. Volgens

---

<sup>1</sup> Die revisieproduk bestaan uit die veranderinge wat die reviseur aangebring het, en die foute wat hy of sy oorgesien het.

Delisle, Lee-Jahnke en Cormier (1999:181) behels vaktaal die gebruik van gespesialiseerde terminologie, en dit toon spesifieke sintaktiese en grammatikale eienskappe, asook stilistiese konvensies soos die gebruik van konsekwente terminologie. Hierdie kenmerke is dus ook op gespesialiseerde vertaling van toepassing.

Nog 'n voorbeeld van gespesialiseerde vertaling is vakkundige vertaling: Dit is Beukes en Pienaar (2010:49) se vertaling van wat Delisle et al. (1999:176) *scholarly translation* noem. Vakkundige vertaling behels “[d]ie vertaling van gespesialiseerde tekste wat in 'n akademiese omgewing geskryf is” (Beukes & Pienaar 2010:49), soos die geskiedenis-eksamenvraestel wat in hierdie studie se empiriese ondersoek gebruik is. Nog voorbeeld van tekssoorte wat in 'n akademiese omgewing geskryf en vertaal word, is PowerPoint-skyfies, moduleraamwerke, en die opsommings van proefskrifte, tesisse en akademiese artikels. Die vertaling en revisie wat vir die doeleindes van die huidige empiriese studie uitgevoer is (kyk hoofstuk 5), word in die konteks van vakkundige en gespesialiseerde vertaling beskryf.

## **1.2 Probleemstelling: Revisie as deel van kwaliteitbestuur**

Na aanleiding van revisie se prominensie in internasionale kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf soos ISO 17100 (2015), ISO/TS 11669 (2012) en die Kanadese CAN/CGSB 131.10 (2008), word dié prosedure deur meer en meer vertaaldiensverskaffers as deel van kwaliteitbestuur toegepas. Die belangrikheid van revisie word weerspieël in die raad wat Chesterman en Wagner (2002:86) aan vertalers oor die kwaliteit van vertaling gee, naamlik “Never translate alone!” en hulle voeg by dat alle interne vertaaldienste en die beste vertaalagentskappe volgens hierdie beginsel werk. In Suid-Afrika word internasionale kwaliteitstandarde slegs deur enkele vertaaldiensverskaffers toegepas, onder andere omdat dit so 'n duur proses is. Vertaalkantore aan hoëronderwysinstansies behoort hulle eie interne kwaliteitbestuursprosesse te hê wat revisie kan insluit, veral aangesien die vertaalberoep in Suid-Afrika grootliks ongereguleerd is. Van Rensburg (2017b:200) verduidelik dat daar wel wetgewing bestaan, maar dat dit nie tans geïmplementeer word nie: “Die Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad (no. 8 van 2014) maak daarvoor voorsiening dat hierdie statutêre liggaam die professionele status van taalpraktisyns sal verhoog deur byvoorbeeld opleiding en akkreditasie te reguleer (RSA [Republiek van Suid-Afrika] 2014). Daar is egter sedert die bekragtiging van die wet min vordering met die samestelling van hierdie raad gemaak (SAVI [Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut] 2017:5–6).” Akademiese vertaalkantore se interne kwaliteitbestuursprosesse kan gerig word deur die kernstappe vir kwaliteitbestuur wat in standarde vir die vertaalbedryf voorkom.

Revisie word as kwaliteitkontrole in talle vertaalkantore toegepas, maar empiriese studies wys dat dit nie altyd doeltreffend is nie. Van Rensburg (2012:399–402) beskryf empiriese studies in België

(Arthern 1983) en Swede (Künzli 2007b) wat bevind het dat die reviseurs nie net onnodige veranderinge gemaak het en foute oorgesien het nie, maar ook nuwe foute ingevoeg het en in sommige gevalle selfs die kwaliteit van die konsepvertaling verlaag het. Empiriese studies in Suid-Afrika (soos Van Rensburg 2012) het soortgelyke resultate getoon wat daarop dui dat daar nie net aanvaar kan word dat reviseurs noodwendig 'n positiewe bydrae tot die kwaliteit van die konsepvertaling lewer nie. Dit geld ook vir die revisie van masjienvertaalde produkte (*post-editing*) waar empiriese studies bevind het dat reviseurs wat hierdie taak verrig onnodige veranderinge aanbring (De Almeida 2013; Koponen & Salmi 2017).

Indien revisie as kwaliteitkontrole ondoeltreffend is, het dit finansiële implikasies vir talle vertaalkantore aan hoëronderwysinstansies in Suid-Afrika. Hierdie akademiese vertaalkantore bevind hulle in 'n swak ekonomiese klimaat waar daar van hulle vereis word om met minder en minder hulpbronne oor die weg te kom, en waar hulle fondse van buite die instansie moet inwin om hulle eie volhoubaarheid te verseker. Die "cursed triangle of time, pricing, and turnaround time" (Muzii 2006:22) in die vertaalbedryf is dus ook vir akademiese vertaalkantore 'n realiteit en enige beskikbare hulpbronne moet ter wille van die vertaalkantoor se voortbestaan uiters oordeelkundig aangewend word. Die bevindinge van empiriese studies oor die doeltreffendheid en kwaliteit van revisie laat dus die vraag ontstaan of dit die moeite werd is om hulpbronne aan revisie te bestee en Gambier (2014:10) stel voor: "Analyze the costs for revision, re-reading, in accordance with their place and frequency along the workflow and in terms of expected objectives (e.g., revising internally when the translations are outsourced)".

Dit blyk uit 'n literatuurondersoek in die vertaalteorie dat die grootste deel van wat daar oor revisie geskryf is, gemik is op konseptuele en/of didaktiese aspekte (Rasmussen & Schjoldager 2011:87). In hierdie literatuur word daar gepoog om hulp te verskaf aan vertaaldosente wat revisie doseer en professionele vertalers wat hulle revisievaardighede wil verbeter (kyk bv. Brunette 2000; Hine 2003; Mossop 2014). Daar is egter slegs enkele empiriese studies wat oor die werk van professionele reviseurs gedoen is, met ander woorde waarin die deelnemers nie studente is nie, maar professionele vertalers wat revisie as deel van hulle dagtaak doen (bv. Brunette, Gagnong & Hine 2005; Künzli 2009; Robert 2012; Van Rensburg 2012). Daar is dus in hierdie studie se empiriese ondersoek op die doeltreffendheid van revisie in die werk van huis professionele reviseurs in die vertaalpraktyk gefokus (kyk hoofstuk 5).

### **1.3 Rasionaal en breë doelwitte**

Aangesien akademiese vertaalkantore beperkte hulpbronne tot hulle beskikking het, en die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole bevraagteken word, is dit noodsaaklik om empiriese

navorsing oor professionele revisie te doen. Revisie is nie die enigste of noodwendig die belangrikste kwaliteitkontrole nie, maar slegs een van die kernstappe vir kwaliteitbestuur wat in kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf vereis word. Akademiese vertaalkantore behoort baat te vind by empiriese navoring waarin die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole bepaal is sodat hulle kan besluit of dit kostedoeltreffend sal wees om revisie in die kantoor se werksvloei te inkorporeer. Akademiese vertaalkantore behoort verder uit sodanige empiriese navoring baat te vind indien inligting daaruit verkry kan word oor die mate waarin revisiekwaliteit deur die revisieprocedure aan die een kant, en die reviseur se profiel aan die ander kant beïnvloed word. Die onderstaande drie breë doelwitte word derhalwe vir hierdie studie gestel, met meer besonderhede wat in afdeling 1.5 gegee word.

**Doelwit 1:** Beskryf revisie as een aspek van kwaliteitbestuur en ondersoek die rol wat dit in kwaliteitstandarde en vertaalkantore speel.

**Doelwit 2:** Ondersoek die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk om die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole te bepaal.

**Doelwit 3:** Ondersoek die invloed van veranderlikes met betrekking tot die revisieprocedure en die profiel van die reviseur op die kwaliteit van die revisieproduk om te bepaal of een of meer van hierdie veranderlikes as voorspellers van revisiekwaliteit kan dien.

## 1.4 Teoretiese raamwerk

Hierdie breë doelwitte word benader vanuit die perspektief van Reiss en Vermeer (1984), Holz-Mänttäri (1984) en Nord (1991a; 2005) se funksionalistiese vertaalbenaderings, aangesien hierdie teorieë die werklikheid in die vertaalbedryf weerspieël. Funksionalistiese vertaalbenaderings fokus nie net op die vertaalproduk nie, maar bring ook kontekstuele faktore in berekening. Vertaling word as 'n komplekse kommunikatiewe handeling gesien waarin daar verskeie rolspelers is en waarin die doel van die vertaling vir 'n spesifieke lesersgroep die sukses van die vertaling bepaal. Hierdie uitgangspunt word ook in kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf weerspieël waarin die samewerking tussen die onderskeie rolspelers in 'n vertaalprojek benadruk word. 'n Verdere ooreenkoms tussen die funksionalistiese vertaalteorieë en voorskrifte in kwaliteitstandarde is dat die kwaliteit van die vertaling gemeet word aan die doel en funksie wat dit in die doeltekssituasie moet vervul.

Funksionalistiese vertaalbenaderings maak voorsiening vir 'n breër definisie van vertaling waarin verskeie kwaliteitvlakke steeds as suksesvolle vertaling gereken kan word, na gelang van wat in die projekspesifikasie en vertaalopdrag vereis word. Revisie is inherent 'n evaluering van vertaalkwaliteit om te bepaal of enige veranderinge nodig is, dus behoort reviseurs kennis te dra van die onderskeie

kwaliteitvlakte, en hulle behoort oor die vermoë te beskik om hierdie kennis toe te pas. Die funksionalistiese vertaalbenaderings is in die huidige empiriese ondersoek toegepas deurdat die vertaler en reviseurs 'n vertaal- en revisie-opdrag ontvang het waaraan die sukses van die vertaal- en revisieprodukte gemeet is. Verder is funksionalistiese vertaalbeginsels gebruik in die ontwikkeling van die meetinstrument waarmee vertaalkwaliteit in die empiriese studie bepaal is, asook in die 24 kategorieë aan die hand waarvan die revisieprodukte beskryf is.

## **1.5 Metodologiese benadering**

'n Gemengdemetode-benadering is in die empiriese ondersoek gevvolg deur van sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe data gebruik te maak. Inligting oor die metodologiese benadering ten opsigte van die drie breë doelwitte word vervolgens gegee, met verdere besonderhede wat in hoofstuk 5 beskryf word.

Doelwit 1 – die beskrywing van revisie as een aspek van kwaliteitbestuur – is nagestreef deur i) die analise van kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf, en ii) 'n opname onder sowel akademiese as privaat vertaalkantore. Vyf kwaliteitstandaarde vir vertaaldienste is ontleed en die aspekte van kwaliteitbestuur wat die meeste in hierdie kwaliteitstandaarde voorkom, is geïdentifiseer. Die kwaliteitstandaarde verteenwoordig egter die ideaal; nie alle vertaalkantore sal al die stappe wat daarin vereis word kan volg nie. Daar is dus 'n opname onder akademiese en privaat vertaalkantore gedoen om die stappe van kwaliteitbestuur te identifiseer wat wel in die kantore toegepas word en om die rol van revisie as deel van hierdie kwaliteitbestuur te bepaal. Hierdie opname maak deel uit van 'n beskrywing van die konteks waarbinne revisie as een aspek van kwaliteitbestuur gesitueer word, en staan apart van die empiriese studie waarin die doeltreffendheid van revisie ondersoek is (kyk doelwit 2 en 3).

Doelwit 2 – om te bepaal wat die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is – is deur middel van die empiriese ondersoek na die doeltreffendheid van revisie nagestreef: Die kwaliteit van die vertaalproduk voor en ná revisie is gemeet met behulp van Colina (2009) se instrument wat op grond van funksionalistiese vertaalbenaderings ontwikkel is en vir die doel van hierdie studie effens aangepas is.

Doelwit 3 – om te bepaal wat die invloed van die revisieprocedure en die reviseursprofiel op revisiekwaliteit is – is ook deur middel van die empiriese ondersoek nagestreef: Die kwaliteit van die 30 revisieprodukte is gemeet aan die hand van 24 beskrywende kategorieë en 'n revisieformule waarmee revisiekwaliteit as 'n punt uitgedruk is. Inferensiële statistiese toetse is gebruik om te bepaal of daar enige verband is tussen die kwaliteit van die revisieproduk en veranderlikes met betrekking tot die reviseur se profiel (nl. kwalifikasie, vertaal- en revisie-ervaring) en die revisieprocedure wat

die reviseur gevolg het (nl. die tyd aan die revisie bestee, die revisiemetode gevolg en die medium wat gebruik is). Verdere besonderhede oor die navorsingsvrae word in afdeling 5.3 uiteengesit.

## **1.6 Hoofstukuiteensetting**

Die volgende hoofstuk, hoofstuk 2, bestaan uit twee hooftemas, naamlik die funksionalistiese benaderings tot vertaling wat hierdie studie begrond, en die evaluering van vertaalkwaliteit, aangesien revisie eerstens die evaluering van die konsepvertaling behels voordat enige veranderinge aangebring word. Verskeie aspekte van revisie word in hoofstuk 3 aan die hand van literatuur en empiriese studies oor revisie bespreek. Daarna, in hoofstuk 4, word revisie as deel van kwaliteitbestuur in vertaalkantore gesitueer. Na aanleiding van die analise van vyf kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf, word kernstappe vir kwaliteitbestuur geïdentifiseer. Hoofstuk 4 bied verder 'n blik op die mate waarin revisie werklik in akademiese en privaat vertaalkantore as deel van hulle kwaliteitbestuur toegepas word. Hoofstuk 5 bevat die operasionalisering van die hoofnavorsingsvrae, asook 'n beskrywing van die metodologie en navorsingsinstrumente wat in die empiriese ondersoek na die kwaliteit van revisie gebruik is. Die resultate van die kwalitatiewe en statistiese analises word in hoofstuk 6 gegee en aan die hand van die onderskeie navorsingsvrae bespreek. Laastens word daar in hoofstuk 7 'n opsomming van die insigte en gevolgtrekkings na aanleiding van dié studie gebied. Aanbevelings en toepassingsmoontlikhede word uitgelig, en voorstelle word gemaak oor verdere navorsing wat uit hierdie studie kan voortspruit.

## Hoofstuk 2 Vertaalkwaliteit

### 2.1 Inleiding

Revisie behels eerstens die evaluering van die konsepvertaling om te bepaal of dit aan die vertaalopdrag voldoen. Foute word na aanleiding van hierdie (oombliklike) evaluering opgespoor en reggestel. Vertaalkwaliteit is derhalwe van wesenlike belang in revisie. Soos in hoofstuk 1 aangedui, word revisie en dus vertaalkwaliteit in hierdie proefskrif vanuit 'n funksionalistiese benadering tot vertaling beskou. Dit vorm die teoretiese grondslag van die studie en kom in afdeling 2.2 aan bod. Die funksionalistiese vertaalbenaderings klink ook in afdeling 2.3 oor die evaluering van vertaalkwaliteit, spesifiek waar daar na verskeie sienings van vertaling gekyk word (afdeling 2.3.1). Verder word die assessering van die vertaalproduk aan die hand van sowel teoretiese benaderings (afdeling 2.3.3.3) as assessoringsinstrumente in die vertaalbedryf (afdeling 2.3.3.4) bespreek.

### 2.2 Funksionalistiese vertaalbenaderings

Funksionalistiese vertaalbenaderings sluit hoofsaaklik in Vermeer (1978; 1996) se skopostorie, Reiss en Vermeer (1984; 1991) se algemene vertaalteorie, Holz-Mäntäri (1984) se vertaalhandelingsteorie (*theory of translatorial action*) en Nord (1991a; 1997b; 2005) se spesifieke benadering wat lojaliteit as 'n kernbegrip byvoeg.<sup>2</sup> Die hoofargument van funksionalistiese vertaalbenaderings behels in breë trekke dat die vertaalproses en die taalkundige kenmerke van die doelteks bepaal word deur die funksie en doel wat sodanige doelteks vir die betrokke teksgebruikers in hulle spesifieke kulturele situasie moet vervul (Schäffner 2009:116). Hierdie meer pragmatiese benadering staan in kontras met die linguistiese vertaalbenaderings waar die hoofokus op die bronreks en ekwivalensie tussen taaleenhede is.

Nida (1964) se 'dinamiese ekwivalensie' waar 'n ekwivalente kommunikatiewe effek nagestreef word,<sup>3</sup> sou dalk as 'n voorloper van funksionalistiese vertaalbenaderings gesien kon word. Nida (1964) en Nida en Taber (1969) het egter hierdie benadering op vertaling toegepas deur 'n linguistiese model te gebruik en volgens Nord (2010:120) het hierdie bronreks-georiënteerde model 'n sterker invloed op die ontwikkeling van vertaalteorie in die 1960's en 1970's gehad as die idee om vertaalstrategieë op grond van die doel van die vertaling te kies.

---

<sup>2</sup> Talle van die seminale bronne oor die funksionalistiese vertaalbenaderings is in Duits geskryf, daarom word daar ook van sekondêre bronne gebruik gemaak.

<sup>3</sup> 'n Paar jaar later het Nida en Taber (1969) hierdie term na 'funksionele ekwivalensie' verander. Dit word gestel teenoor 'formele ekwivalensie' wat as die getroue reproduksie van bronreks-elemente beskryf word (Nord 2010:120).

Funksionalistiese vertaalbenaderings beskou vertaling as 'n komplekse kommunikatiewe handeling waarvan al die aspekte deur 'n vertaalteorie in ag geneem moet word, in besonder die doelteksgebruikers se kultuur, die produksieproses waarby verskillende rolspelers betrokke is, en die begrip 'deskundige handeling' of 'deskundige optrede' (*expert action*). Teorieë soos (interkulturele) kommunikasieteorie, handelingsteorie (*action theory*), en teksteorie het as inspirasie vir die funksionalistiese vertaalbenaderings gedien. (Schäffner 2009:116–117)

### **2.2.1 Skoposteorie (Vermeer) en 'n algemene vertaalteorie (Reiss & Vermeer)**

Die term *skopos*, afgelei van die Griekse woord vir 'doel' of 'oogmerk', is deur Vermeer as tegniese term gebruik om na die doel van 'n vertaling te verwys. Vermeer het sy skoposteorie deur die loop van die 1970's geformuleer, waarna dit verder uitgebrei en in 1984 in *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie [Grondslag vir 'n algemene vertaalteorie]* (Reiss & Vermeer) met Reiss se tekstopologie vir vertalers gekombineer is om 'n algemene vertaalteorie vir alle tekste daar te stel (Munday 2012:122; Schäffner 2009:117). Volgens Nord (1997b:27) is daar 'n diskrepansie tussen Vermeer se eerste deel en Reiss se tweede deel van die boek, hoofsaaklik as gevolg van Reiss se poging om haar teksgebonde benadering wat oorspronklik op ekwivalensie gebaseer is by Vermeer se handelingsgeoriënteerde benadering aan te pas.

Vermeer (1987:29, in Schäffner 2009:117) beskou vertaling as die skep van 'n doelteks<sup>4</sup> op grond van die spesifieke doel wat daardie teks in die doeltaalkultuur moet vervul: "To translate means to produce a text in a target setting for a target purpose and target addressees in target circumstances". Dit is dus die doel van die vertaling wat die keuse oor gesikte vertaalmetodes en -strategieë rig (Schäffner 2009:117). Deur hierdie fokus op die doel van die vertaling in die doelkultuur word daar 'n vooruitskouende ingesteldheid teenoor vertaling aangeneem; teenoor die terugskouende ingesteldheid van ekwivalensie-georiënteerde teorieë wat vertaling slegs as die reproduksie van 'n bronrekteks beskou (Snell-Hornby 2006:54). Vermeer (1986:33, in Snell-Hornby 2006:53) stel dit kategorieën dat vertaling juis nie die transkodering van woorde en sinne uit die een taal in 'n ander is nie, maar dat dit eerder 'n komplekse interkulturele handeling is.

'n Teks word beskou as die aanbod van inligting (*Informationsangebot*): Inligting wat oorspronklik in 'n brontaal aan 'n betrokke bronkultuur gebied is, word deur middel van vertaling in 'n doeltaal aan 'n doelkultuur gebied (Munday 2012:122; Schäffner 2009:117–118). Intratekstuele of interne koherensie geniet prioriteit bō intertekstuele koherensie. Dit is dus belangriker dat die doelteks voldoende koherent is sodat die doelteksgebruikers dit in hulle betrokke situasie (en met hulle kennis)

---

<sup>4</sup> Volgens Schäffner (2009:117) word daar verskillende Duitse terme gebruik om na die doelteks te verwys, naamlik *Translatum* (Vermeer 1989b) en *Translat* (Reiss & Vermeer 1991:2).

sal verstaan, as dat die doelteks 'n getroue weergawe van die bronsteeks is (Schäffner 2009:117; Snell-Hornby 2006:54). Reiss en Vermeer (1984:114, in Munday 2012:123) stel dit bloot dat daar 'n mate van ooreenkoms behoort te wees tussen die bronsteeksinligting, die vertaler se interpretasie daarvan, en die doelsteeksinligting. Die bronsteeks word hierdeur 'onttroon', aangesien dit nie meer die uitsluitlike faktor is wat die struktuur en aard van die doelteks bepaal nie.

Die maatstaf waaraan die kwaliteit van die doelteks gemeet word, is in watter mate die doelteks toereikend (*adequate*) of geskik (*appropriate*) is vir die betrokke doel of skopos van die vertaling. Volgens Vermeer (1989/2004:235) behoort die doel van die vertaling asook die omstandighede waarin die doel bereik moet word (sperdatum en fooi ingesluit) eksplisiet of implisiet in die vertaalopdrag (*commission*) gestel te word. Die vertaler as deskundige behoort die kliënt (*commissioner*) raad te gee oor die haalbaarheid van die doel, en behoort betrokke te wees by die onderhandelinge oor al die aspekte wat in die vertaalopdrag gespesifieer word (Munday 2012:125).

Na gelang van die spesifieke doel van die vertaling en ander inligting in die vertaalopdrag, kan dieselfde bronsteeks op verskillende wyses vertaal word. Daar is nie een korrekte vertaling vir enige bronsteeks nie (Vermeer 1989/2004:234), en daarom is dit belangrik dat elke vertaalprojek se skopos eksplisiet of implisiet gestel word (Vermeer 1989b:182, in Schäffner 2009:117). Die langdurige debat oor letterlike teenoor vrye vertaling het dus oorbodig geraak, aangesien vertaalstrategieë gekies word op grond van die doel van die vertaling, dus is dokumentêre teenoor instrumentele vertaling (Nord 1997b:138, 139) ewe geldige vertaalprosedures (Schäffner 2009:118).<sup>5</sup>

Die kommunikatiewe funksie van die doelteks verskil gewoonlik van die bronsteeks se funksie (Vermeer 1989/2004:233). Wanneer die twee tekste se funksie verskil (*Funktionsveränderung*), word die verhouding tussen die bron- en doelteks beskryf as 'n mate van toereikendheid (*adequacy*); wanneer die funksie dieselfde is (*Funktionskonstanz*), word die verhouding tussen die bron- en doelteks beskryf as 'n mate van ekwivalensie (*equivalence*) (House 2009:224; Schäffner 2001:15).

## 2.2.2 Vertaalhandelingsteorie (Holz-Mänttäri)

Volgens Holz-Mänttäri (1984, in Schäffner 2011:157) se *theory of translatorial action* (*translatorisches Handeln*) is die hoofdoel van vertaling om funksioneel-toereikende kommunikasie oor kulturele hindernisse heen moontlik te maak. Holz-Mänttäri sien taal nie as die inhoud of doel van die kommunikasie nie, maar eerder as 'n instrument om die kommunikasie te laat geskied (Snell-Hornby 2006:57). “[It] is not about translating words, sentences or texts but is in every case about guiding the intended co-operation over cultural barriers enabling functionally oriented

---

<sup>5</sup> Die verskil tussen dokumentêre en instrumentele vertaling word in afdeling 2.2.3 verduidelik.

communication” (Holz-Mänttäri 1984:7–8, in Munday 2012:120). Vertaling word dus binne ’n breër konteks van interaksie tussen professionele rolspelers en kliënte gesitueer. Hoewel die vertaalproduk (gewoonlik) ’n teks is met die funksie om samewerking in spesifieke situasies te rig, meen Holz-Mänttäri dat vertaling veel meer as slegs teksproduksie of teksontwerp behels (Schäffner 2011:157). Holz-Mänttäri gebruik die breër neologisme *translatorial action* (*translatorisches Handeln*) of ‘vertaalhandeling’ in stede van ‘vertaling’ en sluit daarby nie slegs vertaling, parafrasering en tolking in nie, maar ook redigering en interkulturele konsultasie wat nie noodwendig ’n spesifieke teks behels nie (Venuti 2012:186). Die vertaalhandeling word gerig deur die funksie en doel daarvan in die doeltaalkultuur, daarom word die kwaliteit van die handeling se uitkoms ook aan die funksie en doel daarvan gemeet (Schäffner 2009:119).

Soos Vermeer, stel Holz-Mänttäri die bronteks ondergeskik aan die doel van die vertaling, en sy gaan selfs verder deur geen intrinsieke waarde aan die bronteks te heg nie, maar sien dit slegs as ’n hulpmiddel om die kommunikatiewe funksies in die doelkonteks en doekultuur te verwesenlik (Schäffner 2011:158). Die bronteks is verder nie genoeg nie, maar “[a]ny other material received from the client or collected as part of the research is of equal relevance” (Holz-Mänttäri 1984, in Schäffner 2011:158).<sup>6</sup> Die vertaler is die kundige wat bepaal watter aspekte van die gegewe bronteks en ander materiaal geskik is vir die funksie en doel wat die vertaling in die nuwe konteks moet vervul (Munday 2012:121). Elke vertaalsituasie is uniek, daarom moet die vertaler die tekstuële data oorweeg saam met ’n ontleding van die voorgenome interkulturele interaksie, asook die kliënt se behoeftes. Inligting oor al hierdie aspekte, asook ’n beskrywing van die doel van die voorgenome vertaalhandeling, die kenmerke van die doelteks, en tekseksterne faktore soos die sperdatum en die rol van die onderskeie agente in die vertaalprojek word in die produkspesifikasie (*Produktspezifizierung*) uiteengesit (Schäffner 2009:119; 2011:159–160).

Die vertaler is een van verskeie agente wat ’n netwerk van handelinge uitvoer ten einde ’n funksionele doelteks te skep: Elke agent is ’n kundige op sy of haar gebied en het ’n spesifieke rol om te vervul (Schäffner 2011:157). Hierdie siening stem ooreen met die produksieprosesse wat in die vertaalbedryf gevvolg word en wat in hoofstuk 4 beskryf word waar die vertaler en reviseur twee van die rolspelers by die skep van ’n vertaling is.

Holz-Mänttäri (1993, in Schäffner 2011:159) beklemtoon die vertaalhandeling as ’n professionele handeling wat beteken dat vertalers ’n etiese verantwoordelikheid het om toe te sien dat hulle besluite, handelinge en produkte in ooreenstemming met die produkspesifikasie en die kliënt se behoeftes is. Die vertaler word beskou as ’n kundige in die vertaalhandeling (Schäffner 2009:119). Dit is hierdie

---

<sup>6</sup> Die belangrikheid van ander materiaal soos stylgidse en parallelle tekste word ook in kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf beklemtoon (kyk afdeling 4.2.3).

etiese gedrag wat vertalers hulle status as deskundiges in die professionele wêreld laat verdien. Holz-Mänttäri (1993:304, in Schäffner 2011:161) gee toe dat vertalers in die werklikheid nie altyd op gelyke voet met ander rolspelers – veral die kliënt – staan nie, maar wys daarop dat haar vertaalhandelingsteorie nie daardeur geraak word nie, aangesien dit eerder ’n model vir ’n ideale stelsel is, “describing optimal behaviour of expert translators who act rationally”. Die doel met hierdie model is om ’n teoretiese basis en konseptuele raamwerk daar te stel waaruit riglyne vir professionele vertalers saamgestel kan word (Schäffner 2009:118).

Holz-Mänttäri (1984:119–120, in Mackenzie 2004:158) beskryf die vertaalhandeling as analities, sinteties, evaluerend en kreatief. Dit is analities omdat die broninligting en die doelsituasie ontleed moet word; sinteties en kreatief deurdat ’n vertaalproduk uit bestaande en nuwe materiaal geskep word; en dit is evaluerend, eerstens, omdat die geskiktheid van die beskikbare materiaal en hulpbronne in hierdie skeppingsproses geëvalueer word en, tweedens, omdat die eindproduk en resultate geëvalueer word. Daar is ’n ooreenkoms tussen hierdie beskrywing en die verskillende fases in die professionele vertaalproses, naamlik die voorvertaalfase, die vertaalfase en die navertaalfase (Mackenzie 2004:158). Die spesifieke vaardighede wat in elkeen van hierdie fases vereis word, kan soos volg uiteengesit word:

- voorvertaalfase: analitiese, evaluerings- en navorsingsvaardighede vir die ontleiding en evaluering van die gegewe broninligting asook nuwe inligting wat nagevors word;
- vertaalfase: sintetiese en kreatiewe vaardighede vir die skep van die doelteks; en
- navertaalfase: evalueringsvaardighede (Mackenzie 2004:158).

Hierdie drie fases in die professionele produksieproses van vertalings word ook deur Drugan (2013) en in hierdie proefskrif se hoofstuk 4 oor kwaliteitstandaarde van die vertaalbedryf gebruik. Dit blyk dus dat die teoretiese basis en konseptuele raamwerk wat in Holz-Mänttäri (1984) se vertaalhandelingsteorie daargestel is, wel in die vertaalpraktyk toegepas kan word.


### **2.2.3 Funksie plus lojaliteit (Nord)**

Nord (2005:32) is dit met ander funksionalistiese benaderings eens dat die doel van die vertaling die belangrikste kriterium vir kwaliteit is, maar sy beklemtoon dat kliënte en vertalers nie vrye teuels het om die bronteks te manipuleer nie. Volgens Nord (2005:32) se definisie van vertaling moet daar steeds ’n verhouding tussen die bronteks en die doelteks wees: “Translation is the production of a functional target text maintaining a relationship with a given source text that is specified according to the intended or demanded function of the target text (translation skopos).”

Die vertaler is nie slegs tot die doeltekssituasie verbind nie, maar ook tot die brontekssituasie, en het dus ’n verantwoordelikheid teenoor die persone in albei situasies, byvoorbeeld die kliënt en die

doeltekslesers: Nord noem hierdie verantwoordelikheid “lojaliteit” (2005:32). Volgens haar begrip “functionality plus loyalty” bepaal die vertaler watter brontekselemente geskik is vir die skopos van die vertaling en watter nie, en dan is die vertaler verplig om, uit lojaliteit teenoor die kliënt, te spesifiseer as daar elemente van die bronteks is wat vir die doelteks aangepas is (Nord 2005:33). Vertalers behoort dus as verantwoordelike bemiddelaars tussen die kliënt, die bronteksouteur, en die eindlesers op te tree (Nord 2010:126). Hierdie rolspelers by die skep van ’n vertaling word deur Nord (1997b:125) as “partners in translational interaction” beskryf.

Die vertaler is ’n kommunikasiekundige wat met die kliënt saamwerk om die doel van die vertaling asook soveel moontlik inligting oor die sosiokulturele konteks van die doeltekslesers in die vertaalopdrag (*translation brief*) te beskryf (Nord 2005:9–11). Nord (2005:37–39) beskou die vertaler as die sentrale figuur in hierdie “process of intercultural text transfer”, en gebruik ’n sirkulêre model, te wete die *looping model*, om haar siening van die vertaalproses uit tebeeld (kyk figuur 2.1).



**Figuur 2.1 Nord (2005) se sirkulêre model van die vertaalproses**

Die vertaler se eerste stap in hierdie proses is om die doelteksskopos te ontleed en/of te interpreer. Dit kan gedoen word deur sowel ekstratekstuele (*extratextual*) as intratekstuele (*intratextual*) faktore in ag te neem, en wel aan die hand van die ‘WH-vrae’ in figuur 2.2 wat ook vir die analise van die bronteks in die volgende stap gebruik word (Nord 2005:37).

Ekstratekstuele faktore het te make met die situasie waarin die kommunikasie plaasvind, byvoorbeeld die kliënt, die teksontvanger, die medium, en die tyd en plek waar die vertaling gebruik word (Nord 2005:45–87). Intratekstuele faktore het te make met die teks self, byvoorbeeld die tema, inhoud, samestelling, sinstruktuur, leksikon, visuele en ander nieverbale elemente (Nord 2005:87–143).

<b>Ekstratekstuele faktore</b>	<b>Inratekstuele faktore</b>
<i>Who</i> transmits	<i>On what subject matter</i>
<i>to whom</i>	<i>does s/he say</i>
<i>what for</i>	<i>what (what not)</i>
<i>by which medium</i>	<i>in what order</i>
<i>where</i>	<i>using which non-verbal elements</i>
<i>when</i>	<i>in which words</i>
<i>why</i>	<i>in what kind of sentences</i>
a text	<i>in which tone</i>
<i>with what function?</i>	<i>to what effect?</i>

**Figuur 2.2 Nord (2005) se ‘WH-vrae’ vir ekstra- en inratekstuele faktore**

Die tweede stap in die vertaalproses is om dieselfde WH-vrae te gebruik om die bronsteks se funksie deur middel van teksanalise te bepaal. Daarna vergelyk die vertaler die bronsteksfunksie met die doelteks se voorgenome funksie soos wat die kliënt of inisieerder versoek het, en identifiseer elemente van die bronsteks wat behoue moet bly, of aangepas moet word ten einde ’n doelteks te skep wat geskik sal wees om die voorgenome funksie in die doelkultuur te vervul. (Nord 2005:24) Die vertaalstrategie en vertaalkeuses word deur hierdie analyses en die inligting in die vertaalopdrag gerig.

Die sirkulêre model in figuur 2.1 bevat ’n aantal kleiner sirkulêre bewegings wat Nord ook “loops” noem (2005:38). Hierdie kleiner sirkulêre bewegings vind gereeld plaas tussen (i) die bronsteks en die bronstekssituasie, (ii) die doelteks en die doeltekssituasie, (iii) die individuele stappe van analise, en (iv) die bronsteksanalise en die doeltekssintese. Die vertaler kyk dus gereeld terug na faktore wat reeds ontleed is, en kennis en begrip wat deur die loop van die vertaalproses bekom is, kan later in die proses bevestig, aangepas of reggestel word (Nord 2005:38–39).

Die analyse van die bronsteks en die bronstekssituasie is instrumenteel ter uitvoering van die lojaliteitsbeginsel in Nord se begrip ‘funksie plus lojaliteit’ wat haar siening van vertaling onderlê. Nord se ‘lojaliteit’, selfs al verwys dit na ’n interpersoonlike verhouding, het duidelik ook betrekking op die verwagte ooreenkoms tussen die bron- en doelteks. Nord (1997a:51–52) onderskei tussen twee tipes vertaalprodukte, naamlik:

- ’n dokumentêre vertaling – ’n *dokument* oor die situasie in ’n bronkultuur waarin ’n bronsteksskrywer deur middel van ’n bronsteks met bronsteksonvangers gekommunikeer het, word in ’n doeltaal vertaal; en

- 'n instrumentele vertaling – 'n *instrument* word in 'n nuwe situasie geskep waarin die bronsteksouteur met die doelteksontvangers kommunikeer deur middel van 'n doelteks wat op 'n bronsteks gebaseer is.

In dokumentêre vertalings word die vreemdheid van die bronsteks en die bronkultuur behou, en die doelteksontvangers is bewus daarvan dat hulle 'n kommunikatiewe handeling waarvan hulle nie deel is nie 'waarneem' (bv. die vertaling van klassieke tekste). 'n Instrumentele vertaling, daarenteen, is 'n kommunikatiewe instrument in eie reg wat 'n boodskap direk van die bronsteksouteur aan die doelteksontvangers oordra (bv. die eksamenvraestel wat in hierdie proefskrif se empiriese studie vertaal is). (Nord 2005:80)

#### **2.2.4 Kritiek teen funksionalistiese vertaalbenaderings**

Hoewel aspekte van funksionalistiese vertaalbenaderings, soos die verwerving van die linguistiese paradigma, as opwindend en selfs revolusionêr beskryf word (Pym 2014:55), is daar ook kritiek teen hulle geopper.

Die bewering dat nie alle vertaling 'n doel het nie, word gewoonlik met verwysing na literêre vertaling geopper (Nord 1997b:110; Vermeer 1989/2004:231). Kritiek wat hierby aansluit is dat funksionalistiese benaderings nie op literêre vertaling van toepassing is nie (Nord 1997b:120; Schäffner 2011:160). Literêre vertaling word nie dikwels deur 'n akademiese vertaalkantoor hanteer nie. In afdeling 4.2.2.2 word genoem dat die opname onder akademiese vertaalkantore wys dat genres wat die meeste vertaal word voorbeeld soos korporatiewe kommunikasie en opleidingsmateriaal insluit. Funksionalistiese benaderings is dus juis van toepassing vir akademiese vertaalkantore wat hoofsaaklik, indien nie uitsluitlik nie, pragmatiese tekste vertaal. Snell-Hornby (2006:59–60) gee toe dat Holz-Mänttäri se vertaalhandelingsteorie aanvanklik lyk of dit pasgemaak is vir nieliterêre vertaling, maar sy noem gevallestudies wat bewys dat die teorie ook op konferensietolking en selfs literêre vertaling, soos operavertaling, en internasionale bemarking toegepas kan word.

Die grootste punt van kritiek is moontlik dat die bronsteks nie gerespekteer word nie, aangesien die bronsteks slegs as 'n inligtingsaanbod beskou word (Nord 2010:122; Schäffner 2009:117). Veral Vermeer se uitlating dat die bronsteks onttroon word, het in 1984 'n intense debat ontketen (Snell-Hornby 2006:54). Nord (1997b:119) verduidelik egter dat funksionalistiese benaderings gebaseer is op 'n sosiologiese opvatting van wat 'n teks is, dat 'n bronsteks die produk van talle veranderlikes in die betrokke situasie is, en dat die manier waarop die vertaler of enige ander ontvanger die bronsteks interpreer deur die talle veranderlikes in die nuwe situasie gerig word. Nord (1997b:119–120) kom tot die gevolgtrekking "dethroning does not imply murder or dumping"; dit beteken eenvoudig dat die bronsteks nie meer die uitsluitlike faktor is wat die struktuur van die doelteks bepaal nie.

Daar is veral teen Holz-Mänttäri (1984) se siening van die bronteks kapsie gemaak, selfs deur teoretici wat ook 'n funksionalistiese benadering tot vertaling volg, soos Nord: Volgens Nord (2005:31) beskou Holz-Mänttäri die bronteks as "a mere tool for the realization of communicative functions", met ander woorde die bronteks het geen intrinsieke waarde nie, en dit is totaal onderskik aan die doel van die vertaling. Dit kan veroorsaak dat kliënte en vertalers enige bronteks na willekeur kan manipuleer (Nord 2010:125) en dat die bronteks radikaal verander kan word na gelang van dit wat in die vertaalopdrag of produkspesifikasie verwag word. Nord (1991b; 2005) se spesifieke weergawe van die funksionalistiese vertaalbenadering word onderlê deur die beginsel 'funksie plus lojaliteit' wat in afdeling 2.2.3 beskryf word.

Hierdie debat oor die status van die bronteks dui op verskillende definisies van vertaling, naamlik 'n breër en 'n enger definisie. (Kyk ook afdeling 2.3.1.) 'n Enger siening van vertaling is teksgebonden in dié sin dat dit op die vertaling van 'n spesifieke teks en op die ooreenkoms tussen die linguistiese eenhede in die bronteks en in die doelteks fokus. Die Engelse term *translation proper* word dikwels hiervoor gebruik. Daarteenoor het funksionalistiese benaderings 'n breër siening van vertaling (Munday 2008:77, 79; Nord 2005:33) en die fokus op die doel van die vertaling "will involve using strategies that are often listed under adaptation, for example reformulation, paraphrase and textual explication" (Schäffner 2009:120).

Dit lei na die volgende punt van kritiek, naamlik dat funksionalistiese benaderings die grense van *translation proper* oortree (Nord 1997b:112). Voorstanders van 'n enger siening van vertaling dring daarop aan dat strategieë soos aanpassing (*adaptation*) nie as vertaling bestempel behoort te word nie (Koller 1993, in Schäffner 2009:120). Teenoor die kriterium van bronteksekwalensie, is funksionalistiese vertaalbenaderings se breër siening van vertaling egter "more differentiated and indeed closer to the realities of translation practice" (Snell-Hornby 2006:53). Venuti (2012:187) is ook van mening dat die vertaling van tegniese, kommersiële en amptelike dokumente in die vertaalpraktyk wel in Holz-Mänttäri (1984) se vertaalhandelingsteorie weerspieël word.

Die risiko is dat 'n eng definisie van vertaling slegs op 'n klein aantal gevalle van toepassing is en dus nie geskik is vir die beskrywing van die meerderheid vertaalhandelinge nie (Delabastita 1989, in Nord 1997b:113). Dit beteken dat navorsing oor vertaling ernstig beperk kan word aangesien navorsers verskeie vorme van vertaalhandelinge wat wel in die praktyk plaasvind, en wat in die vertaalwetenskap beskryf behoort te word, nie sal ondersoek nie (Schäffner 2009:120). Daarteenoor bied funksionalistiese benaderings die moontlikheid dat een vertaalteoriemodel gebruik kan word om verskeie vertaalstrategieë en vertaalprodukte, soos dokumentêre en instrumentele vertalings, asook enige vorm van ekwivalensie, te beskryf (Nord 1997b:114).

Aangesien vertaling uitgevoer word na aanleiding van 'n kliënt se versoek en volgens die doel van die vertaling wat in die vertaalopdrag gedefinieer is, is daar kritici wat funksionalistiese benaderings daarvan beskuldig dat hulle van vertalers verwag om huursoldate te wees, "able to fight under the flag of any purpose able to pay them" (Pym 1996:338, in Nord 1997b:117). Nord (1997b:117) wys egter daarop dat daar onderskei moet word tussen die doel van die vertaling wat vereis dat die doelteks aan spesifieke kriteria moet voldoen, en die werklike procedures wat die vertaler volg om hierdie doel te verwesenlik. Die doel van die vertaling word bepaal deur kliënte se behoeftes, maar veral wat betref die kommunikatiewe handeling wat hulle deur middel van die doelteks wil laat geskied. Die vertaler besluit dan self watter vertaalprocedures en -strategieë om te volg en word nie deur funksionalistiese benaderings voorgesê hoe om te vertaal nie. Spesifieke vertaalvaardighede word dus vereis, en funksionalistiese benaderings beklemtoon dat vertalers kundiges in interkulturele kommunikasie is wat nie net die kliënt se opdragte uitvoer nie. (Nord 1997b:117–118)

Pym (1996:338, in Nord 1997b:119) vra ook of funksionalistiese benaderings tussen goeie en slechte doeleinades kan onderskei, en Schäffner (2009:121) wys daarop dat Vermeer se skoposreël geïnterpreteer kan word as "any end (the purpose as specified by clients) justifies the means (the choice of linguistic structures)". Hierdie etiese aspekte van vertaling is reeds deur Nord (1991a; 2005; 2006) se beginsel 'funksie plus lojaliteit' ondervang, soos in afdeling 2.2.3 bespreek. Vertalers se etiese verantwoordelikheid as deel van hulle professionaliteit word ook deur Holz-Mänttäri (1993, in Schäffner 2011) beklemtoon, soos in afdeling 2.2.2 verduidelik.

Kritiek wat teen die terminologie in funksionalistiese vertaalbenaderings geloods is, is dat dit inkonsekwent gebruik word en verwarring veroorsaak. Veral Holz-Mänttäri (1984) gebruik hoogs abstrakte terminologie wat hewig deur Newmark (1991b:106) gekritiseer word. Volgens Snell-Hornby (2006:57) word hierdie eiesoortige terminologie gebruik in 'n poging om die konnotasies en verwagtinge wat tradisioneel met terme soos 'teks' en 'vertaling' verbind word, te vermy. Die ingewikkeldheid van die jargon in die vertaalhandelingsteorie veroorsaak egter dat dit vir individuele vertalers in praktiese vertaalsituasies ontoeganklik is (Munday 2012:122), hoewel dié teorie juis vertaalsituasies in die vertaalpraktyk beskryf.

Dit is verwarrend dat Reis en Vermeer (1984; 1991) die terme 'skopos', 'doel' (*purpose, aim*), en 'funksie' (*function*) dikwels as sinonieme gebruik (Schäffner 2009:120). Die term 'funksie' word ook in 'n meer spesifieke sin gebruik hoofsaaklik na aanleiding van Reiss (1971/2000) se teksttipologie waar daar tussen drie funksies vir dokumente onderskei word, naamlik 'n informatiewe, ekspressiewe of operatiewe funksie (kyk afdeling 2.3.3.3 vir meer besonderhede). Die Duitse term *Texttyp* word vir hierdie funksionele klassifikasie gebruik (Nord 2005:20) en die Afrikaanse term is 'tekstipe'. Daarenteen verwys *Textsorte* ('tekssoort' of 'genre') na tekste wat spesifieke taal- en/of strukturele

konvensies toon, soos resepte en die opsomming of abstrak van 'n tesis. Hoewel die Engelse term *text type* dikwels gebruik word om na sowel *Texttyp* as *Textsorte* te verwys, veroorsaak dit verwarring, en dus gebruik Nord (2005:20) die term 'genre' om na *Textsorte* te verwys. Nord (2005:78) verduidelik dat die teksfunksie te make het met 'n situasie waarin daar gekommunikeer word (Duits: *Texttyp*, Engels: *text type*, Afrikaans: 'tekstipe') soos 'n koerantberig wat 'n informatiewe tekstile is, terwyl tekste op grond van hulle ooreenstemmende strukturele aspekte in 'n spesifieke groep geklassifiseer kan word (Duits: *Textsorte*, Engels: *genre*, Afrikaans: 'genre') soos resepte en strokiesprente waarin daar verskillende konvensies gevvolg word.

Een van die grootste punte van kritiek teen funksionalistiese vertaalbenaderings is dat daar nie verduidelik word presies hoe om die geskiktheid van die vertaling vir die spesifieke doel te assesseer nie (House 2009:224). En, selfs al is daar bepaal dat 'n vertaling wel geskik is vir die besondere doel, meen Chesterman (1994:153) "it may be assessed as inadequate on other counts, particularly as far as lexical, syntactic, or stylistic decisions on the micro level are concerned". Een rede vir hierdie leemte in funksionalistiese vertaalbenaderings is dalk dat 'n algemene teorie nie veronderstel is om instruksies aan praktisyns te gee oor hoe om hulle werk te doen nie (Nord 1997b:118). 'n Ander rede kan wees dat daar, na gelang van die vertaalopdrag, uiteenlopende doelwitte vir die vertaling van 'n betrokke bronteks kan wees, en dat 'n algemene vertaalteorie nie voorsiening kan maak vir so 'n verskeidenheid eiesoortige situasies nie. Funksionalistiese benaderings se fokus is op die breër vertaalproses eerder as op mikrotekstuele elemente. Outeurs soos Venuti (2012:187) en Snell-Hornby (2006:53) erken dat hierdie benaderings die werklike vertaalpraktyk in 'n groot mate weerspieël; dit is dus geskik om as raamwerk vir die beskrywing van 'n vertaling se produksieproses te dien.

Die betrokke rolspelers soos die vertaalkantoor, vertaler en reviseur is daarvoor verantwoordelik om hulle kundigheid aan die dag te lê deur eerstens die vertaling te skep en daarna te bepaal of dit aan die vereistes in die vertaalopdrag voldoen en of dit geskik is om die voorgenome doel in die doeltekssituasie te verwesenlik. Assesseringsinstrumente soos dié van Colina (2009) is op grond van funksionalistiese beginsels ontwerp en kan binne hierdie raamwerk aangewend word. Dit is ook die geval met die kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf wat in hoofstuk 4 bespreek word: Daar word riglyne gegee oor die breër produksieproses, die verantwoordelikhede van rolspelers soos die vertaler en reviseur, asook vereistes waaraan hierdie rolspelers moet voldoen, soos relevante kwalifikasies en ervaring. Besonderhede oor die assessering van die vertaalproduk self, soos in die funksionalistiese vertaalbenaderings, maak nie deel uit van die kwaliteitstandaarde nie.

Ten spyte van die kritiek teen funksionalistiese vertaalbenaderings soos in hierdie afdeling genoem, word die gaping tussen teorie en die praktyk deur hierdie benaderings vernou. Dit blyk uit die ooreenkoms tussen die funksionalistiese konseptuele raamwerk en kwaliteitstandaarde vir die

vertaalbedryf dat hierdie vertaalteoretiese benaderings wel in die praktyk waardevol is. Dit geld veral vir Holz-Mänttäri (1984) se siening van die vertaalhandeling (afdeling 2.2.2) en die drie fases in vertaalkantore se produksieproses van vertalings (voorvertaalfase, vertaalfase, navertaalfase) wat ook in Drugan (2013) en in dié proefskrif se hoofstuk 4 oor kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf gebruik word. 'n Groot bydrae word verder tot die professionalisering van vertalers gelewer aangesien hulle beskou word as kundiges in interkulturele kommunikasie met 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die vertaalsituasie.

## **2.3 Evaluering van vertaalkwaliteit**

Die evaluering van vertaalkwaliteit is 'n sentrale kwessie sowel in die vertaalpraktyk as in die vertaalwetenskap. Ten spyte van uitgebreide debatvoering hieroor, is dit egter steeds 'n problematiese kwessie waaroor daar nog geensins konsensus bereik is nie. Koby en Lacruz (2017:11) noem dit 'n "netelige probleem" en skryf dit onder andere toe aan die kompleksiteit van kommunikasie, taal en vertaling, asook aan filosofiese kwessies oor die aard van kwaliteit. Nie net vertalers en evaluateerders nie, maar ook reviseurs se siening van kwaliteit – en in die besonder kwaliteit in vertaling – onderlê die werk wat hulle doen. Soos Mossop (2011:135) tereg sê, "quality [...] – consciously or not – governs revision work".

Een van die hoofredes vir die min ooreenstemming oor hoe vertalings geassesseer moet word, is die veelvuldige sienings van vertaling en hoe dit gedefinieer word.

### **2.3.1 Verskeie sienings van vertaling**

Volgens Jiri Stejskal, 'n voormalige president van die Amerikaanse Vertalersvereniging (ATA), kan die kwaliteit van vertaling bepaal word aan die hand van die drie P's: "provider, process and product" (2006:13). Ander beskou vertaling as 'n proses, 'n produk en 'n diens (Chesterman & Wagner 2002:80–81; Gouadec 2010:270). Hierdie verskillende sienings van vertaling veroorsaak 'n gaping tussen die vertaalwetenskap en die praktyk (Drugan 2013:36; Melby, Fields, Hague, Koby & Lommel 2014).

Die meeste teorieë stel kwaliteit in vertaling gelyk aan die kwaliteit van die vertaalproduk, en dus die assessorering daarvan. Daarenteen is die siening van vertaling in die vertaalbedryf veel breër en sluit dit ander aspekte in, soos die produksieproses of werksvloei in die vertaalkantoor. Die kwaliteitstandarde vir vertaling wat in die vertaalbedryf gebruik word (kyk hoofstuk 4) plaas die fokus op die kwaliteitbestuur van die produksieproses (waarvan assessorering slegs een deel vorm).

Van Rensburg (2017b:197) wys daarop dat die begrip 'vertaalproses' verskillende betekenisse in die vertaalwetenskap en vertaalbedryf het. In die vertaalwetenskap verwys 'vertaalproses' hoofsaaklik

na die kognitiewe proses wat by vertalers plaasvind wanneer hulle 'n vertaling skep. Dit sluit byvoorbeeld die oplos van vertaalprobleme in. Englund Dimitrova (2010:406–411) noem in haar inleiding oor die vertaalproses ook ander aspekte wat nagevors word, soos die wyse waarop ervare vertalers se proses van dié van onervare vertalers verskil. In die bedryf word die vertaalproses gesien as al die stappe wat deur verskillende rolspelers gedoen word ten einde die vertaalproduk aan die kliënt te lewer, byvoorbeeld die aanstelling van gesikte vertalers en die revisie van die vertaalproduk voordat dit aan die kliënt gestuur word. Hierdie prosesbenadering word in kwaliteitstandarde soos ISO 17100 *Translation services – Requirements for translation services* (2015) beskryf en die terme 'produksieproses' en 'werksvloei' word in hierdie proefskrif daarvoor gebruik. (Kyk ook afdeling 2.3.2.) Vandepitte (2017:16, 18) verwys na die breër produksieproses as die 'makrovertaalproses', teenoor die 'mikrovertaalproses' wat in die vertaler se brein plaasvind.

Die funksionalistiese vertaalbenaderings (afdeling 2.2) maak wel voorsiening vir 'n breër siening van die produksieproses waarby verskillende rolspelers betrokke is. Veral Holz-Mänttäri (1984:109–111, in Munday 2012:120) plaas klem op die verskeie rolspelers en dat elkeen 'n primêre en sekondêre rol in die produksieproses vervul. Die funksionalistiese vertaalbenaderings het dus die fokus in die vertaalwetenskap laat verskuif "vanaf die reproduksie van 'n bronteks na die skep van 'n doelteks wat 'n spesifieke doel in daardie doeltaalkultuur moet vervul en die verskeie rolspelers wat by die produksieproses betrokke is. Hierdie fokusverskuwing laat die vertaalteorie nader beweeg aan wat werklik in die vertaalbedryf gebeur" (Van Rensburg 2017b:197).

Kommunikasie en samewerking tussen die vertaalwetenskap en bedryf is reeds deur oueurs soos Lauscher (2000) en Drugan (2013) bepleit. In 2014 het die vaktydskrif *Revista Tradumàtica* 'n uitgawe oor vertaling en kwaliteit met bydraes uit die vertaalwetenskap asook die vertaalbedryf gepubliseer: In 'n reeks van drie artikels beskryf vyf oueurs met ervaring in uiteenlopende veldes<sup>7</sup> hulle debat oor die definisies van kwaliteit, vertaling en vertaalkwaliteit (Fields, Hague, Koby, Lommel & Melby 2014; Koby, Fields, Hague, Lommel & Melby 2014; Melby et al. 2014). Daar is enkele kwessies waарoor die oueurs wel konsensus bereik het, terwyl hulle steeds sterk van mekaar verskil oor ander (Koby et al. 2014). Sodanige debatvoering is egter voordeelig vir samewerking tussen die vertaalwetenskap en die vertaalbedryf.

Twee uiteenlopende definisies van vertaling – 'n breë (*broad*) teenoor 'n eng (*narrow*) definisie – word in Melby et al. (2014) voorgestel. Die breë definisie sluit sowel die vertaling van teks (*textual translation*) as die aanpassing van nietekstuele elemente (*non-textual adaptation*) in, op voorwaarde dat die inhoud wat vertaal word wél tekstuele elemente bevat. Melby et al. (2014:395–396) stel dit

---

<sup>7</sup> Die oueurs het ervaring in praktiese navorsing en die ontwikkeling van rekenaarhulpmiddelle vir vertalers, professionele vertaling, akademiese vertaalwetenskap, kwaliteitbestuur, en besigheidsanalise (Melby et al. 2014:393).

so: “Translation is the creation of target content that corresponds to source content according to agreed-upon specifications.”

Die onderstaande word volgens hierdie definisie as vertaling beskou:

- vertalings deur professionele vertalers;
- rou masjienvertaling en masjienvertaling wat deur reviseurs nagegaan is (*post-editing*);
- lokalisering;
- volledige vertaling (*full translation*) waar die inhoud van die bronsteks volledig na die doelteks oorgedra is;
- *gisting* wat 'n vinnige en onafgeronde vertaling is (deur mens of masjién) om te bepaal of 'n behoorlike vertaling gedoen moet word;
- tegniese vertaling;
- regsvertaling;
- literêre vertaling;
- overte vertaling (House 1997) of vervreemdende vertaling (*foreignized translation*) (Venuti 1995); en
- koverte vertaling (House 1997) of gedomestikeerde vertaling (*domesticated translation*) (Venuti 1995).

In teenstelling met die breë definisie van vertaling word tekstuele elemente in die eng definisie voorop gestel (Melby et al. 2014:397): “Translation transfers a written source text into a written target text of roughly equivalent length. Such a translation conveys all the source text’s meaning, making only those adjustments necessary for cultural appropriateness without adding, omitting, condensing, or adapting anything else.”

Volgens die eng definisie word slegs volledige vertaling deur professionele vertalers as vertaling beskou, terwyl enige aanpassing van die inhoud of die gebruik van masjienvertaling as “translation-plus” geag word (Melby et al. 2014:397). Dié oueurs noem egter nie vertaalgeheuestelsels nie: Hierdie vertaaltegnologie word toenemend deur professionele vertalers gebruik en talle van dié stelsels maak toenemend van masjienvertaling gebruik (Van Rensburg, Snyman & Lotz 2012:515). (Kyk ook afdeling 3.3.3 oor die revisie van masjienvertaalde produkte.)

Melby et al. (2014:400–401) kon nie konsensus bereik oor watter definisie vir die vertaalwetenskap en vertaalbedryf die bruikbaarste is nie, maar hulle het wel saamgestem dat rolspelers eerstens moet ooreenkom presies wat hulle met die begrip ‘vertaling’ bedoel voordat hulle die kwaliteit van vertaling probeer bepaal. Dit is waarom die produkspesifikasie en vertaalopdrag in 'n vertaalprojek so belangrik is: Die vertaaldiensverskaffer en die kliënt moet ooreenkom oor aspekte soos hoe die

vertaling geskep gaan word (bv. professionele vertalers of masjienvertaling) en hoe die kwaliteitverzekering deur hierdie besluite beïnvloed sal word.

Sowel die breë as die eng definisie van vertaling pas binne die raamwerk van funksionalistiese vertaalbenaderings (Koby et al. 2014:396, 397), aangesien die omvang en aard van die vertaalprojek in die produkspesifikasie gespesifiseer word.

### **2.3.2 Die vertaalproses as kwaliteitverzekering**

Daar is in die vorige afdeling genoem dat die vertaalproses in die vertaalbedryf beskou word as al die stappe wat deur verskeie rolspelers gedoen word om 'n vertaalproduk aan 'n kliënt te lewer. Dit word in die werksvloeい van 'n vertaalkantoor weerspieël en word ook die produksieproses genoem. Die standaardisering van die produksieproses is 'n wyse om die kwaliteit van die produk te verseker. Dit word gedoen aan die hand van kwaliteitstandarde: dokumente waarin vereistes, spesifikasies of riglyne uiteengesit is wat gebruik kan word om te verseker dat materiaal, produkte, prosesse en dienste geskik is vir hulle doel. Dit is die sogenoamde 'fit-for-purpose'-beginsel waarop ISO-standarde gegrond is, soos die ISO 9000-reeks wat oor verskeie aspekte van kwaliteitbestuurstelsels handel.

Kwaliteitbestuur en kwaliteitstandarde het ontstaan na aanleiding van pogings ná die Tweede Wêreldoorlog om prosesse wat in die vervaardigingsbedryf gevvolg is, te standaardiseer (Muzii 2014:422; Petersen 1996:208). Nasionale kwaliteitstandarde spesifiek op die vertaalbedryf gerig, is sedert die 1990's in byvoorbeeld die volgende Europese lande uitgegee: Italië in 1996 (UNI 10574 *Definition of services and activities of translation and interpreting enterprises*), Duitsland in 1998 (DIN 2345 *Translation contracts*), en Oostenryk in 2000 (Önorm D1200 *Requirements for the service and the provision of the service* en Önorm D1201 *Translation contracts*) (Van Rensburg 2017b:198).<sup>8</sup> Die handelinge om hoë kwaliteit in vertaalprodukte en vertaaldienste te verseker, "word as onderling verbonde prosesse binne 'n koherente kwaliteitbeheerstelsel bestuur ten einde konsekwente en voorspelbare resultate te verkry" (Van Rensburg 2017b:197).

Veral in die 21ste eeu het die internet en die gepaardgaande globalisering veroorsaak dat daar by rolspelers in die vertaalbedryf 'n behoeftte ontstaan het aan standarde wat in meer lande sou kon geld. Die nasionale standarde is in 2006 deur die Europese standaard EN 15038 *Translation services – Service requirements* vervang en ASTM Internasional, 'n Amerikaanse organisasie wat standarde ontwikkel wat wêreldwyd toegepas word (Bonnet 2006:46), het in dieselfde jaar die eerste uitgawe

---

<sup>8</sup> Stejskal (2009) en Corpas Pastor (2006) verskaf 'n oorsig oor hierdie nasionale standarde.

van ASTM F2575 *Standard guide for quality assurance in translation* gepubliseer. (Kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf word verder in hoofstuk 4 bespreek.)

Daar is verwarring oor die onderskeie opvattings van kwaliteit soos blyk uit die inkonsekwente gebruik van terminologie vir die begrippe ‘kwaliteitbestuur’ (*quality management*), ‘kwaliteitverzekering’ (*quality assurance*), ‘kwaliteitkontrole’ (*quality control*) en ‘assessering’ of ‘evaluering’ (*assessment of evaluation*). Drugan (2013:37) het byvoorbeeld in talle onderhoude bevind dat taalpraktisyns kwaliteitbestuur gelyk stel aan revisie, hoewel die kwaliteitbestuursproses in daardie vertaalkantore in der waarheid veel meer aspekte insluit. In hierdie proefskrif is kwaliteitbestuur ’n “structured approach to ensuring, and improving, the quality of work done, through the implementation of policies and procedures” waarby alle personeellede in die vertaalkantoor betrokke is (IAMLADP 2004:3). Dit behels nie net kwaliteitverzekering nie, maar ook kwaliteitverbetering (*quality improvement*). Kwaliteitverzekering verwys na beleid, stelsels en prosedures wat toegepas word om foute in enige fase van die vertaalprojek te voorkom (Drugan 2013:76; Lommel et al. 2014) en om te verseker dat kwaliteitdoelwitte bereik word (IAMLADP 2004:3; Mossop 2014:227). Indien daar probleme ondervind word, word die oorsaak daarvan ondersoek en maatreëls getref om soortgelyke probleme in ander projekte te voorkom: Kwaliteitverzekering en kwaliteitverbetering maak dus albei deel uit van kwaliteitbestuur.

In ’n akademiese vertaalkantoor kan kwaliteitbestuur byvoorbeeld die beleid behels om nie studente nie, maar wel professionele vertalers se dienste te gebruik (kwaliteitverzekering) en om terugvoer oor die kwaliteit van die vertaalproduk aan vertalers te gee sodat hulle uit hulle foute kan leer en dit in toekomstige vertaalprojekte kan toepas (dus kwaliteitverzekering wat tot kwaliteitverbetering lei). Ten einde terugvoer aan vertalers te kan gee, word die kwaliteit van die vertaalproduk ondersoek: Kwaliteitkontrole is “the process of checking whether manufactured products meet stated quality specifications” (DFKI 2014) en kan handelinge soos assessering, revisie, en inhoudelike redigering (*review*) insluit (Drugan 2013:76–77).

### **2.3.3 Assessering van die vertaalproduk**

#### **2.3.3.1 Doel van assessering**

Die doel van die assessering van vertaling is uiters konteksspesifiek. Martínez Melis en Hurtado Albir (2001:277–278) onderskei tussen drie funksies wat deur assessering vervul kan word, naamlik diagnosties (*diagnostic*), formatief (*formative*), en summatief (*summative*). Diagnostiese assessering het ten doel om ’n persoon se vertaalvermoë te bepaal: Voornemende studente lê ’n plasingstoets af om te bepaal of hulle ’n gegewe kursus kan volg; voornemende werknemers lê ’n keuringstoets af om te bepaal of hulle oor voldoende vertaalvermoë beskik om as interne of vryskutvertaler by ’n

organisasie te werk. Formatiewe assessering word gedoen sodat studente én professionele vertalers uit hulle foute kan leer en sodoende hulle vertaalvermoë verbeter.<sup>9</sup> Die doel van summatiewe assessering is om te bepaal of 'n student voldoende kennis en vertaalvermoë opgebou het en die nodige doelwitte bereik het om 'n kursus te slaag. 'n Professionele vertaler se vertalings word aan summatiewe assessering onderwerp om te bepaal of die vertaler die vereistes in die vertaalopdrag of produkspesifikasie nagekom het. Doherty (2017:131) is van mening die hoofdoel van assessering is om te verseker dat die verlangde kwaliteitvlak bereik word en aan die kliënt gelewer word.

### **2.3.3.2 Kwaliteitvlakte**

Die opvatting dat kliënte soms nié 'n vertaling van hoë kwaliteit nodig het nie, maar eerder 'n rowwe vertaling wil hê, is 'n hoogs omstrede kwessie. Fields et al. (2014:410) noem dit die 'olifant in die vertrek': wanneer daar in die produkspesifikasie en vertaalopdrag vereis word dat die vertaler 'n vertaalproduk met "less-than-maximal accuracy and fluency" aan die kliënt lewer. Dit is die "fit-for-purpose"-beginsel wat in die vertaalbedryf en kwaliteitstandaarde toegepas word. 'n Vertaling is "fit for purpose" wanneer dit geskik is vir die gespesifieerde gebruik in die kommunikatiewe situasie en wanneer dit aan die behoeftes en verwagtinge van die kliënt en teikenleser voldoen.

Die "fit-for-purpose"-beginsel kan as 'n toepassing van die funksionalistiese benaderings in die vertaalteorie beskou word (afdeling 2.2): Die gepastheid van die vertaalkeuses en die kwaliteit van die vertaling word bepaal aan die hand van die doel van die vertaling en die projekspesifikasie soos deur die kliënt en die vertaalkantoor ooreengekom. Vertaalkwaliteit in die vertaalbedryf behels dus ook dat vereistes nagekom word en dat daar sodoende 'n goeie diens gelewer word, en nie slegs getrouheid aan die bronteks nie.

Die meeste vertaalteorieë meet die geslaagdheid van 'n vertaling aan die mate waarin die doelteks met die bronteks ooreenstem. Die wesenlike vraag oor kwaliteit in hierdie konteks is, in House (2001:127) se woorde, "How do we know a translation is good?". Daarteenoor stel Drugan (2013:42) dat die wesenlike vraag in die vertaalbedryf eerder is "How do we know when a translation is good enough?". Daar is egter nie konsensus in die vertaalbedryf oor die gewenstheid van die kriterium of 'n vertaling slegs goed genoeg is nie: Volgens die Europese Kommissie se taaldiens, die Directorate-General for Translation (DGT),<sup>10</sup> se kwaliteitbestuursraamwerk behoort "fit for purpose" juis nié met die "good-enough quality"-opvatting verwarring te word nie, aangesien "fit for purpose" vir hulle steeds hoë kwaliteit beteken (Strandvik 2017:129).

---

<sup>9</sup> Revisie kan as formatiewe assessering beskou word wanneer die reviseur gereelde terugvoer aan die vertaler verskaf.

<sup>10</sup> Die Europese Kommissie is die Europese Unie (EU) se uitvoerende liggaam: Die Europese Kommissie implementeer Europese beleide, stel nuwe wetgewing voor en monitor of die lidlande EU-wetgewing korrek toepas (Strandvik 2017:124). Die DGT werk dus veral met regsvertaling.

Martin (2007:60) daarenteen voer aan dat 'n "fit-for-purpose"-vertaling nie 'n tweederangse alternatief is nie. Sodanige vertaalprodukte is óf baie goed óf goed genoeg, maar nooit minder as dit nie. Veral in kontekste soos dié van akademiese vertaalkantore waar hulpbronne beperk is, is 'n "fit-for-purpose"-vertaling 'n lewensvatbare wyse om vertaal- en revisiehulpbronne optimaal te benut (Martin 2007:60) en sal dit 'n verkwisting van hulpbronne wees om 'n vertaling van hoë kwaliteit te lewer as slegs 'n rowwe vertaling nodig is.

Daar is in die vertaalpraktyk 'n verskeidenheid vlakke van vertaalkwaliteit of aanvaarbaarheidsvlakke (Vandepitte 2017:20), soos dié wat Mossop (2014) en Gouadec (2010) voorstel. Mossop (2014:155–158) stel vier vlakke voor, naamlik verstaanbaar (*intelligible*), informatief (*informative*), publiseerbaar (*publishable*), en gepoleer (*polished*). (Kyk afdeling 3.4.2 waar bespreek word watter aspekte van 'n teks [revisieparameters] nagegaan moet word om die verlangde kwaliteitvlak te verkry.) Gouadec (2010:273–274) stel drie vlakke voor, te wete rowwe vertalings (*rough-cut*); geskik vir lewering (*fit-for-delivery*) hoewel daar nog geringe verbeteringe aangebring moet word om die vertaling in die volgende kategorie te klassifiseer; en geskik vir publikasie (*fit-for-broadcast*). Gouadec (2010:273) noem ook 'n vierde kategorie, naamlik geskik vir revisie (*fit-for-revision*) vir vertalings wat "within a reasonable time at a reasonable cost" deur 'n reviseur nagegaan kan word. Die onderskeid tussen die kategorieë "geskik vir lewering" en "geskik vir revisie" is egter onduidelik en kan heel moontlik oorvleuel.

Die gaping tussen teorie en praktyk kan gesien word in die verskillende assessoringsmodelle wat gebruik word. Hoewel vertaalteoretici veral sedert die middel 1990's 'n verskerpte belangstelling in die assessoring van die vertaalproduk toon, word hierdie akademiese benaderings steeds wyd gekritiseer (Lauscher 2000:150) en selfs geïgnoreer: Volgens Drugan, "[d]uring hundreds of interviews and research visits to [language service providers] for this book, not a single academic model was mentioned as a way of assessing translation quality in the real world" (2013:36). Die rede hiervoor is dat akademiese modelle soos dié van Reiss (1971/2000) en House (1977; 1997) met die oog op opleiding in vertaling ontwerp is en dus te veel kategorieë bevat en te veel tyd in beslag neem om in die vertaalbedryf lewensvatbaar te wees.

Talle vertaalkantore ontwerp dus hulle eie assessoringsmodelle wat nie net deur teoretici afgekraak word nie, maar waaroor ook in die bedryf kommer uitgespreek word: "I sometimes wonder how we manage to mark exams and revise translations with such confidence, when we have no objective way of measuring quality and no agreed standards" (Chesterman & Wagner 2002:88).

### 2.3.3.3 Teoretiese benaderings tot assesserung

Katharina Reiss en Juliane House is van die eerste vertaalteoretici wat 'n meer sistematiese benadering tot die assesserung van vertaling ondersoek het. Hoewel hulle modelle te uitgebreid en tydrowend is om in die vertaalbedryf toe te pas, kan aspekte in hulle werk soos Reiss (1971/2000) se tekstopologie en House (1977; 1997; 2015) se onderskeid tussen overte en koerste vertaling wel binne die raamwerk van funksionalistiese benaderings tot vertaling gebruik word.

Reiss (1971/2000) het 'n tekstopologie vir vertalers ontwikkel en dit aan spesifieke vertaalmetodes gekoppel. Reiss (1971/2000) gebruik Karl Bühler se drie funksies van taal en koppel dit aan ooreenstemmende tekstopes of kommunikatiewe situasies waarin die tekste gebruik word, naamlik informatief (of referensieel), ekspressief en operatief (of appellatief). Die informatiewe tekstoppe se hooffokus van die kommunikasie is die inhoud of die tema van die boodskap. Inligting en kennis word op 'n logiese wyse oorgedra in genres soos 'n ensiklopedie en studiemateriaal. In die ekspressiewe tekstoppe is die hooffokus op die oueur se estetiese gebruik van taal, soos aangetref in kreatiewe tekste soos gedigte. Die hoofdoel van die operatiewe tekstoppe is om die leser te oorreed om op 'n sekere manier te reageer deur die appellatiewe dimensie van taal te gebruik, byvoorbeeld in advertensies en politieke toesprake.

Een van die grootste punte van kritiek teen sodanige indeling van tekstopes is dat nie alle genres in net een van die tekstopes kan inpas nie en dat een teks aspekte van meer as een tekstoppe kan vertoon. Een voorbeeld hiervan is 'n toerismebrosjyre waarin inligting oor 'n toeristebestemming gegee word (informatiewe funksie), maar waarin taal ook kreatief aangewend kan word (ekspressiewe funksie) om die leser te motiveer om spesifieke toeristaantreklikhede te besoek (appellatiewe funksie). Reiss gee wel toe dat daar gevalle kan wees waar die doelteks se funksie van die bronreks se funksie kan verskil, soos *Gulliver's Travels* deur Jonathan Swift wat oorspronklik as 'n satiriese roman in 'n aanval op die regering geskryf is (operatiewe tekstoppe), maar wat deesdae gewoonlik as gewone fiksie gelees en vertaal word (ekspressiewe tekstoppe).

Reiss (1971, in House 2009:223) bestempel die bronreks se tekstoppe as die belangrikste veranderlike in vertaling, aangesien dit alle besluite bepaal wat die vertaler neem.<sup>11</sup> Die sukses van die doelteks word dus gemeet aan die hand van die mate waartoe die vertaler daarin geslaag het om die kommunikatiewe funksie van die bronreks na die doelteks oor te dra (Reiss 1977/1989:114, in Munday 2008:74).

---

<sup>11</sup> Daarteenoor, soos in afdeling 2.2 genoem, beskou die funksionalistiese vertaalbenaderings die doel en funksie van die vertaling as die belangrikste veranderlikes in die vertalsituasie.

Reiss het na aanleiding van hierdie tekstopologie 'n assessoringsmodel ontwikkel met die doel om objektiewe kriteria vir die assessering van vertaalprodukte daar te stel. Die ontleding van die bron- en doelteks word gedoen aan die hand van die tekstipe, asook intralinguistiese, en ekstralinguistiese kriteria (Lauscher 2000:151; Munday 2008:74). Intralinguistiese kriteria behels die semantiese, leksikale, grammaticale en stilistiese kenmerke van 'n teks. Ekstralinguistiese kriteria behels die situasie waarin die teks funksioneer (bv. tyd en plek), en faktore ten opsigte van die outeur en die ontvanger van die bron- en doelteks (bv. hoe die bron- en doelteksleser se agtergrond in en persepsie van die vakgebied verskil). Die ekstralinguistiese faktore beïnvloed vertaalbesluite en die intralinguistiese kenmerke van die doelteks. Hierdie kriteria word in ag geneem wanneer die doelteks ontleed word om die geskiktheid van die doeltaalgebruik te evaluer, en wanneer die doelteks met die bron- en doelteks vergelyk word om die mate van ekwivalensie tussen die tekste te bepaal. Reiss bestempel 'n vertaling as suksesvol wanneer 'optimale ekwivalensie' met die bron- en doelteks bereik is, hoewel hierdie begrip nie in genoeg besonderhede beskryf word sodat dit in die praktyk toegepas kan word nie (Al-Qinai 2000:498; Lauscher 2000:152).

Reiss se tekstipebenadering tot vertaling het daartoe bygedra dat die vertaalwetenskap vanaf 'n fokus op woord- en sinsvlak beweeg het na 'n fokus op die kommunikatiewe funksie van die vertaling op teksvlak. Inligting oor selfs die ekstralinguistiese faktore word egter deur teksanalise verkry en nie deur direkte kontak met die vertaler of ander rolspelers in die produksie van die vertaling (Drugan 2013:65) soos wat wel die geval by die funksionalistiese vertaalbenaderings is nie.

Nog 'n assessoringsmodel wat 'n groot invloed op die vertaalwetenskap gehad het, is dié van House (1977) waarvan daar verdere weergawes in 1997 en in 2015 gepubliseer is. House baseer haar werk op M.A.K. Halliday se diskoersanalise-model wat ondersoek instel na die wyse waarop betekenis en sosiale en magsverhoudinge deur taal gekommunikeer word (Munday 2008:90). House (1998:199) noem dit haar funksioneel-pragmatiese assessoringsmodel: Linguisties-situasionele aspekte van die bron- en doelteks word vergelyk om sodoende die twee tekste wat betref hulle relatiewe ooreenkoms te assesseer. Sy beskou vertaling as 'n linguistiese prosedure waartydens die bron- en doelteks deur 'n semanties en pragmatis ekwivalente teks in die doeltaal vervang word (House 1997:31). Die sentrale begrip in House se model is register-analise (Munday 2008:91). House se model behels 'n vergelykende analise van die bron- en doelteks en die basiese vereiste vir ekwivalensie is dat die doelteks se funksie en die 'tekstuele profiel' ekwivalent moet wees aan dié van die bron- en doelteks (Colina 2008:101).

Op grond van die register-analise kan 'n vertaling op 'n kontinuum tussen twee soorte vertalings geplaas word, naamlik overte en koverte vertaling. 'n Overte vertaling is duidelik herkenbaar as 'n vertaling, aangesien die kultuur van die bron- en doelteksleser 'n groot invloed het op die doelteks,

byvoorbeeld die Bybel. 'n Koverte vertaling funksioneer as 'n oorspronklike teks in die doeltekstleser se kultuur. Die brontekstleser se kultuur speel hier nie 'n groot rol nie, dus is funksionele ekwivalensie wel moontlik, byvoorbeeld in die geval van studiemateriaal. (House 1998:199; Lauscher 2000:153; Munday 2008:93). House (1998:199) se overte en koverte vertaling stem ooreen met Nord (1997a:51–52) se dokumentêre en instrumentele vertaling (kyk ook afdeling 2.2.3). House (in Munday 2008:94) beklemtoon dat die onderskeid tussen overte en koverte vertaling as 'n kontinuum eerder as twee teenoorgestelde soorte vertaling beskou moet word.

Meer onlangse teoretiese benaderings tot die assessering van vertaalkwaliteit is Eyckmans, Anckaert en Segers (2009) en Eyckmans en Anckaert (2017) se CDI-metode (*Calibration of Dichotomous Items*), en Kockaert en Segers (2014; 2017) se PIE-metode (*Preselected Items Evaluation*). Albei hierdie metodes is normgebaseer in dié sin dat die prestasie van die vertalers wat die toets afgelê met mekaar s'n vergelyk word. Die bekende "item"-konsep wat in taaltoetsteorie gebruik word (Eyckmans & Anckaert 2017:43), word in vertaaltoetse toegepas. 'n Item is enige element in die teks (soos 'n woord of frase) "that contributes to the measurement of differences in translation ability between test-takers" (Eyckmans & Anckaert 2017:43). Daar word nie tussen ernstige en geringe foute onderskei nie, en geen gewigte word aan foute toegeken nie: 'n Item is óf reg óf verkeerd, na gelang van die aanvaarbare alternatiewe vertalings waarop die assesseerders ooreengekom het (Eyckmans et al. 2009:75–76). Die CDI- en PIE-metode verminder die subjektiewe invloed van die assesseerder deur die items in verskeie fases te kalibreer en dus die betroubaarheid van die assesseringsinstrumente te verhoog (Eyckmans et al. 2009:76; Kockaert & Segers 2017:150). Die fases wat gevvolg word en die metodes van kalibrering verskil egter van mekaar.

Items word volgens die CDI-metode op grond van die doeltekste bepaal: Die vertaalprodukte van die groep vertalers wat die toets afgelê het word ontleed, en items word geïdentifiseer wat korrek vertaal is deur diegene wat beter vertaalvermoë in die toets ten toon gestel het, terwyl dié items verkeerd vertaal is deur diegene wat swakker vertaalvermoë in dieselfde toets ten toon gestel het (Eyckmans & Anckaert 2017:43). Daarteenoor word items volgens die PIE-metode op grond van die brontekst geïdentifiseer nog voordat die toets afgelê is, met ander woorde elemente in die brontekst wat foute in kategorieë soos grammatika, spelling, styl en terminologie sou kon veroorsaak (Kockaert & Segers 2017:152). Die vertaalprodukte word dan geassesseer aan die hand van die aanvaarbaarheid van die oplossings wat vir die voorafbepaalde items gebied word (Eyckmans & Anckaert 2017:44). Die subjektiwiteit van assesseerders speel dus 'n groter rol by die PIE-metode waar assesseerders die items kies, teenoor die CDI-metode waar items slegs met behulp van diskriminante indekse (*discrimination indices*) geïdentifiseer word. (Kyk Eyckmans en Anckaert [2017:48] vir verdere besonderhede, asook Eyckmans et al. [2009:88] se waarskuwing dat vertaaldosente in die basiese

beginsels van taaltoetsteorie opgelei behoort te word.) Verder wys Eyckmans et al. (2009:76) daarop dat die CDI-metode nie vir formatiewe assessering nie, maar spesifiek vir summatiewe assessering ontwerp is. Vertalers sal meer baat vind by instrumente, soos in die volgende afdeling beskryf, waar foute met behulp van kategorieë beskryf word sodat vertalers kan sien waar hulle hulle vertaalprodukte kan verbeter.

#### **2.3.3.4 Assesseringsinstrumente in die vertaalbedryf**

Assesseringsinstrumente wat in die bedryf gebruik word, kan in twee hoofkategorieë ingedeel word, te wete dié met 'n kwalitatiewe, makrotekstuele benadering soos assesseringsrubriekе (*rubrics*) en dié met 'n kwantitatiewe, mikrotekstuele benadering soos foutgebaseerde instrumente (*metrics*) (Martínez-Mateo, Montero-Martínez & Moya-Guijarro 2016). Ander terme wat vir hierdie indeling gebruik word, is 'niekwantitatiewe' teenoor 'kwantitatiewe instrumente' (Williams 2009:7) en 'holistiese' teenoor 'analitiese assesseringsinstrumente' (Conde 2013:98).

Kwalitatiewe assesseringsrubriekе word in verskeie velde gebruik, aangesien dit 'n meer holistiese en sistematiese assessering moontlik maak (Angelelli 2009:38). Die kwaliteit van die vertaalproduksie word geoperasionaliseer deur verskeie aspekte daarvan in kategorieë te plaas soos Colina (2009) se vier kategorieë doelstaal, funksionele en tekstuele toereikendheid, niegespesialiseerde inhoud (betekenis), en gespesialiseerde inhoud en terminologie. In elke kategorie is daar beskrywende stellings (*descriptors*) wat kenmerke van vertaalprodukte beskryf en wat wissel van lae tot hoog kwaliteit. Die assesseerder kies die stelling wat die kwaliteit van die vertaling die beste beskryf.<sup>12</sup> Kyk ook die rubriek in Van Rensburg (2014) en Williams (2013) waar die assesseerder 'n punt op grond van die beskrywende stellings in elke kategorie toeken. Van Rensburg (2014) het haar instrument vir die assessering van professionele vertalers ontwerp, terwyl Williams (2013) se holisties-komponensiële rubriek bedoel is om in die opleiding van vertalers gebruik te word.

In kwalitatiewe benaderings tot assessering word daar nie punte afgetrek vir foute nie en daar word ook nie gewigte aan geringe en ernstige foute gekoppel nie. Daar word eerder 'n makrotekstuele benadering gevolg deur 'n indrukspunt vir die hele teks ten opsigte van verskeie aspekte van kwaliteit toe te ken. Assesseringsrubriekе word hoofsaaklik vir die assessering van vertaalstudente se werk gebruik.

Foutgebaseerde instrumente is kwantitatief van aard: Foute word geïdentifiseer en volgens voorafbepaalde kategorieë geklassifiseer, die graad van erns (*severity level*) word bepaal en aan ooreenstemmende strafpunte gekoppel wat gebruik word om te bepaal of die vertaling aan die

---

<sup>12</sup> Colina (2009) se instrument is as bylae H beskikbaar. Dié instrument is vir die doeleindes van die empiriese studie vir hierdie proefskrif effens aangepas (kyk afdeling 5.4.4.1).

minimumvereistes voldoen en dus aanvaarbaar is of nie. Die fokus van hierdie foutgebaseerde instrumente is mikrotekstueel, met ander woorde op eenhede kleiner as die sin (Williams 2009:10). Voorbeeld van sodanige instrumente is die SICAL-instrument wat in die Kanadese regering se taaldiens gebruik is, die LISA QA-instrument wat vir die lokaliseringsbedryf ontwikkel is, die SAE J2450-instrument wat hoofsaaklik in die motorbedryf gebruik word, TAUS (Translation Automation User Society)<sup>13</sup> se Dynamic Quality Framework (DQF), en die Multidimensional Quality Metrics (MQM) wat 'n uityloiesel is van die QTLaunchPad-projek wat deur die Europese Unie befonds word.

SICAL (Système Canadien d'appréciation de la Qualité Linguistique, of Kanadese taalkwaliteitassesseringstelsel) is vanaf die 1970's in die Kanadese regering se vertaaldiens ontwikkel. Die oogmerk was om hoogs subjektiewe evaluerings soos "die vertaling is akkuraat met goeie taalgebruik" met 'n meer objektiewe en sistematiese model te vervang (Williams 1989:14). SICAL is vir eksaminerings- en opleidingsdoeleindes gebruik, asook vir die assessering van die vertaaldiens se vertaalprodukte (Williams 2001:329–330). Die assessering is gedoen op grond van 'n steekproef van die vertaling wat min of meer 400 woorde van die bronsteks verteenwoordig, en waarin 'n belangrike gedeelte van die dokument se boodskap vervat is. Bladsye met byvoorbeeld lyste, tabelle, grafieke, bronnelyste of uitgebreide voetnotas is dus nie vir sodanige steekproewe gekies nie. Indien die assessering van een steekproef nie klinkklare bewyse van die kwaliteitvlak opgelewer het nie, het die kwaliteitkontroleur die opsie gehad om 'n tweede steekproef te assesseer. (Williams 1989:27–28) Volgens Martínez Melis en Hurtado Albir (2001:274) het Gouadec (1981; 1989) die SICAL-instrument in sy studies oor die evaluering van vertalings gebruik en het Gouadec 'n ingewikkelde skaal voorgestel waarvolgens dit moontlik was om 675 soorte foute te identifiseer, te wete 300 leksikale foute en 375 sintaktiese foute. Teen 1986 is daar egter slegs 'n tweeledige onderskeid gebruik, naamlik (i) vertaal- en taalfoute, en (ii) die aantal ernstige en geringe foute (Williams 2001:330). Die kwaliteit van die (gedeelte van die) vertaling is gekwantifiseer deur die ernstige en geringe foute te tel en die vertaling dan in een van vier aanvaarbaarheidsvlakke te kategoriseer, soos in tabel 2.1 aangedui (Williams 1989:27).

---

<sup>13</sup> TAUS is 'n hulpbronsentrum vir die taal- en vertaalbedryf wêreldwyd. Hulle missie is om die grootte en invloed van die vertaalbedryf uit te brei en om die wêrld te help om beter te kommunikeer (Görög 2014a:444). Hulle webadres is <http://www.taus.net>

**Tabel 2.1 Die SICAL-instrument se vier aanvaarbaarheidsvlakke**

<b>vlak</b>	<b>beskrywing</b>	<b>maaksimum aantal ernstige en geringe foute per 400 woorde van die bronsteks</b>	
		ernstige foute	geringe foute
A	uitstekend ( <i>superior</i> )	0	6
B	ten volle aanvaarbaar ( <i>fully acceptable</i> )	0	12
C	geskik vir revisie ( <i>revisable</i> )	1	18
D	onaanvaarbaar ( <i>unacceptable</i> )	>1	>18

Dit blyk dat ernstige foute die grootste invloed op die klassifikasie van die kwaliteit van 'n vertaling het, terwyl 'n vertaling wat ten volle aanvaarbaar is tot selfs 12 geringe foute (in die steekproef) kan bevat. Die onderskeid tussen ernstige en geringe foute wat in SICAL gebruik word (Williams 1989:26) stem grootliks ooreen met die onderskeid wat in die empiriese studie vir hierdie proefskrif gebruik is en in afdeling 5.4.4.2 verduidelik word. Een groot verskil is egter dat ernstige foute deur middel van SICAL slegs gemerk is as dit in 'n "belangrike gedeelte van die teks" verskyn (Williams 1989:26), terwyl die hele eksamenvraestel wat in hierdie empiriese studie gebruik is, as belangrik geag is.

Kwaliteit op vlak A (uitstekend) word vereis vir dokumente waar foute verreikende gevolge kan hê, soos publikasies en wetgewing. 'n Dokument word op vlak B (ten volle aanvaarbaar) geklassifiseer as die kernvereistes van geen ernstige foute nie en goeie leesbaarheid nagekom is, hoewel tot 12 geringe foute toegelaat word. In die C-kategorie val tekste wat een ernstige fout en verskeie geringe foute mag bevat, en wat deur kostedoeltreffende revisie<sup>14</sup> ten volle aanvaarbaar gemaak kan word. Sodanige tekste is redelik leesbaar, hoewel die invloed van die brontaal in die doeltaalgebruik bespeur kan word, die terminologie is nie noodwendig akkuraat en konsekwent nie, en moet dus deur die reviseur nagegaan word. Tekste wat onaanvaarbaar is (vlak D) bevat meer as een ernstige foute en meer as agtien geringe foute (in die steekproef), verskeie gedeeltes moet oorvertaal word en die vertaling kan dus nie deur kostedoeltreffende revisie ten volle aanvaarbaar gemaak word nie. (Williams 1989:25–26)

Die toepassing van die SICAL-instrument het ontevredenheid by sowel interne as eksterne vertalers van die Kanadese regering se taaldiens veroorsaak. Kritiek wat dikwels teen hierdie stelsel genoem is, is werksomstandighede, sperdatums, die ingewikkeldheidsvlak van die bronsteks en die oorassessering van doeltaalfoute. Die Kanadese regering se taaldiens het in 1994 hulle benadering tot assessorering drasties verander deur 'n "zero defect"-beleid te aanvaar, aangesien die taaldiens vanaf die daaropvolgende jaar in direkte kompetisie met die privaat vertaalbedryf sou wees. In beginsel

<sup>14</sup> Williams (1989) doen nie kriteria aan die hand waarvolgens die kostedoeltreffendheid van revisie bepaal kan word nie.

behoort elke vertaling volledig nagegaan te word voor dit aan die kliënt gelewer word. SICAL word wel nog gebruik by die assesserung van eksamens en vir prestasie-evaluering. (Williams 2001:330–331)

Daar is tale punte van kritiek teen hierdie instrument, soos dat die fokus net op die semantiese en sintaktiese vlak en nie ook op makrotekstuele elemente is nie (Williams 2009:8), en dat 'n steekproef van 400 woorde nie verteenwoordigend van dokumente met duisende woorde kan wees nie. Met die ontwikkeling van die SICAL-instrument is die weg egter gebaan vir die verdere ontwikkeling van meer objektiewe assesseringsinstrumente.

LISA, die Localization Industry Standards Association, was 'n niewinsgewende organisasie wat van 1990 tot 2011 bestaan het en wat die ontwikkeling van prosesse, hulpbronne en tegnologie vir die lokaliseringsbedryf bevorder het. Die LISA QA-model is in 1995 gepubliseer en verder ontwikkel (Fry 1999:24). Volgens Martínez-Mateo (2014:91) was die derde weergawe wat in 2007 gepubliseer is, die assesseringsinstrument wat die meeste in die lokaliseringsbedryf gebruik is.

Tekste wat geassesseer is, is gekies op grond van die steekproefbeginsel en kon by die behoeftes van die betrokke vertaalkantoor aangepas word (Koo & Kinds 2000:149). Die kwaliteitkontroleur het die drempel (*threshold*) bepaal vir die aantal foute wat toegelaat is. Die vertaling is afgekeur indien daardie drempel oorskry is (Jiménez-Crespo 2009:73), asook wanneer daar selfs net een kritieke fout gevind is (Koo & Kinds 2000:149). Dit is moeilik om die definisie van kritieke, ernstige en geringe foute wat in die LISA QA-instrument gebruik word, op te spoor (Jiménez-Crespo 2009:73), aangesien die instrument nie meer op die internet beskikbaar is nie en deur tale vertaaldiensverskaffers vir hulle eie doeleindes aangepas is (O'Brien 2012:56). Fry (1999:25) beveel sterk aan dat die kliënt en vertaaldiensverskaffer vóór die aanvang van die projek die definisies van hierdie kategorieë bespreek en daaroor ooreenkom. Kwaliteitkontroleurs kan hierdie definisies gebruik om die ingewikkelde taak om 'n fout in een van die drie kategorieë te klassifiseer, effens te vergemaklik. Koo en Kinds (2000:149) se beskrywing van kritieke, ernstige en geringe foute ten opsigte van vertaling en taalgebruik soos dit by 'n vertaaldiens- en lokaliseringverskaffer in Nederland gebruik word, word in tabel 2.2 uiteengesit.

Daar word 'n gewig aan foute in die verskeie kategorieë toegeken, naamlik 1 vir geringe foute, 5 vir ernstige foute, en vir kritieke foute die drempelgetal plus 1. Dit lei daar toe dat 'n vertaling met selfs net een kritieke fout afgekeur kan word.

**Tabel 2.2 Koo en Kinds (2000:149) se beskrywing van kritieke, ernstige en geringe foute**

<b>kritieke fout</b>	'n fout in 'n besonder sigbare deel van die dokument (bv. titel)
	'n ernstige fout wat in verskeie dele van die dokument herhaal word
<b>ernstige fout</b>	'n fout in 'n hoogs sigbare deel van die dokument (bv. opskrif)
	'n fout wat die leser mislei
	'n geringe fout wat in verskeie dele van die dokument herhaal word
	die herhaling van 'n fout wat in vorige terugvoer uitgewys is
<b>geringe fout</b>	'n fout wat 'n moontlik aanstootlike stelling tot gevolg het
	enige fout wat minder ernstig is as 'n ernstige fout

Volgens Jiménez-Crespo (2009:74), Thelen (2008:203), en Koo en Kinds (2000:150) bestaan die LISA QA-instrument se taalkomponent uit sewe kategorieë, te wete:

- vertaalfout;
- akkuraatheid: weglatings, byvoegings, kruisverwysings;
- terminologie: navolging van gegewe glossaria en terminologielyste, gesiktheid vir die bepaalde konteks;
- taal: grammatika, semantiek, punktuasie, spelling;
- styl: algemene styl, register en toon, en taalvariante;
- land: navolging van spesifieke standarde in die betrokke land, gesiktheid vir die plaaslike doelgroep, navolging van kliëntspesifieke standarde; en
- konsekwentheid.

In 'n wêreldwye opname wat in 2013 onder ongeveer 500 vertaaldiens- en lokaliseringverskaffers gedoen is, het 16% van die respondenten aangedui dat hulle steeds die LISA QA-instrument vir assesseringsdoeleindes gebruik (teenoor 45% wat hulle eie interne instrumente ontwerp het) (Doherty et al. 2013:3–4).

Die internasionale Vereniging van Motoringenieurs (SAE) het die SAE J2450-instrument vir die motorbedryf ontwerp en dit is in 2005 as 'n standaard gepubliseer. Dit kan gebruik word vir vertaling vanuit enige bronstaal, in enige doelstaal, ongeag hoe die vertaling tot stand gekom het (op die kontinuum tussen mens- en masjienvertaling). Foute ten opsigte van styl word nie gemeet nie, hoewel hierdie standaard wel aangepas kan word om styl en ander vereistes te inkorporeer. (SAE Internasional 2018)

Volgens hierdie foutgebaseerde instrument word foute in sewe hoofkategorieë ingedeel (kyk tabel 2.3), waarna elke fout volgens die graad van erns in die twee subkategorieë 'ernstige foute' of 'geringe foute' ingedeel word. 'n Gewig word aan elke fout toegeken volgens die graad van erns. 'n

Finale telling word verkry deur die verskillende numeriese gewigte van die foute bymekaar te tel en dit deur die aantal woorde in die bronsteks te deel. (Eckersley 2002:39–40; Martínez-Mateo 2014:79) Die hoof- en subkategorieë asook die betrokke gewigte word in tabel 2.3 aangedui.

**Tabel 2.3 SAE J2450 se foutkategorieë en gewigte**

hoofkategorie	ernstige fout: gewig	geringe fout: gewig
verkeerde term	5	2
sintaktiese fout	4	2
weglating	4	2
fout t.o.v. woordstruktuur	4	2
spelfout	3	1
puntuasiefout	2	1
ander fout ( <i>miscellaneous</i> )	3	1

Daar word nie in hierdie instrument riglyne gegee oor hoe groot die steekproef moet wees, hoe om dit te kies, of hoe om die finale telling aan te wend nie. Dit is van die aspekte waaroor die kliënt en die vertaaldiensverskaffer moet ooreenkomm. Die oorsaak van foute word nie by die finale telling ingerekken nie, dus word foute wat deur foute in die bronsteks veroorsaak is, steeds as foute getel. Soos in funksionalistiese vertaalbenaderings (kyk afdeling 2.2), is vertaling nie net die reproduksie van die bronsteks nie, maar neem die vertaler die verantwoordelikheid om 'n funksionele doelteks te skep en dus enige foute in die bronsteks wel in die doelteks reg te stel.

Dit is belangrik dat die SAE J2450-instrument deel moet uitmaak van 'n breër kwaliteitbestuursproses, aangesien dit slegs op taal- en vertaalfoute fokus. Een van General Motors se kantore in Noord-Amerika het juis dit gedoen: Dié instrument is vanaf 2000 gebruik om vertalings van dienshandleidings te assesseer. Hulle het die oorsaak van foute in vertalings gesoek (bv. 'n vertaalgeheue wat ou terme bevat) en enige ondoeltreffendhede in die produksieproses reggestel. Ná drie jaar het die kantoor talle tydrowende prosesse in die navertaalfase uitgeskakel, omdat die aantal vertaalfoute met 90% gedaal het. (Sirena 2004)

Een van die nadele van foutgebaseerde instrumente is dat die onderskeid tussen foutkategorieë soms so vaag is dat verskeie assesseerders dieselfde fout in verskillende kategorieë kan klassifiseer. Verder is dit moontlik dat assesseerders se fokus op mikrotekstuele aspekte kan veroorsaak dat die kwaliteit van die teks as geheel en die doel daarvan in die kommunikatiewe konteks buite rekening gelaat word.

Sowel die SAE J2450- as die LISA QA-instrument word deur talle vertaalmaatskappye gebruik (Lommel et al. 2014:457; TAUS 2017), daarom is albei instrumente ingesluit in 'n analise van assesseringsinstrumente in die bedryf wat O'Brien (2012) in samewerking met TAUS gedoen het.

Agt vertaalmaatskappye het hulle interne assesseringsinstrumente beskikbaar gestel, dus het O'Brien (2012) tien foutgebaseerde instrumente ontleed.<sup>15</sup>

O'Brien het bevind dat al tien foutgebaseerde instrumente in die bedryf foute identifiseer en klassifiseer, 'n vlak van erns daarvan koppel, en dan gepaste strafpunte toepas (2012:58). In die meeste instrumente word daar onderskei tussen drie vlakke van erns, naamlik kritieke foute, ernstige foute en geringe foute. Kritieke foute het ernstige gevolge vir betekenis, die bruikbaarheid van die produk, die aanspreeklikheid van die kliënt, die verbruiker se gesondheid, veiligheid en gedrag. Ernstige foute het 'n negatiewe invloed op betekenis; terwyl geringe foute nie 'n negatiewe invloed op betekenis het nie en nie die leser sal mislei nie (O'Brien 2012:62). Al hierdie instrumente het 'n drempel met 'n maksimum aantal foute of strafpunte waarvolgens vertalings goedgekeur of afgekeur word (O'Brien 2012:58). Die foutkategorieë wat die meeste voorkom is taal, terminologie, akkuraatheid en styl; terwyl ander kategorieë wat minder voorkom nasionale standarde, vertaalfoute en konsekwentheid is (O'Brien 2012:60).

O'Brien het ook evalueringsprosedures ondersoek wat in ander relevante kontekste gebruik word, soos masjienvertaling, die opleiding van vertalers, gemeenskapsvertaling, en tegniese kommunikasie (2012:65). Die evalueringsprosedures wat volgens hierdie ondersoek die meeste gebruik word, is:

- die nakoming van regulatoriese instrumente (soos kwaliteitstandarde);
- bruikbaarheidsevaluering (d.m.v. begripstoetse, vraelyste, skermopnames, TAP's, ens.);
- fouttipologie (soos in die SAE J2450- en die LISA QA-instrument);
- die kriteria 'toereikendheid' en 'vlotheid' (wat in die evaluering van masjienvertaalde produkte gebruik word);
- gemeenskapsgebaseerde evaluering;
- leesbaarheidsevaluering (deur bv. leesbaarheidsformules);
- inhoudsevaluering (deelnemers gebruik parameters soos 'bruikbaar' en 'onbruikbaar'); en
- kliëntterugvoer (soos die aantal klagtes wat ontvang word) (O'Brien 2012:65–67).

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat daar, benewens die foutgebaseerde instrumente, talle ander evalueringsprosedures is wat op professionele vertaling toegepas kan word. Daar is met die ontwerp van foutgebaseerde instrumente 'n poging aangewend om een universele en objektiewe benadering tot assessoring daar te stel, maar volgens Görög (2014b:390) is dit onmoontlik en selfs ongewens, want in die assessoring van vertaling, "[t]here is no one-size-fits-all solution. Each content type,

---

<sup>15</sup> O'Brien het 'n elfde 'instrument' by haar ontleding ingesluit, naamlik die Europese kwaliteitstandaard EN 15038 (2006). Sy gee toe dat hierdie standaard nie foutgebaseer is nie, maar eerder prosesgeoriënteerd is en daarom nie direk met die ander foutgebaseerde instrumente vergelyk kan word nie (O'Brien 2012:57). Meer inligting oor EN 15038 word in afdeling 4.2.1 uiteengesit.

purpose or communication channel will require a different approach or combination of approaches” (Görög 2014b:390). Uiteenlopende assessoringsituasies word veroorsaak deur ’n verskeidenheid faktore soos genre, taalkombinasie, beskikbare tyd, die magsverhouding tussen assesseerder en vertaler, die beskikbaarheid van hulpbronne soos personeel en tegnologie, en die doel van die assessorings, om maar net ’n paar te noem.

Twee assessoringsinstrumente wat ’n meer dinamiese aanslag tot die evaluering van vertaling het, is min of meer in dieselfde tydramwerk sedert 2011 in Europa ontwikkel, naamlik TAUS se Dynamic Quality Framework (DQF) en die Multidimensional Quality Metrics (MQM) wat ’n uitvloeisel is van die QTLaunchPad-projek wat deur die Europese Kommissie befonds word. TAUS en die hoofontwikkelaar van MQM, die German Research Center for Artificial Intelligence (DFKI), werk sedert 2014 saam om die twee instrumente met mekaar te harmonieer (Lommel et al. 2014:461), en in 2015 het hierdie samewerking uitgeloop op die nuwe DQF–MQM-instrument (TAUS 2017). Volgens Görög (in TAUS 2017) is dié nuwe instrument sowel ’n standaard- as ’n dinamiese model wat professionele vertalers in alle kontekste kan gebruik.

## **2.4 Samevatting**

Literatuur oor die funksionalistiese vertaalbenaderings asook vertaalkwaliteit is in hierdie hoofstuk bespreek. Daar is aangetoon dat die konseptuele raamwerk van die funksionalistiese vertaalbenaderings wel in die vertaalpraktyk van toepassing is: Die funksionalistiese opvatting van vertaling as ’n breë produksieproses waarby verskeie rolspelers soos vertalers en reviseurs betrokke is, kom in sowel die teorie as die praktyk tot uiting. Verder stem die fokus op die funksie en doel van die vertaling ooreen met die “fit-for-purpose”-beginsel in kwaliteitstandarde, en volgens die teorie én praktyk behoort hierdie funksie en doel in die projekspesifikasie en vertaalopdrag beskryf te word. Aangesien daar ’n breë sowel as ’n eng definisie van vertaling is, asook verskeie kwaliteitvlakke, behoort die rolspelers in ’n vertaalprojek te besin oor wat vir die betrokke projek van toepassing is en dit moet ook in die projekspesifikasie en vertaalopdrag beskryf word. Daar is verder in hierdie hoofstuk aangevoer dat die makrovertaalproses of produksieproses as kwaliteitverzekering gebruik kan word deur prosesse in ’n vertaalkantoor te standaardiseer, soos wat in kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf gedoen word. Laastens is daar ’n onderskeid getref tussen kwalitatiewe, holistiese assessoringsrubriek en kwantitatiewe, mikrotekstuele foutgebaseerde instrumente wat albei in die vertaalbedryf gebruik word.

Hierdie hoofstuk vorm saam met hoofstuk 3 die teoretiese grondslag vir dié studie. In hoofstuk 3 word aspekte rakende revisie uiteengesit en verduidelik.

## Hoofstuk 3 Revisie

### 3.1 Inleiding

Die eerste deel van dié studie se teoretiese grondslag – die funksionalistiese vertaalbenaderings asook vertaalkwaliteit – is in hoofstuk 2 gelê. Die tweede deel van dié studie se teoretiese grondslag, naamlik ’n diepteondersoek na revisie, kom vervolgens in hoofstuk 3 aan bod. Verskeie aspekte van revisie word aan die hand van die literatuur en empiriese studies bespreek. Hierdie uiteensetting dien as basis waarop daar bepaal is watter veranderlikes in die empiriese studie (hoofstuk 5) ondersoek sou word.

Nadat die terme en definisie vir revisie verduidelik is (afdeling 3.2), word verskillende soorte revisie uiteengesit en word dit gestel dat die fokus van hierdie studie spesifiek anderrevisie is (afdeling 3.3). Dit is nie kostedoeltreffend om alle aspekte van alle tekste na te gaan nie, derhalwe word daar in afdeling 3.4 oor die grade van revisie besin wat in ’n vertaalkantoor toegepas kan word. Reviseurs behoort kennis te dra van die verskeie parameters wat in ’n teks nagegaan kan word (afdeling 3.5), die onderskeie procedures wat hulle kan gebruik om dit te doen (afdeling 3.6), en die revisiebeginsels wat hulle in gedagte moet hou om werk van hoë kwaliteit te lewer (afdeling 3.7). Revisie word gewoonlik deur ervare vertalers gedoen en dus word revisievermoë in die bedryf aan vertaalvermoë gelyk gestel. Hierdie aanname word egter in afdeling 3.8 oor revisievermoë bevraagteken. Laastens word daar in afdeling 3.9 besin oor revisiekwaliteit en onderskeie metodes om revisieprodukte te assesseer. Twee van hierdie metodes is in die empiriese studie aangewend waar die kwaliteit van revisie ondersoek is (hoofstuk 5).

### 3.2 Terminologie en definisie

Die eerste publikasies oor revisie het ongeveer veertig jaar gelede verskyn; meestal in handboeke met praktiese riglyne oor revisie, soos dié van Thaon en Horguelin (1980), Horguelin en Brunette (1998), en Mossop se *Revising and editing for translators* (2001; 2007b; 2014). Die revisie van vertalings is nog so ’n nuwe studieveld dat ’n inskrywing daaroor vir die eerste keer in 2010 in ’n ensiklopedie oor vertaling opgeneem is, te wete die *Handbook of translation studies* (Gambier & Van Doorslaer 2010). Revisie verskyn egter nog steeds nie as ’n trefwoord in die 2018-weergawe van die *Translation studies bibliography online* (Gambier & Van Doorslaer) nie.

Die terminologiese verwarring in hierdie studieveld word deur Martin (2007:58) beskryf as ’n “confusing array of would-be (but not-quite) synonyms increasingly used to express the revision concept” en deur Robert (2008:3) as “a halo of fuzziness surrounding the concept of revision”. Talle ander outeurs bespreek die ongestandaardiseerde terminologie met betrekking tot revisie, redigering, assessering en kwaliteitbestuur (o.a. Brunette 2000; Didaoui 2007:79; Drugan 2013:79, 197–198;

Mossop 2014:116; Schjoldager, Rasmussen & Thomsen 2008:803; Scocchera 2013). Die terminologiese verwarring oor revisie is egter net een voorbeeld van “the terminological ‘chaos’ haunting today’s Translation Studies” (Gambier & Van Doorslaer 2007:192).

Volgens Delisle et al. (1999:71) se viertalige woordelys van vertaalterminologie is terme wat vir revisie in ander tale gebruik word *revision* (Engels, bv. Mossop 2014), *révision* (Frans, bv. Robert 2012), *revisión* (Spaans, bv. Parra Galiano 2006) en *Revision* (Duits, bv. Künzli 2014:8<sup>16</sup>). Scocchera (2015) gebruik die Italiaanse term *revisione*, en Rasmussen en Schjoldager (2011:100) het in ’n opname bevind dat die meerderheid respondentie die Deense term *sprogrevision* (taalrevisie) gebruik. Hoewel Breedveld en Van den Bergh (2002) se artikel oor selfrevisie handel, gebruik hulle die Nederlandse term *revisie*. In hulle vertaling van Delisle et al. (1999) se woordelys, gebruik Beukes en Pienaar (2010:146) die Afrikaanse term ‘hersiening’. ‘Hersiening’ word egter ook as ’n vertaling vir die Engelse *review* gebruik (Beukes & Pienaar 2010:147) wat in kwaliteitstandaarde soos EN 15038 (2006:11), CAN/CGSB 131.10 (2008:7–8) en ISO 17100 (2015:10–11) ’n afsonderlike handeling is wat deur vakkundiges eerder as revisors uitgevoer word.<sup>17</sup> Die woord ‘hersiening’ word ook in ander kontekste gebruik, “soos in skole (en universiteite) waar leerders die semester of die jaar se werk hersien” (Van Rensburg 2012:411), en in ’n regskonteks waar wette hersien word, en om uitsprake en handelings van ’n laer hof na te gaan om die korrektheid daarvan te bepaal (Luther, Pheiffer & Gouws 2015:445). In hierdie proefskrif word ‘revisie’ dus as Afrikaanse vakterm in die vertaalwetenskap gebruik.

Die vraag oor watter term of terme hulle gewoonlik vir (ander)revisie gebruik, was deel van die opname onder tien vertaalkantore (kyk afdeling 4.2.2) asook die eerste vraelys aan die dertig revisors wat aan die empiriese studie deelgeneem het (kyk afdeling 5.4.3.7). Die 27 alternatiewe terme vir revisie wat geïdentifiseer is, kan in twee hoofkategorieë gedeel word, naamlik terme met ’n breër fokus op kwaliteitbestuur (soos kontrolering en assessering), en terme met ’n enger fokus op taalkundige aspekte (soos proeflees en redigering). Redigering word in hierdie proefskrif beskou as die proses waartydens ’n teks wat nie vertaal is nie gelees word om foute op te spoor en gepaste regstellings te maak (Mossop 2014:224). Redigering kan wel ook op ’n vertaalde teks toegepas word wanneer die vertaling gelees word sonder om na die bronsteks te verwys. Dit is egter nie vreemd dat talle taalpraktisyns ‘redigering’ en ‘revisie’ as sinonieme gebruik nie. Volgens Law en Kruger (2008:480) is daar verwarring oor redigersterme, aangesien daar in vergelyking met literatuur oor vertaling min literatuur oor redigering beskikbaar is. Verder verskil die redigeerhandboeke wat wel beskikbaar is oor die afbakening van redigering as vakgebied, en dit veroorsaak uiteenlopende

<sup>16</sup> Künzli (2009; 2014) gebruik egter meestal die term *Übersetzungsrevision* (vertaalrevisie).

<sup>17</sup> Die verskil tussen revisie en vakkundige redigering (*review*) word in afdeling 4.2.3 uitgewys.

definisies van redigering en wat die taak presies behels (Law & Kruger 2008:480). Die terme wat volgens hierdie opname die meeste gebruik word, is

- (sinonieme van) redigering en *editing* (13 reviseurs en 2 vertaalkantore),
- (sinonieme van) kontrolering (8 reviseurs en 2 vertaalkantore);
- proeflees en *proofreading*<sup>18</sup> (4 reviseurs en 2 vertaalkantore); en
- (sinonieme van) nasien, *checking* en *reviewing*<sup>19</sup> (3 reviseurs en 2 vertaalkantore).

In 'n opname in die Deense vertaalbedryf (met 15 respondenten) is gevind dat, bo en behalwe die term *sprogrevision* (taalrevisie), 'n ander term *korrekturlæsning* (proeflees) ook gewild was, terwyl terme soos *kvalitetssikring* (kwaliteitverzekering) en die Engelse *review* ook voorgekom het (Rasmussen & Schjoldager 2011:100). Dit stem ooreen met hierdie opname in Suid-Afrika in dié sin dat revisie hoofsaaklik as 'n taalkundige aktiwiteit beskou word. Künzli gebruik die Duitse term *Übersetzungsrevision* (vertaalrevisie) en stel dan ander terme voor om te onderskei tussen verskillende aspekte van kwaliteitverzekering wat op die konsepvertaling uitgevoer kan word (2014:8). Dit sluit in *Fahnen-korrektur* (*galley proofreading* of proeflees) waar twee proewe met mekaar vergelyk word met die fokus op ortografie en uitleg en *Qualitätskontrolle* (kwaliteitkontrole) waar iemand soos die projekbestuurder selfs net dele van die konsepvertaling nagaan teen kriteria wat vir daardie spesifieke projek belangrik is. Daarteenoor gebruik Mossop (2014:116) kwaliteitkontrole as 'n sinoniem vir revisie, soos ook in hierdie proefskrif: Revisie word gesien as 'n kwaliteitkontrole wat as deel van kwaliteitbestuur op die konsepvertaling uitgevoer word. Mossop (2014:129) noem wel dat kwaliteitkontrole in die vertaalbedryf ook gebruik word om seker te maak dat die kwaliteit van die diens self op standaard is, byvoorbeeld om te verseker dat sperdatums nagekom word.

Nog 'n aspek van kwaliteitverzekering wat Künzli (2014:8) van revisie onderskei, is die nagaan van vakspesifieke inhoud (*Fachliche Priifung*) wat in vier kwaliteitstandarde (CAN/CGSB 2008:1; EN 2006:6; ISO 2015:11; ISO/TS 2012:4) *review* genoem word. Künzli (2014:8) onderskei ook tussen die redigering van taal en styl (*Sprach-lektorat*), die redigering van taal (*Korrektur-lesen*), die vergelyking van die bronsteks en doelteks om te verseker dat die doelteks volledig is (*Abgleich*), en 'n eentalige lees van die doelteks met die fokus op stilistiese kwessies en terminologiese akkuraatheid (*Gegenlesen*). Dié aspekte van kwaliteitverzekering kan egter ook gesien word as moontlike probleme

---

<sup>18</sup> Let egter daarop dat proeflees dikwels as 'n sinoniem vir redigering gebruik word, dus wil dit voorkom of revisie in hierdie opname hoofsaaklik as 'n taalkundige aktiwiteit gesien word.

<sup>19</sup> Hoewel die betrokke reviseurs en vertaalkantore *checking* en *reviewing* as sinonieme vir revisie beskou, is *revision* (revisie), *checking* (selfrevisie) en *reviewing* (vakkundige redigering) egter volgens vier uit die vyf kwaliteitstandarde wat in hoofstuk 4 genoem word, drie afsonderlike aktiwiteite in kwaliteitbestuur.

wat in 'n konsepvertaling nagegaan moet word, naamlik revisieparameters wat in afdeling 3.5 bespreek word.

Hierdie terminologiese verwarring kan die gevolg wees van die revisie van vertalings wat 'n jong vakgebied is, en dat daar verskillende opvattings van revisie in verskeie vakgebiede bestaan (Robert, Remael & Ureel 2017:3), byvoorbeeld in die vertaalwetenskap, as deel van kwaliteitbestuur in vertaling, as deel van die kreatiewe skryfproses, en in die redigering van nieverstaalde tekste.

Revisie word veral in die vertaalbedryf as deel van kwaliteitbestuur gesien. In hoofstuk 4 word revisie as een van die kwaliteitkontroles in die navertaalfase van die produksieproses in 'n vertaalkantoor beskryf. Sodanige produksieprosesse word in kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf uiteengesit. Vier uit die vyf kwaliteitstandarde wat in hoofstuk 4 genoem word, gebruik die term 'revisie', terwyl die Amerikaanse standaard ASTM F2575 (2014) daarvan afwyk deur die term 'redigering' (*editing*) te gebruik.

Die kreatiewe skryfproses bestaan uit die subprosesse beplanning, formulering en selfrevisie<sup>20</sup> (*planning, drafting, self-revision*) (Bisaillon 2007:296): Skrywers doen 'n revisie van hulle eie skryfwerk. Veral die kognitiewe prosesse hieraan verbonde is al breedvoerig beskryf deur onder ander Roussey en Piolat (2008), Horning en Becker (2006), en Allal, Chanquoy en Largy (2004).

Die term 'revisie' word dikwels as 'n sinoniem vir 'redigering' gebruik, soos ook gesien kan word in die opnames onder reviseurs en vertaalkantore. Redigering staan afsonderlik van die kreatiewe skryfproses in dié sin dat (professionele) redigeerders (in die taalbedryf) iemand anders se teks nagaan, en dat hierdie redigeerders die opdrag wat hulle van die kliënt ontvang, moet nakom (Bisaillon 2007:296–297). Die definisie van professionele redigering word in Bisaillon (2007:296) as volg beskryf:

an activity that consists in comprehending and evaluating a text written by a given author and in making modifications to this text in accordance with the assignment or mandate given by a client. Such modifications may target aspects of information, organization, or form with a view to improving the quality of the text and enhancing its communicational effectiveness.

Hierdie definisie van redigering sou ook op revisie toegepas kon word, met die uitsondering dat daar twee tekste by revisie betrokke is, en nie net een soos by redigering nie. Van Rensburg (2012:398–399) en Mossop (2014:224, 228) onderskei tussen redigering en revisie deurdat revisie op vertaalde dokumente, en redigering op nieverstaalde dokumente betrekking het. Een van die revisiemetodes wat in afdeling 3.6 beskryf word, "unilingual/monolingual revision", behels dat die doelteks nagegaan word sonder dat die bronrekteks noodwendig geraadpleeg word. Sommige revisie-navorsers beskou

---

<sup>20</sup> Let egter daarop dat die term 'selfrevisie' in hierdie proefskrif uit die hoek van die vertaalwetenskap beskou word, met ander woorde as deel van die vertaalproses waar vertalers hulle eie werk nagaan. Kyk afdeling 3.3.1 oor selfrevisie.

hierdie metode egter nie as revisie nie, maar eerder as redigering: Künzli (2014:6) bepaal dat daar minstens 'n mate van vergelyking tussen die bron- en doelteks moet wees, andersins moet die term *Sprachlektorat* (redigering of taalversorging)<sup>21</sup> of *Korrekturlesen* (proeflees)<sup>22</sup> gebruik word.

Revisie word, soos in die kreatiewe skryfproses, ook in die vertaalwetenskap as 'n subproses van 'n vertaler se vertaalproses beskryf, byvoorbeeld Jakobsen (2002) se subprosesse oriëntering, formulering en revisie (*orientation, drafting, revision*). Hier word na selfrevisie verwys, aangesien vertalers hulle eie vertaling nagaan (kyk afdeling 3.3.1) teenoor anderrevisie waar 'n tweede vertaler die eerste vertaler se konsepvertaling nagaan (kyk afdeling 3.3.2).

In die vertaalwetenskap word daar al hoe meer navorsing oor *post-editing*, met ander woorde die revisie van masjienvertaalde produkte, gedoen. Volgens Pym (2011:88) is dit “the process of making corrections or amendments to automatically generated text, notably machine-translation output”. Navorsers soos Künzli (2014:3) beskou dit as afsonderlik van die revisie van mensvertaalde produkte deur te spesifieer dat die konsepvertaling hoofsaaklik deur 'n persoon, nie 'n masjien nie, vóór revisie geskep is. Ander soos Koby en Lacruz (2017:12) sien egter die talle ooreenkoms tussen revisie en *post-editing*. Verder het die grense tussen mensvertaling en masjienvertaalung vervaag as gevolg van die inkorporering van masjienvertaalung in vertaalgeheueprogramme. In ooreenstemming met Mossop (2014:199–201) se siening, word die revisie van masjienvertaalde uitsette of produkte dus in afdeling 3.3.3 van hierdie proefskrif as 'n soort revisie beskryf.

Die fokus van die studie waaroor in hierdie proefskrif verslag gedoen word, was op anderrevisie wat as deel van kwaliteitbestuur op vertaalde dokumente in 'n akademiese vertaalkantoor toegepas word. Revisie as 'n soort kwaliteitkontrole word uitgevoer deur 'n tweede vertaler wat iemand anders se konsepvertaling in vergelyking met die bronteks lees om eienskappe van die konsepvertaling op te spoor wat nie aan die vertaalopdrag voldoen nie en dan toepaslike regstellings en/of verbeterings maak voor die vertaling aan die kliënt gelewer word.

Hierdie definisie van revisie is in ooreenstemming met ander definisies in dié opsig dat die reviseur 'n ervare vertaler is wat iemand anders se konsepvertaling nagaan (bv. CAN/CGSB 2008:3; Delisle et al. 1999:175; EN 2006:11; ISO 2015:10; Mossop 2014:115). Daar is wel definisies wat nie spesifieer dat revisie deur 'n vertaler gedoen word nie, maar slegs deur iemand anders as die vertaler wat die konsepvertaling geskep het, soos dié van Arthern (1987:15) en Künzli (2007b:115). Hierdie auteurs het egter in hulle eie empiriese studies wél vertalers as reviseurs gebruik en ander soos

---

<sup>21</sup> Künzli (2014:8) meen dat *Sprachlektorat* (redigering of taalversorging) behels dat die register, grammatika, ortografie en punktuasie van 'n teks nagegaan word.

<sup>22</sup> Künzli (2014:8) se onderskeid tussen taalversorging en proeflees (*Korrekturlesen*) is relatief klein; by proeflees laat hy slegs register weg wat nie nagegaan hoef te word nie, in vergelyking met taalversorging waar dit wel gedoen moet word.

Schjoldager et al. (2008:802) en Gile (2005:53, in Robert, Remael et al. 2017:10) bevestig dat revisie gewoonlik deur ervare vertalers uitgevoer word.

Revisie as 'n leesaktiwiteit – nie 'n skryfaktiwiteit nie – word deur Mossop (2014:206) beklemtoon, aangesien talle empiriese studies toon dat reviseurs onnodige veranderinge aanbring, selfs al word hulle uitdruklik versoek om dit nie te doen nie (bv. Arthern 1983; Robert, Ureel, Remael & Rigouts Terryn 2018). Reviseurs word ook deur Horguelin en Brunette (1998:3, in Robert 2012:13) gemaan om nie 'n konsepvertaling te herskryf of te hervertaal nie. Om hierdie rede word die werkwoord 'lees' gebruik in die definisie van revisie wat in hierdie proefskrif van toepassing is.

Dit is moeilik om al die aspekte waarna 'n reviseur moet oplet (revisieparameters) in 'n definisie van revisie op te neem. Aspekte soos akkuraatheid, volledigheid en 'n gesikte styl word wel in definisies deur outeurs soos Sager (1994:238) en Arthern (1987:15) genoem, terwyl Horguelin en Brunette (1998:3, in Robert 2012:13) dit slegs stel dat die vertaling aan erkende taalkundige en funksionele kriteria moet voldoen, en Mossop (2014:115) net vaagweg na "some concept of quality" verwys. Die kwaliteitvereistes wissel van een vertaalsituasie na 'n ander, en dus is die grade van revisie (afdeling 3.4) gepas by die besluit oor watter revisiekriteria nagegaan behoort te word. Kwaliteitstandarde soos ISO 17100 (2015:11) vereis dat die konsepvertaling nagegaan word "for any errors and other issues, and its suitability for purpose". Verder word die diensspesifikasies genoem waaroor die vertaaldiensverskaffer en die kliënt ooreengekom het (CAN/CGSB 2008:2). In die definisie van revisie wat in hierdie proefskrif gebruik word, word die vertaalopdrag geag as die maatstaf waaraan die kwaliteit van die konsepvertaling gemeet word. Dit is in ooreenstemming met die funksionalistiese vertaalbenaderings wat in afdeling 2.2 beskryf word en wat die teoretiese onderbou van hierdie studie uitgemaak het.

Aangesien revisie nie net as deel van die vertaalwetenskap nie, maar ook as deel van die kreatiewe skryfproses, die redigering van nievertaalde tekste, en as deel van kwaliteitbestuur in vertaling beskou kan word, hang die term wat gebruik word af van die betrokke situasie. Die verskeidenheid veranderlikes in 'n spesifieke situasie kan aan die hand van die New Rhetoric-formule (Nord 2005:41–42) beskryf word. Die formule in Nord (2005:41) is vir die doeleindes van hierdie proefskrif vir revisie aangepas na:

Who revises what when where why how for whom with what effect?

Die betrokke faktore in 'n gegewe situasie sal die aard van die handeling bepaal en dus ook die term wat daarvoor gebruik word. Revisie, soos dit in hierdie proefskrif gebruik word en in akademiese vertaalkantore toegepas word, word aan die hand van die spesifieke vrae in tabel 3.1 beskryf.

**Tabel 3.1 Spesifieke vrae na aanleiding van die New Rhetoric-formule vir revisie**

<i>Who revises</i>	Wie doen die revisie? en Wat is die profiel van die reviseur?	Die reviseur is gewoonlik 'n ervare interne vertaler wat die werk van 'n eksterne vertaler nagaan, maar interne vertalers kan ook die revisie van mekaar se werk doen. (Kyk afdeling 3.8 oor revisievermoë.)
<i>what</i>	Watter teks word nagegaan? en Watter revisieparameters word nagegaan?	Indien vertaalkantore oor beperkte hulpbronne beskik, kan hulle kies om eerder belangrike tekste na te gaan waar die gevolge van 'n fout groter is as in minder belangrike tekste. (Afdeling 3.4.1 gee meer inligting oor die grade van revisie ten opsigte van watter tekste nagegaan word.)  Die reviseur kan na gelang van die vertaalopdrag en beskikbare tyd bepaal of al die revisieparameters of slegs enkeles daarvan nagegaan behoort te word. (Revisieparameters word in afdeling 3.5 uiteengesit.)
<i>when</i>	Wanneer in die produksieproses word die revisie gedoen?	Wanneer revisie as deel van 'n vertaler se vertaalproses uitgevoer word, word dit as selfrevisie geklassifiseer. (Kyk afdeling 3.3.1 oor selfrevisie.) Wanneer 'n tweede vertaler iemand anders se konsepvertaling nagaan, word dit as anderrevisie beskou. (In afdeling 3.3.2 word daar oor anderrevisie uitgebrei.) Revisie in 'n vertaalkantoor word as 'n kwaliteitkontrole uitgevoer voordat die vertaling aan die kliënt gestuur word. (Kyk die beskrywing van die navertaalfase in afdeling 4.2.3.3.)
<i>where</i>	Waar (of in watter konteks) vind die revisie plaas?	Dit hang nou saam met wie die revisie doen en wie se vertaling nagegaan word. (Die verhouding tussen reviseur en vertaler kom in afdeling 3.8 oor revisievermoë aan bod.) Deel van die vertaalkantoor se situasie kan wees of die kantoor sentrale befondsing van die betrokke hoëronderwysinstelling ontvang of nie. Die toewysing van hulpbronne in die kantoor sal hierdeur beïnvloed word.

<i>why</i>	Waarom word die revisie gedoen? of Wat is die doel van die revisie?	Die doel van revisie is om enige foute in die konsepvertaling reg te stel en om seker te maak die vertaling voldoen aan wat in die vertaalopdrag vereis word. 'n Verdere doel is om terugvoer aan die vertaler te gee ter wille van voortgesette professionele ontwikkeling en veral om toekomstige foute te voorkom.
<i>how</i>	Hoe word die revisie gedoen? of Watter revisieprosedure word gevolg?	Reviseurs kan verskillende prosedures volg soos hoeveel tyd hulle aan die revisie bestee, en of hulle op sowel die rekenaarskerm as op gedrukte kopie werk. (Die onderskeie revisieprosedures word in afdeling 3.6 bespreek.)
<i>for whom</i>	Vir wie word die revisie gedoen?	Revisie in 'n akademiese vertaalkantoor word vir die bestuur van die kantoor as deel van kwaliteitbestuur gedoen.
<i>with what effect?</i>	Wat is die gevolg van die revisie?	Die invloed van revisie op die kwaliteit van vertalings behoort sporadies nagegaan te word. Dit behels ook om die revisieproduk te ontleed en die kwaliteit daarvan te bepaal. (Revisiekwaliteit en -assessering kom in afdeling 3.9 aan bod.)

### 3.3 Soorte revisie

Die klassifikasie in hierdie afdeling word gedoen op grond van die persoon wie se konsepvertaling nagegaan word. Indien die oorspronklike vertaler sy of haar eie konsepvertaling nagaan, word dit as selfrevisie (*self-revision*) geag, terwyl dit as anderrevisie (*other-revision*) beskou word as 'n reviseur 'n konsepvertaling nagaan wat nie sy of haar eie skepping is nie (Mossop 2014:226, 228).

Die onderskeid tussen selfrevisie en anderrevisie is egter nie in alle kontekste so duidelik nie. Al hoe meer vertalers maak deesdae van vertaalgeheueprogramme gebruik. 'n Vertaalgeheueprogram bevat die brontekste en doeltekste van vertalings wat reeds gedoen is (in die vorm van segmente). Die vertaalgeheueprogram vergelyk hierdie segmente met die nuwe bronteks en stel moontlike vertalings aan die vertaler beskikbaar. Die vertaler kan dan kies om die vertaling uit die vertaalgeheue te aanvaar of aan te pas. Wanneer groot dele van die nuwe vertaling bestaan uit vertaalgeheue-segmente wat net so gebruik of aangepas is, beskou Mossop (2011:137) daardie proses as 'n soort revisie eerder as vertaling, aangesien die segmente hergebruik is en nie nuut geskep is nie. Mossop (2011:137) sien dit verder as anderrevisie, want vertaalgeheue-databasisse in talle kontekste word deur verskeie vertalers se vertalings opgebou. Daar moet egter in gedagte gehou word dat vertalers ook

vertaalgeheue-databasisse kan opbou wat slegs uit hulle eie vertalings bestaan, en dat die proses in sodanige gevalle eerder as selfrevisie geklassifiseer behoort te word.

Soos in afdeling 3.3.3 verduidelik word, veroorsaak die gebruik van vertaalgeheueprogramme en masjienvertaling dat ook die onderskeid tussen vertaling en revisie vervaag. Sommige outeurs (soos Künzli 2014) sluit die nagaan van masjienvertaalde produkte (*post-editing*) doelbewus uit van sy definisie van revisie (kyk afdeling 3.2). Ander outeurs soos Brunette (2000:181) en Mossop (2011:138) beskou *post-editing* as 'n soort (ander)revisie.

Hoewel die nagaan van masjienvertaalde produkte wel as 'n soort revisie beskryf word, is die hoofokus van hierdie proefskrif op die anderrevisie van vertalings wat deur mense geskep is. Waar die term 'revisie' gebruik word, verwys dit dus na die anderrevisie van mensvertalings, terwyl selfrevisie en die nagaan van masjienvertaalde produkte telkens gekwalifiseer word.

### 3.3.1 Selfrevisie

Selfrevisie is die proses "in which one checks and amends one's own translation" (Mossop 2014:228).<sup>23</sup> Selfrevisie is 'n inherente deel van 'n vertaler se vertaalproses en behels dat die vertaler sy of haar konsepvertaling afrond voordat dit vir anderrevisie gestuur word. Die rol van selfrevisie as deel van die vertaler se subvertaalprosesse (oriëntering, formulering en [self]revisie) is in empiriese studies ondersoek deur outeurs soos Breedveld (2002), Breedveld en Van den Bergh (2002), Antunović en Pavlović (2011) en Angelone (2013). Jakobsen (2002)<sup>24</sup> en Englund Dimitrova (2005)<sup>25</sup> het bevind dat professionele vertalers heelwat meer selfrevisie in die formuleringsfase (*drafting phase*) doen, terwyl studente die meeste van hulle revisie in die (self)revisiefase (*revision phase*) doen. In teenstelling hiermee het Koby (2007)<sup>26</sup> geen verskil tussen professionele vertalers en studente aangetref wat betrek wanneer in die vertaalproses die selfrevisie gedoen is nie. Koby (2007:93) erken egter dat daar verdere navorsing met veel groter steekproefgroottes gedoen behoort te word.

Vier uit die vyf kwaliteitstandaarde vir vertaling wat in hoofstuk 4 genoem word, spesifiseer dat vertalers selfrevisie moet doen.<sup>27</sup> Van Rensburg (2017b:204) gee 'n opsomming van watter aspekte vertalers volgens die kwaliteitstandaarde in ag moet neem wanneer hulle die vertaling skep.

---

<sup>23</sup> In kwaliteitstandaarde vir vertaling word die term *check/checking* (CAN/CGSB 2008:7; EN 2006:11; ISO 2015:10) en *self-checking* (ISO/TS 2012:26) gebruik.

<sup>24</sup> Agt deelnemers het uit Deens in Engels, en ook uit Engels in Deens vertaal (Jakobsen 2002).

<sup>25</sup> Nege deelnemers het uit Russies in Sweeds vertaal (Englund Dimitrova 2005).

<sup>26</sup> Agt deelnemers het uit Duits in Engels vertaal (Koby 2007).

<sup>27</sup> Dit is slegs die Amerikaanse standaard ASTM F2575 (2014) wat glad nie na selfrevisie verwys nie.

Benewens hierdie aspekte (soos die gebruik van gegewe stylgidse en die gebruik van gepaste terminologie vir die teikenlesers), behoort vertalers tydens selfrevisie seker te maak dat:

- die ooreengekome produkspesifikasies nagekom is;
- die gepaste betekenis in die doelteks oorgedra is;
- daar geen onvanpaste weglatings is nie;
- daar geen foute is nie;
- daar geen onbedoelde dubbelsinnighede is nie; en
- daar geen semantiese, grammatikale en spelkessies is nie (CAN/CGSB 2008:7; EN 2006:11; ISO 2015:10).

Die DGT vereis ook van hulle vertalers om selfrevisie te doen. Volgens Strandvik (2017:125) moet die kwaliteit van vertalings wat aan die DGT gelewer word sodanig wees dat die vertalings sonder enige verdere formatering, revisie of regstellings gebruik kan word. Die vertaler moet dus die hele doelteks deeglik nagaan om seker te maak dat:

- dit volledig is sonder onregverdigbare weglatings of byvoegings;
- dit 'n akkurate weergawe van die bronteks is;
- verwysings na dokumente wat reeds gepubliseer is nagegaan en korrek aangehaal is;
- die terminologie en leksis in ooreenstemming is met interne en enige ander relevante verwysingsmateriaal;
- toepaslike aandag aan die duidelikheid en helderheid van die skryfstyl, die gepaste register en genrekonvensies geskenk is;
- daar geen sintaktiese, spel-, punktuasie-, tipografiese, grammatikale of ander foute is nie;
- die formatering van die bronteks behou is;
- enige spesifieke opdragte deur die betrokke departement wel gevvolg is; en
- die ooreengekome sperdatum (datum en tyd) nougeset nagekom is (Strandvik 2017:125).

Hansen (2008:263) beklemtoon hoe belangrik dit vir vertalers is om tussen die skep van die vertaling en die revisie daarvan voldoende tyd te laat verloop sodat hulle met ‘nuwe oë’ na die konsepvertaling kan kyk. Hierdie proses om die nodige afstand te kry word deur Chesterman en Wagner (2002:68–72) *distancing* genoem en beskryf as “stepping back mentally from what you are creating to get a better perspective on it”. Een van die strategieë wat hulle voorstel, is om die medium te verander, byvoorbeeld om, wanneer 'n mens op die rekenaarskerm gewerk het, die vertaling te druk en dit op papier te lees. Een van die gewildste “distancing strategies” volgens Scocchera (2017:8–10) se opname onder vertalers in Italië se uitgewerswese, is om die voorkoms van 'n teks te verander, veral vir diegene wat net op die rekenaarskerm werk: Dit behels om aspekte van die formaat soos lettertipe

en -grootte, spasiëring en oriëntasie (*portrait/landscape*) te verander. Die verandering van die konsepvertaling se voorkoms kan vertalers help om inderdaad met ‘nuwe oë’ daarna te kyk, met ander woorde om die vertaling vanuit die oogpunt van ’n nuwe leser te beskou (Scocchera 2017:9–10).

### **3.3.2 Anderrevisie**

Die fokus van hierdie studie was, soos in afdeling 3.2 gedefinieer, op anderrevisie wat deur Gile (1995:111, in Hine 2003:138) beskryf word as “the inspection and correction of a translation by a revisor after the translator has completed the task”. Een van die grootste verskille tussen anderrevisie en selfrevisie is dat, wanneer die revisietaak begin, die reviseur nie met die bron- en doelteks so vertroud is soos die vertaler nie. Reviseurs kyk dus met ‘nuwe oë’ na die konsepvertaling, maar moet deurgaans in gedagte hou dat die vertaler die bronteks bestudeer het en die betekenis dus beter begryp as die reviseur wat dit nou eers lees.

In ’n professionele vertaalkantoor is die doel van revisie hoofsaaklik tweeledig. Dit word eerstens gedoen as ’n prosedure wat deel is van ’n kwaliteitversekeringsproses, met ander woorde om die kwaliteit van die konsepvertaling na te gaan en, indien nodig, te verbeter (’n summatiewe doel), en tweedens, om indiensopleiding aan die vertaler te verskaf (’n formatiewe doel). Martin (2007:62) beklemtoon die opleidingsdoel van revisie: “[Revision’s] real strength and investment value is as a feedback tool that allows its results to be channelled back into the whole cycle of translation production in order to eliminate or reduce problems at source”. Nie net terugvoer nie, maar dialoog tussen die reviseur en vertaler is noodsaaklik (Europese Kommissie 2010:8) om byvoorbeeld te verseker dat die reviseur nie deurlopend dieselfde foute moet regmaak en daardeur kosbare tyd vermors nie. In die proses vind indiensopleiding plaas vir die vertaler, maar ook vir die reviseur.

Horguelin en Brunette (1998, in Künzli 2014:7) en Brunette (2000:171) noem dié proses didaktiese revisie, en sê dat reviseurs in hierdie situasie hulle wysigings moet verduidelik en moet kan bewys dat dit werklik die kwaliteit van die vertaling verbeter. Mossop (2014:195) skuif egter die fokus vanaf die reviseur se wysiging na die vertaler se formulering: “Notice that by justification is meant not a reason for the proposed new wording but a reason for making a change in the first place”. Die reviseur moet daarteen waak om nie onnodige veranderinge aan te bring nie, maar om slegs ’n verandering aan te bring indien daar ’n fout in die vertaling is. Hierdie siening stem ooreen met Mossop se filosofie van revisie: “Revision is an exercise in reading, not writing” en “It is an exercise in spotting significant mistakes” (2014:206).

Didaktiese revisie behels dus ook die evaluering van die vertaler se werk. In die geval waar die reviseur ’n senior vertaler is wat ’n junior vertaler se werk nagaan, kan die reviseur verantwoordelik wees vir ’n deel van die vertaler se prestasie-evaluering. Dit is baie belangrik dat die reviseur

terugvoer aan die vertaler gee. Op hierdie manier leer vertalers uit hulle foute en word dit hopelik in die toekoms voorkom sodat die reviseur nie weer tyd daaraan hoef te bestee nie.

Tenoor didaktiese revisie stel Horguelin en Brunette (1998, in Künzli 2014:7) en Brunette (2000:170) pragmatiese revisie waar reviseurs nie kontak met die vertalers het nie en nie hulle wysigings hoef te verduidelik nie. By pragmatiese revisie val die klem op die rol van revisie as 'n stap in 'n kwaliteitversekeringsproses. Revisie word dan gedoen vir die reviseur se werkewer, met ander woorde die vertaalkantoor. Die vertaalkantoor gebruik die kwaliteitversekeringsproses ten einde te verseker dat die spesifieke vertaalopdrag nagekom word. Revisie is egter net een stap in hierdie proses. Martin (2007:62) verwys na revisie as "an imperfect art" en waarsku dat 'n mens nie moet verwag dat dit alleen aangewend kan word om 'n intrinsieke swak vertaling foutvry te maak nie. Bewyse dat daar ag geslaan moet word op hierdie waarskuwing word in afdeling 3.9 verskaf in 'n bespreking van die kwaliteit van revisie. Die vertaalkantoor pas ook ander stappe in die kwaliteitversekeringsproses toe, soos om 'n dokument wat vertaal moet word, toe te wys aan 'n vertaler met gesikte opleiding en ervaring in die betrokke veld.

Na gelang van die vertaalkantoor se personeelstruktuur en die doel van revisie in die kantoor, word revisie in verskillende scenario's, of in 'n kombinasie daarvan, uitgevoer, byvoorbeeld (i) 'n senior vertaler gaan die werk van 'n junior vertaler na; (ii) vertalers op dieselfdevlak gaan mekaar se vertalings na, of (iii) 'n interne vertaler gaan die werk van vryskutvertalers na. Laasgenoemde scenario vorm die grondslag van verdere bespreking in hierdie afdeling.

### **3.3.3 Revisie van masjienvertaalde produkte<sup>28</sup> (*post-editing*)<sup>29</sup>**

Die mens–masjienvertaalde verhouding in vertaling kan gekonseptualiseer word deur 'n kontinuum met masjienvertaalde (*machine translation: MT*) aan die een kant, en mensvertaling (*human translation: HT*) aan die ander kant. Of meer spesifiek: mensgesteunde masjienvertaalde (*human-aided machine translation*) aan die een kant, en rekenaargesteunde mensvertaling (*computer-aided human translation*) aan die ander kant (Folaron 2010:433). Mensgesteunde masjienvertaalde staan bloot as 'masjienvertaalde' bekend en word gedefinieer as vertaling wat hoofsaaklik deur 'n masjienvertaalde word, hoewel met verskeie grade van ingryping deur mense (Bowker & Fisher 2010:61; Forcada 2010:216).

Mensvertaling staan aan die ander kant van die spektrum, maar aangesien rekenaars en vertaaltegnologie deesdae in die meeste vertaling gebruik word, word die term 'rekenaargesteunde

---

<sup>28</sup> Die Engelse term vir masjienvertaalde produkte is *machine translation output*.

<sup>29</sup> Beukes en Pienaar (2010:103) se vertaling van *pre-editing* en *post-editing* is 'voorafredigering' en 'eindredigering'. Voorafredigering is wel redigering, maar wat die outeurs eindredigering noem, is eintlik 'n vorm van revisie omdat 'n ander proses gevvolg word, naamlik die vergelyking van die doelteks met die bronsteeks.

mensvertaling' gebruik om dit teenoor 'mensgesteunde masjienvertaling' te stel. Die term wat meer algemeen voorkom, is 'rekenaargesteunde vertaling' (*computer-aided translation*: CAT): Dit behels vertaling wat hoofsaaklik deur 'n persoon gedoen word met behulp van rekenaarprogrammatuur (soos speltoetsers) en vertaalhulpmiddedele (soos vertaalgeheuestelsels) (Bowker & Fisher 2010:61; Forcada 2010:216). Voorbeeld van vertaalgeheuestelsels is SDL Trados, Wordfast en Autshumato wat vir vertaling spesifiek tussen Suid-Afrika se amptelike tale ontwikkel is (Groenewald & Fourie 2009:190, in Van Rensburg et al. 2012:522). Daar is deesdae egter soveel verskillende soorte vertaalhulpbronne en vertaaltegnologie dat die term 'rekenaargesteunde vertaling' verwarring kan veroorsaak omdat dit nie spesifiek genoeg is nie. 'n Ander begrip wat gebruik word, is die 'vertalerwerkstasie' (*translator workbench*) wat 'n geïntegreerde stelsel is en uit verskeie vertaalhulpbronne bestaan, byvoorbeeld 'n vertaalgeheueprogram en terminologiedatabasisse (Quah 2006:93). Kyk ook Jost Zetzsche (2009:200–203, in Folaron 2010:434) se herkonseptualisering van die onderskeie kategorieë vir vertaalhulpbronne en -tegnologie, veral Zetzsche se gebruik van TEnTs (*translation environment tools*) wat ooreenstem met Quah (2006:93) se vertalerwerkstasie.

Deurlopende tegnologiese vordering in die ontwikkeling van masjienvertaling (MT) lei tot die groter beskikbaarheid van MT-stelsels vir verskeie taalpare asook beter MT-kwaliteit. Nie net het die breër gemeenskap en amateurvertalers toegang tot gratis aanlyn MT-stelsels soos Google Translate en Google Translator Toolkit nie, maar daar is ook vertaalkantore wat hulle eie interne MT-stelsels ontwikkel. Een voorbeeld is die DGT se MT-stelsel wat deur DGT-vertalers gebruik word (Bonet 2013:5, in Koponen 2016:132).

Masjienvertaling word ook al meer deur professionele vertalers gebruik, aangesien dit met vertaalgeheuestelsels geïntegreer word. Daar is vroeër in afdeling 3.3 aangetoon dat vertalers wat vertaalgeheuestelsels gebruik, nie alle segmente self vertaal nie: Hulle doen eerder 'n revisie van reeds vertaalde segmente wat deur die stelsel voorgestel word. Met die integrasie van vertaalgeheues en masjienvertaling (Guerberof Arenas 2014:165) het die onderskeid tussen masjienvertaling en mensvertaling heelwat vervaag (Doherty 2016:953). 'n Teks wat gedeeltelik deur middel van vertaalgeheues en/of masjienvertaling geskep is en wat nagegaan moet word, bestaan uit 'n kombinasie van segmente wat óf deur 'n mens van voor af vertaal is óf uit 'n vertaalgeheue kom óf uit masjienvertaling kom. Die vertaler moet dus die oorblywende gedeeltes vertaal en anderrevisie op die res uitvoer. Volgens Doherty (2016:953) bestaan MT-stelsels deesdae uit miljoene sinne wat deur mense vertaal is "from which [these MT systems] learn the patterns of probability, while specialized and freely available online systems can contain even more data from thousands of translators collated over many years". In hierdie proefskrif word die nagaan van masjienvertaalde produkte (*post-editing*) sowel as die nagaan van vertaalgeheue-produkte as revisie bestempel.

Menige taalpare toon 'n verbetering in MT-kwaliteit. 'n Opname onder DGT-verタルers toon dat die meeste bruikbare masjienvertaalde segmente in die taalpare Frans–Spaans, Frans–Italiaans en Frans–Portugees geïdentifiseer is. Daarteenoor het vertタルers in die taalpare Engels–Duits, Engels–Fins, Engels–Esties aangedui dat hulle die masjienvertaalde segmente glad nie bruikbaar vind nie en dit slegs gebruik om moontlike vertタルings voor te stel. (Koponen 2016:134) Rou masjienvertaalde produkte (*raw MT output*) bevat dus dikwels foute wat ingryping deur mense noodsaak (Doherty 2016:960; Forcada 2010:217). Hierdie ingryping, die nagaan en regstelling van masjienvertaalde produkte het volgens DePalma (2013) uiters belangrik geword in sowel die vertaalwetenskap as die vertaalbedryf wêreldwyd. Een van die redes hiervoor is dat die werksvloeい in vertaalkantore toenemend masjienvertタルing en die revisie van masjienvertaalde produkte insluit (Gaspari, Almaghout & Doherty 2015). Vergelyk in dié verband García (2012) se historiese oorsig oor die revisie van masjienvertaalde produkte en relevante navorsing, Temizöz (2012) se beskrywing van verskeie empiriese studies oor masjienvertタルing en die revisie van masjienvertaalde produkte, en Doherty (2016) se bespreking van die positiewe én negatiewe invloed wat vertaaltegnologie op die werksvloeい en die vertaalproduk het. Onlangse publikasies oor die revisie van masjienvertaalde produkte sluit byvoorbeeld O'Brien, Balling, Carl, Simard en Specia (2014) se boek *Post-editing of machine translation: Processes and applications* en 'n spesiale uitgawe van die vaktydskrif *Machine Translation* (O'Brien & Simard 2014) in.

Daar is minstens drie onderwerpe in navorsing oor die revisie van masjienvertaalde produkte wat ook op ander revisie van toepassing sou kon wees, naamlik kwaliteit, revisievermoë en revisieprosedures. Empiriese studies wat oor die kwaliteit van die revisie van masjienvertaalde produkte gedoen is, sluit in Fiederer en O'Brien (2009), Guerberof (2009a; 2009b), en Koponen en Salmi (2015; 2017). Empiriese studies wat die kwaliteit van die revisie van masjienvertaalde produkte spesifiek ten opsigte van die aantal foute beskryf, sluit in dié van Plitt en Masselot (2010) en García (2010). Riglyne vir die revisie van masjienvertaalde produkte kan deel uitmaak van kwaliteitverzekering. TAUS het in 2010 basiese riglyne vir die revisie van masjienvertaalde produkte beskikbaar gestel om vertaaldiensverskaffers en hulle kliënte te help om duidelike verwagtinge aan mekaar te kommunikeer. Volgens hierdie riglyne behoort 'n tweetalige revisie gedoen te word en ideaal gesproke moet 'n vertaler dit doen, hoewel dit in sommige scenario's nodig kan wees dat tweetalige vakkundiges of vrywilligers dit doen (TAUS 2010:2). Daar word tussen twee vlakke van kwaliteit onderskei. Eerstens is daar 'n laer kwaliteitvlak wat goed genoeg is sodat die doelteks min of meer verstaanbaar en akkuraat, maar nie noodwendig stilisties gepas is nie, met grammatika en sintaksis wat vreemd kan opval. Tweedens is daar 'n hoër kwaliteitvlak waar die doelteks heeltemal verstaanbaar en akkuraat, en min of meer stilisties gepas is (hoewel nie op dieselfde vlak as dié van

'n eerstetaalspreker nie) met grammatika en sintaksis wat normaal en korrek is (TAUS 2010:3–4). Verder het die Internasionale Standaardeorganisasie (ISO) in 2017 'n kwaliteitstandaard vir die revisie van masjienvertaalde produkte gepubliseer, naamlik ISO 18587 *Translation services – Post-editing of machine translation output – Requirements* waarin vereistes vir revisie en die vermoëns van die reviseurs uiteengesit word.

'n Goeie revisor van masjienvertaalde produkte is volgens De Almeida (2013:104) iemand wat in staat is “to fully adapt to different [post-editing] guidelines and constraints, producing a final text according to the level of [post-editing] requested for a specific job, within the timeframe required”. Die begrip *fit for purpose*,<sup>30</sup> met ander woorde dat 'n vertaling goed genoeg moet wees om 'n spesifieke doel te vervul, is 'n belangrike deel van hierdie definisie. Daar word van reviseurs verwag om net genoeg hulpbronne (bv. tyd) aan te wend om gepaste veranderinge en regstellings in ooreenstemming met die gegewe projekriglyne te maak sodat die finale teks op die vereiste kwaliteitvlak lê en binne die spesifieke tydraamwerk gelewer word (De Almeida 2013:105). Hierdie aspek van revisievermoë – om 'n vertaalproduk teen 'n gegewe sperdatum te lewer en uiters kostedoeltreffend te werk te gaan – het veral betrekking op reviseurs wat masjienvertaalde produkte nagaan, want hulle moet baie vinnig besluit of 'n bepaalde vertaalopsie bruikbaar is, en of hulle dit eerder moet ignoreer en die segment self moet vertaal (O'Brien & Simard 2014:162; Offersgaard, Povlsen, Almsten & Maegaard 2008:156). Daarenteen word reviseurs van mensverstaalde produkte gemaan om juis nie die vertaler se werk oor te vertaal nie. Dit dui op 'n duidelike verskil tussen die revisie van mensverstaalde teenoor masjienvertaalde produkte: Terwyl reviseurs van mensverstaalde produkte meestal met hoë kwaliteitvlakte werk (en soms met laer kwaliteitvlakte), werk reviseurs van masjienvertaalde produkte meestal met laer kwaliteitvlakte (en net soms met hoër kwaliteitvlakte) (Mossop 2014:199). (Kyk byvoorbeeld afdeling 3.4 waar daar na die verskillende grade van revisie verwys word.)

Daar word in die vertaalbedryf 'n aanname gemaak dat heelwat van die eienskappe van goeie vertalers ook op goeie reviseurs van toepassing behoort te wees, met ander woorde dat goeie vertalers noodwendig ook goeie reviseurs sal wees. Daar is egter in empiriese studies geen verband tussen die kwaliteit van die revisie van masjienvertaalde produkte en die profiel van die reviseurs aangetref nie (Mitchell 2015:177), asook nie tussen die kwaliteit van die revisie en ervaring in vertaling of revisie nie (De Almeida 2013:195–196). Dit stem ooreen met empiriese studies oor die kwaliteit van revisie deur Hansen (2008) wat in afdeling 3.8 en 3.9 genoem word. Daar is onlangs meer navorsing oor 'n

---

<sup>30</sup> Kyk ook afdeling 2.3.3.2 oor verskillende kwaliteitvlakte.

model vir revisievermoë gedoen<sup>31</sup> wat dalk ook gebruik sou kon word om meer navorsing oor MT-revisievermoë te doen, want volgens die kwaliteitstandaard ISO/TS 1169 (2012:33) is die revisie van masjienvertaalde produkte “a distinctly different skill from either initial human translation or revision of human translation”.

Revisiemetodes, met ander woorde *hoe* dit gedoen word, is 'n navorsingsonderwerp in sowel die revisie van masjienvertaalde produkte as die revisie van ander vertalings. Die revisie van masjienvertaalde produkte is gewoonlik tweetalig, met ander woorde reviseurs gaan die masjienvertaalde teks na deur dit met die bronteks te vergelyk (Koponen 2016:137; TAUS 2010). Teenoor hierdie tweetalige revisie (*bilingual post-editing*) noem Koponen (2016:137–138) egter ook studies waar die reviseurs nie toegang tot die bronteks het nie en waar daar dus 'n eentalige revisie van die masjienvertaalde teks (*monolingual post-editing*) gedoen is. Dit sluit empiriese studies in deur Koehn (2010), Callison-Burch et al. (2010), Hu et al. (2011) en Koponen en Salmi (2015). Net soos by die revisie van mensvertaling, word die doeltreffendheid van hierdie twee metodes in empiriese studies ondersoek en met mekaar vergelyk, byvoorbeeld deur Mitchell, Roturier en O'Brien (2013). Koponen (2016:139) kom tot die gevolgtrekking dat selfs al word die taalgebruik in eentalige MT-revisie verbeter, die volledigheid en akkuraatheid van die konsepvertaling slegs in 'n tweetalige MT-revisie nagegaan kan word, aangesien masjienvertaalde produkte tot dusver nie betroubaar genoeg is om die betekenis van die bronteks oor te dra nie. 'n Onderwerp wat deel uitmaak van prosedures en wat heelwat aandag in navorsing oor MT-revisie geniet, is *post-editing effort*. Koponen (2016:139–142) gee 'n oorsig van studies wat in hierdie verband gedoen is.

### **3.4 Besluitneming oor die grade van revisie**

In hierdie afdeling is daar twee hoofonderwerpe wat bespreek word. Eerstens, aangesien nie alle tekste in 'n vertaalkantoor noodwendig nagegaan word nie, op grond waarvan word die besluit geneem om sekere tekste wél na te gaan en ander nie (afdeling 3.4.1)? Tweedens, aangesien nie alle parameters in alle tekste ewe belangrik is nie, op grond waarvan word die besluit geneem oor watter aspekte van 'n teks wel nagegaan moet word (afdeling 3.4.2)?

#### **3.4.1 Watter tekste nagegaan word**

Volgens ISO 17100 (2015:10) moet alle vertaalde dokumente deur 'n reviseur nagegaan word, maar Martin (2007) beskou dit as die ideaal. In sy bespreking van die bestuur van risiko's en hulpbronnen ten opsigte van revisie, sê hy dit is nie kostedoeltreffend om revisie op alle vertalings toe te pas nie

---

<sup>31</sup> Kyk byvoorbeeld Robert, Remael et al. (2017), Robert, Rigouts Terryn, Ureel en Remael (2017), Robert et al. (2018) en afdeling 3.8 in hierdie proefskrif oor revisievermoë.

(Martin 2007:58–59). In Martin se ervaring van meer as 20 jaar by die DGT, het hy bevind dat kliënte eerder die foute as onvanpaste taalgebruik in 'n vertaling opmerk (Martin 2007:59). Hansen (2008:273) sluit hierby aan deur te sê dat om 'n teks te verbeter nie noodwendig winsgewend is nie en winsgewendheid is selfs een van Horguelin en Brunette (1998, in Robert 2012) se kriteria waaraan die kwaliteit van revisie gemeet kan word. Die hulpbronne wat aan revisie bestee word, hang verder af van die spesifieke situasie, wat die doel van die revisie is, en of die koste aan revisie verbonde geregtig kan word (Graham 1983:103).

Die hoë koste van revisie word ook deur Mossop (2007b:140) aangevoer as 'n oorweging om nie alle tekste te laat nagaan nie: "It is usually done by a senior, more highly paid translator, and every minute devoted to revising someone else's translation is a minute not devoted to preparing a new translation". Die vertaalafdeling by die internasionale organisasie OECD<sup>32</sup> het 'n matriks opgestel waarvolgens hulle besluit of 'n dokument nagegaan moet word of nie, aangesien kostedoeltreffendheid 'n uiters belangrike kriterium vir hulle is: Prioux en Rochard (2007:22–23) beskryf dat die ekonomiese klimaat sodanig verander het dat die vertaalafdeling algaande meer met minder hulpbronne moes vermag, en daarom moes hulpbronne beter bestuur word. Dit behels, aan die een kant, dat die tekste wat gewoonlik vertaal word, volgens belangrikheidsvlak geklassifiseer word, en, aan die ander kant, dat vertalers volgens betroubaarheidsvlak geklassifiseer word.

Prioux en Rochard (2007:25) se indeling van tekste volgens die drie belangrikheidsvlakke is gedoen op grond van genre (soos persverklarings wat baie belangrik is), op grond van die doel van die teks (soos verslae wat by seminare voorgelê word en wat redelik belangrik is), en verder op grond van wie die teikenlesers is (soos enige tekste wat vir die hoofstrukture van die organisasie bedoel is en wat as baie belangrik bestempel word). Die kategorieë is (i) belangrike en baie belangrike tekste (soos publikasies), (ii) redelik belangrike tekste (soos tekste oor projekte wat aan komitees en werkgroepes voorgelê word), en (iii) onbelangrike tekste (soos administratiewe notas) (Prioux & Rochard 2007:25). So 'n ranglys vir die belangrikheid van tekste kan ook vir 'n akademiese vertaalkantoor opgestel word. Kyk byvoorbeeld tabel 3.2 op die volgende bladsy (hoewel die lys nie naastenby volledig is nie).

---

<sup>32</sup> Die OECD (Organisation for Economic Cooperation and Development) is 'n internasionale organisasie vir ekonomiese samewerking en ontwikkeling.

**Tabel 3.2 Klassifikasie van tekste in 'n akademiese vertaalkantoor volgens belangrikheidsvlak**

kategorie 1: belangrike en baie belangrike tekste (+++)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• toetse en eksamenvraestelle</li> <li>• moduleraamwerke, klasnotas en PowerPoint-skyfies vir klaskamergebruik</li> <li>• navorsingsvraelyste en ingeligtetoestemmingsvorms</li> <li>• opsommings vir tesisse en proefskrifte</li> <li>• tekste vir die Raad, Senaat en Topbestuur van die hoëronderwysinstelling</li> <li>• naamborde op die kampus</li> <li>• bemarkingstekste (bv. berigte op die webblad en advertensies vir beskikbare posisies)</li> </ul>
kategorie 2: redelik belangrike tekste (++)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• interne nuusbriewe aan die hoëronderwysinstelling</li> <li>• notules vir hoërvlakvergaderings soos 'n fakultetsraadsvergadering</li> </ul>
kategorie 3: onbelangrike tekste (+)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• interne nuusbriewe in 'n departement, afdeling of koshuis</li> <li>• notules vir laervlakvergaderings soos 'n departements- of afdelingsvergadering</li> <li>• interne e-posse</li> </ul>

Studentesukses is 'n uiters belangrike prioriteit vir hoëronderwysinstellings, daarom behoort enige tekste wat 'n bydrae tot studentesukses kan lewer (soos toetse en eksamenvraestelle) as baie belangrike tekste vir vertaling beskou te word. Dieselfde geld tekste wat as navorsingsinstrumente gebruik word en wat die kwaliteit van navorsing kan beïnvloed, soos navorsingsvraelyste en ingeligtetoestemmingsvorms. Die spesifieke teikenleser is die hoofoorweging vir die klassifikasie van tekste aan die Raad, Senaat en Topbestuur van die hoëronderwysinstelling as belangrike tekste. Verder word die hoëronderwysinstelling se beeld uitgedra deur baie belangrike tekste soos naamborde op die kampus en bemarkingstekste (wat ook advertensies vir beskikbare posisies insluit). Daarenteen word die meeste tekste vir interne gebruik hoofsaaklik as redelik belangrik of as onbelangrik beskou.

Die klassifikasie van tekste volgens belangrikheidsvlak word ook by die DGT se Spaanse afdeling gedoen, hoewel op twee vlakke in stede van drie. Alle vertalings word wel nagegaan, maar die belangrikheid van die dokument bepaal die graad van revisie (Europese Kommissie 2010:5–7) en dus hoeveel tyd daaraan bestee word. Vlak 1 word aan hoë vlakke van kwaliteitkontrole onderwerp (bv. regstekste, webbladsye en persverklarings), terwyl vlak 2 'n laer vlak van kwaliteitkontrole vereis (bv. administratiewe kennisgewings, vorms vir personeel, interne nuusbriewe, en verslae vir vergaderings) (Europese Kommissie 2010:16–17).

Prioux en Rochard (2007:26) het 'n tweede ranglys opgestel, naamlik 'n klassifikasie van vertalers volgens vier betroubaarheidsvlakke (kyk tabel 3.3).

**Tabel 3.3 Klassifikasie van vertalers volgens betroubaarheidsvlak (Prioux & Rochard 2007:26)**

kategorie 1: baie hoë betroubaarheid (+++)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• senior interne vertalers (dit sluit reviseurs ook in)</li> <li>• voormalige senior interne vertalers of reviseurs wat gereeld vir die organisasie werk doen</li> <li>• hoogs ervare eksterne senior vertalers wat gereeld vir die organisasie werk doen</li> </ul>
kategorie 2: goeie betroubaarheid (++)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• ervare junior interne vertalers</li> <li>• vertalers of reviseurs wat voorheen intern by ander organisasies gewerk het en tans van tyd tot tyd of sedert onlangs vir hierdie organisasie werk doen</li> <li>• ervare eksterne vertalers wat gereeld vir die organisasie werk doen</li> </ul>
kategorie 3: redelike betroubaarheid (+)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• interne vertalers met min ondervinding</li> <li>• ervare eksterne vertalers wat van tyd tot tyd of sedert onlangs vir hierdie organisasie werk doen</li> </ul>
kategorie 4: lae betroubaarheid (-)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• interne vertalers wie se betroubaarheid bevraagteken kan word (verwyder hulle uit die werknekmerskorps, wend hulle vir ander funksies aan of moenie belangrike tekste aan hulle toewys nie)</li> <li>• eksterne vertalers wie se betroubaarheid bevraagteken kan word (hou op om hulle as medewerkers te gebruik)</li> <li>• nuwe eksterne medewerkers, sonder gespesifiseerde werkgeskiedenis, wie se betroubaarheid bevestig moet word (dit sluit in vertalers met min ervaring, en vakkundiges wat nie professionele vertalers is nie)</li> </ul>

Prioux en Rochard (2007:30) het op grond van hierdie twee ranglyste 'n matriks ontwikkel om die risiko's van 'n bepaalde vertaalsituasie te evalueer. Dit word gedoen deur die vraag (die versoek van die kliënt) teenoor die aanbod (die beskikbare hulpbronne) op te weeg. Sodanige matriks kan dan gebruik word om besluite oor die toekenning van tekste te rig. In tabel 3.4 word die risikovlak aangedui op 'n kontinuum vanaf baie lae risiko (R0) tot buitensporig hoë risiko (R5).

**Tabel 3.4      Evaluering van die risikovlak en aanbevelings vir revisie (Prioux & Rochard 2007:30)**

aanbod ► vraag ▼	vertaler: baie hoë betroubaarheid +++	vertaler: goeie betroubaarheid ++	vertaler: redelike betroubaarheid +	vertaler: lae betroubaarheid -
(baie) belangrike teks +++	revisie aanbevel (herlees)  R1/R2	revisie nodig  R2/R3	revisie noodsaaklik  R3/R4	geen vertaling nie: risiko buitensporig hoog R5
redelik belangrike teks ++	geen revisie nie  R0/R1	na gelang van die geval  R1	revisie aanbevel  R2/R3	revisie nodig  R3
onbelangrike teks +	geen revisie nie  R0	geen revisie nie  R0	na gelang van die geval  R1	revisie aanbevel (herlees)  R1/R2

Hierdie werkswyse is 'n voorbeeld van Martin (2007:61) se beskrywing van risikobestuur: “to weigh the need against the known purpose of the text and the known reliability of the translator”. Die vertaler se betroubaarheid en die aard van die vertaalopdrag is ook aspekte wat in die Kanadese kwaliteitstandaard CAN/CGSB 131.10 (2008) in ag geneem word. Hierdie standaard verskil van ISO 17100 (2015) in dié sin dat die vertaaldiensverskaffer eers besluit of dit wel nodig is om revisie te doen: “The [translation service provider] shall identify the need for revision, taking into account the abilities of the translator, the requirements of the client and the nature of the assignment” (CAN/CGSB 2008:7). Die Kanadese standaard spesifiseer egter nie hóé die vertaaldiensverskaffer moet bepaal of 'n vertaling nagegaan moet word nie. Hierdie gaping kan gevul word deur 'n soortgelyke risiko-analise wat deur Prioux en Rochard (2007:25–30) voorgestel word: Die twee ranglyste ten opsigte van die belangrikheidsvlak van die teks (tabel 3.2) en die betroubaarheidsvlak van die vertaler (tabel 3.3) tesame met die matriks vir die evaluering van die risikovlak en aanbeveling van revisie (tabel 3.4) kan in 'n akademiese vertalkantoor aangewend word om gesikte hulpbronne aan 'n projek toe te ken.

Wanneer 'n baie belangrike teks (++) vertaal moet word, soos (dele van) 'n vaktydskrif wat gepubliseer gaan word, sou dit 'n redelik lae risiko inhou (R2/R3) wanneer die opdrag aan 'n vertaler met goeie betroubaarheid (++) toegeken word. Wanneer 'n ervare interne vertaler (++) dus beskikbaar is, beveel Prioux en Rochard (2007:30) volgens die matriks aan dat dit nodig is om revisie te laat doen. Maar wanneer daar slegs 'n onervare interne vertaler (+) beskikbaar is, styg die risikovlak na R3/R4 en is revisie dus noodsaaklik.

Net soos in die OECD as internasionale organisasie, moet die beperkte hulpbronne in 'n akademiese vertaalkantoor oordeelkundig bestuur word om kostedoeltreffendheid in die hand te werk. Prioux en Rochard (2007:28) beskryf dit as 'n vermorsing van hulpbronne om 'n produk van hoër kwaliteit te lewer as waarvoor die kliënt gevra het. 'n Onbelangrike teks, soos 'n notule van 'n departementele vergadering (+), word verkiekslik nie aan 'n hoogs ervare eksterne senior vertaler (++) toegeken nie, aangesien dit onnodige uitgawes veroorsaak. Die risikovlek wanneer sodanige teks aan 'n onervare interne vertaler (+) toegeken word, is steeds laag (R1; revisie word gedoen na gelang van die betrokke geval) en is meer kostedoeltreffend as die vorige opsie.

Die kriteria wat in die Deense bedryf gebruik word om te bepaal watter dokumente nagegaan moet word, of watter graad van revisie toegepas moet word, word deur Rasmussen en Schjoldager (2011:102–104) saamgevat as:

- die vertaler se vaardigheid en ervaring: onervare vertalers se werk word oor die algemeen nagegaan, maar nie noodwendig ervare vertalers se werk nie;
- die moeilikhedsgraad van die opdrag: 'n vertaling met gespesialiseerde terminologie sal eerder nagegaan word as 'n algemene vertaling met geen gespesialiseerde terminologie nie;
- tekstile: vertalings van byvoorbeeld regstekste en persverklarings sal eerder nagegaan word as briewe;
- die belangrikheid van die kliënt; en
- die medium: die revisie van 'n teks wat gepubliseer gaan word, is belangriker as die revisie van 'n maatskappy se interne nuusbrief wat per e-pos versprei word.

Hierdie kriteria word ook weerspieël in Morin-Hernández (2009, in Künzli 2014:22–23) se opname in die Franse vertaalbedryf waar die onderstaande kriteria geïdentifiseer is:

- die belangrikheid van die teks;
- die betroubaarheid van die vertaler;
- die koste;
- hoeveel tyd beskikbaar is; en
- hoe maklik of moeilik dit is om 'n geskikte reviseur te vind.

Die kriteria wat in die vertaalbedryf in Denemarke en Frankryk geïdentifiseer is, stem min of meer ooreen met die opname onder akademiese en privaat vertaalkantore in Suid-Afrika (kyk afdeling 4.2.2). Die grootste verskil is dat vier uit die vyf privaat vertaalkantore aangedui het dat hulle hoofsaaklik revisie van vertaalde tekste laat doen wanneer die kliënt dit versoek: Die koste is nie vir hierdie kantore 'n aspek om te oorweeg nie, aangesien die kliënt ekstra vir die revisie betaal. Een van hierdie privaat kantore het wel genoem dat talle kliënte revisie van die hand wys, huis omdat hulle die

ekstra onkoste wil vermy. Die onderstaande aspekte word deur die akademiese vertaalkantore in die Suid-Afrikaanse opname oorweeg wanneer hulle besluit of 'n vertaling nagegaan moet word of nie:

- die ervaring en betroubaarheid van die vertaler;
- soos in die Deense opname, eerder die moeilikheidsgraad van die teks as die belangrikheid daarvan;
- die belangrikheid van die kliënt;
- hoeveel tyd beskikbaar is; en
- die doel van die vertaling.

### **3.4.2 Aspekte van 'n teks wat nagegaan word**

Die besluit oor watter aspekte van 'n teks of parameters nagegaan moet word, word volgens Prioux en Rochard deur die vertaalkantoor geneem en hang af van die belangrikheid van die teks (2007:31). In die geval van belangrike tekste moet die reviseur al vyf parameters nagaan, teenoor onbelangrike tekste waar styl glad nie in ag geneem word nie.

Prioux en Rochard (2007:31–32) spesifieer vyf parameters (wat hulle kriteria noem) waarna 'n reviseur moet oplet en onderskei tussen twee hoofkategorieë, naamlik parameters wat essensie betref (Frans: *critères de fond*) en parameters wat vorm betref (Frans: *critères de forme*). Hierdie twee hoofkategorieë (kyk tabel 3.5) stem ooreen met die kategorieë vir vertaling en taal wat in hierdie studie vir die analyse van die revisieprodukte gebruik is (kyk afdeling 5.4.4.2).

**Tabel 3.5 Revisieparameters volgens Prioux en Rochard (2007:31–32)**

parameters wat essensie betref (vertaling)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• betekenisgetrouwheid – die BT-inhoud word akkuraat oorgedra</li> <li>• volledigheid – die mate waarin die DT-inhoud met die BT-inhoud ooreenstem (wat betref byvoegings en weglatings)</li> </ul>
parameters wat vorm betref (taal)
<ul style="list-style-type: none"> <li>• grammatika</li> <li>• styl</li> <li>• terminologie</li> </ul>

Die funksie van die doelteks is nie as parameter in Prioux en Rochard (2007:31–32) se model opgeneem nie, aangesien daar nie gewoonlik in die OECD van vertalers verwag word om die vertaling vir 'n ander leserspubliek as dié van die bronrekteks aan te pas nie. Die funksie van die doelteks verskil dus gewoonlik nie van dié van die bronrekteks nie.

Kyk tabel 3.6 vir 'n voorstelling van Prioux en Rochard (2007:31) se matriks waar die gepaste revisieparameters met die belangrikheid van die tekste in verband gebring word. Die donkergrys blokkies beteken dat daardie parameters eerste prioriteit geniet en dus definitief nagegaan moet word (bv. 'betekenisgetrouwheid' by alle tekste). Die liggrys blokkies dui aan dat daardie parameters tweede prioriteit geniet (soos 'volledigheid' en 'terminologie' by redelik belangrike en onbelangrike tekste). Die enigste aspek van 'n teks wat soms heeltemal buite rekening gelaat kan word (soos deur die wit blokkie aangedui), is 'styl' wanneer onbelangrike tekste nagegaan word.

**Tabel 3.6 Revisieparameters en die relatiewe belangrikheid van tekste (Prioux & Rochard 2007:31)**

	parameters wat essensie betref (vertaling)		parameters wat vorm betref (taal)		
	betekenis-getrouwheid	volledigheid	grammatika	styl	terminologie
(baie) belangrike tekste					
redelik belangrike tekste					
onbelangrike tekste					

Robert (2012:24) se poging om hierdie vyf revisieparameters met Prioux en Rochard (2007:30) se aanbevelings ten opsigte van revisie (kyk tabel 3.4) te verbind, word in tabel 3.7 op die volgende bladsy aangedui. Waar revisieparameters tussen hakies geplaas is, beteken dit dat die reviseur minder aandag daaraan hoof te bestee, aangesien daar in die betrokke vertaalsituasie 'n mate van verdraagsaamheid teenoor onakkuraathede of foute ten opsigte van hierdie parameters kan wees (Prioux & Rochard 2007:31–33). Dit stem ooreen met die liggrys blokkies in tabel 3.6. Die parameter 'styl' is in twee gevalle by 'onbelangrike teks' doodgetrek, wat beteken dat dié aspek nie in daardie geval nagegaan hoof te word nie. Dit stem ooreen met die wit blokkie in tabel 3.6.

**Tabel 3.7 Prioux en Rochard (2007:30–32) se revisieparameters en aanbevelings oor revisie volgens Robert (2012:25)**

aanbod ► vraag ▼	vertaler: baie hoë betroubaarheid +++	vertaler: goeie betroubaarheid ++	vertaler: redelike betroubaarheid +	vertaler: lae betroubaarheid -
(baie) belangrike teks +++	revisie aanbeveel: herlees parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid volledigheid grammatika styl terminologie	revisie nodig parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid volledigheid grammatika styl terminologie	revisie noodsaaklik parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid volledigheid grammatika styl terminologie	geen vertaling nie: risiko te hoog
redelik belangrike teks ++	geen revisie nie	na gelang van die geval parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid (volledigheid) grammatika (styl) (terminologie)	revisie aanbeveel parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid (volledigheid) grammatika (styl) (terminologie)	revisie nodig parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid (volledigheid) grammatika (styl) (terminologie)
onbelangrike teks +	geen revisie nie	geen revisie nie	na gelang van die geval parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid (volledigheid) (grammatika) <b>styl</b> (terminologie)	revisie aanbeveel: herlees parameters om na te gaan – betekenisgetrouwheid (volledigheid) (grammatika) <b>styl</b> (terminologie)

In twee gevalle waar Prioux en Rochard (2007:30) revisie aanbeveel na aanleiding van die risiko wat as R1/R2 (lae risiko) geklassifiseer word, word die woord ‘herlees’ (Frans: *relecture*) tussen hakies geplaas. Die betekenis van ‘herlees’ word egter nie verduidelik nie. Die eerste geval is waar ’n (baie) belangrike teks (++) deur ’n baie betroubare vertaler (++) vertaal word, en waar al vyf revisieparameters nagegaan behoort te word (kyk tabel 3.7). Die tweede geval is waar ’n onbelangrike teks (+) deur ’n onbetroubare vertaler (-) vertaal is, maar die revisieparameters wat nagegaan moet word, verskil van die eerste geval: Die enigste parameter wat in albei gevalle geld, is ‘betekenisgetrouwheid’. ‘Styl’ word glad nie in die tweede geval nagegaan nie, en die parameters ‘volledigheid’, ‘grammatika’ en ‘terminologie’ is minder belangrik as ‘betekenisgetrouwheid’. Künzli

(2014:15) spekuleer dat ‘herlees’ in hierdie matriks moontlik ’n suiwer taalkundige revisie aandui, maar hierdie interpretasie stem nie ooreen met die verskillende parameters wat volgens tabel 3.7 in die twee gevalle nagegaan behoort te word nie. ‘Herlees’ behoort eerder nie in die matriks te wees nie, aangesien dieselfde term nie vir albei vertaalsituasies gebruik kan word waar verskillende parameters nagegaan word nie. (Kyk byvoorbeeld tabel 3.7 waar ’n redelik belangrike teks [++) deur ’n redelik betroubare vertaler [+] vertaal word en revisie aanbeveel word sonder dat die term ‘herlees’ bygevoeg word.)

Mossop (2014:152–160) maak ook aanbevelings oor hoe om die gepaste graad van revisie te bepaal. Die twee besluite om te neem, is watter aspekte (Mossop noem dit ‘parameters’) nagegaan moet word, en watter graad van akkuraatheid en skryfkwaliteit vir die betrokke vertaalopdrag vereis word. Mossop (2014:153–154) stel agt vrae om te bepaal watter revisieparameters nagegaan moet word:

- 1) Wie gaan die vertaling lees? Hier is funksionele aanpassing vir die betrokke leserspubliek wel van toepassing, in teenstelling met Prioux en Rochard (2007) se model.
- 2) Waarom gaan die vertaling gelees word? Hierdie vraag verwys na die doel van die vertaling:  
As die lesers slegs die inligting of inhoud van die vertaling nodig het, is dit nie noodsaaklik om taalgebruik na te gaan nie.
- 3) Hoe lank is die tydperk waartydens die vertaling gelees gaan word? Hoe langer die tydperk, hoe deeglicher moet dit nagegaan word.
- 4) Hoe gaan die vertaling gelees word? As die vertaling ’n gebruikersgids is wat nie van begin tot einde deurgelees gaan word nie, moet die reviseur seker maak dat elke afdeling verstaanbaar is en nie kennis oor ander afdelings vereis nie.
- 5) Waar gaan die vertaling gelees word? Bondige en duidelike taalgebruik is baie belangrik as die vertaling in ’n besige omgewing gelees gaan word waar die lesers se aandag afgelië kan word.
- 6) Is die reviseur vertrouyd met hierdie vertaler se werk? Reviseurs leer vertalers ken, asook die foute wat hulle geneig is om te maak.
- 7) Is die vertaling haastig gedoen? Hoe minder tyd die vertaler aan die vertaling kon bestee, hoe groter is die kans dat daar foute in die konsepvertaling is.
- 8) Gaan enigiemand anders hierdie vertaling nagaan? As byvoorbeeld die uitleg van die doelteks later deur iemand anders gedoen gaan word, kan die reviseur hierdie parameter ignoreer.

Antwoorde op die eerste vyf vrae behoort in die vertaalopdrag aangedui te word, hoewel die mate van besonderhede wat deur Mossop beskryf word, bitter selde in die praktyk beskikbaar is. Op grond van hierdie inligting kan die besluit oor watter parameters nagegaan moet word, eerder deur die vertaalkantoor geneem word en in die revisie-opdrag aan die reviseur gegee word. Na aanleiding van

die navorser se ervaring as reviseur is dit uiters belangrik dat reviseurs vraag 6 tot 8 in gedagte hou wanneer die vertaling nagegaan word. Reviseurs en vertalers leer mekaar se sterk- en swakpunte ken en kan dus as 'n span saamwerk om 'n produk van aanvaarbare kwaliteit te lewer. 'n Deeglike kwaliteitkontrole is nodig wanneer 'n vertaler 'n vertaling baie vinnig moet skep. Dit kan dus meer kostedoeltreffend wees om die vertaler genoeg tyd te gun om die vertaling te skep sodat die reviseur minder tyd aan die kwaliteitkontrole hoef te bestee.

Wat betref die graad van akkuraatheid en mate van skryfkwaliteit, stel Mossop (2014:155–158) vier vlakke voor, naamlik (i) verstaanbaar (*intelligible*), (ii) informatief (*informative*), (iii) publiseerbaar (*publishable*), en (iv) gepoleer (*polished*). (Kyk ook afdeling 2.3.3.2 waar verskillende kwaliteitvlakke in vertaling bespreek word.)

'n Dokument wat verstaanbaar (*intelligible*) is, is min of meer akkuraat, toon die laagste vlak van leesbaarheid en duidelikheid, en word dikwels baie vinnig geskep sodat die kliënt slegs 'n basiese indruk kan kry van die inhoud van die dokument. Die revisie van masjienvertaalde produkte val in hierdie kategorie.

Die informatiewe (*informative*) kwaliteitvlak behels dokumente wat betreklik akkuraat is in dié sin dat primêre en sekondêre aspekte van die bronsteksboodskap akkuraat oorgedra word. Sodanige dokumente is taamlik leesbaar en duidelik, byvoorbeeld die eerste klad van 'n beleid wat vertaal word nog voordat die finale beleid beskikbaar is.

Wat betref die kwaliteitvlak publiseerbaar (*publishable*), is dit belangrik om eers Mossop (2014:157) se siening van die term 'publikasie' (*publication*) te verduidelik, te wete 'n dokument wat beskikbaar sal wees aan 'n gehoor buite die organisasie wat die vertaling aangevra het, met ander woorde "it's a document for the 'public', or some segment of it". 'n Dokument wat gedruk is en slegs intern in 'n organisasie versprei word, vorm dus nie deel van Mossop (2014:157) se definisie van 'n publikasie nie. Vertalings op die kwaliteitvlak 'publiseerbaar', is ten volle akkuraat en uiters leesbaar en duidelik (Mossop 2014:155–157). In 'n hoëronderwysinstelling is daar (baie) belangrike dokumente wat nie gepubliseer gaan word nie, maar wat wel van hoë kwaliteit moet wees soos hierdie kwaliteitvlak vereis. In hierdie omgewing is die term 'afgerond' meer toepaslik.

Die gepoleerde (*polished*) kwaliteitvlak behels dokumente wat, soos publiseerbare of afgeronde vertalings, ten volle akkuraat is, maar die skryfkwaliteit is nóg beter sodat die leeservaring self interessant en aangenaam is. Mossop (2014:157) noem dat sodanige "finely crafted text" ongelooflik baie tyd in beslag kan neem. Hierdie kwaliteitvlak kan vir literêre vertaling geld, maar word selde, indien ooit, in akademiese vertaalkantore vereis. Akademiese vertaalkantore kan dus drie kwaliteitvlakke gebruik, naamlik (i) verstaanbaar, (ii) informatief, en (iii) afgerond.

Riglyne oor hoe om die gepaste graad van revisie te bepaal, is vir reviseurs in die vertaalbedryf baie waardevol, aangesien reviseurs nie toereikende opdragte ontvang wat spesifiseer presies wat van hulle verwag word nie (bv. Künzli 2007a:54). Prioux en Rochard se model vir die analise van die belangrikheid van tekste, betroubaarheid van vertalers, asook die risiko's en die verwagte kwaliteit van die vertaalproduk, stel die vertaalkantoor in staat om 'n presiese opdrag aan reviseurs te gee oor die vlak van ingryping wat vir 'n betrokke opdrag verwag word (2007:33). Wanneer daar 'n presiese opdrag aan reviseurs gegee word oor watter parameters nagegaan behoort te word, kan hulle voorkom dat te veel tyd aan 'n onbelangrike aspek bestee word, soos om die styl van minder belangrike tekste na te gaan. Dit geld veral wanneer daar tydsdruk is en reviseurs verskillende tekste moet prioritiseer ten einde die betrokke sperdatums na te kom.

### 3.5 Revisieparameters

Mossop (2014:134) beskou revisieparameters (*revision parameters*) as “the things a reviser checks for – the types of error”. Die reviseur gaan dus hierdie aspekte in 'n konsepvertaling na om moontlike probleme en foute op te spoor en reg te stel. Künzli (2014:6) noem die aspekte wat in die konsepvertaling nagegaan moet word *Revisionskriterien* (revisiekriteria) en gee die voorbeeld van inhoud, taalkundige reëls, styl en uitleg.

Verskeie outeurs het al voorstelle ten opsigte van revisieparameters gemaak. (Kyk tabel 3.8.) Sommige doen dit in meer besonderhede, soos Mossop (2014:134–149) se twaalf parameters,<sup>33</sup> en ander in minder besonderhede, soos Brunette (2000:174–180) wat slegs vier parameters beskryf. Mossop (2014:135) wys egter daarop dat sy lys parameters nie bedoel is as 'n kontrolelys vir reviseurs in 'n professionele omgewing nie, maar eerder gebruik behoort te word vir besprekings oor revisiepraktyke. Die parameters wat deur Hansen (2008:278–280) genoem word, en wat in tabel 3.8 aangetref kan word, is afgelei uit die Copenhagen Besigheidskool (CBS) se model wat hoofsaaklik op funksionalistiese vertaalbenaderings gebaseer is. Die CBS-model bestaan eerstens uit 'n voorstelling van die vertaalproses vanaf die analise van die vertaalopdrag en die bronsteks tot die revisie van die doelteks, en tweedens uit 'n klassifikasie van foute. Nord (2005:3) se onderskeid tussen intratekstuele en ekstratekstuele faktore in vertaling word in hierdie model gebruik: Ekstratekstuele faktore verwys na aspekte buite die vertaling self, soos die kommunikatiewe situasie waarbinne die vertaling moet funksioneer, terwyl intratekstuele faktore betrekking het op die vertaling self, soos die inhoud en taalgebruik (Hansen 2008:278). Brunette et al. (2005:32) se revisiekriteria is in 'n empiriese studie oor revisieprosedures gebruik om die kwaliteit van die

---

<sup>33</sup> Mossop (2014:134–149) se parameters word in vier groepe verdeel, naamlik oordrag (*transfer*), inhoud, taal wat ook stylaspekte behels, en aanbieding (*presentation*).

revisieprodukte te bepaal. Die parameters in Horguelin en Brunette (1998) se *Pratique de la révision (Revisiepraktyk)* – een van die bekendste revisiehandboeke – word in Robert (2012:32–33) en in Künzli (2014:9–10) beskryf en is in tabel 3.8 opgeneem.

Benewens die revisieparameters wat deur hierdie outeurs beskryf is, word daar ook in kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf aspekte van die konsepvertaling gespesifiseer wat die vertaler in gedagte moet hou en dus deur die reviseur nagegaan moet word. In ’n analise van vyf van hierdie kwaliteitstandaarde (kyk afdeling 4.2.1) is parameters geïdentifiseer wat in minstens drie uit die vyf standaarde genoem word en wat die reviseur moet nagaan. Hierdie parameters word saam met dié van die outeurs wat in die vorige paragraaf genoem is, in tabel 3.8 aangedui ten einde ’n vergelyking tussen die verskillende bronne te kan tref.

Horguelin en Brunette (1998) se parameter ‘winsgewendheid’ het te make met die reviseur se besluit of ’n konsepvertaling goed genoeg is om na te gaan, en of dit só swak is dat ’n doeltreffende revisie onmoontlik is. Künzli (2014:10) meen egter dat winsgewendheid eerder ’n beginsel van revisie as ’n parameter is. Hierdie siening stem ooreen met dié van die DGT se Spaanse afdeling (Europese Kommissie 2010:8) en Mossop (2014:205) wat dit as ’n revisiebeginsel opgeneem het: Wanneer reviseurs reeds aan die begin van die revisie talle foute vind wat daarop duï dat die vertaling ontoereikend is, moet hulle besluit of dit doeltreffender gaan wees om dit aan die vertaler terug te stuur, eerder as om ’n revisiepoging aan te wend.

Die duidelike fokus op die parameter ‘geskiktheid vir die doel van die vertaling’ weerspieël ’n funksionalistiese vertaalbenadering wat die doel van die vertaling as die belangrikste maatstaf vir kwaliteit beskou (kyk afdeling 2.2). Hierdie parameter verwys ook na die geskiktheid van die vertaling vir die betrokke lezers en die kommunikatiewe situasie waarbinne die lezers die vertaling gaan gebruik. Twee van Brunette (2000) se vier kriteria val binne hierdie parameter, naamlik *purpose* en *context*. Brunette (2000:178–179) se konteks-kriterium is baie wyd: Dit sluit nie net die sosiale situasie van die lezers in nie, maar ook die genre en die medium van verspreiding. Daarom is hierdie kriterium ook by die parameter ‘vakterminologie en -styl’ ingevoeg. Dieselfde geld vir Brunette et al. (2005:32) waar hulle geskiktheid-kriterium enersyds op die konteks van die vertaling, maar andersyds ook op die medium en genre betrekking het.

**Tabel 3.8 Revisieparameters**

<b>Kwaliteitstandaarde (2006–2015)</b>	<b>Mossop (2014)</b>	<b>Hansen (2008)</b>	<b>Brunette, Gagnon en Hine (2005)</b>	<b>Brunette (2000)</b>	<b>Horguelin en Brunette (1998)</b>
					winsgewendheid (Frans: <i>rentabilité</i> )
geskik vir die doel van die vertaling volgens die projekspesifikasie	pasgemaakte taalgebruik vir die lezers en die doel van die vertaling ( <i>tailoring</i> )	gepas vir die doel van die vertaling, die kommunikatiewe situasie en die doelteksleser	geskik vir die doel van die vertaling en die sosiokulturele konteks van die doelteksleser ( <i>appropriateness</i> )	die doel van die vertaling	funksionele aanpassing t.o.v. doelteksleser (Frans: <i>adaptation fonctionnelle</i> )
				konteks, bv. die sosiale situasie van die doelteksleser	
konsekwentheid van terminologie					
akkuraatheid	akkuraatheid	akkuraatheid	akkuraatheid	logika m.b.t. koherensie	akkuraatheid (Frans: <i>exactitude</i> )
volledigheid	volledigheid	volledigheid			
	feite	feite soos datums, name en afkortings			
	logika			logika m.b.t. koherensie	
leesbaarheid	vlotheid ( <i>smoothness</i> )	kohesie	leesbaarheid	logika m.b.t. kohesie	leesbaarheid (Frans: <i>lisibilité</i> )

Kwaliteitstandaarde (2006–2015)	Mossop (2014)	Hansen (2008)	Brunette, Gagnon en Hine (2005)	Brunette (2000)	Horguelin en Brunette (1998)
register en styl gepas vir vakgebied en genre	vakterminologie en -styl ( <i>sub-language</i> ) geskik vir die genre	register en styl gepas vir die genre	geskik vir die genre ( <i>appropriateness</i> )	konteks, bv. die tekstipe en die medium van verspreiding	funksionele aanpassing t.o.v. register (Frans: <i>adaptation fonctionnelle</i> )
terminologie gepas vir vakgebied en kliënt		gepastes terminologie			
idiomatiese taalgebruik ( <i>locale</i> )	idiomatiese taalgebruik ( <i>idiom</i> )	idiomatiese taalgebruik ( <i>idiom</i> )			
grammatika, sintaksis, spelling, punktuasie, diakritiese tekens ( <i>diacritical marks</i> ), en ortografie	grammatika, spelling, punktuasie ( <i>mechanics</i> )	korrekte taalgebruik, bv. sintaksis	reëls en konvensies van die doeltaal ( <i>linguistic coding</i> )	korrekte taalgebruik, bv. sintaksis, grammatika, spelling, en punktuasie ( <i>language norm</i> )	korrekte taalgebruik (Frans: <i>correction: code linguistique</i> )
formatering soos lettersoorte ( <i>fonts</i> )	uitleg	uitleg en illustrasies			
	tipografie				
	organisasie				

Die ‘konsekwente gebruik van terminologie’ word slegs in die kwaliteitstandaarde as ’n pertinente parameter genoem. Dit word nie ingesluit in Mossop se twaalf parameters nie, maar hy wy wel ’n hele hoofstuk aan die nagaan van konsekwentheid (2014:90–96) as deel van ’n redigeerder se taak. Soos later in hierdie afdeling gesien sal word, is dit wel ’n aspek wat deur reviseurs in die praktyk nagegaan word.

‘Akkuraatheid’ is die belangrikste revisieparameter. Die reviseur gaan na of die betrokke boodskap akkuraat oorgedra is en Brunette et al. (2005:32) spesifiseer dat akkuraatheid aan die besonderhede in die vertaalopdrag gemeet behoort te word. Akkuraatheid word nie as ’n afsonderlike parameter in Brunette (2000:174) gespesifiseer nie, maar is deel van die logika-kriterium wat volgens haar die belangrikste van al die kriteria is: “Incongruities in logic can take the form of nonsense or an obvious break in meaning (anachronism, absurdity, contradiction, falsehood)”. Hierdie kriterium is dus op twee plekke in tabel 3.8 ingevoeg, naamlik onder ‘akkuraatheid’ en onder ‘logika’.

Die parameter ‘volledigheid’ word deur Hansen (2008) en Mossop (2014) asook deur die kwaliteitstandaarde afsonderlik van akkuraatheid gespesifiseer. Dit behels dat daar geen weglatings of byvoegings moet wees wat nie ooreenstem met wat in die vertaalopdrag of projekspesifikasie vereis word nie.

Daar was net twee bronne (in hierdie ondersoek) wat ‘feite’ as ’n parameter gelys het. Volgens Hansen (2008:279) behoort feite soos datums, name en afkortings nagegaan te word. Mossop (2014:141–142) gee toe dat dit nie vertalers (en reviseurs) se hooftaak is om die korrektheid van feite na te gaan nie, maar dat dit tóg deel uitmaak van die boodskap en dat vertalers en reviseurs dus enige foute in die bronsteks aan die kliënt moet uitwys.

Die parameter ‘logika’ behels dat daar ’n duidelike samehang is tussen die dele van ’n teks (koherensie) en dat die vloei van gedagtes sin maak. Dit is duidelik in Brunette (2000:175) se definisie van koherensie dat die korrektheid van die teksinhoud deel is van hierdie parameter: “Continuity of the meaning of a text from one idea to another and plausibility of such meaning”. Dit is dus moontlik dat ‘logika’ as deel van ‘akkuraatheid’ beskou kan word, en dat dit die rede is waarom ‘logika’ wat betref koherensie nie eksplisiet in die kwaliteitstandaarde, Hansen (2008), Brunette et al. (2005), of in Horguelin en Brunette (1998) se revisieparameters genoem word nie. Let egter daarop dat Brunette (2000:175) sowel koherensie as kohesie as deel van die logika-parameter beskou, terwyl Mossop (2014:143) kohesie aan *smoothness* (‘leesbaarheid’ in tabel 3.8) gelyk stel.

‘Leesbaarheid’ is die term wat in tabel 3.8 gebruik word vir Mossop (2014:142–143) se *smoothness* en vir Brunette (2000:175) se kohesie. Mossop (2014:143) onderskei kohesie van koherensie: “Simply put, cohesion is the flow of words, coherence the flow of ideas”. Die leesbaarheid-parameter

behefs dus onder andere dat gepaste verbindingswoorde gebruik word om dele van die teks met mekaar te verbind (kohesie) ten einde die teks duidelik en verstaanbaar te maak. Twee ander aspekte wat die leesbaarheid van 'n teks bevorder, is bondigheid en helderheid. Volgens Brunette et al. (2005:40) kan leesbaarheid geassosieer word met "the effort that the reader needs to make" en dié auteurs gee toe dat dit 'n hoogs subjektiewe parameter is. Daar bestaan egter meer objektiewe wyses waarop die leesbaarheid van 'n teks gemeet of voorspel kan word. Een van die bekendste leesbaarheidsformules is die Flesh-formule wat in die 1940's vir Engels ontwikkel is. Daar is tans vier leesbaarheidsformules vir Afrikaans, naamlik twee deur Van Rooyen (1986), en een elk deur McDermid Heyns (2007) en McKellar (2008) (Jansen, Richards & Van Zyl 2017:149–150).

Die parameter 'vakterminologie en -styl' kan as een, maar ook as twee parameters toegepas word, byvoorbeeld waar gepaste register en styl vir die betrokke vakgebied onderskei word van gepaste terminologie vir sodanige vakgebied. Die kwaliteitstandaarde se fokus op kliënte is duidelik in hulle spesifikasie dat die vakterminologie gepas moet wees nie slegs vir die vakgebied nie, maar ook vir die betrokke kliënt, aangesien verskillende kliënte verskillende voorkeure kan hê.

In die parameter 'idiomatiese taalgebruik' moet reviseurs op die uitkyk wees vir woorde en frases wat semanties aanvaarbaar is, maar wat nie in parallelle tekste in die doelstaal gebruik sou word nie (Hansen 2008:279). 'n Idiomatiese vertaling lees asof dit in die doelstaal deur 'n eerstetaalspreker geskep is (ISO/TS 2012:24). Dit sluit verskeie variante van dieselfde taal in. Die kwaliteitstandaarde gebruik die term *locale* wat na die taalkonvensies van 'n betrokke geografiese gebied verwys, byvoorbeeld Spaans in Colombië wat van Spaans in Spanje verskil (ASTM 2014:3).

'Korrekte taalgebruik' behels dat die taalreëls en -konvensies van die doelstaal korrek toegepas word (bv. grammatika, sintaksis, spelling, ortografie en punktuasie) soos aangetref in gesaghebbende bronne soos grammaticaboeke, woordeboeke, en spelreëls. In 'n opname wat Rasmussen en Schjoldager (2011) onder vertaalmaatskappye in Denemarke gedoen het, het dit aan die lig gekom dat reviseurs hoofsaaklik die taalkundige korrektheid van vertalings nagaan, en nie aspekte soos die oordrag van die bronreëls se boodskap nie. Rasmussen en Schjoldager noem dit "the preoccupation with linguistic correctness" en voeg by dat "to many respondents this seems to be the *only* parameter worth mentioning" (2011:107, auteurs se beklemtoning). Reviseurs se siening van revisie as hoofsaaklik 'n taalkundige aktiwiteit is ook in Suid-Afrika waargeneem in byvoorbeeld die terme wat reviseurs vir revisie gebruik soos in afdeling 3.2 beskryf. Verder is dieselfde tendens in die konteks van literêre vertaling in Suid-Afrika geïdentifiseer (Feinauer & Lourens 2017:116).

Die laaste parameter in tabel 3.8 behels die visuele aspekte van 'n teks. Dit is Mossop (2014:134–135) se vierde groep parameters wat hy aanbieding (*presentation*) noem, en wat uit drie onderafdelings bestaan, te wete uitleg, tipografie en organisering. Die onderskeid wat tussen hierdie

onderafdelings getref word en die definisies wat vir elke term gebruik word, stem egter nie heeltemal ooreen met die kwaliteitstandaarde en ander bronne soos Carstens en Van de Poel (2012) nie. ISO 17100 (2015:10) en EN 15038 (2006:16) gebruik die term ‘formatering’ wat op lettersoorte (*fonts*) betrekking het, terwyl ISO/TS 11669 (2012:25) lettergroottes en die grootte van die kantruimtes (*margins*) as deel van uitleg beskryf. Daarteenoor stem Mossop (2014:134–135) se organisering-parameter (“the way the document as a whole is organized”) ooreen met aspekte van bladuitleg (*layout*) soos korrekte bladsynommers, konsekwente voorkoms van opskrifte, korrekte eind- en/of voetnote, korrekte kruisverwysings, en die ooreenstemming van opskrifte in die teks met die inhoudsopgawe (Carstens & Van de Poel 2012:393–394). Ten einde verwarring oor terminologie te beperk, kan die laaste parameter ‘uitleg en tipografie’ genoem word.<sup>34</sup>

Die vraag oor watter aspekte van ’n teks deur reviseurs nagegaan word, is ook in die opname onder privaat en akademiese vertaalkantore gevra (kyk afdeling 4.2.2). Akkuraatheid en korrekte taalgebruik word in al tien kantore nagegaan. Leesbaarheid is pertinent deur een akademiese en een privaat vertaalkantoor genoem, terwyl net een (akademiese) kantoor formatering as ’n revisieparameter geïdentifiseer het. In ooreenstemming met die klem wat kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf op die gebruik van stylgidse plaas, het een (akademiese) kantoor gespesifiseer dat hulle reviseurs nagaan of “inhouse writing conventions” nagekom is. Konsekwentheid is deur een (privaat) kantoor gedefinieer as “same terms and expressions used throughout” en twee akademiese kantore het dit ook as ’n revisieparameter geïdentifiseer. Slegs drie vertaalkantore het genoem dat die vertaling geskik moet wees vir die spesifieke kommunikatiewe situasie, onder andere een akademiese kantoor. Twee privaat kantore het hierdie funksionele aanpassing onderskeidelik beskryf as “culturally appropriate (adapted for target locale)”, en “consideration of context”.

### 3.6 Revisieprosedures

Revisieprosedures verwys in dié proefskrif na die verskillende wyses waarop die revisie gedoen word, met inbegrip van hoeveel tyd die reviseur daarvan bestee, die medium wat die reviseur gebruik (slegs rekenaarskerm, of ook papier), en die metode wat die reviseur volg. Volgens Newmark (1991a:105) is daar twee basiese revisiemetodes wat gevolg kan word, naamlik (i) “a reading of the translation without looking at the original, as an independent piece of writing” en (ii) “the meticulous comparison of the version with its original”. Brunette et al. (2005:35) gebruik die term *monolingual revision* vir eersgenoemde metode. Volgens Künzli (2014:6) gebruik Horguelin en Brunette (1998) ook

---

<sup>34</sup> In die vertaalopdrag wat aan die deelnemers van die empiriese ondersoek na die kwaliteit van die revisieproduk gestuur is (kyk afdeling 5.4.3.2), is versoek dat die formatering van die bronsteks behou word. Formatering is daar verduidelik as “lettertype, -grootte en spasiëring”. Die meer gepaste term vir hierdie beskrywing sou eerder ‘uitleg en tipografie’ wees. Dit is ’n voorbeeld van die onderskeie terme wat in die bedryf gebruik word en waarom dit uiters belangrik is om, soos in die betrokke vertaalopdrag, ’n beskrywing van ’n spesifieke term te gee.

*monolingual revision* teenoor *bilingual revision*. Mossop (2014:159) noem dit *unilingual revision*, maar verskil van Newmark (1991a:105) en Brunette et al. (2005:35) in dié sin dat die bronsteks wel beskikbaar is indien die reviseur daarna wil verwys “[when] a passage seems suspicious”. In ’n ander artikel gebruik Brunette (2000:172) die term *fresh look* vir hierdie metode: Sy stem saam met Mossop (2014:159) dat die reviseur na die bronsteks kan terugverwys, hoewel “under rare circumstances”, en weerspieël Graham (1983:103–104) en Newmark (1991a:105) se mening dat die vertaling as ’n onafhanklike teks gesien moet word. Die Spaanse afdeling van die DGT se revisiehandleiding (Europese Kommissie 2010:6) noem vergelykende revisie *thorough revision* en Brunette (2000) se *fresh look* noem hulle *cross-reading*. Hulle beskou dit nie as revisie wanneer die doelteks gelees word sonder om na die bronsteks te verwys nie (*a mere reading-through*), en ook nie wanneer daar slegs ’n gedeeltelike kwaliteitkontrole gedoen word nie (*spot-checking*) (Europese Kommissie 2010:7).

Die Afrikaanse term ‘eentalige revisie’ word voortaan gebruik om te verwys na die revisiemetode waartydens die doelteks nagegaan word en reviseurs slegs na die bronsteks verwys wanneer iets in die doelteks hulle vreemd opval. ’n Voordeel van eentalige revisie is dat die reviseur die vertaling uit die doeltekssleser se oogpunt kan benader (Brunette 2000:172; Mossop 2014:167) sonder die sterk invloed van die bronsteks. Dit stel die reviseur in staat om te bepaal of die vertaling slaag as ’n onafhanklike teks. Volgens Mossop (2014:159) kan eentalige revisie doeltreffend wees, en opnames onder vertaalagentskappe in België (Robert 2008:9–12) en Denemarke (Rasmussen & Schjoldager 2011:104–105) het getoon dat hierdie metode wel in die praktyk gebruik word. Rasmussen en Schjoldager (2011:104) se opname wys dat eentalige revisie gedoen word omdat daar te min tyd en hulpbronne is terwyl die werksdruk steeds hoog is. In ooreenstemming met hierdie bevinding, het al vyf akademiese vertaalkantore in Suid-Afrika aangedui dat eentalige revisie in plaas van vergelykende revisie gedoen word wanneer daar tydsdruk is (in die opname onder vertaalkantore wat in hoofstuk 4 beskryf word). Daarenteen het vier privaat vertaalkantore aangedui dat daar altyd ’n vergelykende revisie gedoen word, aangesien die kliënt ekstra vir hierdie diens betaal.

Die tweede revisiemetode wat Newmark noem, naamlik “the meticulous comparison of the version with its original” (1991b:105) word oor die algemeen *comparative revision* of vergelykende revisie genoem, hoewel Brunette et al. (2005) ook die term *bilingual revision* gebruik. Die definisie van revisie in Delisle et al. se *Translation terminology* (1999:175) bepaal dat ’n vergelykende revisie noodwendig gedoen moet word. Slegs een uit die vyf kwaliteitstandarde wat in hierdie proefskrif bespreek word, naamlik die Kanadese CAN/CGSB 131.10 (2008:7), is nie voorskriftelik oor die revisiemetode nie. Die ander standarde spesifiseer dat die doelteks met die bronsteks vergelyk moet word (EN 2006:11; ISO 2015:10–11; ISO/TS 2012:26) en die Amerikaanse ASTM F2575 (2014:10) skryf selfs die volgorde voor: “[Revision] involves a two-step process. First, the [reviser] shall

compare the target text to the source text [...] Second, the [reviser] shall read the target text in its entirety [...] and referring back to the source text only when necessary”.

Hierdie volgorde (eers 'n vergelykende revisie, daarna 'n eentalige revisie = VE-metode)<sup>35</sup> was die gewildste in die Robert-opname (2008:11) en word ook aanbeveel deur Horguelin en Brunette (1998:39, in Künzli 2014:11). Daarenteen was die EV-metode (eers 'n eentalige revisie, daarna 'n vergelykende revisie = EV) die voorkeurmetode in Rasmussen en Schjoldager se opname (2011:105) en dit word deur Hine (2003:139) en Mossop (2014:167) aanbeveel. In die empiriese studie wat in hoofstuk 5 beskryf word, was die EV-metode (eentalig + vergelykend) die metode wat deur die meeste reviseurs gevolg is (40%), gevolg deur die VE-metode (vergelykend + eentalig) met 33.3%, en 26.7% van die 30 reviseurs het slegs 'n vergelykende revisie, sonder 'n eentalige revisie, gedoen.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat reviseurs nie van óf die een óf die ander metode gebruik maak nie, maar dat hulle van verskillende metodes gebruik maak na gelang van faktore soos hulle eie voorkeure, of hulle die vertaler ken, en die soort teks wat nagegaan moet word (Robert 2008:9–12). Mossop sluit hierby aan en noem nog moontlike faktore in die keuse van 'n revisiemetode: “[P]eople’s revision habits may well differ markedly with such factors as text length, text familiarity, direction of translation (from or to the mother tongue), and quality of writing of the source text” (2007a:16). Die twee kriteria wat reviseurs in Suid-Afrika (kyk hoofstuk 5) pertinent genoem het as faktore wat hulle besluit oor die gesikte revisiemetode beïnvloed, is hoeveel tyd tot hulle beskikking is, en of die betrokke dokument lank of kort is. Dit blyk dat wanneer die dokument lank is en/of daar tydsdruk is, reviseurs verkies om dadelik 'n vergelykende revisie te doen.

Robert (2012; 2013) en Robert en Van Waes (2014) rapporteer oor die doeltreffendheid van vier revisiemetodes, naamlik:

- 'n eentalige revisie (E-metode);
- 'n vergelykende revisie (V-metode);
- die kombinasie van 'n vergelykende revisie gevvolg deur 'n eentalige revisie (VE-metode); en
- die kombinasie van 'n eentalige revisie gevvolg deur 'n vergelykende revisie (EV-metode).

Daar is bevind dat by volledige revisie waar al die revisieparameters nagegaan is (akkuraatheid, linguistiese kode en funksionele aanpassing), die E-metode aansienlik minder doeltreffend as die ander drie metodes was. Aangesien daar geen beduidende statistiese verskil tussen die V-, VE- en EV-metode was nie, lyk dit asof 'n tweede herlees geen invloed op die kwaliteit van die revisieproduk het nie. Dit weerspreek aanbevelings in die literatuur dat revisie uit twee stappe behoort te bestaan.

---

<sup>35</sup> Die volgende simbole word in hierdie proefskrif gebruik: E = eentalige revisie; V = vergelykende revisie; EV = eentalige revisie, gevvolg deur 'n vergelykende revisie; VE = vergelykende revisie, gevvolg deur 'n eentalige revisie.

(Robert 2012:258) Daar is ook geen beduidende statistiese verskil tussen die doeltreffendheid van die VE- en die EV-metode gevind nie, met ander woorde die volgorde waarin reviseurs hierdie stappe uitvoer, is nie belangrik nie (Robert & Van Waes 2014:317).

Die resultate oor die tyd wat elkeen van die vier metodes in beslag neem, is volgens Robert (2012:259) verstommend: Daar is nie 'n beduidende verskil tussen 'n eentalige revisie (E-metode) en 'n vergelykende revisie (V-metode) nie. Die persepsie dat die E-metode eerder as die V-metode gevolg moet word om tyd te bespaar, is dus weerlê, veral as daar in ag geneem word dat die V-metode veel doeltreffender is.

Daar is wel beduidende verskille tussen die E-metode teenoor die VE- en die EV-metode gevind: 'n Eentalige revisie (E-metode) neem inderdaad minder tyd in beslag as die twee metodes wat elk uit twee fases bestaan (Robert 2012:259). Reviseurs behoort daarop bedag te wees dat die VE- en EV-metode heelwat doeltreffender is as die E-metode (Robert & Van Waes 2014:317) en dat een van hierdie metodes dus 'n beter opsie sal wees as die akkuraatheid van die vertaling 'n belangrike aspek is wat nagegaan moet word, byvoorbeeld as die vertaler nie so ervare is nie of as die reviseur nie die vertaler ken nie. Nog 'n merkwaardige bevinding wat die tyd-faktor betref, is dat die verskil tussen metode V en VE enersyds, en tussen metode V en EV andersyds, nie beduidend is nie. Met ander woorde, 'n vergelykende revisie (V-metode) neem nie beduidend meer tyd in beslag as 'n vergelykende revisie wat deur 'n eentalige lees voorafgegaan (EV-metode) of gevolg (VE-metode) word nie. (Robert 2012:259)

Robert (2012:260) beveel die onderstaande aan indien 'n reviseur 'n volledige revisie moet doen en tussen verskeie metodes moet kies:

- Metode V is verkiekslik bô metode E, aangesien metode V aansienlik doeltreffender as metode E is sonder om beduidend meer tyd in beslag te neem.
- Wat betref metode V, VE en EV staan dit die reviseur vry om óf die een óf die ander metode te volg, aangesien daar geen beduidende verskil waargeneem is nie – nóg wat kwaliteit nóg wat tydsuur betref.

Ipsen en Dam (2016) het die vergelykende revisiemetode (V-metode) van nader beskou in 'n empiriese studie waar nege reviseurs (hoofsaaklik studente) die Deense vertaling van 'n selfoonverskaffer se Spaanse advertensie nagegaan het. Hulle het bevind dat die volgorde waarin die bronsteks en doelteks in die vergelykende revisie gelees word wel 'n verskil maak aan die aantal foute wat die reviseur raaksien: Die reviseurs wat die beste gevaar het (vyf uit die nege) het met die doelteks begin werk, terwyl diegene wat swakker gevaar het (vier uit die nege), met die bronsteks begin het (Ipsen & Dam 2016:154). Die drie beste reviseurs het dieselfde metode gevolg, te wete 'n gedeeltelike

vergelyking (met verwysing na die bronteks wanneer hulle twyfel), gevvolg deur 'n volle eentalige revisie. Die vierde beste reviseur het 'n volle vergelykende revisie gedoen (deur die doelteks eerste te lees en dit dan met die bronteks te vergelyk), gevvolg deur 'n eentalige revisie (Ipsen & Dam 2016:152–153).

Die medium waarop reviseurs werk, met ander woorde op die rekenaar of op papier, word ook as deel van die revisieprocedure beskryf. Daar is verskeie standpunte oor die voor- en nadele van die twee opsies, asook persoonlike voorkeure vir die gebruik van óf papier óf die rekenaar. Heelwat empiriese navorsing onder redigeerders is in die 1980's en 1990's gepubliseer: Kyk byvoorbeeld die opsomming van 12 sodanige publikasies in Dayton (2003:194–195) asook Wharton-Michael (2008) se oorsig oor empiriese studies waarin die invloed van die medium op die redigeerproduk ondersoek is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat tegnologie sedert daardie dekades met rasse skrede ontwikkel het, en dat meer onlangse studies geraadpleeg behoort te word aangesien dit die huidige situasie weerspieël (Eyman & Reilly 2006:103). Dayton (2003) beskryf die opname wat hy onder lede van die internasionale Society for Technical Communication gemaak het en waaraan 444 lede met redigering as deel van hulle dagtaak deelgeneem het. Volgens hierdie opname het die meerderheid respondentे gewoonlik op gedrukte kopie geredigeer (54%), terwyl 46% gewoonlik 'n prosedure gevvolg het wat 'n kombinasie is van redigering op papier en redigering op die rekenaar (Dayton 2003:198). Dit bevestig Sellen en Harper (2002:202) se praktiese ervaring wat hulle in hulle boek *The myth of the paperless office* deel, naamlik: “[P]eople tend to turn to the computer when they need flexible tools for a writing task and turn to paper when they need flexible support for a reading task. Very often, they use both together when doing combined reading and writing tasks”.

Reviseurs se werk is 'n uitstekende voorbeeld van 'n kombinasie van lees- en skryfaktiwiteite. In 'n opname onder Belgiese vertaalkantore, het die 21 respondentе aangedui dat hulle verskeie revisieprosedures gebruik, met die gevvolg dat daar 59 beskrywings van prosedures gerapporteer is (Robert 2008:15–18). Van hierdie 59 beskrywings is ongeveer 68% net op die rekenaar uitgevoer, terwyl 32% 'n kombinasie van die gebruik van papier en die rekenaar aangedui het (Robert 2008:18). In slegs 8% van laasgenoemde is alle handelinge (lees én skryf) op papier uitgevoer, waarná die veranderinge op die rekenaar oorgedra is (Robert 2008:18). 'n Opname onder literêre reviseurs in die Italiaanse uitgewerswese het min of meer soortgelyke resultate getoon: Van die 25 respondentе het 64% hulle lees- en revisiewerk slegs of hoofsaaklik op die rekenaar gedoen, terwyl 36% 'n kombinasie van papier en rekenaar gebruik het (Scocchera 2017:14). Die persentasie waar die meeste handelinge op papier uitgevoer is, waarná die veranderinge net na die rekenaar oorgedra word, was ietwat hoër as Robert s'n, naamlik 16% (Scocchera 2017:14). Van die 30 reviseurs wat aan die empiriese studie vir hierdie proefskrif deelgeneem het (kyk hoofstuk 5), het 17 (56.7%) net op die

rekenaar gewerk, en 13 (43.3%) het 'n gekombineerde werksmetode gevvolg. Van hierdie 13 reviseurs het 9 (69.2%) eers die veranderinge op papier aangebring, waarna hulle dit na die rekenaar oorgedra het, terwyl die ander 4 reviseurs (30.8%) die bronteks en/of doelteks op papier gelees het, maar die veranderinge direk op die rekenaar aangebring het.

Daar is verskeie redes waarom reviseurs en redigeerders kies om op die rekenaar en/of gedrukte kopie te werk. Die grootste nadeel van 'n rekenaar is dat dit moeiliker is om teks op die skerm te lees as op papier en dat dit dus oogstremming veroorsaak (Bisaillon 2007:86; Dayton 2003:193, 200). Akkuraatheid kan hierdeur aangetas word en dit is al in verskeie empiriese studies bewys dat redigering op die rekenaarskerm nie so doeltreffend is as op papier nie, aangesien daar meer foute op die skerm oorgesien word as op papier (Bisaillon 2007:86; Dayton 2003:200; Wharton-Michael 2008:38). Die medium waarop daar gewerk word, kan na bewering ook die aard of vlak van die redigering beïnvloed. In studies oor (self)revisie as deel van die skryfproses, is bevind dat die betrokke studente wat op die rekenaar gewerk het, 'n oppervlakkige revisie ten koste van 'n "substantive revision" gedoen het (Eyman & Reilly 2006:103). Om betekenisfoute raak te sien, vereis volgens Bisaillon (2007:89) "a more attentive type of reading than is involved in flagging surface errors" en hierdie soort leeswerk kan doeltreffender op papier gedoen word.

'n Voordeel van redigering en revisie op die rekenaar is dat dit tyd bespaar in dié sin dat veranderinge wat eers op papier aangebring is, nie na die rekenaar oorgedra hoef te word nie. Dit kan ook tyd bespaar om 'n soektog na moontlik herhalende foute te doen (MS Word se "find and replace"-funksie), veral in lang dokumente (Bisaillon 2007:89). Sodanige soektogene kan dan ook tot konsekwentheid bydra. Wharton-Michael (2008:37) waarsku egter dat talle studies aangetoon het dat redigering op 'n rekenaarskerm langer neem as op papier, moontlik omdat die teks beter sigbaar is op gedrukte kopie as op die skerm.

Sommige meen 'n mens kry 'n beter oorsig oor die hele dokument wanneer dit op papier is (Dayton 2003:200), aangesien slegs 'n gedeelte van die bladsy op 'n rekenaarskerm vertoon word (Bisaillon 2007:89; Eyman & Reilly 2006:104). 'n Goeie manier om dus holisties na die verbande tussen die hoofdele van 'n dokument te kyk, is om die dokument op papier te lees (Eyman & Reilly 2006:104). Dayton (2003:199) wys daarop dat vier uit vyf respondentte in sy studie 'n skerm gebruik wat 17 duim of groter was, en deesdae is die deursneeskerms nog groter. Vyf van die dertig reviseurs in hierdie proefskrif se empiriese studie het pertinent genoem dat hulle óf 'n "baie groot" skerm het, óf twee rekenaarskerms op een slag gebruik: een vir die bronteks en een vir die doelteks. Na aanleiding hiervan en die toenemende gebruik van rekenaars vir revisie soos bewys in opnames deur Robert (2008), Scocchera (2017) en hierdie proefskrif se empiriese studie, blyk dit dat reviseurs die nodige tegnologiese hulpbronne bekom om hulle werk doeltreffend te verrig.

Die 30 reviseurs wat aan die empiriese studie vir dié proefskrif deelgeneem het, gebruik die onderstaande kriteria om te besluit of hulle slegs op die rekenaarskerm of ook op papier gaan werk:

- Wanneer die teks kort is, plaas vyf reviseurs die bron- en doelteks langs mekaar op die skerm en werk dus sonder papier.
- Wanneer die teks kort is, druk vier reviseurs die bronteks en bring die veranderinge aan die doelteks direk op die skerm aan.
- Reviseurs wat slegs op die skerm werk, doen dit omdat die fokusverskuiwing van papier na skerm steurend is, om die herhaling van prosesse te voorkom, sowel as wanneer die tyd beperk is.
- Twee reviseurs het genoem dat soektogte na foute makliker is op die rekenaar as op papier en dat dit konsekwentheid in die hand werk.
- Volgens vyf reviseurs sien hulle foute makliker op papier as op die skerm.
- Sommige reviseurs werk op papier wanneer die teks “moeilik” of “uitdagend” is met baie foute, of wanneer die kliënt dit pertinent versoek.
- Twee reviseurs het genoem dat hulle net op die skerm werk, “want dit spaar bome”.

Revisieparameters, met ander woorde die aspekte wat in ’n teks nagegaan kan word, is in afdeling 3.5 bespreek. Hóé daardie aspekte nagegaan word, is in afdeling 3.6 onder revisieprosedures bespreek. In die volgende afdeling word beginsels bespreek wat revisie onderlê.

### **3.7 Revisiebeginsels**

Daar word veral in revisiehandboeke (soos Mossop 2014) en revisiegids (soos dié van die Europese Kommissie 2010) praktiese raad oor revisie gegee wat dikwels onder die opskrif “revisiebeginsels” verskyn. Künzli (2014:11) wys egter daarop dat nie al hierdie raad werklik beginsels is nie, en dat sommige eerder as revisieparameters geklassifiseer behoort te word, soos Mossop (2007b:182) se raad (sy beginsel 11) dat numerering deel is van die boodskap en dus ook nagegaan moet word. Mossop (2007b:182; 2014:205) stel ook voor watter revisiemetode om te gebruik as die revisieur min tyd het en groepeer dit onder sy revisiebeginsels (nommer 6).

’n Beginsel word in hierdie proefskrif gesien as ’n beskouing wat iemand se gedrag rig, daarom word Mossop (2014:206) se sogenaamde “filosofie van revisie” by die revisiebeginsels in tabel 3.9 ingesluit. Mossop (2014:206) se filosofie van revisie lui soos volg: “1. Revision is an exercise in reading, not writing. 2. It is an exercise in spotting significant mistakes.” Die beginsels in hierdie tabel is ’n samevatting en aanpassing van verskeie outeurs se menings sodat dit in ’n akademiese vertaalkantoor toegepas kan word. ’n Voorbeeld van so ’n aanpassing is beginsel nommer 13 in die DGT se revisiegids (Europese Kommissie 2010) waarvolgens vertalers die finale

verantwoordelikheid vir vertalings het (d.w.s. hulle aanvaar of verwerp reviseurs se veranderinge), en reviseurs se rol word as aanvullend tot dié van vertalers gesien. Die teendeel is waar in akademiese vertaalkantore waar vryskutvertalers se werk nagegaan word en waar die finale verantwoordelikheid vir vertalings eerder by reviseurs berus (beginsel D3 in tabel 3.9). Nog 'n aanpassing wat gemaak is, is om nie net beginsels in te sluit wat slegs op reviseurs van toepassing is nie, maar ook beginsels wat die verhouding en die samewerking tussen reviseurs en vertalers beklemtoon. Die outeurs wie se revisiebeginsels in tabel 3.9 opgesom en vir akademiese vertaalkantore aangepas is, is Horguelin en Brunette (1998, in Robert 2012:50–54), Martin (2007), Prioux en Rochard (2007), Hansen (2008), die DGT se revisiegids (Europese Kommissie 2010:8), en Mossop (2014:170–173, 205–206).

**Tabel 3.9: Revisiebeginsels vir akademiese vertaalkantore**

<b>A1</b>	<b>Revisie moet kostedoeltreffend wees.</b>
<b>A2</b>	Die graad van revisie word bepaal deur die belangrikheid van die teks, die betroubaarheid van die vertaler, en die vereistes in die projekspesifikasie.
<b>A3</b>	'n Duidelik ontoereikende vertaling moet eerder oorvertaal as nagegaan word.
<b>B1</b>	<b>Revisie is 'n leesaktiwiteit, nie 'n skryfaktiwiteit nie.</b>
<b>B2</b>	Die hoofdoel van revisie is om te kontroleer of die vertaling aan die vereistes in die projekspesifikasie voldoen, en om al die foute reg te stel.
<b>B3</b>	Moenie vra of 'n sin verbeter kán word nie, maar of dit regtig nodig is om dit te verbeter.
<b>B4</b>	Revisie is 'n geleentheid om die vertaling vanuit die oogpunt van die bedoelde leser te lees, m.a.w. iemand wat die vertaling vir die eerste keer lees.
<b>C1</b>	<b>Reviseurs en vertalers moet mekaar se werk respekteer.</b>
<b>C2</b>	Maak net die nodigste veranderinge, byvoorbeeld wanneer jy die vertaling verstaan slegs nadat jy die bronsteks geraadpleeg het.
<b>C3</b>	Wanneer jy so min moontlik veranderinge aanbring, beperk jy jou eie foute.
<b>C4</b>	Moenie jou eie vertaalbenadering of taalkundige hebbelikhede op ander afdwing nie.
<b>C5</b>	Wanneer jy 'n verandering aanbring, moet jy dit kan regverdig.
<b>D1</b>	<b>Kommunikasie en samewerking tussen reviseurs en vertalers dra by tot die kwaliteit van die vertaalproduk.</b>
<b>D2</b>	Revisie is 'n groei- en leergeleentheid vir sowel reviseurs as vertalers.
<b>D3</b>	Die finale verantwoordelikheid vir vertalings berus by die reviseur ná behoorlike oorlegpleging met die vertaler, indien moontlik.

Die vier hoofbeginsels wat in tabel 3.9 uiteengesit word, is

- A1 – revisie moet kostedoeltreffend wees (Horguelin & Brunette 1998, in Robert 2012:50–54);
- B1 – revisie is ’n leesaktiwiteit, nie ’n skryfaktiwiteit nie (Martin 2007:57–58; Mossop 2014:2016);
- C1 – reviseurs en vertalers moet mekaar se werk respekteer (Prioux & Rochard 2007:39); en
- D1 – kommunikasie en samewerking tussen reviseurs en vertalers dra by tot die kwaliteit van die vertaalproduk (Horguelin & Brunette 1998; Martin 2007:61; Prioux & Rochard 2007:39).

Menige vertaalkantoor het beperkte hulpbronne, daarom moet revisie ’n kostedoeltreffende metode wees om kwaliteit te verseker (revisiebeginsel A1). Een manier om dit te doen, is om die kwaliteitvlak te bepaal wat voldoende sal wees, en om nie onnodige hulpbronne aan hoër kwaliteit af te staan nie. Die graad van revisie kan op grond van verskeie faktore bepaal word, byvoorbeeld deur die belangrikheid van die teks (Europese Kommissie 2010:8), deur ’n kombinasie van die belangrikheid van die teks en die betroubaarheid van die vertaler (Prioux & Rochard 2007), of deur enige faktore wat in die projekspesifikasie vir die betrokke vertaalprojek uiteengesit is (ISO/TS 2012). ’n Kombinasie van hierdie drie faktore kan volgens revisiebeginsel A2 in akademiese vertaalkantore aangewend word om die gepaste graad van revisie te bepaal.

Volgens Gouadec (2007:78) moet ’n konsepvertaling van sodanige kwaliteit wees dat dit die moeite werd is om dit na te gaan, want “too many corrections in a text may be confusing and chaotic”. Beginsel A3 lui dus dat reviseurs reeds vroeg in die proses moet besluit of ’n konsepvertaling geskik is vir revisie, en of daar soveel foute is dat dit eerder oorvertaal as nagegaan moet word (Europese Kommissie 2010:8; Horguelin & Brunette 1998; Mossop 2014:205).

Revisiebeginsel B1 verklaar revisie as ’n leesaktiwiteit, en nie ’n skryfaktiwiteit nie (Martin 2007:57–58; Mossop 2014:206). Beginsel B2 verduidelik verder dat die hoofdoel van revisie is om te kontroleer of die vertaling aan die vereistes in die projekspesifikasie voldoen, en om foute reg te stel (Martin 2007:58; Mossop 2014:206). Om dit reg te kry, gee Mossop (2014:170–171) die praktiese raad dat reviseurs nie moet vra of ’n sin verbeter kán word nie, maar eerder of dit regtig nodig is om dit te verbeter (beginsel B3). Revisie is juis, volgens beginsel B4, ’n geleentheid om die vertaling vanuit die oogpunt van die bedoelde leser te lees (Künzli 2006a:13; Mossop 2014:205). Volgens Graham (1983:102) is die reviseur beter toegerus as die vertaler om die moontlike invloed van die vertaling op die leser te bepaal, aangesien die reviseur nie deur die bronsteks beïnvloed is nie. Dit is belangrik vir reviseurs in akademiese vertaalkantore om die vereistes in die betrokke projekspesifikasie na te kom, aangesien dit die ooreenkoms is wat tussen die kliënt en die

vertaalkantoor aangegaan is. Mossop (2014:205) se beginsel 14, “[i]n the final analysis, give preference to the reader’s needs over the client’s demands”, moet dus huis nie deur reviseurs in akademiese vertaalkantore toegepas word nie. Reviseurs behoort eerder toe te sien dat daar voldoende kommunikasie met die kliënt geskied sodat daar genoegsame inligting oor die teikenlesers en oor die doel van die vertaling in die projekspesifikasie beskryf word.

Dit is baie belangrik dat reviseurs en vertalers mekaar se werk moet respekteer (beginsel C1) (Horguelin & Brunette 1998, in Robert 2012:58). Reviseurs kan dit doen deur so min moontlik aan die konsepvertaling te verander (Prioux & Rochard 2007:38), byvoorbeeld wanneer hulle die vertaling verstaan slegs nadat hulle die bronteks geraadpleeg het (Europese Kommissie 2010:8; Mossop 2014:205), of nadat hulle die sin in die doelteks twee keer moes lees (Graham 1983:102). As reviseurs nie hierdie revisiebeginsel (C2) volg nie, bring hulle onnodige veranderinge aan wat nie net die vertaler frustreer nie (Hansen 2008:261), maar wat ook tyd mors en die kostedoeltreffendheid van die revisie in gedrang stel. Die aanbring van onnodige veranderinge is so ’n groot probleem in revisie dat beginsel C3, C4, en in ’n mate ook beginsel C5, daarop fokus. Revisiebeginsel C3 stel dit dat reviseurs hulle eie foute beperk deur uit die staanspoor so min moontlik veranderinge aan te bring (Mossop 2014:205). Reviseurs word deurgaans in die revisieliteratuur gewaarsku – byvoorbeeld deur die DGT se Spaanse afdeling (Europese Kommissie 2010:8), Hansen (2008:261), en Mossop (2014:205) – om nie hulle eie vertaalbenadering of taalkundige hebbelikhede op vertalers af te dwing nie (beginsel C4). Künzli (2007a) verwys na die revisor se lojaliteit teenoor die vertaler: “One of the most important aspects of the reviser’s loyalty to the translator is the obligation to respect the translator’s individual choices as long as they are compatible with the required function of the translation”. Beginsel C5 is ’n verdere motivering vir reviseurs om net die nodigste veranderinge aan te bring, aangesien hulle genoop word om elke verandering wat hulle aanbring, te regverdig (Europese Kommissie 2010:8; Hansen 2008:261; Mossop 2014:205; Nord 2005:181). Hierdie beginsel word egter in die praktyk dikwels nie toegepas nie, veral waar die tyd só beperk is dat die revisor die vertaling finaliseer en aan die kliënt stuur voordat die vertaler geraadpleeg kon word.

Daar is in empiriese studies bevind dat reviseurs oor die algemeen daarvan bewus is dat hulle nie onnodige veranderinge moet aanbring nie, maar dat hulle dit nie noodwendig regkry nie (Künzli 2006a:14; Robert et al. 2018:17–18). In die empiriese studie wat in hoofstuk 5 beskryf word, het verskeie reviseurs pertinent genoem hoe moeilik dit vir hulle is om nie hulle eie taalkundige hebbelikhede af te dwing nie (beginsel C4). Graham (1983:104) se beskrywing van die invloed van onnodige veranderinge is hier van toepassing:

As is true of all creative pursuits, the time arrives when the artist has to say ‘this far and no further’. Where the individual constantly reviews, revises, reappraises, refines, corrects, and improves his text, the dangers of ‘killing by kindness’ are high. In German translation circles, the term used is ‘Verschlommmbessern’ which means ‘improve to death’. The dangers of overrevision, of editorial overkill, should never be underestimated.

Horguelin en Brunette (1998, in Künzli 2014:12) beklemtoon die verhouding tussen reviseurs en vertalers. Kommunikasie en samewerking tussen hierdie rolspelers in die vertaalproses dra by tot die kwaliteit van die vertaalproduk (revisiebeginsel D1). Daarom is dit baie belangrik dat die reviseur moet weet wie die konsepvertaling geskep het (Künzli 2006b:209, 2007a). Wanneer daar ’n verhouding tussen die reviseur en vertaler is, leer hulle mekaar ken en kan die reviseur antisipeer op watter revisieparameters hy of sy moet fokus, veral onder tydsdruk (Künzli 2007b:123; Mossop 2014:154). Die DGT (Europese Kommissie 2010:8) beskou revisie as ’n groeigeleentheid vir sowel reviseurs as vertalers, aangesien taalpraktisyns heelwat by mekaar kan leer (beginsel D2). Beginsel D3 hang af van die situasie in die betrokke vertaalkantoor: Die finale verantwoordelikheid vir ’n vertaling berus by die reviseur, maar hierdie beginsel verwys ook na oorlegpleging met die vertaler wat terugvoer insluit. Martin (2007:62) meen die werklike bydrae van revisie tot kwaliteitverzekering is die terugvoer wat aan die vertaler gegee word sodat soortgelyke foute in toekomstige vertalings uit die staanspoor voorkom kan word: “[Revision’s] real strength and investment value is as a feedback tool that allows its results to be channelled back into the whole cycle of translation production in order to eliminate or reduce problems at source”. Hierdie stelling weerspieël die vertaalbedryf se siening van die vertaalproses as verskeie stappe deur verskillende rolspelers (kyk afdeling 2.3.2 en 4.2), en dat elke rolspeler tot die kwaliteitverzekering van die vertaalproduk kan bydra. In die volgende afdeling oor revisievermoë word terugvoer aan die vertaler as een van die interpersoonlike vaardighede van ’n reviseur beskryf.


### **3.8 Revisievermoë**

Daar is slegs enkele empiriese studies waar revisievermoë ondersoek is (bv. Hansen 2008; Robert, Remael et al. 2017) teenoor die uitgebreide literatuur en empiriese ondersoeke oor vertaalvermoë. ’n Oorsig van literatuur oor vertaalvermoë en vertaalvermoëmodelle word gegee in byvoorbeeld Hurtado Albir (2010), Koby en Melby (2013), Van Rensburg (2014), en Robert, Remael et al. (2017). Vertaalvermoë kan beskryf word as “the ability of an individual to use multiple translation-relevant cognitive resources to perform a translation task” (Shreve 2006, in Hurtado Albir 2010:57). Hierdie kognitiewe hulpbronne word in vertaalvermoëmodelle opgedeel in verklarende kennis (*declarative knowledge*) (om te weet wát) en in prosedurekennis (*procedural knowledge*) (om te weet hóé)

(Hurtado Albir 2010:55). Vertaalvermoëmodelle soos die PACTE-model,<sup>36</sup> die TransComp-model,<sup>37</sup> en die EMT-model<sup>38</sup> deel vertaalvermoë (*translation competence*) verder op in verskeie vaardighede (*subcompetences*) wat gedurende die vertaalproses in wisselwerking is met mekaar (Van Rensburg 2014:558–566). ’n Revisievermoëmodel is onlangs op grond van hierdie drie vertaalvermoëmodelle deur Robert, Remael et al. (2017) gekonseptualiseer.

### 3.8.1 Robert, Remael en Ureel (2017) se revisievermoëmodel

Volgens hierdie outeurs behels revisievermoë alle kennis, insigte, vaardighede en ingesteldhede wat tot die suksesvolle afhandeling van ’n revisietakaan bydra (Robert, Remael et al. 2017:4). Die revisievermoëmodel bestaan uit nege vaardighede en drie faktore wat die aanwending van al die vaardighede beïnvloed (Robert et al. 2018:3). Die nege vaardighede word in figuur 3.1 met lyntjies met mekaar verbind, terwyl die drie faktore heel onder geposisioneer is om aan te dui dat dié faktore die model begrond.



**Figuur 3.1 Robert, Remael en Ureel (2017) se revisievermoëmodel<sup>39</sup>**

<sup>36</sup> “PACTE (Process in the Acquisition of Translation Competence and Evaluation) is ’n navorsingsgroep aan die Otonome Universiteit van Barcelona” (Van Rensburg 2014:559). Die hoofnavorser is tans Amparo Hurtado Albir (PACTE 2016).

<sup>37</sup> “Die TransComp-projek by die Universiteit van Graz is een van slegs enkele longitudinale empiriese studies oor vertaalvermoë” (Van Rensburg 2014:561). Susanne Göpferich was die hoofnavorser voordat sy in 2017 oorlede is (Universiteit van JLU Giessen 2017).

<sup>38</sup> Die afkorting EMT staan vir die graad European Master’s in Translation. Die EMT-groep het ’n vertaalvermoëmodel ontwerp om die kwaliteit van vertaalopleiding in die Europese Unie te verbeter (Van Rensburg 2014:563–564). Kyk byvoorbeeld Scarpa en Orlando (2017) wat die EMT-model virregsvertaling aangepas het.

<sup>39</sup> Hierdie weergawe van die model is gebaseer op die twee figure in Robert, Remael et al. (2017:13) en Robert, Rigouts Terry et al. (2017:298) wat effens van mekaar verskil.

Die nege vaardighede en drie faktore in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel word vervolgens bespreek.

### **3.8.1.1 Tweetaligheidsvaardigheid**

Die tweetaligheidsvaardigheid vir revisie is uit PACTE (2003:58) oorgeneem en behels “[h]oofsaaklik prosEDUREkennis wat vereis word om in twee tale te kommunikeer. Dit bestaan uit pragmatiese, sosiolinguistiese, tekstuele, grammatale en leksikale kennis” (Van Rensburg 2014:560). Pragmatiese kennis van die kommunikatiewe konvensies in ’n bepaalde omgewing is nodig om doeltreffend in daardie situasie te kommunikeer. Sosiolinguistiese kennis sluit in kennis oor byvoorbeeld die gepaste register en dialek in die betrokke omgewing. Tekstuele kennis verwys na konvensies wat betref die genre van die teks asook tekstuele aspekte soos kohesie en koherensie. Grammatikale en leksikale kennis behels kennis oor die woordeskatalogus, morfologie, en sintaksis van sowel die bron- as die doelstaal. (PACTE 2003:58)

### **3.8.1.2 Ekstralinguistiese vaardigheid**

Die ekstralinguistiese vaardigheid (*extralinguistic subcompetence*) vir revisie is uit PACTE (2003:58–59) oorgeneem en bestaan uit “[h]oofsaaklik [...] verklarende kennis, implisiet en eksplisiet, oor die wêreld in die algemeen, kennis van die bron- en doelkultuur, en kennis van die spesifieke vakgebied” (Van Rensburg 2014:560).

### **3.8.1.3 Hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid**

Hoewel die *tools and research subcompetence* uit die TransComp-model (Göpferich 2009:21) oorgeneem is, stem dit ook ooreen met PACTE (2008:106) se instrumentele vaardigheid. Die hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid behels die vermoë (dus prosEDUREkennis) om gedrukte en tegnologiese hulpmiddele vir vertaling en revisie te gebruik, soos “woordeboeke, ensiklopedieë, grammataleboeke, stylgidse, parallelle tekste, elektroniese korpora en soekenjins” (Van Rensburg 2014:561). Verdere tegnologie wat toenemend deur vertalers en reviseurs gebruik word, is vertaalgeheue- en masjienvertalingprogramme (kyk afdeling 3.3.3).

In Robert, Remael et al. (2017:13) se revisievermoëmodel, word Göpferich (2009:21–22) se psigomotoriese vaardigheid (*psychomotor subcompetence*) ook by die hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid ingesluit. Van Rensburg (2014:562) verduidelik die psigomotoriese vaardigheid soos volg:

[D]it behels die psigomotoriese vermoëns wat vir lees en skryf met elektroniese hulpmiddele vereis word. Hoe beter hierdie vaardigheid ontwikkel is, hoe minder kognitiewe kapasiteit word daarvoor vereis en hoe meer kapasiteit is vir ander kognitiewe take beskikbaar. As vertalers byvoorbeeld baie goed rekenaarvaardig is, hoef hulle nie soveel aandag aan daardie spesifieke aksies te skenk nie en het hulle meer kognitiewe kapasiteit beskikbaar om aan vertaalprobleme te spandeer.

Die hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid van reviseurs teenoor dié van vertalers is in 'n empiriese loodsstudie deur Robert, Rigouts Terryn et al. (2017) ondersoek. Die deelnemers was 21 studente in taalverwante meestersprogramme wat die konsepvertalings van vier persvrystellings nagegaan het. 'n Voortoets-natoets-navorsingsontwerp is gebruik: Twaalf studente (wat almal 'n meestersprogram in vertaling gevolg het) was deel van die eksperimentele groep en is getoets vóór en ná hulle 'n kursus in revisie en redigering bygewoon het; nege studente was deel van die kontrolegroep en het aan die voortoets en natoets deelgeneem sonder om enige kursus in revisie of redigering by te woon. Al die studente se eerste taal was Nederlands, maar verskeie ander tale was ook deel van die eksperiment, aangesien hulle tussen Engelse, Franse of Duitse tekste kon kies. Produkdata is bekom deurdat die deelnemers twee revisietake in die voortoets en twee in die natoets voltooi het. Prosesdata is ingewin met die "keystroke logging software program" Inputlog (Leijten & Van Waes 2013, in Robert, Rigouts Terryn et al. 2017:299–300). Reviseurs se aksies in MS Word, op die internet, en in elektroniese woordeboeke is deur die Inputlog-program nagespoor (*tracked*) en aangeteken (*logged*) (Rigouts Terryn, Robert, Ureel, Remael & Hanoullie 2017:25).

Dié outeurs het meesterstudente in vertaling as reviseurs beskou, teenoor meesterstudente in linguistiek as vertalers (Robert, Rigouts Terryn et al. 2017:300), dus kan hulle bevindinge nie veralgemeen en op die vertaalpraktyk toegepas word nie. Die hulpmiddele wat die meeste deur al die deelnemers gebruik is, was eerstens die soekenjins Google Search en/of Bing, en tweedens die Van Dale-woordeboek wat die standaard- vertalende woordeboek vir Nederlands is (Robert, Rigouts Terryn et al. 2017:303). Die studie het bevind dat vertalers en reviseurs wel dieselfde hulpmiddele gebruik het, en dat die reviseurs nie net meer tyd aan soektogte bestee het as die vertalers nie, maar dat die reviseurs die hulpmiddele ook meer kere geraadpleeg het as die vertalers (Robert, Rigouts Terryn et al. 2017:308).

### **3.8.1.4 Interpersoonlike vaardigheid**

Die definisie van die interpersoonlike vaardigheid in hierdie revisievermoëmodel is op Künzli (2006a) gebaseer (Robert, Remael et al. 2017:14): Dit is die vermoë om as 'n reviseur met verskillende rolspelers in 'n vertaalprojek saam te werk, soos die vertaler, vertaalkantoor, bronsteksouteur en/of kliënt. Dit behels in besonder die reviseur se vermoë om:

- werksverwante interpersoonlike verhoudinge te identifiseer en om met strategieë vorendag te kom om moontlike konflik te hanteer; en
- betekenisvolle terugvoer as deel van didaktiese revisie aan vertalers te gee (met inbegrip daarvan om veranderinge te regverdig) en hulle daardeur in staat te stel om hulle vaardighede te ontwikkel.

Sosiale vaardighede word in die kwaliteitstandaard ISO/TS 11669 (2012:7) genoem as een van die vereistes waaraan reviseurs behoort te voldoen, aangesien hulle doeltreffend in 'n vertaalspan moet kan funksioneer. Wanneer 'n reviseur byvoorbeeld terugvoer aan die vertaler gee, moet dit op 'n taktvolle wyse gedoen word, anders kan dit tot swak werksverhoudinge lei – een van die moontlike nadele van revisie wat Mossop (2014:206) geïdentifiseer het. Reviseurs wat in Denemarke aan 'n opname deelgeneem het, het huis genoem dat hulle 'n behoefté het aan opleiding oor hoe om kritiek te gee en te hanteer (Schjoldager et al. 2008:804). Terugvoer aan die vertaler word deur sommige as só belangrik geag dat die Kanadese kwaliteitstandaard CAN/CGSB 131.10 (2008:7) spesifiseer “[t]he translator shall normally be notified of the changes to the target text” en volgens die Australian Institute of Interpreters and Translators (AUSIT 2012:13–14) moet die vertaling deur die vertaler self gefinaliseer word:

If a translation is subject to revision or checking by another translator, the revision is returned to the original translator for approval and finalisation. If changes are made to the translated text after delivery to the client without the translator's agreement and knowledge, the translator is no longer responsible for the translated text.

Die DGT se Spaanse afdeling ag samewerking tussen reviseur en vertaler as só belangrik dat hulle revisie as 'n opleidingsgeleenheid beskou – nie net vir die vertaler nie, maar ook vir die reviseur (Europese Kommissie 2010:8). Dit weerspieël revisiebeginsel D1 en D2 in afdeling 3.7, asook die IAMLADP<sup>40</sup> (2004:7) se standpunt in 'n verslag oor kwaliteitversekering: “[R]evisers must see themselves as part of the translation process, providing the necessary feedback into it, and not as an independent entity finding self-satisfaction in making corrections. Similarly, translators must be able and willing to respond to this feedback, and learn from it”. Die hele kwaliteitversekeringsproses word dus bevoordeel deurdat foute al hoe vroeër in die proses uitgeskakel kan word.

Samewerking tussen reviseurs en vertalers kan bevoordeel word wanneer reviseurs hulle veranderinge regverdig, in plaas daarvan om veranderinge op grond van hulle persoonlike voorkeure aan te bring (Horguelin & Brunette 1998, in Künzli 2006a:10). Talle outeurs, soos Hansen (2008:261), wys daarop dat dit vir vertalers frustrerend is wanneer 'n aanvaarbare vertaling verander

---

<sup>40</sup> Die IAMLADP (International Annual Meeting on Language Arrangements, Documentation and Publications) is 'n netwerk internasionale organisasies wat van vertalers en tolke se dienste gebruik maak. Lede van hierdie netwerk is onder andere die Verenigde Nasies, en organisasies soos die Wêreldgesondheidsorganisasie, UNESCO (United Nations Education, Scientific and Cultural Organization) en die Wêreldbanks. (Kyk ook [www.iamladp.org/](http://www.iamladp.org/))

word. Wanneer reviseurs se interpersoonlike vaardigheid goed ontwikkel is, behoort hulle in te sien dat hulle moontlike konflik met vertalers kan vermy deur hulle veranderinge te regverdig en nie onnodige veranderinge aan te bring nie.

### **3.8.1.5 Strategiese vaardigheid**

Robert, Remael et al. (2017:14) baseer hulle definisie van die strategiese vaardigheid op PACTE (2003; 2011), Künzli (2006a) en Bisaillon (2007): Dit is prosedure- en voorwaardelike kennis om die doeltreffendheid van die revisieprosedure te waarborg en om probleme wat ondervind word, op te los. Dit is 'n noodsaaklike vaardigheid wat al die ander vaardighede beïnvloed en onderlinge verbande tussen hulle lê omdat dit die revisieprosedure beheer. Die funksie van die strategiese vaardigheid is om:

- die revisietaak te beplan en uit te voer deur die toepaslikste revisieprosedure vir die betrokke taak te kies, die konsepvertaling te evaluateer, 'n opspoorstrategie toe te pas (antisipasie en/of vergelyking), 'n onmiddellike oplossing (geen verandering, revisie, of herskryf nie) of 'n probleemoplossingstrategie (herlees, refleksie-herformulering, of soektog) toe te pas, en om die hoofrevisiebeginsel toe te pas deur slegs werklik nodige veranderinge aan te bring;
- die prosedure en voorlopige uitkomste met betrekking tot die finale doel te evaluateer; en
- die verskillende vaardighede te aktiveer en enige tekortkominge uit te skakel.

Rigouts Terryn et al. (2017) beskryf die bevindinge oor studentereviseurs se strategiese vaardighede wat ondersoek is as deel van Robert, Rigouts Terryn et al. (2017) se empiriese studie wat in afdeling 3.8.1.3 genoem is. Rigouts Terryn et al. (2017:7) het twee hipoteses oor die strategiese vaardigheid gestel, naamlik dat (studente)reviseurs (i) die geskikste revisieprosedure toepas, en (ii) slegs nodige veranderinge aanbring. Die reviseurs se vaardigheid om die geskikste revisieprosedure toe te pas, is gemeet deur te bepaal watter prosedures hulle vir twee verskillende revisie-opdragte gebruik. Volgens die een revisie-opdrag moes hulle alle parameters van die konsepvertaling nagaan wat beteken dat hulle 'n vergelykende revisiemetode moes volg wat sowel die doelteks as die bronstekst behels het. Volgens die ander revisie-opdrag moes hulle slegs die taal- en styl-parameter nagaan, met ander woorde hulle moes 'n eentalige revisie van die doelteks doen sonder om na die bronstekst te verwys. Alle deelnemers het egter dieselfde metode vir die twee verskillende revisie-opdragte gevolg, naamlik om 'n vergelykende revisie te doen. Hulle het dus nie voldoende strategiese vaardighede ten toon gestel deur die geskikste revisiemetode te kies nie. Die outeurs erken dat die bevindinge moontlik deur die navorsingsopset beïnvloed is, aangesien die take wat die (studente)reviseurs gedoen het vir hulle finale punte in die revisie-en-redigering-kursus getel het en dat hulle moontlik alle beskikbare hulpbronne gebruik het om goeie punte te verseker. (Rigouts Terryn et al. 2017:8, 20–21)

Reviseurs se vermoë om slegs nodige veranderinge aan te bring, is ook as deel van die strategiese revisievaardigheid in dieselfde studie ondersoek. Daar is vir elke revisietak 25 foute ingevoeg wat die reviseurs veronderstel was om reg te stel. Verskillende soorte foute aan die hand van Mossop (2014) se revisieparameters is ingevoeg. Soos in afdeling 3.8.1.3 verduidelik, het die (studente)reviseurs twee revisietake vóór die revisiekursus, en twee revisietake ná die revisiekursus afgehandel. Die bevinding was dat die revisiekursus geen beduidende invloed gehad het op die aantal nodige veranderinge wat aangebring is nie, en dat ook hierdie deel van hulle strategiese vaardigheid nie na aanleiding van die kursus ontwikkel het nie. (Rigouts Terryn et al. 2017:8, 11, 21–23)

Die aanbring van onnodige veranderinge kan beskou word as die reviseur se strategiese vaardigheid wat nie voldoende ontwikkel is nie of dat dit tydelik gefaal het. Künzli (2006a:12–13) noem twee voorbeelde waar reviseurs steeds veranderinge aangebring het, al was hulle nog nie tevrede met hulle eie oplossing nie (2006a:12), en al was hulle onseker oor die korrektheid van sowel die konsepvertaling as hulle verandering (2006a:13).

### **3.8.1.6 Kennis-oor-vertaling-vaardigheid**

Die kennis-oor-vertaling-vaardigheid is uit PACTE (2003:59) oorgeneem en behels “[h]oofsaaklik verklarende kennis, implisiet en eksplisiet, oor vertaling en aspekte van die professie. Dit bestaan uit kennis van hoe vertaling werk (vertaaleenhede, metodes en procedures wat gebruik word en tipes probleme) en kennis van professionele vertaalpraktyk (bv. die vertaalbedryf, tipes vertaalopdragte en die doelgehoor)” (Van Rensburg 2014:560).

Reviseurs moet verkiekslik ’n agtergrond in vertaalteorie hê, veral wanneer revisie vir kwaliteitversekerings- sowel as opleidingsdoeleindes gedoen word. Volgens Hansen (2008:258) word reviseurs in vertaalteorie aan verskillende vertaalbenaderings en teorieë blootgestel, en dit is haar mening dat hierdie blootstelling (aan bv. die funksionalistiese vertaalbenadering in vergelyking met die ekwivalensieteorie) reviseurs bewus maak van verskillende norme, verwagtinge en kriteria vir ’n vertaling van hoë kwaliteit. Reviseurs met opleiding in vertaalteorie beskik oor “a basis for translation decisions and the terminology to argue for corrections and changes” (Hansen 2008:258). Opleiding in vertaalteorie kan die reviseur dus in staat stel om beter terugvoer aan die vertaler te gee wat kan lei tot doeltreffender indiensopleiding, veral wanneer die reviseur en vertaler ’n akademiese gesprek kan voer oor die meriete van die veranderinge in plaas daarvan om verskillende subjektiewe standpunte teenoor mekaar te stel.

Eweneens beveel die internasionale kwaliteitstandaarde ISO 17100 (2015:6) en ISO/TS 11669 (2012:7) aan dat reviseurs ’n graad in vertaling moet hê, en daardeur word die nut van vertaalteorie vir ’n reviseur erken. Volgens professionele taalpraktisyens wat in Denemarke aan ’n empiriese studie

deelgeneem het, vind hulle in hulle professionele lewens steeds baat by die teoretiese besprekings oor kwessies soos “equivalence or adequacy, acceptability, grammaticality, functionality and skopos” wat hulle tien jaar vantevore as vertaalstudente gevoer het, en hulle voeg by dat hierdie opleiding hulle meer aanpasbaar gemaak het as wat hulle andersins sou wees (Hansen 2008:258).

In empiriese navorsing waar ’n moontlike verband tussen die kwaliteit van revisie en ’n kwalifikasie in vertaling ondersoek is, is daar egter geen statisties beduidende verband gevind nie (Künzli 2009). Künzli (2009:297) skryf dit toe aan die vertalers se professionele ervaring wat vergoed vir die tekort aan akademiese kwalifikasie in vertaling, maar dit is duidelik dat hierdie veranderlike verder ondersoek moet word.

### **3.8.1.7 Kennis-oor-revisie-vaardigheid**

Robert, Remael et al. (2017:14) baseer hulle definisie van die kennis-oor-revisie-vaardigheid op PACTE (2003), Künzli (2006a), en Bisaillon (2007): Dit is hoofsaaklik verklarende kennis (implisiet en eksplisiet) oor wat revisie is en oor aspekte van die professie met inbegrip van kennis oor:

- die revisieprocedure soos lees, probleemopsporing, onmiddellike oplossing of probleemoplossingstrategie;
- revisiegeskiedenis, -teorie, -navorsing, -begrippe, en -definisies, asook kennis oor revisiebeginsels, -prosedures, -parameters en -kwaliteit;
- aspekte van die professionele revisiepraktyk soos verskillende revisie-opdragte, kliënte en doelgehore, en die verhouding tussen die reviseur en die vertaler.

Rigouts Terryn et al. (2017) beskryf die bevindinge oor studentereviseurs se kennis-oor-revisie-vaardighede wat ondersoek is as deel van Robert, Rigouts Terryn et al. (2017) se empiriese studie wat in afdeling 3.8.1.3 en 3.8.1.5 genoem is. Rigouts Terryn et al. (2017:7) het die hipotese gestel dat studentevertalers, in teenstelling met studentereviseurs, min of geen verklarende kennis oor revisie het nie, en in besonder oor die begrip ‘revisie’, revisieprosedures, revisieparameters, en soorte revisie. Die outeurs het data gebruik wat met behulp van twee vraelyste ingewin is, naamlik vóór die kursus in revisie en redigering, en ná die kursus. Die studente se kennis oor die begrip ‘revisie’ is getoets deurdat hulle gevra is om ’n definisie van revisie te formuleer. Die meeste van die definisies was vaag en het neergekom op die nagaan van ’n vertaling. Die studente se kennis oor die begrip ‘revisie’ is nie, soos die ander veranderlikes, in die natoets ondersoek nie, aangesien verskeie definisies van revisie in besonderhede in die kursus behandel is en die outeurs dus aangeneem het dat die studente se kennis hieroor sou verbeter het. (Rigouts Terryn et al. 2017:13–14)

Die studente se verklarende kennis oor revisiemetodes is ondersoek deur telkens in die voor- en natoets vier veelvuldigekeusevrae te vra. In elke vraag is ’n spesifieke revisiesituasie beskryf, waarna

die studente die geskikste revisiemetode vir daardie situasie uit die onderstaande vyf opsies moes kies:

- lees die doelteks een keer, met ander woorde 'n eentalige revisie (E);
- lees en vergelyk die doelteks en die bronrekteks een keer, met ander woorde 'n vergelykende revisie (V);
- lees eers die doelteks, en vergelyk dit dan met die bronrekteks (EV);
- lees en vergelyk eers die doelteks en die bronrekteks, en lees dan slegs die doelteks (VE); en
- ek weet nie. (Rigouts Terryn et al. 2017:14)

Die bevinding is dat die kursus in revisie en redigering wel 'n invloed op die studente se verklarende kennis van revisieprosedures gehad het, aangesien daar 'n beduidende verskil was in die aantal kere wat die eksperimentele groep die eentalige revisiemetode (E) in die natoets teenoor die voortoets gekies het. Die teenoorgestelde is waar vir die VE-metode. In die voortoets was die studente geneig om metodes te kies waarvolgens meer tyd aan revisie bestee sou moes word (soos EV en VE), terwyl die kursus hulle geleer het dat tyd 'n kritieke faktor in revisie is en dat 'n korter metode, soos die V-metode, met welslae aangewend kan word. (Rigouts Terryn et al. 2017:14–16) Hierdie bevindinge wys daarop dat opleiding in revisie wel van belang is en reviseurs kan help om die geskikste metode vir 'n betrokke revisiesituasie te kies (kyk ook afdeling 3.8.2 oor revisie-opleiding).

Die studente se verklarende kennis oor revisieparameters is ondersoek deur in die voor- en natoets dieselfde revisiesituasie te skets en 'n veelvuldigekeusevraag daaroor te vra. Volgens die betrokke denkbeeldige revisiesituasie moes die studentreviseur 'n konsepvertaling nagaan wat so gou moontlik aan die kliënt gestuur moes word. Die kliënt het egter verwag dat die studentreviseur alles moes nagaan, met ander woorde taalgebruik, inhoud, uitleg, tipografie en organisering. Die student het geweet dat die konsepvertaling deur 'n goeie en ervare vertaler geskep is. Die vraag is toe gevra waaraan die studentreviseur aandag gaan skenk in die revisie. Die studente kon meer as een opsie kies uit tien parameters wat op Mossop (2014) gebaseer was (kyk ook afdeling 3.5), naamlik akkuraatheid, volledigheid, logika, feite, vlotheid (*smoothness*), pasgemaakte taalgebruik vir die lezers en doel van die vertaling (*tailoring*), vakterminologie en -styl, idiomatiese doeltaalgebruik, konsekwentheid, asook grammatika, punktuasie en spelling (*mechanics*). Volgens die auteurs het die betrokke revisiesituasie vereis dat so min moontlike parameters, maar minstens moontlike weglatings (volledigheid) en tikfoutie (*mechanics*), nagegaan moet word. Daar is bevind dat die eksperimentele groep in die natoets beduidend minder parameters as in die voortoets gekies het, met ander woorde dat die kursus hulle teoretiese benadering tot hierdie taak beïnvloed het. (Rigouts Terryn et al. 2017:12, 16–19)

Die studente se verklarende kennis oor soorte revisie is deur middel van die vraelyste getoets, en hulle prosedurekennis is in die voltooiing van die revisietake getoets. Die twee soorte revisie wat hier ter sprake is, is in afdeling 3.3.2 verduidelik, naamlik didaktiese revisie (wat veral vir opleidingsdoeleindes gedoen word en waar veranderinge duidelik aangedui en geregverdig moet word) teenoor pragmatiese revisie (waar daar nie kontak tussen reviseur en vertaler is nie, en waar die veranderinge dus nie aangedui hoef te word nie). Die studente se verklarende kennis oor soorte revisie is getoets deur een veelvuldigekeusevraag waar hulle gevra is of 'n reviseur kommentaar in die revisie (bv. vrae aan die vertaler) mag laat. Hulle kon tussen die onderstaande antwoorde kies:

- Nee, die reviseur moet 'n finale produk lewer.
- Ja, die reviseur moet altyd die veranderinge duidelik aandui.
- Kommentaar kan in die revisie gelaat word na gelang van die soort revisie.

Die outeurs het bevind dat daar 'n beduidende verskil was tussen die eksperimentele groep se antwoorde in die natoets teenoor die voortoets, met ander woorde dat die kursus daartoe gelei het dat hulle in die natoets die derde en korrekte opsie gekies het en dat hulle verklarende kennis oor die soorte revisie dus verbeter het. (Rigouts Terryn et al. 2017:19)

Die studente se prosedurekennis oor die soorte revisie (m.a.w. hoe hulle hulle verklarende kennis toegepas het) is in die voltooiing van die revisietake ondersoek. Volgens die instruksies vir die revisietake in die voor- en natoets moes die studente 'n afgeronde produk lewer, aangesien die dokument dadelik ná inlewering gepubliseer sou word. Die term 'pragmatiese revisie' is nie in die instruksies gebruik nie, maar daar is van die studente verwag om 'n finale produk sonder enige sigbare veranderinge of kommentaar te lewer. Die outeurs het bevind dat die kursus in revisie en redigering nie 'n beduidende verskil gemaak het in die prosedurekennis van die eksperimentele groep nie, aangesien daardie groep reeds in die voortoets (10 uit 12 deelnemers) en ook in die natoets (11 uit 12 deelnemers) gepaste gedrag getoon het deur nie hulle veranderinge sigbaar te maak nie. (Rigouts Terryn et al. 2017:19–20)

### **3.8.1.8 Vertaalroetineaktiveringsvaardigheid**

Die *translation routine activation subcompetence* is uit die TransComp-model (Göpferich 2009:21) oorgeneem en “bestaan uit die kennis en die vaardigheid om vertaaltegnieke toe te pas ten einde aanvaarbare doeltaalekwivalente te vind (Van Rensburg 2014:562).

### **3.8.1.9 Revisieroetineaktiveringsvaardigheid**

Göpferich (2009:21) se vertaalroetineaktiveringsvaardigheid is vir revisie aangepas: Die *revision routine activation subcompetence* behels die kennis en vermoë om (meestal taalpaarspesifieke) revisiehandelinge of ingryppings (*revision operations*) te herroep en toe te pas wat dikwels tot

aanvaarbare doeltaaloplossings lei. Sodanige ingryppings sluit byvoorbeeld opspoorstrategieë (*detection strategies*) en onmiddellike oplossings in. (Robert, Remael et al. 2017:14)

### **3.8.1.10 Faktore wat die revisievermoëmodel begrond**

Twee van die drie veranderlikes of faktore wat die nege vaardighede in hierdie revisievermoëmodel beïnvloed, word nie deur Robert, Remael et al. (2017) met betrekking tot reviseurs bespreek nie, naamlik (i) vertaal- en revisienorme asook vertaal- en revisie-opdrag, en (ii) die vertaler en reviseur se selfbegrip en professionele etos. Dit wil voorkom of hierdie twee veranderlikes uit die TransComp-model (Göpferich 2009:22) oorgeneem is en aangepas is deur revisienorme en revisie-opdrag, asook die reviseur se selfbegrip en professionele etos by dié van die vertaler te voeg.

Die vertaler en reviseur se selfbegrip of professionele etos: Göpferich (2009:22) beskryf die vertaler se selfbegrip of professionele etos as een van die drie faktore wat die TransComp-model begrond. Dit sluit ook aspekte rakende sosiale verantwoordelikheid en verskillende rolle in. Hierdie veranderlike oorvleuel met Robert, Remael et al. (2017:14) se beskrywing van die psigofisiologiese aspekte, aangesien selfbegrip ook daar genoem word. Die vertaler se selfbegrip en professionele etos is egter nie van toepassing in 'n revisievermoëmodel nie. Nog Göpferich (2009) nog Robert, Remael et al. (2017) verduidelik die begrip 'professionele etos', maar die verantwoordelikheidsin en eerlikheid (wat ook onder psigofisiologiese aspekte genoem word) behoort kenmerkend aan professionele reviseurs en dus deel van hulle professionele etos te wees. Dit blyk dus dat hierdie twee veranderlikes in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel nog duideliker onderskei behoort te word.

Vertaal- en revisienorme asook vertaal- en revisie-opdrag: Net soos die reviseur by Göpferich (2009) se kategorie 'vertaler se selfbegrip en etos' bygevoeg is, is die revisienorme en revisie-opdrag ook hier by die vertaalnorme en vertaalopdrag gevoeg. In teenstelling met die vertaler se selfbegrip en etos, behoort die vertaalnorme en vertaalopdrag wel in 'n revisievermoëmodel, aangesien die reviseur dit in gedagte moet hou wanneer die geskiktheid van die doelteks bepaal word. Die vertaal- en revisienorme in 'n vertaalkantoor maak deel uit van die situasie waarin die reviseur die revisietaak moet afhandel. Die doel van revisie is juis om na te gaan of die vertaalopdrag nagekom is, en die reviseur moet dit doen deur ook die betrokke revisie-opdrag in gedagte te hou, indien daar wél 'n revisie-opdrag verskaf is. Reviseurs kan hulle kennis-oor-vertaling- en kennis-oor-revisievaardigheid gebruik om die vertaal- en revisie-opdrag te interpreteer.

Die derde faktor of veranderlike wat die revisievermoëmodel onderlê, en wat wel in Robert, Remael et al. (2017) met betrekking tot reviseurs bespreek word, is psigofisiologiese aspekte (*psychophysiological components*). Robert, Remael et al. (2017:14) se definisie van psigofisiologiese aspekte wat reviseurs se revisievermoë kan beïnvloed, is gegrond op Horguelin en Brunette (1998), PACTE

(2003), Mossop (1992; 2007b), en Hansen (2008). Dit is kognitiewe en ingesteldheidskomponente soos:

- geheue, emosie, kreatiwiteit, logiese beredenering, analise en sintese, intellektuele weetgierigheid, deursettingsvermoë, nougesethed, 'n kritiese ingesteldheid, motivering, selfbegrip en selfvertroue in eie vermoëns;<sup>41</sup>
- persepsie: die vermoë om jou van jou eie of iemand anders se (vorige) formulering te distansieer;
- aandag: oplettendheid na pragmatiese, taalkundige, stilistiese verskynsels en foute;
- regverdigheid en verdraagsaamheid (*fairness and tolerance*): 'n revisie-instelling eerder as 'n oorvertaal-instelling (móét die teks verbeter word, eerder as kán die teks verbeter word); en
- spesifieke ingesteldhede soos sosialiseerbaarheid, respek vir ander, geduld, eerlikheid, verantwoordelikheidsin, en beskeidenheid.

Studentereviseurs se regverdigheid en verdraagsaamheid is deur Robert et al. (2018) ondersoek. Die outeurs het data gebruik wat in Robert, Rigouts Terryn et al. (2017) se empiriese studie onder meesterstudente ingewin is. (Kyk afdeling 3.8.1.3 vir 'n kort beskrywing van die studie.) 'n Hoë aantal onnodige veranderinge is as 'n aanduiding van 'n tekort aan regverdigheid en verdraagsaamheid beskou (Robert et al. 2018:5). (Robert et al. [2018] gebruik die term *hyper-revisions* om na onnodige veranderinge te verwys.) Die outeurs het bevind dat die studentereviseurs teen die verwagting in nié minder onnodige veranderinge ná die kursus in revisie en redigering aangebring het as wat hulle vóór die kursus aangebring het nie (Robert et al. 2018:17). Daar moet egter genoem word dat die aantal onnodige veranderinge in die voortoets reeds baie laag was met 'n gemiddeld van 5.58 veranderinge. Dit kan moontlik toegeskryf word aan twee aspekte van die navorsingsituasie, naamlik (i) dat daar reeds 25 foute in elke teks aangebring is wat die studente moet regstel, en (ii) die beperkte geallokeerde tyd wat die studentereviseurs vir elke revisietaak gehad het (Robert et al. 2018:10, 17). Die geallokeerde tyd het gewissel van 25 minute tot 35 minute per teks (Robert et al. 2018:8). Die studentereviseurs het dus net genoeg tyd gehad om op die belangrikste foute te fokus. Ander empiriese studies het wel getoon dat professionele reviseurs geneig is om heelwat onnodige veranderinge aan te bring as daar geen tydbeperking vir 'n revisietaak gegee word nie (kyk bv. Künzli 2007b; Van Rensburg 2012).

### **3.8.2 Revisievermoë volgens kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf**

Daar word deur vier uit die vyf kwaliteitstandaarde vereis dat reviseurs oor dieselfde kwalifikasies en vermoëns as vertalers beskik, met bykomende vermoëns en kennis in die spesifieke vakgebied.

---

<sup>41</sup> In Robert et al. (2018:4) is die komponent "the ability to measure one's own abilities" bygevoeg.

Verdere besonderhede oor die ‘bykomende vermoëns en kennis’ word egter nie verskaf nie. Die kennis en vermoëns wat die kwaliteitstandaarde van vertalers (en dus ook van reviseurs) verwag, word ook in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel weerspieël, soos in tabel 3.10 aangedui.

**Tabel 3.10 Revisievermoë volgens kwaliteitstandaarde en Robert, Remael en Ureel (2017)**

kwaliteitstandaarde: vereistes aan vertalers en reviseurs – kennis en vermoëns t.o.v.	Robert, Remael en Ureel (2017) se revisievermoëmodel
bron- en doekultuur	ekstralinguistiese vaardigheid
bron- en doeltaal	tweetalighedsvaardigheid
Genre	kennis-oor-vertaling-vaardigheid
navorsing	hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid
tegnologie	hulpmiddele-en-navorsing-vaardigheid
vakgebied	ekstralinguistiese vaardigheid
vertaalopdrag: ontleed en lewer ’n produk wat aan die vereistes voldoen	vertaal- en revisienorme asook vertaal- en revisie- opdrag; psigofisiologiese aspekte
verskillende kwaliteitvlakke van vertaling	kennis-oor-vertaling-vaardigheid
vertaalprosesse en die oplos van vertaalprobleme	kennis-oor-vertaling-vaardigheid

Dit blyk uit die bespreking van revisievermoë in afdeling 3.8.1 en 3.8.2 dat reviseurs oor vertaalvermoë behoort te beskik, maar ook dat hulle bykomende vaardighede moet hê (Hansen 2008:274–275; Künzli 2006a:11). Vaardighede wat wel in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel opgeneem is, maar nie deur die meeste kwaliteitstandaarde genoem word nie, is juis hierdie ‘bykomende’ vaardighede, soos interpersoonlike vaardighede (bv. regverdigheid en verdraagsaamheid) en die kennis-oor-revisie-vaardigheid. Slegs een kwaliteitstandaard, naamlik ISO/TS 11669 (2012:7), noem dat ’n reviseur oor sosiale vaardighede behoort te beskik.

Denemarke is een van die min lande waar kursusse in revisie wel deel uitmaak van formele opleiding in vertaling (Hansen 2008), en volgens Hine (2003:139) is daar revisie-kursusse in Kanada, maar in Suid-Afrika, soos in die meeste lande, word daar min formele kursusse in revisie aangebied, hoewel dit as ’n komponent binne ’n vertaalkursus aangebied kan word. In 2016 is daar by die agste EST (European Society of Translation Studies)-kongres in Aarhus, Denemarke ’n paneel aan revisie gewy. Ook daar het die deelnemers saamgestem dat die tekort aan revisie-opleiding gegeld het vir die meeste lande wat op die paneel verteenwoordig was. Hierdie vereistes wat in die bedryf gestel word, word reeds in vertaalopleiding gereflekteer deurdat redigeerkursusse dikwels ’n onderdeel uitmaak van

formele vertaalopleiding. Daar bestaan egter nog 'n leemte in Suid-Afrika wat betref formele opleiding in revisie.

Onlangse opnames onder vertalers en reviseurs dui op die tekort aan revisie-opleiding, byvoorbeeld in Italië (Scocchera 2014) en in Suid-Afrika soos bevind in die opname onder die reviseurs wat aan die empiriese studie vir hierdie proefskrif deelgeneem het. Scocchera (2014) het 'n opname gemaak oor selfrevisie en anderrevisie onder literêre vertalers en reviseurs wat in die taalpaar Engels–Italiaans werk. Een van die vrae was “In your education/training as a translator or reviser, did you attend any revision-specific courses/lectures/seminars or workshops?” Van die 54 vertalers het 60% geen opleiding in revisie ontvang nie, 30% het seminare of werksessies bygewoon, en 10% se opleiding in vertaling het lesings spesifiek oor revisie ingesluit. Van die 26 reviseurs het 90% nie 'n revisiekursus bygewoon nie, maar eerder ervaring opgedoen deur “learning by doing” en “trial and error everyday practice” (Scocchera 2014). Die ander 10% van die reviseurs het die een of ander vorm van opleiding in redigering en/of die uitgewerswese gehad, hoewel dit nie revisie behels het nie, maar eerder die redigering van onvertaalde tekste.

Hoewel kwaliteitstandarde verskillende rolle aan vertalers en reviseurs toeken, word daar toenemend van taalpraktisyns verwag om meerdere rolle te vertolk, byvoorbeeld dié van vertaler en redigeerder, maar ook dié van reviseur. In teenstelling met Kanada waar daar heelwat voltydse reviseurs is, word revisie in die Verenigde State eerder as deel van taalpraktisyns se werk ingesluit: “Revision may be included in the job description of a variety of workers in the language industry, but it is almost always included with (and often subordinate to) the other elements of the job description” (Hine 2003:139). Hierdie werklikheid word ook deur ander outeurs genoem, soos Künzli (2006a:9; 2007b:125) en Mossop (2007b:1) wat daarop wys dat werkgewers nie net vertalers soek nie, maar taalpraktisyns wat hulle kan aanstel “to translate, revise, edit and possibly carry out other language-related tasks”. Nord noem reeds in die 1990's dat professionele vertalers dikwels benadruk dat daar van hulle verwag word om 'n “broad range of tasks” uit te voer (1997b:117). Biel (2011) verwys na EN 15038 wanneer sy dit stel dat studente opgelei behoort te word om vertaaldiensverskaffers te word, eerder net as vertalers, en dat sodanige studente die professionele vermoëns moet ontwikkel soos in die kwaliteitstandaard vereis word. Aangesien revisie een van die vermoëns is wat in kwaliteitstandaarde vereis word, sal vertaalstudente daarby baat vind om spesifieke kursusse in revisie te volg om hulle vir die vertaalbedryf voor te berei.

Die oorheersende tendens in die vertaalbedryf is egter dat revisievaardighede aangeleer word op 'n tref-en-mis-basis of deur 'n meer ervare vertaler of reviseur se raad te vra (Arthern 1987:25–26; Mossop 2007a:5; Rasmussen & Schjoldager 2011:110; Scocchera 2014). Ervaring in vertaling is gewoonlik een van die eerste vereistes wat gestel word wanneer 'n reviseur aangestel moet word. Die

aanname dat 'n reviseur met heelwat vertaalervaring noodwendig goeie werk lewer, kan egter betwyfel word, soos empiriese studies bewys (bv. Hansen 2008; Künzli 2009). Die moontlike invloed van reviseurs se vertaalervaring op hulle revisiewerk word in afdeling 3.9 onder die kwaliteit van revisie ondersoek.

### **3.9 Revisiekwaliteit**

Sommige faktore wat revisiekwaliteit kan beïnvloed word in hierdie afdeling bespreek, asook tekortkominge in revisieprodukte, en instrumente wat in die assessorering van revisieprodukte gebruik kan word.

#### **3.9.1 Faktore wat revisiekwaliteit beïnvloed**

Künzli (2007b:125) waarsku dat daar talle veranderlikes is wat revisiekwaliteit kan beïnvloed. Slegs 'n paar sodanige veranderlikes is die revisieur se vertaal- en revisie-ervaring asook vertaal- en revisieopleiding, hoeveel tyd aan die revisie bestee word, die kompleksiteit van die inhoud, die kwaliteit van die konsepvertaling, en die revisieprocedure wat gevvolg word.

Ervaring in vertaling is een van die eerste vereistes wat aan reviseurs gestel word. Hansen (2008) het egter in 'n longitudinale empiriese studie bevind dat 'n ervare vertaler nie noodwendig 'n goeie revisieur is nie. Die studie het behels dat vertaalstudente in 1997 revisie- en vertaaltoetse afgelê het, en tien jaar later het dieselfde persone weer revisie- en vertaaltoetse afgelê. Die resultate van 1997 en 2007 het getoon dat daar telkens persone was wat goed gevaar het in die vertaaltoetse, maar swak gevaar het in die revisietoetse, en andersom. Verder het die 2007-resultate bevestig "that there are professional translators (with 10 years' experience) who have good results for translating but poor results for the revision task and vice versa" (Hansen 2008:269). Hansen se afleiding is dat, hoewel vertaal- en revisievaardighede baie ooreenstem, "[t]ranslation competence and experience cannot automatically be equated with revision competence" (2008:274).

Ander empiriese studies soos dié van Künzli (2009:298) het ook getoon dat die revisieur se vertaalervaring nie 'n beduidende invloed op die kwaliteit van die revisieproduk het nie. Künzli (2009:298) spekuleer dat dit heel moontlik verduidelik kan word deur die feit dat "initial differences between junior and senior translators blur after a certain number of years in the profession". Dieselfde geld vir die revisie van masjienvertaalprodukte: De Almeida (2013:195–196) het in die taalkombinasie Frans na Brasiliaanse Portugees geen korrelasie tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseurs (*post-editors*) se vertaal- en revisie-ervaring gevind nie. Mitchell (2015) het die invloed van die revisieur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk in die

taalkombinasie Engels na Duits ondersoek. Daar is bevind dat die profiel van die reviseurs nie gebruik kon word om die kwaliteit van die revisieproduk te voorspel nie (Mitchell 2015:177).

’n Moontlike verband tussen die tyd wat ’n reviseur aan ’n teks bestee en die kwaliteit van die revisie is deur Künzli ondersoek (2007b). Die twee reviseurs wat die meeste tyd aan die revisie van ’n regsteks bestee het, het ook die beste werk gelewer. Die twee reviseurs wat onderskeidelik die derde en vierde meeste tyd aan die revisie bestee het, het egter die twee swakste tekste wat betref kwaliteit van revisie gelewer. Künzli kom tot die gevolgtrekking dat “quality takes time, but spending a lot of time on a revision task does not necessarily amount to the same thing as being able to provide quality in translation revision” (2007b:121). Künzli (2014:19) asook Robert en Brunette (2016:339) gee toe dat reviseurs in empiriese studies meer tyd aan die revisie bestee wanneer “think aloud protocols” (TAP’s) gebruik word.

’n Empiriese studie waarin TAP’s nie gebruik is nie, is dié van Van Rensburg (2012) waarin die invloed van revisie op die vertaalproduk getoets is. Vier reviseurs het die vertaling van ’n eksamenvraestel in sosiale wetenskappe deur ’n vertaalstudent<sup>42</sup> nagegaan, asook die vertaling van ’n eksamenvraestel in ingenieurswese deur ’n ervare vertaler.<sup>43</sup> Die vier reviseurs het die vertaling van die vertaalstudent met ’n gemiddeld van 30% verbeter en het ’n gemiddeld van 1.2 uur aan die revisie bestee. Daarteenoor het hulle meer tyd aan die vertaling deur die ervare vertaler bestee (1.5 uur), maar het die kwaliteit van die vertaling met ’n gemiddeld van slegs 2.5% verbeter. ’n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die ingenieurswese-vraestel meer terminologie bevat het as die sosiale wetenskappe-vraestel en dat dit die reviseurs langer geneem het om die ingenieurswese-terminologie na te vors.

Daar word telkens in die literatuur genoem dat revisie ’n ingewikkelde en veeleisende aktiwiteit is (Künzli 2009:301), dat dit ’n ondankbare taak is (Graham 1983:102), en dat dit min werkstevredenheid bied (Kingscott 2009). Nog ’n rede waarom talle taalpraktisyne dit nie geniet om revisie te doen nie, is omdat daar min, indien enige, geleentheid vir kreatiwiteit is (Mossop 2014:206). Dit is dalk een van die redes waarom reviseurs soveel onnodige veranderinge aanbring. Reviseurs se motivering en aandagspan beïnvloed die kwaliteit van die revisieproduk. In Künzli (2007b:125) se studie oor die revisie van die regsteks kon motivering en/of moegheid byvoorbeeld ’n rol speel, aangesien die reviseurs drie tekste gehad het om na te gaan en kon kies in watter volgorde hulle dit sou doen. Diegene wat die regsteks eerste nagegaan het, het die teks se kwaliteit verbeter, maar albei reviseurs wat die regsteks laaste nagegaan het, het die kwaliteit van die teks negatief beïnvloed

---

<sup>42</sup> Die student het ’n BA-graad met geen formele kwalifikasie of voltydse ervaring in vertaling gehad nie, en was ten tye van die ondersoek ingeskryf vir ’n nagraadse diploma in vertaling.

<sup>43</sup> Die ervare vertaler het ’n BPhil in Vertaling gehad en het ten tye van die empiriese studie oor 13 jaar ervaring as ’n vryskutvertaler beskik.

(Künzli 2007b:120). Daarom stel Mossop (2007a:9–10) en Künzli (2009:301) voor dat revisie met ander take afgewissel word.

Arthern (1983:53) beweer dat niemand in die vertaalkantoor gewoonlik na 'n teks kyk wat deur 'n reviseur nagegaan is nie, aangesien hulle die aanname maak dat die reviseur se werk perfek of minstens goed genoeg is sodat die kliënt nie sal kla nie. Arthern (1983:53) se bewering is bevestig in die opname wat onder vertaalkantore gedoen is en in afdeling 4.2 uiteengesit word. Op die vraag of reviseurs se werk gekontroleer word, het drie uit die vyf privaat kantore positief geantwoord, aangesien die konsepvertaling met die reviseur se voorstelle aan die betrokke vertaler gestuur word wat die vertaling finaliseer en dus só die werk van die reviseur kontroleer. Reviseurs se werk by die ander twee privaat vertaalkantore en al vyf akademiese kantore is ten tye van die studie nie nagegaan nie. Drie akademiese vertaalkantore het pertinent genoem dat hulle nie oor voldoende kapasiteit beskik om reviseurs se werk te kontroleer nie. Die probleem is egter dat dit nie vanselfsprekend is dat die reviseur al die foute in die teks raaksien, of dat die reviseur noodwendig die vertaling se kwaliteit verbeter nie. Dit is reeds bewys in die relatief min empiriese studies wat daar oor revisiekwaliteit gedoen is, byvoorbeeld in Ipsen en Dam (2016), Koponen en Salmi (2015), De Almeida (2013) en Van Rensburg (2012).

### **3.9.2 Tekortkominge in revisieprodukte**

In empiriese studies oor die kwaliteit van professionele reviseurs se werk (bv. Arthern 1983; Brunette et al. 2005; Ipsen & Dam 2016; Künzli 2007b; Van Rensburg 2012) is gevind dat die aantal foute wat oorgesien word, onnodige veranderinge wat aangebring word en nuwe foute wat gemaak word, oor die algemeen redelik hoog is in verhouding tot die lengte van die teks. Künzli (2007b:121) het gevind dat sommige reviseurs die kwaliteit van die vertaling selfs verlaag het. Van die totale aantal moontlike veranderinge wat die reviseurs in sy studie kon aanbring, het foute wat oorgesien is 29% uitgemaak, nuwe foute 10%, onnodige veranderinge 20% en geregtigde veranderinge 41% (Künzli 2007b:121). Brunette et al. (2005:35) noem dat sommige reviseurs meer nuwe foute gemaak het as wat hulle bestaande foute reggemaak het. Dit bevestig dié stelling van Arthern: "One would hope that every time a reviser changes a text he [or she] introduces a necessary correction or a helpful improvement in style, but experience shows that this is not the case" (1983:54). Dit geld ook vir reviseurs wat masjienvertaalde produkte nagaan, aangesien daar foute gevind is wat oorgesien asook ingevoeg is in empiriese studies deur Temizöz (2016), Koponen en Salmi (2015), en De Almeida (2013).

Behalwe dat reviseurs nuwe foute maak en ander foute oorsien, toon empiriese studies dat reviseurs onnodige veranderinge<sup>44</sup> aanbring, met ander woorde veranderinge wat nie die kwaliteit van die vertaling verbeter of verswak nie. In Arthern se studie (1983:54) het al twaalf reviseurs onnodige veranderinge aangebring en in Künzli se studie (2007b:118) het agt uit die tien reviseurs onnodige veranderinge aangebring. Hansen (2008:261) noem onnodige veranderinge een van die grootste probleme in revisie, ook na aanleiding van onderhoude wat sy met professionele vertalers gevoer het.

Die omvang van die probleem word weerspieël in tabel 3.9 met revisiebeginsels wat in die praktyk aangemoedig word. Die meeste van die revisiebeginsels is gemik op die voorkoming van onnodige veranderinge, en kan saamgevat word in Mossop se woorde (2007b:182, outeur se beklemtoning): “Do not ask whether a sentence *can* be improved but whether it *needs* to be improved”. Die aanbring van onnodige veranderinge kan voorkom word deur iets soos die “two-way evaluation procedure” wat in Arango-Keeth en Koby (2003:126) genoem word, na aanleiding van hulle opname oor assessoringsprosedures by akademiese instellings en die vertaalbedryf in Noord-Amerika. By een van die respondenten, ’n vertaalagentskap, evalueer die reviseur ’n konsepvertaling aan die hand van ’n skaal van 1 tot 10 benewens die gewone revisie. Daarna werk die betrokke vertaler deur die veranderinge, besluit of veranderinge aanvaar of verworp word, en evalueer dan die veranderinge wat die reviseur aangebring het aan die hand van dieselfde skaal van 1 tot 10 (Arango-Keeth & Koby 2003:126). Volgens Hansen (2009:313–314) kan die aanbring van onnodige veranderinge ook voorkom word deur opleiding in revisie, met ander woorde deur die vaardigheid “to classify and describe errors and to justify changes” aan te leer. Daar is ’n leemte in empiriese navorsing oor die opleiding van reviseurs en die vaardighede waарoor hulle moet beskik (kyk ook afdeling 3.8).

In ’n empiriese studie oor die revisie van masjienvertaalde produkte het De Almeida (2013:189, 192) bevind dat ongeveer 25% van die reviseurs se veranderinge onnodig was, met ander woorde daardie veranderinge is aangebring na aanleiding van die reviseurs se voorkeure, eerder as foute wat reggestel is. In ’n ander studie oor die revisie van masjienvertaalde produkte (Engels–Fins), het Koponen en Salmi (2017:144) bevind dat 38% van die reviseurs se veranderinge onnodig was, met ander woorde die masjienvertaling was reeds korrek sonder die reviseurs se veranderinge.

Soos in hierdie afdeling beskryf, toon empiriese navorsing dat die hoë kwaliteit van revisie nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Dit is dus duidelik dat reviseurs se werk wel geëvalueer behoort te word om die invloed daarvan op die kwaliteit van die konsepvertaling te bepaal. Verder behoort dit vir indiensopleidingsdoeleindes geëvalueer te word sodat reviseurs weet watter aspekte

---

<sup>44</sup> Brunette et al. (2005:34) en Künzli (2007b:117–118) gebruik die term *over-revision* om te verwys na nuwe foute wat deur die reviseur ingevoeg word. Hansen (2008:261) en Graham (1989:67) gebruik egter *over-revision* om te verwys na onnodige veranderinge, terwyl Künzli (2007b:117) en Robert (2012) na onnodige veranderinge verwys as *hyper-revision*.

van hulle werk verbeter kan word. Assesseringsinstrumente waarmee die kwaliteit van revisieprodukte bepaal kan word, word in die volgende afdeling bespreek.

### **3.9.3 Die assessorering van revisieprodukte**

Twee instrumente waarmee die kwaliteit van revisieprodukte bepaal kan word, is verskillende kategorieë om die produk mee te beskryf (afdeling 3.9.3.1) en formules waarmee die kwaliteit gekwantifiseer kan word (afdeling 3.9.3.2). Die Van Rensburg-kategorieë en -formule is vir die doel van die empiriese studie in hierdie proefskrif ontwerp (kyk hoofstuk 5) en word in Van Rensburg (2017a) beskryf. Die ontwikkeling van hierdie twee instrumente kom in dié afdeling aan bod, terwyl die toepassing van die instrumente in afdeling 5.4.4.2 en 5.4.4.3 aandag geniet.

#### **3.9.3.1 Kategorieë ter beskrywing van die revisieproduk**

Arthern (1983), Künzli (2007b) en Robert (2012) het elkeen kategorieë ontwikkel om die revisieproduk mee te beskryf.

Arthern (1983; 1987) het reeds meer as 30 jaar gelede baanbrekerswerk op dié gebied gedoen. Sy analise is nie as deel van 'n empiriese studie nie, maar wel as deel van 12 reviseurs se personelevaluering gedoen. Dit het Arthern se werkswyse beïnvloed aangesien hy, anders as Künzli (2006b; 2007a; 2007b) en Robert (2012), verskillende tekstipes vir elke revisor gebruik het. Arthern het genoeg tekste ontleed wat deur 'n spesifieke revisor nagegaan is om 200 moontlike ingrypings (*interventions*) te identifiseer, met ander woorde waar die revisor 'n verandering aangebring of 'n fout oorgesien het (1983:55). Künzli (2006b; 2007a; 2007b; 2009) het sy empiriese studie in Swede gedoen waar tien professionele vertalers die Duitse vertalings van drie Franse bronstekste nagegaan het. 'n Tegniese teks (instruksies vir die installering van 'n sneeuurstorting-veiligheidsnet) (391 woorde), 'n regsteks (hofuitspraak) (258 woorde), en 'n bemarkingsbrief vir wyn (502 woorde) was deel van die studie. Die tien reviseurs kon kies in watter volgorde hulle die tekste wou nagaan. Nog 'n studie is deur Robert (2012) in België gedoen. Vier persverklarings (elk ongeveer 500 woorde) is uit Nederlands in Frans vertaal en 16 reviseurs het aan die studie deelgeneem.

Die Van Rensburg (2017a)-kategorieë is uit aspekte van Arthern (1983), Künzli (2007b) en Robert (2012) se kategorieë saamgestel. Kyk tabel 3.11 waar hierdie drie outeurs se kategorieë asook dié vir die huidige empiriese studie genoem word aan die hand van die ingryping wat deur die revisor uitgevoer is.

**Tabel 3.11 Kategorieë ter beskrywing van die revisieproduk**

<b>Handeling deur reviseur</b>	<b>Van Rensburg (2017a)</b>	<b>Robert (2012)</b>	<b>Künzli (2007b)</b>	<b>Arthern (1983)</b>
Regstelling: Vervang fout met 'n gepaste woord of formulering.	nodige verandering (NV) t.o.v. 'n ernstige fout: NV(E) geringe fout: NV(G)	gepastese revisie (révision pertinente)	geregverdigde verandering (justified change)	nodige regstelling van betekenis of verbetering van leesbaarheid (necessary correction of sense or improvement in readability)
Bring 'n stilistiese verbetering aan.	onnodige verandering (OV)	verbetering (amélioration)		
Bring 'n onregverdigbare verandering aan wat die teks nie verbeter óf verswak nie.	onnodige verandering (OV)	hiperrevisie (hyperrévision)	onnodige verandering (unnecessary intervention)	onnodige verandering (unnecessary intervention)
Geen handeling nie: 'n Ernstige fout is nie reggestel nie.	ernstige fout oorgesien (EFO)	afwesigheid van revisie (absence de révision)	fout oorgesien (under-revision)	ernstige fout (substantive error)
Geen handeling nie: 'n Geringe fout is nie reggestel nie.	geringe fout oorgesien (GFO)			formele fout (formal error)
'n Ingryping is wel gemaak waar 'n fout voorkom, maar 'n ander fout is ingevoeg óf die fout is nie gekorrigeer nie.	mislukte regstelling (MR)	onderrevisie (sous-révision)	—	—
Voeg 'n ernstige fout in.	ernstige fout ingevoeg (EFI)	oorrevisie (surrévision)	nuwe fout ingevoeg (over-revision)	ernstige fout (substantive error)
Voeg 'n geringe fout in.	geringe fout ingevoeg (GFI)			formele fout (formal error)

Daar is drie vlakke van kategorisering, naamlik –

- vlak 1: nodige of onnodige veranderinge en foute in die revisieproduk;
- vlak 2: of die verandering of fout 'n invloed het op die akkuraatheid van die vertaling, op die doeltaalgebruik of op die funksie wat die vertaling moet vervul; en
- vlak 3: die vlak van erns wat aan die verandering of fout gekoppel word, met ander woorde (die regstelling van) kritieke, ernstige of geringe foute.

Vlak 1: Al vier outeurs onderskei tussen nodige en onnodige veranderinge. Nodige veranderinge word gedefinieer as veranderinge waarmee foute ten opsigte van die betekenis of taalgebruik reggestel is. Onnodige veranderinge is veranderinge wat nie die teks verbeter óf verswak nie. Wat die foute in die revisieproduk betref, is dit slegs Arthern (1983) wat nie spesifiseer of die reviseur die fout oorgesien het of ingevoeg het nie. Tog is hierdie onderskeid wel van belang vir die vertaalkantoor, veral in prestasie-evaluering: Daar kan verskillende oorsake wees vir foute oorgesien of ingevoeg en dit kan tot reviseurs se indiensontwikkeling bydra indien hierdie oorsake geïdentifiseer en hanteer kan word. Robert (2012) en Van Rensburg (2017a) identifiseer 'n verdere kategorie waar die reviseur wel 'n verandering aangebring het waar 'n fout in die konsepvertaling voorkom, maar óf 'n ander fout is ingevoeg óf die fout is nie reggestel nie; dus 'n mislukte regstelling.

Vlak 2: Twee outeurs (Robert 2012; Van Rensburg 2017a) het die kategorieë op die eerste vlak verder verfyn deur aan te dui of die verandering of fout gemaak is ten opsigte van i) die akkuraatheid van die vertaling, ii) die geskiktheid van die doeltaalgebruik, of iii) die geskiktheid van die doelteks vir die funksie wat dit moet vervul. Hierdie onderskeid is ook deur ander outeurs soos Hurtado Albir (2001, in Jiménez-Crespo 2009:69) en Colina (2008; 2009) getref en word ook weerspieël in die meetinstrument wat in hierdie studie vir die evaluering van die vertaalproduk gebruik is (kyk afdeling 5.4.4.1 en 5.4.4.2).

Die vlak 2-kategorieë is soos volg gedefinieer.

**Vertaling:** Die inhoud en betekenis van die boodskap en vakspesifieke terminologie behoort ten volle en akkuraat oorgedra te word sonder enige onregverdigbare byvoegings of weglatings.

**Taalgebruik:** Die doeltaalgebruik behoort idiomaties te wees sonder enige onnatuurlike stelwyses weens onnodige oordrag vanuit die bronstaalstruktur. Die vertaling behoort hoogs leesbaar te wees met korrekte grammatika, spelling en punktuasie.

**Funksie:** Die funksie van die doelteks soos in die vertaalopdrag beskryf, behoort in die hand gewerk te word deur aspekte van die teks daarby aan te pas, soos die gebruik van die

geskikte register, vlak van formaliteit, genrekonvensies, en deur die behoeftes van die lesers in ag te neem. (Van Rensburg 2017a:74)

Vlak 3: Arthern (1983) en Van Rensburg (2017a) het 'n vlak van erns aan foute gekoppel met 'n onderskeid tussen ernstige en geringe foute. Arthern verduidelik slegs sy term *formal errors* as foute "which do not distort the overall meaning of the text" (1983:54). In hierdie studie word dit as geringe foute beskryf, terwyl Arthern (1983) se term *substantive errors* (ernstige foute) gesien word as foute waar die bronteksbodskap verlore gegaan het en die leser deur die vertaling mislei word. Hierdie onderskeid is inderdaad subjektief soos Robert (2012) aanvoer, tog is dit 'n algemene praktyk in die vertaalbedryf aangesien een ernstige fout veel erger gevolge as talle geringe foute kan hê. 'n Onderskeid tussen ernstige en geringe foute word ook getref in professionele vertaalorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) se assessoringsinstrumente, en in foutgebaseerde instrumente soos die SAE J2450-standaard en die Multidimensional Quality Metrics (MQM)-raamwerk (kyk afdeling 2.3.3.4). Van Rensburg (2017a:73) verduidelik dat ernstige foute 'n negatiewe invloed op die betekenis van die teks het en die leser mislei, teenoor geringe foute wat nie die betekenis van die teks raak nie, en dus nie so ernstig is nie. In afdeling 5.4.4.2 word verduidelik hoe dié kategorieë in hierdie empiriese studie toegepas is.

### **3.9.3.2 Formules wat revisiekwaliteit kwantifiseer**

Van Rensburg (2017a:74–75) het haar formule ontwikkel op grond van die werk van Arthern (1983), Künzli (2007b) en Robert (2012) wat hulle eie formules in empiriese studies toegepas het ten einde die kwaliteit van die revisieproduk te kwantifiseer.

Arthern (1983:55) neem die wisselende gevolge van verskillende soorte foute en veranderinge in ag deur gewigte aan elke kategorie toe te ken: ernstige foute tel die meeste, en onnodige veranderinge tel die minste. Die kwaliteit van die revisieproduk word bereken deur die aantal ernstige foute, die helfte van die aantal geringe foute, en 'n derde van die aantal onnodige veranderinge bymekaar te tel (kyk figuur 3.2). Hoe laer die punt, hoe hoër is die kwaliteit van die revisie.

kwaliteit van revisieproduk	=	ernstige foute	+	geringe foute	+	onnodige veranderinge
				2		3

**Figuur 3.2 Arthern (1983) se aanvanklike formule**

Bykans 'n dekade ná sy aanvanklike formule, het Arthern (1991, in Mossop 2007a:11) die formule vereenvoudig deur sowel die onnodige veranderinge as die verskillende gewigte te verwijder. Die punt is bloot bepaal deur die aantal ernstige foute en geringe foute bymekaar te tel, soos in figuur 3.3 aangedui.

kwaliteit van revisieproduk	=	ernstige foute + geringe foute
-----------------------------------	---	--------------------------------

**Figuur 3.3 Arthern (1991, in Mossop 2007a:11) se aangepaste formule**

In die vertaalpraktyk is dit egter juis nodig om die onnodige veranderinge in berekening te bring, aangesien dergelike veranderinge (i) tyd mors en dus die kostedoeltreffendheid van revisie negatief beïnvloed, en (ii) die verhouding tussen die reviseur en vertaler kan vertroebel. Die verskillende gewigte is ook belangrik, want die gevolge van 'n vertaalfout kan heelwat groter wees as die gevolge van 'n onnodige verandering.

In die formules in figuur 3.2 en 3.3 word Arthern se kategorie vir nodige regstellings en die verbetering van leesbaarheid nie in berekening gebring nie. In teenstelling hiermee word nodige veranderinge wel in Künzli (2007b) se formule in ag geneem, maar die verskillende gewigte asook die onderskeid tussen 'n ernstige en 'n geringe fout ontbreek (kyk figuur 3.4).

nodige veranderinge	word vergelyk met	[onnodige veranderinge + foute ingevoeg + foute oorgesien]
------------------------	-------------------------	--

**Figuur 3.4 Künzli (2007b) se formule**

Künzli (2007b) tref wel 'n onderskeid tussen foute wat ingevoeg en foute wat oorgesien is. Hierdie onderskeid kan nuttig te pas kom in 'n omgewing waar reviseurs se werk beoordeel word met indiensontwikkeling as doel. Die revisieprocedure kan ondersoek word as moontlike oorsaak van die spesifieke fout en kan dan aangepas word om foute deur die reviseur uit te skakel.

'n Unieke aspek van Robert (2012:129–130) se twee formules is dat die kwaliteit van die konsepvertaling vóór revisie verreken word deur die aantal foute in die konsepvertaling ook in die formule te plaas. Dit was moontlik omdat die konsepvertalings in haar eksperiment gemanipuleer is in 'n poging om die moeilikheidsgraad van die vier tekste min of meer op dieselfde vlak te kry. (Kyk figuur 3.5 en 3.6.)

kwaliteit van revisieproduk	=	gepaste revisies aantal foute in konsepvertaling
-----------------------------------	---	---

**Figuur 3.5 Robert (2012) se eerste formule**

kwaliteit van revisieproduk	=	[gepaste revisies – foute ingevoeg] aaltaal foute in konsepvertaling
-----------------------------------	---	---

**Figuur 3.6 Robert (2012) se tweede formule**

Hoewel Robert (2012) die revisieproduk volgens ses kategorieë indeel soos in tabel 3.11 aangedui, gebruik sy slegs twee daarvan in haar formules, naamlik gepaste revisie (foute wat reggestel is) en foute wat ingevoeg is. Robert vermy die gebruik van gewigte, aangesien sy dit as subjektief beskou (2012:130).

Van Rensburg (2017a) se formule word in figuur 3.7 aangetoon, waarna die afkortings verduidelik word.

kwaliteit van revisieproduk	=	$\frac{[(NV(E) \times 2) + NV(G)] - [(EF \times 2) + GF + OV/2]}{aaltaal woorde in die konsepvertaling voor revisie} \times 1\ 000$
-----------------------------------	---	---

**Figuur 3.7 Van Rensburg (2017a) se formule**

NV(E) x 2: Die aantal nodige veranderinge aangebring waar ernstige foute reggestel is, word met twee vermenigvuldig.

NV(G): Die aantal nodige veranderinge aangebring waar geringe foute reggestel is of waar taalkundige verbeteringe gemaak is, word bygetel.

EF x 2: Die aantal ernstige foute oorgesien en ingevoeg word met twee vermenigvuldig.

GF: Die aantal geringe foute oorgesien en ingevoeg word by die ernstige foute getel.

OV/2: Die aantal onnodige veranderinge aangebring word deur twee gedeel en by die geringe foute en ernstige foute getel.

Die totale aantal foute en onnodige veranderinge word van die totale aantal nodige veranderinge afgetrek, waarna die nuwe totaal deur die aantal woorde in die konsepvertaling gedeel word. Die somtotaal word vir leesbaarheidsdieleindes met een duisend vermenigvuldig.

Verskillende gewigte word aan kategorieë toegeken na gelang van die wisselende gevolge wat byvoorbeeld ernstige foute teenoor geringe foute in die vertaalbedryf kan hê. Die gewigte wat Arthern (1983) gebruik het, is op twee wyses in Van Rensburg (2017a) se formule aangepas, naamlik (i) deur die gewigte nie net op foute toe te pas nie, maar ook op nodige veranderinge, en (ii) deur die groter erns van ernstige foute aan te dui deur die aantal met twee te vermenigvuldig teenoor geringe foute en onnodige veranderinge wat minder tel. Onnodige veranderinge dra die minste gewig, aangesien die kwaliteit van die vertaling nie so erg daardeur geraak word soos deur ernstige foute nie. Daar

word, soos by Künzli (2007b), 'n onderskeid getref tussen foute wat oorgesien en foute wat ingevoeg is, hoewel daardie onderskeid implisiet in figuur 3.7 is. Meer kategorieë word in die Van Rensburg (2017a)-formule verreken as in die formules van die ander outeurs. Een kategorie, naamlik mislukte regstellings, word nie in ag geneem nie, aangesien sodanige veranderinge met behulp van 'n kategorie soos 'foute ingevoeg' beskryf word.

In hierdie proefskrif se empiriese studie is daar gepoog om ekologiese geldigheid (*ecological validity*) (Saldanha & O'Brien 2013:33) in die hand te werk deur nie die konsepvertaling te manipuleer nie. Dit het daar toe gelei dat daar nie, soos by Robert (2012), op 'n spesifieke aantal foute deur 'n paneel ooreengekom is nie, en daarom kon die kwaliteit van die konsepvertaling nie met hierdie meetinstrument verreken word nie. Die beginsel om die aantal veranderinge ingevoeg en oorgesien in die konteks van die lengte van die konsepvertaling te plaas is egter wel toegepas deur die aantal veranderinge ingevoeg en oorgesien deur die aantal woorde van die konsepvertaling te deel.

### **3.10 Samevatting**

Die tweede deel van dié studie se teoretiese grondslag is in hierdie hoofstuk uiteengesit deur verskeie aspekte van revisie in besonderhede te beskryf. Daar is aangetoon dat die hoë kwaliteit van revisieprodukte nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Dit is dus duidelik dat revisie nie as die enigste kwaliteitkontrole gebruik kan word nie, maar wel as een van die verskeie stappe wat gedoen kan word om 'n vertaalproduk van hoë kwaliteit te verseker. Een rede hiervoor is dat revisie so laat in die produksieproses plaasvind (García 2008:52; IAMLADP 2004:6–7; Martin 2007:61–62). Die IAMLADP (2004:4–8) noem die begrip *quality at source* wat daarna verwys dat revisie doeltreffender sal wees en minder tyd in beslag sal neem as die vertaalkantoor oplet na ander stappe in die proses, byvoorbeeld die aanstelling en opleiding van vertalers, die kwaliteit van die bronsteks en hulp aan die vertalers in die vorm van hulpbronne soos terminologielyste. Hierdie aspekte stem ooreen met die moontlike stappe in die kwaliteitbestuursproses wat in dié proefskrif in hoofstuk 4 bespreek word. Teen hierdie agtergrond dien revisie dus as die laaste vangnet om moontlike foute op te spoor en het dit veral groot waarde ten opsigte van indiensopleiding, met ander woorde terugvoer aan die vertaler, sodat moontlike probleme reeds vroeër in die proses uitgeskakel kan word.

## Hoofstuk 4 Revisie as deel van kwaliteitbestuur

### 4.1 Inleiding

Na aanleiding van literatuur en empiriese studies wat in hoofstuk 3 bespreek is, is die gevolgtrekking gemaak dat dit nie gewens is om revisie as die enigste kwaliteitkontrole te gebruik nie, maar dat dit slegs een aspek van kwaliteitbestuur behoort uit te maak. Hierdie benadering word in kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf weerspieël. Die begrip ‘kwaliteitstandaarde’ is in afdeling 2.3.2 bekend gestel waar daar na die breë vertaalproses as kwaliteitverzekering gekyk is. ’n Prosesbenadering word gevolg deurdat verskeie stappe in die produksieproses van ’n vertaling, soos revisie, beskryf word.<sup>45</sup> Vyf van hierdie kwaliteitstandaarde wat in afdeling 4.2.1 genoem word, is ontleed en die kernstappe vir kwaliteitbestuur in die vertaalbedryf is geïdentifiseer. Die kwaliteitstandaarde verteenwoordig egter die ideaal; nie alle vertaalkantore sal al die stappe wat daarin vereis word kan volg nie. Na aanleiding van ’n opname onder akademiese en privaat vertaalkantore (afdeling 4.2.2) word die stappe wat wél in die praktyk toegepas word, in afdeling 4.2.3 beskryf. Hierdie opname is deel van die eerste breë doelwit vir hierdie studie (kyk afdeling 1.3 en 1.5), te wete ’n beskrywing van die konteks waarbinne revisie as een aspek van kwaliteitbestuur gesitueer word.

### 4.2 Die ideaal teenoor die praktyk

Die prosesbenadering van die ISO 9000-standaard, naamlik deur die standaardisering van prosesse aan te wend om kwaliteit in die hand te werk, word ook in kwaliteitstandaarde spesifiek vir die vertaalbedryf gevolg. In elke standaard word ’n produksieproses beskryf wat gevolg moet word om die vertaling te skep, vereistes ten opsigte van hulpbronne word gegee, en terminologie wat in die standaarde gebruik word, word verduidelik.

Dit kan as die ideaal beskou word indien akademiese vertaalkantore die bestuursriglyne en stappe van kwaliteitverzekering kan volg wat in die meeste standaarde voorgeskryf word. As gevolg van die ekonomiese druk op hoëronderwysinstellings en die gepaardgaande tekort aan hulpbronne, kan akademiese vertaalkantore egter nie al hierdie stappe toepas nie. Ter wille van finansiële volhoubaarheid word hulle genoop “om die risiko’s en beskikbare hulpbronne teen mekaar op te weeg om die verlangde kwaliteit met so min moontlik hulpbronne te lewer” (Van Rensburg 2017b:210). ’n Opname onder akademiese en privaat vertaalkantore is gedoen om te bepaal in watter mate die kantore wél die riglyne in die kwaliteitstandaarde volg. Die metodologie wat in hierdie opname gevolg is, word in afdeling 4.2.2.1 uiteengesit, en ’n algemene beskrywing van die tien deelnemende vertaalkantore volg in afdeling 4.2.2.2.

---

<sup>45</sup> Soos in afdeling 2.3.1 genoem, is daar ’n onderskeid tussen die prosesbenadering in die konteks van kognitiewe studies (kyk bv. Englund Dimitrova 2010:406–411) en die prosesbenadering wat in kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf gevolg word.

Die kwaliteitversekeringstappe wat wél in die kantore gevvolg word, word in afdeling 4.2.3 beskryf aan die hand van kernstappe wat in minstens drie kwaliteitstandaarde voorgeskryf word. In afdeling 4.2.1 word 'n kort beskrywing gegee van vyf van die kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf wat sedert 2006 gepubliseer is.

#### **4.2.1 Die ideaal: vyf kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf**

##### **4.2.1.1 EN 15038 (2006): Europa**

In afdeling 2.3.2 is reeds genoem dat die Europese standaard EN 15038 *Translation services – Service requirements* die nasionale standaarde in verskeie lande in 2006 vervang het. Hierdie standaard is ontwikkel op grond van die Europese Unie vir Verenigings vir Vertaalmaatskappye (EUATC) se interne kwaliteitstandaard (Arevalillo 2005). Dit is gedoen onder leiding van die Europese Komitee vir Standaardisasie (CEN) in samewerking met verskeie belanghebbendes soos verteenwoordigers van die vertaalbedryf, kliënte en kwaliteitstandaardorganisasies van meer as 20 lande (Bonnet 2006:46). Hierdie standaard is saam met ISO 17100 (2015) die enigste twee van die vyf standaarde wat spesifiseer dat revisie 'n verpligte kwaliteitkontrole is. Hoewel EN 15038 in 2015 deur die internasionale ISO 17100 vervang is, is heelwat standaarde wat ná 2006 gepubliseer is deur hierdie Europese standaard beïnvloed (Van Rensburg 2017b:198).

##### **4.2.1.2 CAN/CGSB 131.10 (2008): Kanada**

CAN/CGSB 131.10 *Translation services* is deur die Kanadese Raad vir Algemene Standaarde ontwikkel en in 2008 gepubliseer. Verteenwoordigers van verskeie universiteite, vertaaldiensverskaffers, kliënte, die regering, en professionele verenigings vir vertalers het aan die ontwikkelingsproses deelgeneem (CAN/CGSB 2008). Hierdie kwaliteitstandaard steun sterk op EN 15038 (2006), maar wyk wel daarvan af. 'n Voorbeeld van sodanige afwyking is dat revisie nie vereis word nie: Die vertaaldiensverskaffer moet eerder bepaal of revisie uitgevoer behoort te word deur faktore soos die aard van die vertaalopdrag, die kliënt se vereistes, en die vertaler se vermoëns in ag te neem (CAN/CGSB 2008:iv, 7).

##### **4.2.1.3 ISO/TS 11669 (2012): internasional**

Die eerste internasionale standaard vir die vertaalbedryf, ISO/TS 11669 *Translation projects – General guidance*, is in 2012 deur ISO uitgegee. Dit is as 'n "technical specification" geklassifiseer, aangesien twee derdes van die betrokke tegniese komitee van mening was dat daar 'n dringende behoefté aan 'n standaard in die mark was (ISO/TS 2012:iv).

Een van die hoofdoelwitte van ISO/TS 11669 (2012) is om kommunikasie tussen die belanghebbendes in 'n projek te verbeter. Die uitgangspunt is dat die kliënt en die vertaalkantoor

moet saamwerk om 'n gestruktureerde projekspesifikasie-dokument te ontwikkel om die wyse te rig waarop die vertaalprojek uitgevoer gaan word. Hierdie spesifikasie kan dan dien as 'n maatstaf waaraan die kwaliteit van die projek gemeet word (ISO/TS 2012:v), byvoorbeeld in watter mate kwaliteitverzekeringsprosedures gevvolg is en of die vertaalproduk teen die ooreengekome sperdatum aan die kliënt gelewer is. Beter kommunikasie behels egter nie net vertaaldiensverskaffers en kliënte nie, maar diegene wat die vertaalproduk gaan gebruik, word ook hierby betrek (ISO/TS 2012:v) deurdat leserterugvoer as deel van die produksieproses beskryf word (ISO/TS 2012:14).

Ekstra inligting word verskaf oor byvoorbeeld verskillende soorte vertaaldiensverskaffers (bv. vryskutvertalers en vertaalmaatskappye) en hoe om 'n gesikte vertaaldiensverskaffer vir 'n betrokke projek te identifiseer (ISO/TS 2012:6). "ISO/TS 11669 (2012) is die enigste kwaliteitstandaard vir die vertaalbedryf wat nie net na vorige standarde verwys nie, maar ook vertaalteoretiese verwysings insluit" (Van Rensburg 2017b:199). Die verskillende mates waarin die bron- en doelteks kan ooreenstem, word *content correspondence* genoem en gedefinieer as "the manner in which the target content represents aspects of the source content, i.e. how the target content matches the source content" (ISO/TS 2012:22).<sup>46</sup> Die onderskeid tussen House (1997) se koverte en overte vertaling, asook Venuti (1995) se gedomestikeerde en vervreemdende vertaling (*domesticated and foreignized translation*) word verduidelik (ISO/TS 2012:22).

#### **4.2.1.4 ASTM F2575 (2014): Verenigde State van Amerika**

Die Amerikaanse standaard ASTM F2575 *Standard guide for quality assurance in translation* is vir die eerste keer in 2006 deur ASTM Internasionaal<sup>47</sup> uitgegee. 'n Hersiene weergawe het in 2014 verskyn waarin die afdeling oor die spesifikasiefase uitgebrei is. Hierdie uitbreiding is in ooreenstemming met ISO/TS 11669 (2012) wat ook klem plaas op projekspesifikasies vir 'n vertaalprojek. Die ASTM-standaard verskaf 'n raamwerk waarbinne die vertaaldiensverskaffer en die kliënt 'n ooreenkoms oor hierdie spesifikasies vir 'n vertaalprojek kan aangaan. Hulle kan die prosesse definieer wat nodig is om 'n vertaalproduk van gesikte kwaliteit te skep wat aan die teikenleser se verwagtinge en behoeftes sal voldoen (ASTM 2014:1). "Not unlike the CEN standard, the goal of the ASTM standard is to help the buyer understand how to obtain quality and for the [language service provider] to understand how to deliver that quality." (Bonnet 2006:48). ASTM F2575 se doel word gestel as die fasilitering van doeltreffende kommunikasie tussen kliënte, die lesers

---

<sup>46</sup> Die terme *target content* en *source content* stem ooreen met Holz-Mänttäri (1984) en Reiss en Vermeer (1984) se siening dat die bronsteeks slegs 'n aanbod van inligting is (kyk afdeling 2.2).

<sup>47</sup> ASTM Internasionaal het voorheen as die American Society for Testing and Materials bekend gestaan. Dit is een van die grootste organisasies wêreldwyd wat standarde vir materiaal, produkte, stelsels en dienste ontwikkel (Colina 2008:99).

van vertaalprodukte, vertaaldiensverskaffers en opleidingsinstansies om moontlike verliese in tyd, geld en kwaliteit in vertaalprojekte te voorkom (ASTM 2014:4–5).

ASTM F2575 (2014) trek twee gebruiks wat oor die algemeen in die vertaalbedryf as beste praktyk aanvaar word in twyfel, naamlik dat vertalers slegs in hulle eerste taal vertaal (m.a.w. die doelstaal is hulle eerste taal), en die aanwending van terugvertaling (*back-translation*) as 'n doeltreffende kwaliteitkontrole. Daar word oor die brontaal- en doeltaalvermoë van vertalers genoem dat persone wat sekondêre en tersiêre opleiding in hulle tweede taal ontvang het moontlik nie oor die nodige vlotheid en woordeskat beskik om in hulle eerste taal te vertaal nie (ASTM 2014:5–6). Daarenteen bestaan die moontlikheid dat persone wat hulle studies op universiteitsvlak suksesvol in hulle tweede taal voltooi het en in 'n land woon waar hulle tweede taal gepraat word, baie goeie vertalings in hulle tweede taal kan lewer (ASTM 2014:5–6). Dit is wel in Suid-Afrika die geval dat talle taalpraktisyns met Afrikaans as eerste taal heelwat redigeer- en vertaalwerk in Engels, hulle tweede taal, doen.

Die tweede algemene gebruik in die vertaalbedryf wat in ASTM F2575 (2014) in twyfel getrek word, is die gebruik van terugvertaling om die kwaliteit van 'n vertaling te bepaal. Volgens dié standaard sal die produk van 'n terugvertaling nie identies aan die bronsteks wees nie en verder is 'n terugvertaling nie noodwendig 'n goeie aanduiding van vertaalkwaliteit nie (ASTM 2014:2). Diewoordelys van die ASTM-standaard is meer uitgebreid as dié van die ander kwaliteitstandaarde en bevat voorbeeld en ekstra toeligting in kriptiese besprekings waar nodig. 'n Negatiewe aspek is egter dat selfrevisie deur die vertaler glad nie in hierdie standaard genoem word nie.

#### **4.2.1.5 ISO 17100 (2015): internasionaal**

Die standaard ISO 17100 *Translation services – Requirements for translation services* is in 2015 uitgegee. Dit is gebaseer op EN 15038 (2006) en vervang die Europese standaard. "Soos die ander kwaliteitstandaarde, verskaf ISO 17100 vereistes ten opsigte van kernprosesse, hulpbronne en ander aspekte wat nodig is om 'n vertaaldiens van hoogstaande kwaliteit te lewer (ISO 2015:1), en is gerig op vertaaldiensverskaffers van alle groottes (ISO 2015:vi)" (Van Rensburg 2017b:200).

Vertaalkantore en hulle kliënte behoort daarby te baat om die kwaliteitbestuursriglyne in hierdie vyf standaarde te volg. Waar daar beperkte hulpbronne is, kan die kernstappe vir kwaliteitbestuur gevolg word wat in die meeste vertaalstandaarde voorkom. Hierdie kernstappe word in afdeling 4.2.3 aan die hand van Van Rensburg (2017b) uiteengesit. In afdeling 4.2.2 word die opname onder vertaalkantore kortliks beskryf.

## 4.2.2 Die praktyk: opname onder vertaalkantore

Die hoofdoel van hierdie opname was om te bepaal watter kwaliteitbestuurstappe in vertaalkantore gedoen word en in watter mate die ideaal wat deur kwaliteitstandaarde gestel word in die praktyk bereik kan word. 'n Meer spesifieke doel was om te bepaal watter rol revisie by kwaliteitbestuur in die vertaalkantore speel.

Etiese klaring vir hierdie opname is van die Universiteit Stellenbosch (US) se etiese komitee ontvang en die toestemmingsbrief is as bylae A opgeneem. In ooreenstemming met die etiese vereistes is institusionele toestemming van elke betrokke universiteit ontvang. Verder het elke respondent 'n ingeligtetoestemmingsvorm ontvang met inligting oor die studie en ruimte waar hy of sy skriftelik tot deelname aan die studie ingestem het. Die ingeligtetoestemmingsvorm en vraelys aan vertaalkantore is as bylae B opgeneem.

### 4.2.2.1 Metodologie

Hoewel vertaalkantore in één buite Suid-Afrika aan die opname deelgeneem het, is dit op uiters klein skaal gedoen met geen poging om verteenwoordigend van enige populasie te wees nie. Die doel was om slegs 'n idee te kry van kwaliteitbestuur in verskillende vertaalkantore en om inligting in te win wat in 'n toekomstige studie verder ondersoek sou kon word. Die vraelys is met hierdie doel in gedagte ontwerp: Ten einde soveel inligting moontlik en veral persepsies oor kwaliteitbestuur en revisie te kry, is daar slegs oop vrae in die vraelys gestel. Negatiewe gevolge hiervan is dat dit langer neem om die vraelys in te vul en dus tot 'n lae reaksiekoers kan lei. Hierdie studie se reaksiekoers is inderdaad beïnvloed deurdat drie respondenten wat aanvanklik ingestem het om deel te neem, ten spyte van twee herinnerings, nooit 'n ingevulde vraelys teruggestuur het nie. 'n Positiewe aspek van 'n vraelys met hoofsaaklik oop vrae was in hierdie studie duidelik deurdat verskeie respondenten die kans gebruik het om volledige antwoorde te gee en beskrywings in gevalle waar 'n spesifieke aspek van kwaliteitbestuur vir hulle baie belangrik was. Die antwoorde op hierdie oop vrae sou gebruik kon word om verskillende opsies vir 'n volgende vraelys van 'n meer kwantitatiewe aard te ontwerp.

Die vraelys is aan vertaalkantore gestuur waar die navorser 'n spesifieke kontakpersoon kon identifiseer op grond van haar eie netwerk asook dié van 'n kontak by die US Taalsentrum en by SAVI. Deur nie net 'n generiese e-pos te stuur nie, maar die versoek aan 'n spesifieke persoon te rig, is gepoog om die reaksiekoers so positief moontlik te beïnvloed. Dit was belangrik, aangesien die studie op klein skaal gedoen is en die tipiese reaksiekoers vir 'n vraelys wat per e-pos versprei word, selfs laer as 50% kan wees (Leedy & Ormrod 2013:201–202).

Van die 30 vertaalkantore wat gekontak is, het drie glad nie gereageer nie, 15 het ingestem om aan die ondersoek deel te neem, en 12 ingevulde vraelyste is ontvang. Aangesien daar nie met hierdie

kleinskaalse ondersoek gepoog is om verteenwoordigend van 'n populasie te wees nie, is die reaksiekoers van 40% aanvaarbaar. Van die twaalf ingevulde vraelyste wat ontvang is, is sewe vertaalkantore aan hoëronderwysinstellings verbonde (twee buite Suid-Afrika) en vyf vertaalkantore is in privaat besit (een buite Suid-Afrika). Die ingevulde vraelyste van die twee oorsese akademiese vertaalkantore is vir hierdie studie buite rekening gelaat ten einde 'n vergelyking tussen praktyke in ewe veel privaat kantore (vyf) en akademiese kantore (vyf) te kan tref.

Die antwoorde in die vraelys word nie vraag vir vraag hier bespreek nie, aangesien die inligting in verskeie hoofstukke aan bod kom, byvoorbeeld die terminologie wat met betrekking tot kwaliteitbestuur en revisie in die kantore gebruik word en inligting oor praktyke wat spesifiek op revisiemetodes van toepassing is (kyk hoofstuk 3).

Die inligting oor kwaliteitbestuurspraktyke wat deur middel van die vraelys ingewin is, is in hierdie hoofstuk se afdeling 4.2.3 geïnkorporeer om 'n beter beeld te kry van praktyke in privaat kantore teenoor vertaalkantore wat aan 'n hoëronderwysinstelling verbonde is. Kwaliteitbestuur in vertaling is 'n sensitiewe kwessie wat veroorsaak dat inligting vertroulik gehou moet word. Daar word aan die bepalings in die ingeligtetoestemmingsvorm voldoen deur nie die name van die betrokke vertaalkantore te noem nie en deur kwaliteitbestuurspraktyke te identifiseer in plaas daarvan om elke kantoor se kwaliteitbestuursproses in besonderhede te beskryf.

#### **4.2.2.2 Beskrywing van vertaalkantore**

Benewens vertaling het al vyf privaat kantore ten tye van hierdie navorsing ook dienste in redigering en proeflees gelewer, drie kantore het tolkdienste aangebied, twee kantore het dienste in lokalisering en transkripsies gelewer, en een het kopiekryfwerk gedoen. Al vyf kantore se dienste is in daardie stadium nasionaal asook internasionaal gelewer. Die minste interne personeellede was 2 en die meeste was 36 (wat bestuur, projekkoördineerders en interne vertalers ingesluit het) met 'n gemiddeld van 11.6 interne personeellede en 'n mediaan van 5. Al vyf akademiese vertaalkantore het, behalwe vertaling, ook redigeerdienste gelewer, twee het tolkdienste gelewer, en twee het kopiekryfwerk gedoen. Al die akademiese kantore het dienste hoofsaaklik aan hulle eie universiteit gelewer, drie kantore se dienste is ook nasionaal gelewer, en slegs een kantoor het aangedui dat hulle dienste soms internasionaal gelewer word. Die akademiese vertaalkantore was veel kleiner as die privaat kantore: Die minste interne personeellede was 1 (die bestuurder) en die meeste was 8 met 'n gemiddeld van 3.8 interne personeellede en 'n mediaan van 3. Dit stem ooreen met 'n opname onder Europese vertaaldiensverskaffers in 2011 waar meer as die helfte van die 680 respondenten aangedui het dat daar minder as vyf salaristrekkende personeel in hulle kantore werk (Toudic 2013).

Die privaat en akademiese vertaalkantore het ooreengestem deurdat vier in elke groep hoofsaaklik van vryskutvertalers gebruik gemaak het. Die oorblywende privaat kantoor het sowel vryskutvertalers as interne vertalers gebruik, terwyl die ander akademiese kantoor se werk hoofsaaklik deur interne vertalers gedoen is.

Privaat kantore hanteer 'n groter verskeidenheid tale as akademiese kantore. Die minste tale wat ten tye van hierdie navorsing deur 'n privaat vertaalkantoor hanteer is, was 17, die meeste tale was 114 met 'n gemiddeld van 84 en 'n mediaan van 95. Een privaat kantoor het aangedui dat hulle vertaaldienste in alle tale lewer, tensy hulle nie 'n gesikte vertaler kan opspoor nie. Die minste tale wat deur 'n akademiese kantoor hanteer is, was 2, die meeste was 14 met 'n gemiddeld van 7.8 tale en 'n mediaan van 9. Al vyf akademiese kantore het vertaaldienste in Afrikaans en Engels gelewer, drie het vertaaldienste in Zoeloe gelewer, drie in Sesotho, twee in Setswana, en twee in Xhosa. Twee akademiese kantore het in daardie stadium ook vertaaldienste in Europese tale soos Duits, Frans en Portugees gelewer.

Hoewel die velde en die genres waarin die privaat vertaalkantore spesialiseer wyd uiteenlopend is, is daar wel patronen te bespeur. Vier kantore hetregsvertaling (bv. kontrakte) en die vertaling van opleidingsmateriaal gedoen; drie kantore het tegniese vertaling (soos handleidings) gedoen, asook bemarkingsmateriaal (bv. advertensies, brosjures en webwerwe) en dokumente in die mediese wetenskappe (soos kliniese toetse, pasiënt-inligting en patente) vertaal. Dokumente wat in verskeie velde aangetref word en wat die meeste deur die privaat kantore vertaal is, het vraelyste, briewe en nuusbriewe, etikette en verpakking, asook verslae ingesluit. Die akademiese vertaalkantore het veral op genres in hulle onmiddellike omgewing gefokus, soos korporatiewe kommunikasie wat nuusartikels, briewe, memorandums, agendas en notules ingesluit het. Vier kantore het studiemateriaal soos studiegidse, MS PowerPoint-skyfies vir lesings, toets- en eksamenvraestelle, klasnotas en moduleraamwerke vertaal.

Twee privaat vertaalkantore was ten tye van hierdie navorsing nie by enige kwaliteitstandaard gesertifiseer nie, een kantoor was in die proses om EN 15038-sertifisering te verkry, een respondent het aangedui dat die kantoor aan EN 15038 se vereistes voldoen het, en een kantoor het aangedui dat hulle by drie standarde (ISO 9001; ISO 13485; EN 15038) gesertifiseer is en dat hulle poog om ASTM F2575 se riglyne te volg. Doherty et al. (2013:4) se bevinding dat EN 15038 die gewildste kwaliteitstandaard onder bykans 500 vertaaldiensverskaffers was, is deur hierdie opname bevestig deurdat drie uit die vyf vertaalkantore in verskillende mates die kwaliteitstandaard EN 15038 (2006) se riglyne gevolg het. Geeneen van die akademiese vertaalkantore was in daardie stadium by 'n kwaliteitstandaard gesertifiseer nie en het ook geen nut daarin gesien om dit wel te doen nie.

Met vraag 10 in die vraelys is daar gepoog om te bepaal hoe die respondent kwaliteitbestuur sien, terwyl vraag 11 daarop gemik was om te bepaal hoe kwaliteitbestuur prakties in die vertaalkantore toegepas word. Die antwoorde op hierdie vrae asook meer spesifieke vrae oor revisie word vervolgens kortlik bespreek aan die hand van kernstappe in kwaliteitstandaarde, soos deur Van Rensburg (2017b) geïdentifiseer.

#### **4.2.3 Kernstappe vir kwaliteitbestuur in sowel standaarde as die praktyk**

Van Rensburg (2017b) het die kernstappe vir kwaliteitbestuur in kwaliteitstandaarde geïdentifiseer op grond van die analise van vyf van die standaarde vir die vertaalbedryf wat sedert 2006 gepubliseer is. Dié kernstappe word in hierdie afdeling beskryf ten einde die agtergrond van 'n kwaliteitbestuurstelsel te skets waarbinne revisie as 'n kwaliteitkontrole kan funksioneer. Die werklikheid in die vertaalpraktyk ten opsigte van die wyse waarop kwaliteitbestuur in vertaalkantore toegepas word, is ondersoek met behulp van inligting wat ingewin is deur middel van die opname onder vertaalkantore (afdeling 4.2.2) asook inligting oor daardie vertaalkantore se kwaliteitbestuur wat in daardie stadium op hulle webwerwe beskikbaar was. Van Rensburg (2017b) gebruik Drugan (2013:77–80) se indeling van die produksieproses van vertaling, naamlik die voorvertaal-, vertaal-, en navertaalfase. Hierdie indeling weerspieël die werksvloei in talle akademiese vertaalkantore waar projekkoördineerders of bestuurders vertaalwerk aan interne en/of vryskutvertalers toeken en die kwaliteitkontrole in die kantoor gedoen word.

Die voorvertaalfase behels hoofsaaklik die gebruik van standaardstelsels vir bykans elke kliënt, soos projekbestuurstelsels waardeur die besonderhede van elke vertaalprojek aangeteken word. Een van die belangrikste stappe in hierdie fase is 'n skriftelike ooreenkoms met die kliënt waarin aspekte soos die taalkombinasie, leveringsdatum en tarief vir die vertaling gespesifieer word. Sodanige ooreenkoms word ook die projekspesifikasie genoem. Die vertaalfase begin wanneer die vertaalkantoor die bronteks, vertaalopdrag en ander relevante materiaal aan die vertaler stuur. Die vertaler skep die vertaling in ooreenstemming met die vertaalopdrag, doen selfrevisie en stuur die vertaling teen die ooreengekome leveringsdatum aan die vertaalkantoor. Die navertaalfase behels stappe soos geskikte kwaliteitkontrole (wat revisie kan insluit) en om terugvoer van die kliënt te kry. (Drugan 2013:77–80)

Kernstappe en -inligting wat in minstens drie kwaliteitstandaarde vereis word, word in tabel 4.1 aangedui. Die vertaalkantoor is verantwoordelik vir die stappe in die voor- en navertaalfase, terwyl die vertaler (intern of vryskut) die stappe in die vertaalfase uitvoer.

**Tabel 4.1 Kernstappe vir kwaliteitbestuur in standaarde vir die vertaalbedryf**

<b>Voorvertaalfase</b>
Die vertaalkantoor gaan 'n skriftelike ooreenkoms met die kliënt aan (projekspesifikasie).
Die vertaalkantoor ken gesikte menslike hulpbronne aan die vertaalprojek toe.
Die vertaalkantoor versamel verwysingsmateriaal wat tot die kwaliteit van die vertaling kan bydra.
Die vertaalkantoor sluit soveel besonderhede moontlik by die vertaalopdrag aan die vertaler in.
<b>Vertaalfase</b>
Die vertaler skep die vertaling en doen selfrevisie voordat die vertaling aan die vertaalkantoor gestuur word.
<b>Navertaalfase</b>
Revisie as moontlike kwaliteitkontrole
Vakkundige redigering as moontlike kwaliteitkontrole
Proeflees as moontlike kwaliteitkontrole
Die vertaalkantoor evalueer die vertaalprojek aan die hand van die ooreenkoms met die kliënt voordat die vertaling aan die kliënt gelewer word.
Die vertaalkantoor kry terugvoer van die kliënt en deel dit met die projekspan.

Die kernstappe vir kwaliteitbestuur in standaarde vir die vertaalbedryf word vervolgens bespreek en in verband gebring met werklike praktyke in die vertaalbedryf soos blyk uit die opname onder akademiese en privaat vertaalkantore (afdeling 4.2.2).

#### **4.2.3.1 Voorvertaalfase**

Die voorvertaalfase begin wanneer die vertaalkantoor deur 'n moontlike kliënt versoek word om 'n vertaalprojek te hanteer en eindig sodra die projekkoördineerde die bronsteks en ander relevante dokumente aan die vertaler gestuur het.

*Die vertaalkantoor gaan 'n skriftelike ooreenkoms met die kliënt aan (projekspesifikasie)*

Engelse terme wat vir die skriftelike ooreenkoms gebruik word, is *specifications agreement* (ASTM 2014:10), *translation service specifications* (ISO 2015:10), en *project specifications* (ISO/TS 2012:v). Een van die doelwitte met kwaliteitstandaarde is om doeltreffende kommunikasie tussen vertaaldiensverskaffers en kliënte te bevorder. Die belanghebbendes onderhandel oor wat nodig is om 'n sukses van die vertaalprojek te maak, en daardie ooreenkoms word in die projekspesifikasie-dokument uiteengesit. Al vyf kwaliteitstandaarde vereis dat daar 'n skriftelike ooreenkoms aangegaan word, hoewel die hoeveelheid inligting wat in sodanige ooreenkoms vervat moet word van een standaard na die ander verskil. (Kyk bv. ASTM 2014:7–10; CAN/CGSB 2008:4–5; EN 2006:8–9; ISO 2015:13–14.) ISO/TS 11669 (2012:16, 18–28) bevat die meeste besonderhede oor die

projekspesifikasie met 21 parameters wat in vier hoofkategorieë verdeel word, te wete parameters ten opsigte van:

- taal (bv. kenmerke van die broninhoud soos vaktaal en moeilikheidsgraad, en kenmerke van die beplande doelinhou soos die doel van die vertaling, kenmerke van die doellesers en die verwagte ooreenstemming tussen bron- en doelinhou);
- produksietake (bv. watter kwaliteitkontrolemechanismes toegepas gaan word);
- die vertaalomgewing (bv. geskikte tegnologie, relevante verwysingsmateriaal, en waar die vertaling gedoen gaan word); en
- verhoudinge tussen rolspelers (bv. kopiereg, erkenning, kwalifikasies van die rolspelers, die sperdatum en die tarief vir die vertaalprojek).

Al 21 parameters word in besonderhede beskryf met notas en voorbeelde by elke parameter (ISO/TS 2012:18–28).

Die omvang van die projekspesifikasie hang af van die aard en omvang van die vertaalprojek en die verhouding tussen die kliënt en die vertaalkantoor. In gevalle waar die rolspelers gereeld saamwerk, is talle van die parameters implisiet (soos voorkeure t.o.v. terminologie) en kan die projekspesifikasie slegs die nodigste inligting bevat soos die taalkombinasie, die doellesers, die doel en funksie van die vertaling, die sperdatum en die tarief vir die projek. Daar behoort egter meer besonderhede in die projekspesifikasie-dokument gegee te word wanneer die verhouding tussen die kliënt en die vertaalkantoor nuut is, en verskeie dokumente en tale deel van 'n uitgebreide vertaalprojek uitmaak.

'n Voorbeeld van waar 'n projekspesifikasie misverstande tussen die kliënt en vertaaldiensverskaffer sou kon voorkom, is 'n werklike vertaalprojek wat Risku, Pein-Weber en Milošević (2016) as deel van 'n empiriese studie oor verhoudinge tussen kliënte en vryskutvertalers beskryf. Die verhouding en samewerking tussen die vryskutvertaler en kliënt was oor die algemeen positief, maar die ondersoek het aan die lig gebring dat daar ten spyte van die goeie samewerking steeds uiteenlopende verwagtinge was, soos wie vir terminologiebestuur, kwaliteitbestuur en die uitleg van die dokument verantwoordelik was (Risku et al. 2016).

In die opname onder vertaalkantore is 'n skriftelike ooreenkoms tussen kliënt en vertaalkantoor glad nie as deel van kwaliteitbestuur genoem nie. Die meeste vertaalkantore het aangedui dat hulle minstens 'n kwotasie voorsien wat skriftelik deur die kliënt aanvaar word, dus word daar wel skriftelike ooreenkomste in die vertaalpraktyk aangegaan. Hierdie stap is moontlik so voor die hand liggend in die produksieproses dat deelnemers aan die opname dit as implisiet aan kwaliteitbestuur beskou het, maar dit nie pertinent genoem het nie.

### *Die vertaalkantoor ken geskikte menslike hulpbronne aan die vertaalprojek toe*

Daar word in die kwaliteitstandaarde slegs genoem dat geskikte interne en/of eksterne menslike hulpbronne toegeken moet word om te verseker dat die vereistes in die projekspesifikasie nagekom word (ASTM 2014:10; CAN/CGSB 2008:6; EN 2006:10; ISO 2015:8). Verdere riglyne word in al vyf kwaliteitstandaarde verskaf oor die kennis, vermoëns en kwalifikasies waарoor vertalers, reviseurs en vakkundige redigeerders behoort te beskik (ASTM 2014:5–7; CAN/CGSB 2008:2–3; EN 2006:7; ISO 2015:6; ISO/TS 2012:7–9). Dit is die vertaalkantoor se verantwoordelikheid om die geskikte kombinasie menslike hulpbronne aan 'n projek toe te ken. Die tekortkominge van een taalpraktisyen behoort aangevul te word deur 'n ander se sterkpunte. Indien 'n vertaler uiters ervare is, maar nie oor 'n uitgebreide kennis van die betrokke vakgebied beskik nie, behoort die reviseur oor daardie vakkennis te beskik, of 'n vakkundige redigeerder se hulp moet ingeroep word. Vertaalkantore wat egter 'n tekort aan hulpbronne het, kan nie deurlopend optimale hulpbronne aan projekte toeken nie. Hulle word genoop om die risiko's te oorweeg (soos die betrokke genre en kliënt) wanneer hulle besluit watter hulpbronne hulle vir 'n betrokke projek kan bekostig (kyk bv. Prioux & Rochard 2007). Reviseurs moet hierdie ekonomiese kwessies in vertaalkantore in ag neem by die tyd wat hulle aan revisie bestee.

Al tien vertaalkantore wat aan die opname deelgeneem het, het dit as van kritieke belang beskou om die geskikste menslike hulpbronne aan projekte toe te ken, soos blyk uit die antwoorde op die vraag oor watter faktore die kantoor in ag neem wanneer daar besluit word watter vertaler aan 'n betrokke projek toegeken word. Al tien kantore het ervaring in die betrokke vakgebied as een van die kriteria geag, en vier akademiese kantore het opleiding in die vakgebied genoem (benewens ervaring). Ses kantore het die vertaler se betroubaarheid ten opsigte van die nakoming van sperdatums asook die vertaler se beskikbaarheid genoem. Die kwaliteit van die vertaler se werk is deur slegs drie kantore as 'n kriterium gespesifieer, hoewel hierdie faktor moontlik as implisiet in die ander vertaalkantore beskou word. Ander kriteria wat genoem is, is die betrokke genre, die vertaler se tarief en vermoë om rekenaarprogramme te gebruik, en dat daar gepoog word om dieselfde vertalers vir spesifieke kliënte se werk te gebruik.

### *Die vertaalkantoor versamel verwysingsmateriaal wat tot die kwaliteit van die vertaling kan bydra*

Dit blyk uit die vyf kwaliteitstandaarde dat die bronteks slegs een deel van die inligting is wat aan die vertaler gestuur word. Dit stem ooreen met die funksionalistiese vertaalteorieë (afdeling 2.2). Vertaalkantore behoort ekstra hulpbronne soos tweetalige termdatabasisse en paslike stylgidse te versamel wat konsekwentheid en die kwaliteit van die vertaling kan verhoog (ASTM 2014:9; CAN/CGSB 2008:5; ISO 2015:9; ISO/TS 2012:27). Vertaalkantore wat van die dienste van vryskutvertalers gebruik maak, behoort veral by die gebruik van 'n stylgids baat te vind. 'n Hele bylae

word in die Europese standaard gewy aan aspekte wat in sodanige stylgids vervat kan word (EN 2006:16). Die stylgids van 'n vertaalkantoor wat met Afrikaans werk, kan byvoorbeeld die kantoor se riglyne en stylkeuses bevat wat betref skryfwyse (los en vas), anglisismes, die formaat van die apostrof by 'n, punktuasie, en 'n inklusiewe skryfstyl.

Daar word in die standaarde groot klem op verwysingsmateriaal met die relevante terminologie gelê en op die belang van terminologiebestuur vir die sukses van 'n vertaalprojek. Dit is die vertaalkantoor se verantwoordelikheid om projekspesifieke terminologie met die kliënt uit te klaar en die inligting aan al die lede van die projekspan, soos die reviseur, te stuur. (ASTM 2014:10; EN 2006:10; ISO 2015:9; ISO/TS 2012:31) Dit is een van 'n reviseur se take om seker te maak dat die relevante stylgids en/of tweetalige termdatabasis wat die vertaalkantoor aan die vertaler verskaf het, wel korrek in die vertaling toegepas is. Reviseurs kan ook betrokke wees by die opstel van stylgidse vir die vertaalkantoor en is deel van die span wat vir die terminologiebestuur van 'n projek verantwoordelik is. Dit is veral van toepassing op groot projekte waar daar verskeie vertalers betrokke is en waar die aanvanklike terminologielys wat as riglyn aan die vertalers gegee is, deurlopend bygewerk word met die vertaalekwivalente soos met die kliënt ooreengekom. Terminologiebestuur word vergemaklik deur, wanneer moontlik, een of meer spesifieke vertalers en/of reviseurs vir 'n spesifieke kliënt se vertaalwerk te gebruik. Dit kan daartoe lei dat die vertaler en reviseur die kliënt se styl- en terminologievoordeure leer ken, en dat die reviseur minder tyd aan terminologiebestuur en aan die revisie van die vertaling hoef te bestee.

In die opname onder vertaalkantore het sommige kantore hulpbronne genoem wat hulle aan vertalers stuur. Twee kantore het slegs oorsigtelik daarna verwys as "verwysingsmateriaal", terwyl ander spesifieke voorbeeld genoem het, naamlik relevante glossariums, meertalige termlyste, en interne stylgidse. Twee privaat kantore het aangedui dat hulle vorige vertalings wat deur die vertaalkantoor vir die betrokke kliënt gedoen is of deur die kliënt self verskaf is, aan vertalers beskikbaar stel.

*Die vertaalkantoor sluit soveel besonderhede moontlik by die vertaalopdrag aan die vertaler in*

Die vertaalopdrag aan die vertaler is 'n uittreksel uit die breër projekspesifikasie met 'n fokus spesifiek op die vereiste kenmerke van die doelteks en bevat inligting wat nodig is om 'n gepaste vertaalproduk te skep (CAN/CGSB 2008:6; EN 2006:11; ISO 2015:8). Soos in afdeling 2.2 genoem, bepaal funksionalistiese vertaalbenaderings dat daar 'n vertaalopdrag geskep moet word met soveel inligting moontlik oor die situasie waarin die vertaling gebruik gaan word, asook die doel wat die vertaling in daardie situasie moet vervul (bv. Nord 2010).

Benewens die taalkombinasie, tarief en sperdatum, behoort die volgende ook in die vertaalopdrag aan die vertaler opgeneem te word: die betrokke vakgebied (bv. ingenieurswese of plantgenetika), genre

(bv. nuusbrief of persverklaring), relevante inligting oor die doellesers (bv. of hulle kundiges of leke in die betrokke veld is), die beplande doel en funksie van die vertaling ('n informatiewe tekstile soos MS PowerPoint-skyfies dra inligting oor en word bv. in 'n klassituasie gebruik om leer te bevorder), en in watter mate die inhoud van die bronsteks en doelsteks moet ooreenstem (bv. 'n direkte vertaling van 'n stuk wetgewing, of 'n vryer vertaling van 'n advertensie wat tot die doeltaalkultuur sal spreek). Hoewel van hierdie inligting implisiet aan sommige projekte sal wees, en dit dikwels moeilik is om besonderhede van kliënte te bekom, behoort dit tot die kwaliteit van die doelsteks by te dra om soveel besonderhede moontlik in die vertaalopdrag aan die vertaler te gee.

In die opname onder vertaalkantore blyk dit dat die privaat kantore veel meer besonderhede in die vertaalopdrag aan die vertaler gee as die akademiese kantore. 'n Beskrywing van die doelgehoor word deur al vyf privaat vertaalkantore aan hulle vertalers gegee. Aspekte hiervan wat spesifiek genoem is, is die moeilikhedsgraad van die taal, asook die ouderdom, geslag en geografiese ligging van die doelgehoor. Twee kantore het die tarief genoem, terwyl die volgende aspekte telkens deur een kantoor gespesifieer is: die doel van die vertaling, 'n kontakpersoon by die kliënt aan wie navrae gerig kan word, die genre en instruksies oor waarom die bronsteks en verwysingsmateriaal te bekom asook hoe en in watter formaat dit afgelewer moet word. Een kantoor het geantwoord dat hulle probeer om soveel inligting moontlik oor die projek, kliënt en onderwerp te gee, en het bygevoeg: "But client briefs are usually pretty pathetic. The standard line of 'translate this into this language' is usually the extent of a client's initial communication." Die vertaalkantoor moet dus ekstra moeite doen om die nodige inligting by die kliënt te kry ten einde die vertaler te bemagtig. Talle kliënte se onvermoë om voldoende besonderhede vir die vertaalopdrag te verskaf, word ook deur Byrne (2012:13) bevestig.

In teenstelling met heelwat inligting wat deur privaat kantore in die vertaalopdrag gegee word, is die vertaalopdrag in akademiese kantore meestal implisiet. Dit kan wees as gevolg van die beperkte omvang van die werk wat deur 'n akademiese vertaalkantoor hanteer word met betrekking tot die aantal kliënte, tale en genres. Volgens die een akademiese kantoor is die vertaalopdrag meestal implisiet omdat dieselfde vertaler so ver moontlik 'n spesifieke kliënt se dokumente vertaal. 'n Ander kantoor gee die kontakbesonderhede van die kliënt aan interne vertalers as hulle oor die inhoud van die teks wil kommunikeer. Slegs een akademiese vertaalkantoor gee inligting oor die doellesers, die doel van die vertaling en die kliënt se voorwaardes en voorkeure in die vertaalopdrag aan die vertaler.

#### **4.2.3.2 Vertaalfase**

Die vertaalfase begin wanneer die vertaalkantoor die bronsteks, vertaalopdrag en ander relevante materiaal aan die vertaler stuur, en eindig wanneer die vertaler die doelsteks aan die vertaalkantoor stuur. Dié fase kan deur 'n interne vertaler of 'n vryskutvertaler hanteer word.

*Die vertaler skep die vertaling en doen selfrevisie voordat die vertaling aan die vertaalkantoor gestuur word*

Die vertaler is daarvoor verantwoordelik om die vertaling in ooreenstemming met die vertaalopdrag te skep. Die reviseur moet ook oor hierdie inligting beskik ten einde na te gaan of die vertaalproduk aan die gestelde vereistes voldoen. Volgens vier kwaliteitstandarde (in Van Rensburg 2017b:204) kan inligting oor die onderstaande aspekte in die vertaalopdrag gespesifieer word, en die vertaler en reviseur moet dit in ag neem om die geskiktheid van die vertaalproduk te bepaal:

- a) enige bykomende dokumentasie wat aan die vertaler gegee is, soos 'n stylgids of reeds vertaalde dokumente vir dieselfde kliënt of in dieselfde veld;
- b) die doellesers en die doel en funksie van die vertaling;
- c) gepaste terminologie vir die vakgebied en die kliënt;
- d) die mate waarin die inhoud van die doel- en bronsteks moet ooreenstem;
- e) korrekte tipografie, punktuasie, spelling en grammatika;
- f) gepaste doeltaalgebruik;
- g) gepaste taalvariante of -dialekte, styl en register; en
- h) formatering en uitleg.

Reviseurs kan ook by die vertaalfase betrokke wees deur ondersteuning aan die vertaler te bied, byvoorbeeld ten opsigte van terminologie. Die behoefte aan sodanige ondersteuning hang af van verskeie faktore, soos die kompleksiteit van die projek en inhoud van die bronsteks, die ervaring van die vertaler en die verhouding tussen die vertaler en reviseur.

'n Deel van die vertaler se taak is om selfrevisie te doen.<sup>48</sup> Verskeie terme word in die onderskeie standarde vir selfrevisie gebruik, naamlik *check* (ISO 2015:10), *checking* (CAN/CGSB 2008:7; EN 2006:11) en *self-checking* (ISO/TS 2012:26). Selfrevisie behels dat die hele vertaling weer eens deurgewerk word om moontlike taal- en vertaalprobleme te identifiseer en reg te stel, asook om seker te maak dat die doeltekst aan die vereistes in die vertaalopdrag voldoen voordat dit aan die vertaalkantoor gestuur word.

In die opname onder vertaalkantore het geen kantoor oor die vertaalfase kommentaar gelewer nie. Slegs een privaat kantoor en een akademiese kantoor het pertinent genoem dat dit deel is van kwaliteitbestuur om die beste vertalers op grond van hulle CV's aan te stel. Dit blyk dus dat vertaalkantore hulle rol as die aanstel van die vertalers sien, en dat die vertalers dan vertrou word om

---

<sup>48</sup> Die onderskeid tussen selfrevisie en anderrevisie word in afdeling 3.3.1 en 3.3.2 hanteer.

professionele gedrag te toon deur instruksies te volg en selfrevisie te doen voordat die dokument aan die vertaalkantoor gestuur word.

#### **4.2.3.3 Navertaalfase**

Die navertaalfase begin sodra die vertaalkantoor die doelteks van die vertaler ontvang, en eindig wanneer die projek op die betrokke stelsels afgesluit word. Die aantal en aard van die stappe in hierdie fase wissel na gelang van die omvang en aard van die vertaalprojek, die hulpbronne waарoor die vertaalkantoor beskik en die benadering van die kantoor tot kwaliteitbestuur, asook die ooreenkoms wat die vertaalkantoor met die kliënt aangegaan het. Volgens ISO/TS 11669 (2012:26) kan dieselfde persoon in 'n uiters eenvoudige vertaalprojek vir die vertaling, selfrevisie én revisie verantwoordelik wees, terwyl meer persone in 'n komplekse vertaalprojek by elke fase betrokke sal wees. Van Rensburg (2017b) wys egter daarop dat dit afwyk van die wyse waarop Mossop (2014:226, 228) die terminologie gebruik: "Dieselfde persoon kan nie sowel selfrevisie as anderrevisie op dieselfde dokument uitvoer nie. As die vertaling nie deur iemand anders as die vertaler nagegaan is nie, beteken dit dat die vertaalkantoor nie die (ander)revisie-kwaliteitkontrole uitgevoer het nie" (Van Rensburg 2017b:205).

#### *Revisie as moontlike kwaliteitkontrole*

Slegs twee uit die vyf kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf spesifiseer dat revisie nie 'n opsie nie, maar 'n vereiste is, naamlik EN 15038 (2006:11) en ISO 17100 (2015:10). Revisie word breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek,<sup>49</sup> dus fokus die huidige onderafdeling op die inligting wat deur middel van die opname onder vertaalkantore oor revisiepraktyke ingewin is. Verskeie vrae in die vraelys aan vertaalkantore het spesifieker op revisie gefokus (14–18, 20–21, 24).<sup>50</sup> Die antwoorde op hierdie vrae word vervolgens gebruik om revisiepraktyke in die tien kantore te beskryf. Dit word gedoen aan die hand van die New Rhetoric-formule (Nord 2005:41–42) wat aangepas is na *Who revises what when where why how for whom with what effect?*

Die reviseur (*who?*) was in drie privaat kantore en twee akademiese kantore 'n vertaler met meer ervaring as die vertaler wat die konsepvertaling geskep het. Volgens drie akademiese kantore kan revisie deur 'n interne vertaler gedoen word, en twee van hierdie kantore het begevoeg dat 'n vryskutvertaler ook daarvoor verantwoordelik kan wees. Die spesifieke konteks (*when? where?*) bepaal ook die doel van die revisie (*why? for whom?*). Aan die een kant kan revisie as assessering en indiensopleiding uitgevoer word. Twee akademiese kantore het pertinent genoem dat "junior vertalers" se werk deur "senior vertalers" nagegaan word. Aan die ander kant kan revisie slegs as

---

<sup>49</sup> Riglyne en vereistes in die kwaliteitstandaarde ten opsigte van revisie is ook by hoofstuk 3 geïnkorporeer.

<sup>50</sup> Die vraelys is as bylae B opgeneem.

kwaliteitkontrole gedoen word, met ander woorde om enige foute reg te stel voordat die vertaling aan die kliënt gestuur word. Dit was die geval in vier privaat kantore waar revisie slegs uitgevoer word as 'n bykomende diens waarvoor die kliënt ekstra moet betaal. Een respondent het egter daarop gewys dat, hoewel die kantoor revisie aanbeveel, wys talle kliënte dit van die hand huis omdat daar ekstra koste aan verbonde is.

Die konteks (*when? where?*) en die doel van revisie in 'n betrokke vertaalkantoor (*why? for whom?*) bepaal wie die vertaling finaliseer (die reviseur of vertaler) en, as dit die reviseur is, of daar enige terugvoer aan die vertaler gegee word. Drie privaat kantore het gemeld dat die reviseur se veranderinge aan die vertaler gestuur word, die vertaler werk daardeur, bespreek gevalle met die reviseur waar hulle moontlik nie saamstem nie, en finaliseer dan die dokument. Volgens een privaat kantoor gee hulle reviseurs altyd terugvoer aan die vertalers, want “how else will they learn, or be able to defend their work?”. Dit is 'n weerspieëling van Martin (2007) se siening dat die grootste voordeel van revisie die terugvoer aan vertalers is sodat hulle die kwaliteit van hulle werk kan verbeter. In een akademiese kantoor is dieselfde prosedure gevvolg as deel van 'n minder ervare vertaler se indiensopleiding.

Die doel in 'n ander akademiese kantoor was ook dié van indiensopleiding, hoewel dit die reviseur was wat daarvoor verantwoordelik was om die vertaling se finaliseer. In hierdie omgewing was slegs interne personeel ter sprake: Die minder ervare vertalers ontvang indiensopleiding deurdat die meer ervare vertalers deurlopend uitgebreide terugvoer met behulp van redigeerspore (*track changes*) gee, asook kommentaarblokkies invoeg om die veranderinge te motiveer. Die reviseur in 'n akademiese kantoor finaliseer die vertaling en stuur die veranderinge aan die vertaler slegs vir kennisname. Twee ander akademiese kantore se reviseurs poog om gereeld terugvoer aan vertalers te stuur, maar as gevolg van tydsdruk word daar slegs terugvoer gegee wanneer die vertalers ernstige foute of spesifieke kleiner foute herhaaldelik begaan. Een privaat kantoor se fokus was slegs op kwaliteitkontrole, aangesien daar bitter selde terugvoer aan hulle vertalers gestuur word.

Die New Rhetoric-vraag *what?* kan op twee wysses geïnterpreteer word, naamlik watter tekste asook watter aspekte van 'n teks nagegaan word. Die omgewing van die vertaalkantoor speel ook hier 'n groot rol en, soos reeds genoem, was daar vier privaat kantore wat revisie slegs uitvoer wanneer die kliënt dit versoek en ekstra daarvoor betaal. Daarenteen het 'n ander privaat kantoor voldoende kapasiteit gehad om alle tekste te laat nagaan, behalwe as die kliënt pertinent versoek dat dit nie gedoen word nie, byvoorbeeld as daar nie genoeg tyd is nie. Die respondent van een privaat kantoor het pertinent genoem dat daar voldoende tyd vir revisie moet wees, anders, al is die kliënt bereid om ekstra daarvoor te betaal, word dit nie gedoen nie. Die betrokke sperdatum is 'n faktor wat ook deur een privaat en een akademiese kantoor in ag geneem word wanneer hulle besluit of 'n teks nagegaan

moet word. Nog faktore wat genoem is, is die kompleksiteit van die teks, of die teks gepubliseer gaan word en of daar 'n interne reviseur is vir die betrokke taal van die teks. Die fokus op indiensopleiding in een akademiese kantoor kom ook hier na vore deurdat alle tekste wat deur meer onervare interne kollegas vertaal is, in daardie kantoor deur 'n meer ervare vertaler nagegaan word.

Die tweede wyse waarop die New Rhetoric-vraag *what?* geïnterpreteer kan word, is watter aspekte van 'n teks nagegaan word. Al tien vertaalkantore het aangedui dat hulle reviseurs nagaan of die betekenis van die bronteksakkuraat oorgedra is, en of die taalgebruik (grammatika, spelling en punktuasie) in die doelteks gepas is. Nog aspekte wat genoem is, is konsekwentheid, dat die konteks en kultuur van die doelteks in ag geneem moet word, die vlotheid en leesbaarheid van die doelteks, dat die vertaler die gegewe verwysingsmateriaal korrek toegepas het en die interne stylriglyne gevvolg het. Slegs een (akademiese) vertaalkantoor het pertinent genoem dat hulle nie volledige tekste nie, maar eerder dele van tekste lukraak kies om na te gaan, aangesien hulle 'n tekort aan kapasiteit het.

Daar is 'n duidelike onderskeid tussen privaat en akademiese vertaalkantore wat betref die revisiemetode wat gevvolg word (*how?*). Volgens al vyf privaat kantore en slegs een akademiese kantoor word die doelteks met die bronteks vergelyk, terwyl die ander vier akademiese kantore slegs ten volle vergelykend te werk gaan wanneer daar voldoende tyd is. Dit blyk dat reviseurs in hierdie kantore meestal, as gevvolg van voortdurende tydsdruk, deur die doelteks lees en slegs na die bronteks verwys wanneer iets vreemds hulle opval.

Die New Rhetoric-vraag *with what effect?* kan beskryf word as die wisselwerking tussen die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaling en die kostedoeltreffendheid van die vertaalprojek. Vir vier privaat kantore was kostedoeltreffendheid nie 'n kwessie nie, aangesien nie hulle nie, maar die kliënt die koste van die revisie dra. Volgens een privaat kantoor was revisie wel kostedoeltreffend, aangesien die reviseurs oor die algemeen meer foute regstel as wat hulle veroorsaak: "This saves us from post-project remediation and additional time needed to handle customer complaints." Twee akademiese kantore het revisie ook as kostedoeltreffend beskou, aangesien die omvang van die werk wat hulle hanteer, beperk is. Volgens die ander drie akademiese vertaalkantore is revisie egter nie kostedoeltreffend nie. Die redes wat hulle gegee het, is dat dit 'n tydrowende proses is, dat die ervare vertalers se tyd doeltreffender aangewend kan word deur self vertalings te doen, dat dit moeilik is om die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaling te bepaal, en dat daar meer revisieriglyne nodig is sodat reviseurs dit konsekwent kan toepas en daardeur kwaliteit en kostedoeltreffendheid in die hand kan werk.

### *Vakkundige redigering as moontlike kwaliteitkontrole*

Die Engelse term wat vir vakkundige redigering in die kwaliteitstandaarde gebruik word, is *review*. Dit behels 'n eentalige redigering van die doelteks om te bepaal of die vakkundige inhoud akkuraat en gepas is vir die spesifieke vakgebied en vertaalopdrag en of die konvensies van die vakgebied en genre gevvolg is (ASTM 2014:7, 9; CAN/CGSB 2008:8; EN 2006:11; ISO 2015:11; ISO/TS 2012:26). Hierdie stap word in al die kwaliteitstandaarde as opsioneel aangedui. Die vertaalkantoor kan besluit om 'n vertaling aan 'n vakkundige redigeerder te stuur wanneer die reviseur nie oor voldoende vakkennis vir 'n betrokke projek beskik nie.

Vakkundige redigering het in die opname onder vertaalkantore glad nie in die kantore se beskrywing van kwaliteitbestuur ter sprake gekom nie.

### *Proeflees as moontlike kwaliteitkontrole*

Proeflees word gewoonlik gedoen wanneer die vertaling gepubliseer gaan word (EN 2006:12; ISO 2015:11): Dit is 'n eentalige lees van die doelteks met die fokus op taalgebruik, maar veral op tipografiese en formateringskwessies (ASTM 2014:3, 10). Daar word baie min inligting in die standaarde oor hierdie stap gegee, moontlik omdat dit van die aard en omvang van die vertaalprojek afhang of dié kwaliteitkontrole nodig is.

Soos in afdeling 4.2.2.2 aangedui, was proeflees een van die dienste wat ten tye van hierdie navorsing deur al vyf privaat vertaalkantore gelewer is, terwyl geen akademiese kantoor die diens genoem het nie. Daar was nie konsekwentheid ten opsigte van die gebruik van die term nie, hoewel die meeste kantore hierdie diens aanbeveel het vir tekste wat gepubliseer gaan word.

### *Die vertaalkantoor evalueer die vertaalprojek aan die hand van die ooreenkoms met die kliënt voordat die vertaling aan die kliënt gelewer word*

Dit is die tweede laaste kernstap vir kwaliteitbestuur in standaarde vir die vertaalbedryf. Die vertaalkantoor evalueer die hele projek en maak seker dat die vereistes in die projekspesifikasie nagekom is (ASTM 2014:10; EN 2006:12; ISO 2015:11; ISO/TS 2012:13). Reviseurs kan vir hulle insette gevra word, maar dit is dikwels die bestuurder of projekkoördineerder se taak om die hele projek te evalueer.

Nie akademiese of privaat vertaalkantore het sodanige projekevaluering pertinent as deel van hulle kwaliteitbestuur genoem nie.

### *Die vertaalkantoor kry terugvoer van die kliënt en deel dit met die projekspan*

Volgens drie kwaliteitstandaarde kan kliënte se terugvoer waardevol wees om voortdurende verbetering in die hand te werk en behoort dit met die projekspan gedeel te word (ASTM 2014:11;

ISO 2015:11; ISO/TS 2012:14). “Dit kan op ’n formele wyse deur die vertaalkantoor hanteer word, soos vraelyste aan kliënte, en sporadiese informele kliënteterugvoer kan ook aan spanlede gestuur word” (Van Rensburg 2017b:206). Sodanige informele kliënteterugvoer word in sommige akademiese vertaalkantore deur die reviseur ontvang, aangesien die reviseur dikwels die finale vertaling aan ’n kliënt stuur. Sowel negatiewe as positiewe terugvoer behoort met die vertaalspan gedeel te word. Indien daar terminologie of stylaspekte is wat die kliënt anders wou hê, kan dit in ’n stylgids vir die betrokke kliënt aangeteken word. Dit is belangrik om positiewe terugvoer (ook met die betrokke vryskutvertaler) te deel. Veral in omgewings waar taalpraktisyne onder hoë druk werk, kan hulle deur positiewe terugvoer gemotiveer word en dit kan tot die span se werksbevrediging bydra.

Geen kantoor het in die opname onder vertaalkantore pertinent na kliënteterugvoer as deel van hulle kwaliteitbestuur verwys nie, hoewel dit nie beteken dat hulle hierdie stap nie toegepas het nie.

### **4.3 Samevatting**

Revisie is in hierdie hoofstuk as een van die aspekte van kwaliteitbestuur in ’n vertaalkantoor bespreek. Die kernstappe vir kwaliteitbestuur in standarde vir die vertaalbedryf is geïdentifiseer en die mate waarin vertaalkantore aangedui het dat hulle hierdie stappe wél toepas, is beskryf. Al tien kantore het die toekening van gesikte menslike hulpbronne aan ’n vertaalprojek as van kritieke belang vir die sukses van die projek geag. Agt vertaalkantore het gesorg dat, benewens die bronteks, verwysingsmateriaal aan die vertaler beskikbaar gestel word, soos relevante glossariums, meertalige termlyste en interne stylgidse. Al tien kantore het revisie as ’n kwaliteitkontrole gebruik, hoewel vier privaat vertaalkantore aangedui het dat hulle dit as ’n diens lewer waarvoor die kliënt ekstra moet betaal. Dit het geblyk uit die akademiese vertaalkantore se beskrywing van die wyse waarop hulle revisie toepas dat hulle beperkte hulpbronne moes bestuur. Al vyf akademiese kantore het gesê dat hulle spesifieke kriteria toepas om te besluit watter tekste nagegaan word, byvoorbeeld of daar voldoende tyd is, die kompleksiteit van die teks, en of daar ’n reviseur in die betrokke taalkombinasie beskikbaar is. Nog ’n strategie wat deur akademiese vertaalkantore gebruik word, is om tyd te bespaar deur die doelteks te lees en slegs na die bronteks te verwys wanneer iets vreemds opval.

Revisieprosedures, die profiel van die reviseur, en die invloed van revisie op vertaalkwaliteit is in die empiriese studie vir die doeleindes van hierdie proefskrif ondersoek. Die metodologie en navorsingsontwerp wat in hierdie studie gevvolg is, word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

## Hoofstuk 5 Metodologie

### 5.1 Inleiding

In die vorige twee hoofstukke word die literatuur en vorige empiriese studies oor revisie beskryf (hoofstuk 3), en revisie word as een aspek van kwaliteitbestuur in die vertaalbedryf gesitueer (hoofstuk 4). In hoofstuk 5 word die metodologie en navorsingsinstrumente uiteengesit wat in die empiriese ondersoek na die kwaliteit van revisie gebruik is, en maak deel uit van die tweede en derde breë doelwitte vir hierdie studie (kyk afdeling 1.3 en 1.5). Die invloed en doeltreffendheid van revisie as 'n kwaliteitkontrole is ondersoek (m.a.w. die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaling), asook of veranderlikes met betrekking tot die reviseur se profiel en die revisieprocedure as voorspellers van revisiekwaliteit kan dien.

Die drie hoofnavorsingsvrae word in afdeling 5.3.1 gestel en aan die hand van subnavorsingsvrae in afdeling 5.3.2 geoperasionaliseer. Die navorsingsontwerp word in breë trekke geskets (afdeling 5.4.1), en inligting oor die deelnemers (afdeling 5.4.2), navorsingsinstrumente soos die vertaalopdrag (afdeling 5.4.3), en die meetinstrumente waarmee die kwaliteit van die vertaal- en revisieprodukte bepaal is (afdeling 5.4.4), word verskaf. Ter wille van volledigheid, word daar ook besonderhede oor die steekproefneming, data-insameling en dataverwerking (afdeling 5.4.5), asook etiese aspekte (afdeling 5.4.6) verskaf.

### 5.2 Hoofbenadering tot die empiriese studie

'n Gemengdemetode-benadering is gevvolg deur van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe data gebruik te maak. Kwalitatiewe data is verkry deur die vraelyste wat die reviseurs ingevul het (afdeling 5.4.3.7 en 5.4.3.8) en deur die analise van die revisieprodukte. Hierdie teksanalise is gedoen aan die hand van die Van Rensburg (2017a)-kategorieë soos in afdeling 5.4.4.2 uiteengesit, asook die analiseraamwerk in bylae C (kyk ook afdeling 5.4.3.6). Kwantitatiewe data is verkry deur die Van Rensburg (2017a)-formule op hierdie kwalitatiewe analise toe te pas en sodoende die kwaliteit van die revisieproduk as 'n syfer uit te druk (afdeling 5.4.4.3). Beskrywende statistiek is gebruik om die data te beskryf en inferensiële statistiek is gebruik om moontlike verbande tussen onderskeie veranderlikes te ondersoek (afdeling 5.4.5.4).

## 5.3 Konseptuele raamwerk

### 5.3.1 Hoofnavorsingsvrae

Drie hoofnavorsingsvrae het hierdie empiriese studie gerig:

- (1) Wat is die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk?
- (2) Wat is die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk?<sup>51</sup>
- (3) Wat is die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk?

Die hoofnavorsingsvrae weerspieël 'n fokus op drie aspekte van vertaling en revisie, naamlik vertaling en revisie as *produk* (hoofnavorsingsvraag 1), die reviseur se *profiel* (hoofnavorsingsvraag 2), en die *procedure* wat die reviseur gevvolg het (hoofnavorsingsvraag 3). Die begrippe in hierdie hoofnavorsingsvrae word in die volgende afdeling deur middel van subnavorsingsvrae geoperasionaliseer.

### 5.3.2 Operasionalisering: subnavorsingsvrae

Die kwaliteit van die vertaalproduk is in hierdie empiriese studie gesien binne die raamwerk van funksionalistiese benaderings tot vertaling (afdeling 2.2). Kwaliteit word bepaal aan die hand van die mate waarin die vertaalopdrag nagekom is, aangesien die doel en funksie van die vertaling in die vertaalopdrag gespesifieer word.

Wat betref die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk (hoofnavorsingsvraag 1) was die subnavorsingsvrae: Wat is die kwaliteit van die –

- (1a) vertaalproduk voor revisie (die konsepvertaling)?
- (1b) vertaalproduk ná revisie (die doelteks)?
- (1c) revisieproduk?

Wat betref die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk (hoofnavorsingsvraag 2) was die subnavorsingsvrae: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseur se –

- (2a) kwalifikasie(s)?
- (2b) vertaalervaring?
- (2c) revisie-ervaring?

---

<sup>51</sup> Soos in afdeling 1.1 verduidelik, bestaan die revisieproduk uit die veranderinge wat die reviseur aangebring het, asook die foute wat hy of sy oorgesien het.

Wat betref die invloed van die prosedure wat die reviseur gevolg het op die kwaliteit van die revisieproduk (hoofnavorsingsvraag 3) was die subnavorsingsvrae: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die –

- (3a) tyd wat die reviseur aan die revisie bestee het?
- (3b) revisiemetode wat die reviseur gevolg het (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie)?
- (3c) medium wat die reviseur gebruik het (slegs rekenaarskerm, of ook papier)?

## **5.4 Navorsingsontwerp**

Die navorsingsontwerp van die empiriese studie word vervolgens in breë trekke geskets (afdeling 5.4.1), waarna daar meer besonderhede gegee word oor die deelnemers soos die reviseurs en die assesseerders (afdeling 5.4.2), die navorsingsinstrumente soos die bronteks en revisieriglyne (afdeling 5.4.3), en die meetinstrumente soos die formule waarmee die kwaliteit van die revisieprodukte gekwantifiseer is (afdeling 5.4.4).

### **5.4.1 Navorsingsontwerp in breë trekke**

Die Engelse bronteks is as deel van 'n vorige studie oor vertaalvermoë (Van Rensburg 2014) deur 33 professionele vertalers uit Engels in Afrikaans vertaal. Dit is aan die hand van 'n gegewe vertaalopdrag gedoen. Een van daardie vertalings is lukraak gekies en as Afrikaanse konsepvertaling in hierdie studie gebruik.

Dertig reviseurs het hierdie Afrikaanse konsepvertaling nagegaan ten einde enige foute in die vertaling reg te stel en die leesbaarheid, waar nodig, te verbeter. Dit is gedoen aan die hand van 'n gegewe revisie-opdrag en met toegang tot die Engelse bronteks, die vertaalopdrag wat aan die vertaler gegee is, en algemene beginsels vir revisie. Die reviseurs het twee vraelyste ingevul wat data gegenereer het oor elkeen se profiel (bv. vertaalervaring) en revisieprosedure (bv. tyd aan revisie bestee).

Die kwaliteit van die Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie) en die vertaalprodukte (Afrikaanse doeltekste ná revisie) is deur 'n paneel – die assesseerders – gemeet om die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk te bepaal (navorsingsvraag 1a en 1b). Hierdie assessering is gedoen aan die hand van Colina (2009) se meetinstrument wat vir die doeleindes van hierdie empiriese studie effens aangepas is (soos in afdeling 5.4.4.1 beskryf).

'n Tweede paneel – die taalkundiges – het die kwaliteit van die revisieproduk bepaal ten einde navorsingsvraag 1c te beantwoord. Dit is gedoen aan die hand van twee meetinstrumente, naamlik

(i) die kategorieë wat in afdeling 5.4.4.2 uiteengesit word, en (ii) 'n formule waarmee die kwaliteit van die revisieproduk gekwantifiseer is, soos in afdeling 5.4.4.3 verduidelik.

Die data oor die kwaliteit van die revisieproduk (navorsingsvraag 1c) is in kombinasie met die data in vraelys 1 gebruik om die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk te bepaal (navorsingsvraag 2). Die fokus was spesifiek op die moontlike verband tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseur se kwalifikasie(s) (navorsingsvraag 2a), die reviseur se vertaalervaring (navorsingsvraag 2b), en die reviseur se revisie-ervaring (navorsingsvraag 2c).

Die data oor die kwaliteit van die revisieproduk (navorsingsvraag 1c) is verder in kombinasie met die data in vraelys 2 gebruik om die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk te bepaal (navorsingsvraag 3). Die fokus was spesifiek op 'n moontlike verband tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die tyd wat die reviseur aan die revisie bestee het (navorsingsvraag 3a), die revisiemetode wat gevolg is (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie) (navorsingsvraag 3b), en die medium wat in die revisie gebruik is (slegs rekenaarskerm, of ook papier) (navorsingsvraag 3c).

Statistiese analyses is met behulp van die Statistica-program (weergawe 13.2) deur die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die US gedoen (kyk afdeling 5.4.5.4) en die resultate word in hoofstuk 6 weergegee en bespreek.

'n Bondige oorsig oor die navorsingsontwerp verskyn in tabel 5.1 met 'n dieptebeskrywing in afdeling 5.4.2 tot 5.4.6.

**Tabel 5.1 Navorsingsontwerp**

	<b>data ingesamel ten opsigte van</b>	<b>doel</b>	<b>navorsings-instrument</b>	<b>data gegenereer deur</b>	<b>verwerking van data</b>
<b>produk</b>	kwaliteit van vertaalproduk voor revisie (navorsingsvraag 1a)	hoofnavorsingsvraag 1: invloed van revisie op kwaliteit van vertaalproduk	vertaalproduk: Colina (2009) aangepas	Dertig reviseurs doen revisie van konsepvertaling.  Vyf assesseerders doen holistiese evaluering.  Navorser skakel holistiese evaluering om in 'n persentasiepunt uit 90.	Navorser plaas inligting in Excel t.o.v. vertaalkwaliteit (voor en ná revisie); en revisiekwaliteit (kategorieë én formule).
	kwaliteit van vertaalproduk ná revisie (navorsingsvraag 1b)				
	kwaliteit van revisieproduk (navorsingsvraag 1c)		revisieproduk: Van Rensburg-kategorieë (2017a) Van Rensburg-formule (2017a)	Navorser en twee taalkundiges genereer analiseraamwerk met Van Rensburg-kategorieë. Navorser doen analise van 30 tekste m.b.v. analiseraamwerk. Navorser pas Van Rensburg-formule toe om kwaliteit van revisieproduk te kwantifiseer.	Beskrywende en inferensiële statistiek deur die US Sentrum vir Statistiese Konsultasie.
<b>profiel</b>	reviseur se kwalifikasie(s) (navorsingsvraag 2a)	hoofnavorsingsvraag 2: invloed van reviseur se profiel op kwaliteit van revisieproduk	vraelys 1: reviseur se profiel	Reviseurs verskaf inligting.	Navorser plaas inligting oor reviseurs se profiel en die kwaliteit van revisieprodukte in Excel. Beskrywende en inferensiële statistiek deur die US Sentrum vir Statistiese Konsultasie.
	reviseur se ervaring in vertaling (navorsingsvraag 2b)				
	reviseur se ervaring in revisie (navorsingsvraag 2c)				
<b>procedure</b>	tyd aan revisie bestee (navorsingsvraag 3a)	hoofnavorsingsvraag 3: invloed van revisieprocedure op kwaliteit van revisieproduk	vraelys 2: revisieprocedure	Reviseurs verskaf inligting.	Navorser plaas inligting oor die revisieprocedure en die kwaliteit van revisieprodukte in Excel. Beskrywende en inferensiële statistiek deur die US Sentrum vir Statistiese Konsultasie.
	revisiemetode gevolg (navorsingsvraag 3b)				
	medium gebruik (navorsingsvraag 3c)				

## 5.4.2 Deelnemers

Dertig reviseurs, vyf assesseerders en drie taalkundiges het aan hierdie empiriese studie deelgeneem. Die reviseurs het die populasie vir die studie uitgemaak (kyk afdeling 5.4.5), die assesseerders het die kwaliteit van die vertaalproduk voor en ná revisie bepaal, en twee taalkundiges het die navorser (as derde taalkundige) bygestaan in die skep van die analiseraamwerk op grond van die Van Rensburg (2017a)-kategorieë wat in afdeling 5.4.4.2 beskryf word.<sup>52</sup>

Alle deelnemers aan hierdie empiriese studie (reviseurs, assesseerders en taalkundiges) was professionele taalpraktisyne, met ander woorde persone wie se hoofinkomste uit die lewering van taaldienste gegenereer word.

Die reviseurs en die taalkundiges moes aan die onderstaande vereistes voldoen:

- Afrikaans as eerste taal;
- Engels as tweede taal;
- 'n Formele kwalifikasie in tale en/of taalwetenskap en/of taalpraktyk;
- minstens vyf jaar vertaalervaring; en
- ervaring in revisie.

Die redes waarom die reviseurs aan hierdie vereistes moes voldoen, word in afdeling 5.4.5 uiteengesit. Die taalkundiges moes ook aan hierdie vereistes voldoen, aangesien hulle die revisieproduk moes evalueer. 'n Bykomende vereiste vir die taalkundiges was dat hulle in Stellenbosch beskikbaar moes wees vir besprekings oor die betrokke meetinstrumente. Die assesseerders (wat die kwaliteit van die vertaalproduk bepaal het) moes aan dieselfde vereistes as die taalkundiges voldoen, behalwe wat betrekking het op ervaring in revisie, aangesien hulle vir die evaluering van die vertaalproduk verantwoordelik was en nie vir die revisieproduk nie. Al 5 assesseerders en 3 taalkundiges was vroue, 24 uit die 30 reviseurs was vroue (80%) en 6 was mans (20%). Die deelnemers se ouderdom, vertaal- en revisie-ervaring word in tabel 5.2 aangedui.

---

<sup>52</sup> Die navorser het dus as taalkundige aan die empiriese studie deelgeneem (deur die analiseraamwerk te skep en die analyses van die revisieprodukte uit te voer), en nie as reviseur of assesseerder nie.

**Tabel 5.2 Deelnemers se ouderdom, vertaal- en revisie-ervaring in aantal jaar**

		<b>reviseurs (n=30)</b>	<b>assesseerders (n=5)</b>	<b>taalkundiges (n=3)</b>
ouderdom	reeks	31–77	36–61	38–47
	gemiddeld	52.5	47	42.3
	mediaan	56	47	42
vertaal- ervaring	reeks	3–50	8–37	8–15
	gemiddeld	14.2	17.6	12
	mediaan	10	15	13
revisie- ervaring	reeks	1–20	n.v.t.	2–6
	gemiddeld	5.6	n.v.t.	4.3
	mediaan	4.5	n.v.t.	5

Die hoëronderwyskwalifikasies waaroor die deelnemers beskik het, word in tabel 5.3 aangetoon.

**Tabel 5.3 Deelnemers se hoëronderwyskwalifikasies**

<b>hoëronderwyskwalifikasie(s) in</b>	<b>reviseurs (n=30)</b>	<b>assesseerders (n=5)</b>	<b>taalkundiges (n=3)</b>
tale (nie vertaling nie)	13	–	–
vertaling (én linguistiek/tale)	10	1	2
linguistiek (nie vertaling nie)	4	2	–
vertaling (nie linguistiek/tale nie)	3	2	1

Aangesien die doeltreffendheid van revisie in hierdie empiriese studie getoets is, kan die reviseurs se tekort aan revisie-opleiding as 'n beperking van die navorsingsontwerp beskou word. Tog weerspieël dit die werklikheid want, soos in afdeling 3.8.2 genoem, is daar 'n wêreldwye tekort aan revisie-opleiding, hoewel daar van talle vertalers verwag word om revisie te doen. Die geldigheid van die navorsingsontwerp is versterk deur revisiebeginsels en 'n spesifieke revisie-opdrag (afdeling 5.4.3.4) aan die reviseurs beskikbaar te stel.

### 5.4.3 Navorsingsinstrumente

#### 5.4.3.1 Engelse bronsteks

Die Engelse bronsteks is 'n eksamenvraestel vir tweedejaarstudente aan die US wat 502 woorde beslaan. Eksamenvraestelle word gereeld aan die US vertaal, aangesien studente kan kies of hulle die eksamen in Afrikaans of Engels wil aflê (US 2016).

Die vertaling van eksamenvraestelle is 'n voorbeeld van hoërisikovertaling, aangesien foute in die vertaling 'n negatiewe invloed op studente se prestasie kan hê. Pym (2015) pas risiko-analise op vertaling toe en beskryf as deel van 'kommunikatiewe risiko' dat daar dele in 'n teks is wat kern-elemente van die boodskap bevat en wat dus as hoë risiko bestempel kan word, teenoor laerisikodele waar die gevolge van 'n vertaalfout nie so ernstig sou wees as in hoërisikodele nie. In hierdie proefskrif verwys 'hoërisikovertaling' nie na sekere dele van tekste nie, maar eerder na vertaalsituasies (soos die vertaling van eksamenvraestelle) waar die gevolge van foute groter is as in ander situasies. Dit stem dus meer ooreen met Angelelli (2009:14) se gebruik van "high-stakes tests" wat na akkreditasie-eksamens vir professionele vertalers verwys. 'n Voorbeeld van hoërisikovertaling word in Van Dyk et al. (2011) beskryf, naamlik 'n akademieseletterdheidstoets wat uit Afrikaans in Engels vertaal is. Die enigste vertaalfout het veroorsaak dat die Engelse studente die betrokke vraag verkeerd verstaan het. Die vraag is gevvolglik deur slegs 24.5% van die Engelse studente korrek beantwoord teenoor 48.6% van die Afrikaanse studente. Kwaliteitkontroles soos revisie is dus van kritieke belang om vertaalfoute uit te skakel.

In hierdie studie was die vakgebied van die vraestel geskiedenis. Dit was nie nodig vir die reviseurs om vakspesialiste op hierdie gebied te wees nie, aangesien daar slegs enkele vakspesifieke terme in die vraestel was wat redelik maklik nagevors kon word.

Die Engelse bronteks sien soos volg daar uit:

**STELLENBOSCH UNIVERSITY**  
**FACULTY OF ARTS AND SOCIAL SCIENCES**  
**History 234**

Duration: 3 hours

Total: 150

**Instructions**

- i) Answer all the questions.
- ii) This question paper MUST be submitted with your answer book.

**Section A: short questions**

1. What is the difference between imperialism and colonialism? [5]
2. "The slave trade in Africa began with the arrival of Europeans." Do you agree or disagree with this statement? Why? [8]
3. What is social Darwinism and how was it applied in the Scramble for Africa? [6]
4. Explain how gun design contributed to European expansion into Africa. [6]

## Section B: paragraph questions

1. "It is an extraordinary thing that the conscience of Europe which seventy years ago has put down the slave trade on humanitarian grounds tolerates the Congo state today. It is as if the moral clock has been put back." – Joseph Conrad

Elaborate on this quote by discussing the role of imperial philanthropy in the Congo.

[15]

2. "We've got to search back to our last known safe landmark. I can't say exactly where but I think it's back there at the start of the Industrial Revolution, we began applying energy in vast amounts to tools with which we began tearing the environment apart." – David R Brower

Discuss the effects of factory work *and* reform on the health and living conditions of men, women and children.

[15]

3. "How many valiant men, how many fair ladies, breakfast with their kinfolk and the same night supped with their ancestors in the next world! Many died in the open street, others dying in their houses, made it known by the stench of their rotting bodies." – Giovanni Boccaccio

In the light of this quote, analyse the sociopolitical effects of the plague.

[15]

## Section C: essay questions

1. "I beg to direct your attention to Africa; I know that in a few years I shall be cut off in that country, which is now open: Do not let it be shut again! . . . do you carry out the work which I have begun. *I leave it with you.*" – David Livingstone

David Livingstone advocated the 'three Cs' in opening up the 'Dark Continent'. Explain what these three Cs were and how they contributed to the Scramble for Africa.

[40]

2. "Without a doubt, the King [Leopold] was completely disinterested. He gave his millions solely with the aim of civilizing savage tribes. However, I believe there was a political idea beneath the humanitarian sentiments of the King of the Belgians. I was far from blaming him for this, but it did not stop me from having my own political ideas as well. Mine were very simple. If there was advantage to be gained from the Congo, I would prefer that it was the French flag, not the Belgian 'international flag' that floated over this splendid African territory." – Pierre de Brazza

Who was Pierre de Brazza and what does his statement illuminate about the nature of European conquest at the time of the Scramble for Africa?

[40]

### 5.4.3.2 Vertaalopdrag

Die vertaler het 'n vertaalopdrag ontvang in ooreenstemming met die funksionalistiese benaderings tot vertaling. Die reviseurs het hierdie vertaalopdrag as maatstaf gebruik om die gesiktheid van die vertaling te meet en om te besluit watter veranderinge aangebring moes word. Die vertaalopdrag lui soos volg:

- Vertaal die dokument uit Engels in Afrikaans.
- Al die inligting in die Engelse vraestel, die aanhalings ingesluit, moet akkuraat oorgedra word in idiomatiese Afrikaans, met ander woorde die vertaling moet lees soos 'n dokument wat oorspronklik in Afrikaans opgestel is.
- Die teikenlesers is tweedejaar-geskiedenisstudente aan die Universiteit Stellenbosch met Afrikaans as eerste taal.
- Doe'n nodige navorsing oor die terminologie ten einde self 'n besluit oor die geskikste Afrikaanse term te neem.
- Hou die formatering (lettertipe, -grootte en spasiëring) van die vertaling dieselfde as dié van die oorspronklike Engelse teks.
- Ná vertaling moet die vertaalproduk gereed wees om aan die dosent gelewer te word.

#### ***5.4.3.3 Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie)***

Die Afrikaanse konsepvertaling is lukraak gekies uit die 33 vertalings van die Engelse bronteks in 'n vorige studie (Van Rensburg 2014) en beslaan 518 woorde. Die lengte van die teks stem ooreen met dié in ander empiriese studies oor die kwaliteit van revisie soos die vier persverklarings in Robert (2012:109) en die bemarkingsteks wat in Künzli (2006a) gebruik is. Die lengte van die bemarkingsteks word nie in Künzli (2006a) gegee nie, dus het die navorser die inligting deur middel van e-poskommunikasie met die outeur bekom (Künzli 2011). Die twee ander tekste wat Künzli gebruik het, is wel korter, te wete die tegniese teks (2006b) van 391 woorde en die regsteks (2007b) van 258 woorde. (Künzli 2011) Saldanha en O'Brien (2013:117) bevraagteken egter of sodanige kort tekste deelnemers se vermoëns doeltreffend kan aandui.

Die keuse om 'n outentieke konsepvertaling (sonder ingryping deur die navorser) te gebruik, is gemaak om die ekologiese geldigheid (Saldanha & O'Brien 2013:33) van die studie te versterk. Aangesien die navorser nie die konsepvertaling gemanipuleer het deur foute in te voeg nie, is daar twee kategorieë foute wat nie in die konsepvertaling verteenwoordig word nie, naamlik geringe foute ten opsigte van die doeltekstfunksie, en ernstige foute ten opsigte van doeltaalgebruik.

Die Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie) sien soos volg daar uit:

**STELLENBOSCH UNIVERSITEIT**  
**FAKULTEIT VAN KUNS EN SOSIALE WETENSKAPPE**  
**Geskiedenis 234**

Duur: 3 uur

Totaal: 150

**Instruksies**

- i) Beantwoord al die vrae.
- ii) Hierdie vraestel MOET saam met jou antwoordboek ingelewer word.

**Afdeling A: kortvrae**

- 1. Wat is die verskil tussen imperialisme en kolonialisme? [5]
- 2. "Die slawehandel in Afrika het begin met die kom van Europeërs." Stem jy met hierdie bewering saam of nie? Hoekom? [8]
- 3. Wat is sosiale Darwinisme en hoe is dit in die Stormloop vir Afrika toegepas? [6]
- 4. Verduidelik hoe vuurwapenontwerpe bygedra het tot die Europese uitbreiding in Afrika. [16]

**Afdeling B: paragraaf-vrae**

- 1. "Dit is ongelooflik hoe die gewete van Europa, wat sewentig jaar gelede die slawehandel op humanitaire gronde neergelê het, vandag die toestande in die Kongo duld. Dit is asof die morele horlosie terugdraai is." – Joseph Conrad  
Brei uit op hierdie aanhaling deur die rol van imperiële filantropie in die Kongo te bespreek. [15]
- 2. "Ons moet teruggaan en soek na ons laaste bekende veilige baken. Ek kan nie sê presies waar nie, maar ek dink dis daar by die aanvang van die Industriële Rewolusie wat ons begin het om energie in reuse-hoeveelhede in te span vir werktuie om die omgewing uitmekaar te ruk." – David R Brower  
Bespreek die effek van fabriekswerk en -hervorming op die gesondheid van mans, vroue en kinders. [15]
- 3. "Hoeveel brawe manne, hoeveel skone dames, het die oggend nog ontbyt saam met hulle families genuttig en daardie selfde aand 'n tafel gedeel met hulle voorvaders in die hiernamaals! Baie van hulle is op straat dood, ander in hul huise, waar hulle eers ontdek is toe die stank van hul verrottende liggame verklap het dat hulle dood is." – Giovanni Boccaccio  
Ontleed die sosiopolitiese effek van die plaag in die lig van hierdie aanhaling. [15]

## Afdeling C: essay-vrae

1. "Ek wil graag u aandag op Afrika vestig; ek weet dat ek oor 'n paar jaar in daardie land, wat nou oop is, afgesluit sal word: Moenie toelaat dat dit weer gesluit word nie! ... sit asseblief die werk wat ek begin het voort. *Ek laat dit in u hande.*" – David Livingstone

David Livingstone het die 'drie C's' vir die oopstel van die 'Donker Kontinent' bepleit. Verduidelik wat hierdie drie C's was, en hoe hulle tot die Stormloop vir Afrika bygedra het.

[40]

2. "Dit ly geen twyfel dat die Koning [Leopold] geensins belang gestel het nie. Hy het sy miljoene gegee uitsluitlik met die doel om barbaarse stamme te beskaaf. Maar ek dink daar was 'n politieke agenda agter die humanitaire sentimente van die Koning van die Belge. Ek het hom glad nie daarvoor kwalik geneem nie, maar dit het my nie weerhou daarvan om ook my eie politieke ideale te koester nie. Myne was baie eenvoudig. Indien daar voordeel uit die Kongo te haal was, sou ek verkies het dat dit die Franse vlag was, en nie die Belgiese 'internasionale vlag' nie, wat oor hierdie lieflike Afrika-grondgebied gewapper het." – Pierre de Brazza

Wie was Pierre de Brazza en wat openbaar sy stelling oor die aard van die Europese verowering ten tye van die Stormloop vir Afrika?

[40]

### 5.4.3.4 Revisie-opdrag en revisiebeginsels

Afgesien van die Engelse bronsteks, die Afrikaanse konsepvertaling en die vertaalopdrag, het die reviseurs ook die revisie-opdrag en algemene beginsels vir revisie ontvang. In werklikheid ontvang reviseurs bykans nooit 'n spesifieke revisie-opdrag nie. Dit is wel in hierdie empiriese ondersoek verskaf, aangesien die suksesvolle uitvoering van die revisie-opdrag as een van die maatstawwe gebruik is om die doeltreffendheid van revisie as 'n kwaliteitkontrole te bepaal. Die revisie-opdrag lui soos volg:

- Maak enige foute in die Afrikaanse vertaling reg en verbeter die leesbaarheid waar nodig sodat die teikenleser die bedoelde boodskap ontvang.
- Doen die revisie met die gegewe algemene revisiebeginsels en die vertaalopdrag in gedagte.
- Maak gebruik van die *track changes*-funksie in MSWord om u veranderinge aan te dui.
- Baie belangrik: Teken asseblief aan hoe lank dit u neem om die revisie te doen, met ander woorde vandat u begin om die bronsteks of vertaling te lees totdat u die revisie voltooi het – dui die tyd aan op die gegewe vraelys.
- Baie belangrik: Gee 'n kort beskrywing van die prosedure wat u gevolg het om die revisie te doen – ook op die vraelys, asseblief.

Die reviseurs is in die revisie-opdrag versoek om die revisie aan die hand van die gegewe revisiebeginsels te doen, aangesien nie een van die reviseurs enige formele opleiding in revisie gehad

het nie. Hierdie revisiebeginsels is aangepas uit revisieriglyne deur Mossop (2007b) en die Spaanse afdeling in die DGT (Europese Kommissie 2010), en lui soos volg:

- Maak veranderinge wanneer u die vertaling eers kan verstaan nadat u dit twee keer gelees het of na die bronsteks moes verwys.
- Moenie vra of 'n sin kan verbeter word nie – vra of dit nodig is om dit te verbeter.
- Moenie 'n vertaling herskryf nie.
- Beperk u eie foute deur 'n verandering eerder nie aan te bring indien u daaroor twyfel nie.
- Wanneer u 'n taalkundige regstelling of 'n stilistiese verbetering aanbring, maak seker dat dit nie 'n verkeerde vertaling veroorsaak nie.
- Wanneer u 'n verandering aangebring het, maak seker of dit nie nog veranderinge in die teks noodsaak nie.
- Gaan die syfers sowel as die woorde na – dit vorm deel van die boodskap.
- Moenie veranderinge aanbring as u dit nie kan regverdig nie.
- Moenie u eie benadering tot vertaling op ander afdwing nie.
- Moenie u taalkundige hebbelikhede op ander afdwing nie.
- Onthou die doel van revisie: Maak die foute reg en verbeter die leesbaarheid sodat die leser van die vertaling die bedoelde boodskap sal ontvang.

In die analise van die revisieprodukte (kyk hoofstuk 6) kan daar gesien word tot watter mate die reviseurs hierdie beginsels toegepas het.

#### **5.4.3.5 Afrikaanse doeltekste (ná revisie)**

Die dertig reviseurs het die Afrikaanse konsepvertaling nagegaan en hulle veranderinge met behulp van die redigeerspore-funksie in MSWord aangedui. 'n Voorbeeld van 'n revisieproduk is as bylae D beskikbaar. Die navorser het elke teks reël vir reël of frase vir frase onder mekaar in Excel-sigblaaie geplaas sodat kleiner gedeeltes van die tekste makliker met mekaar vergelyk en ontleed kon word sonder om die konteks van die veranderinge te verloor. Wanneer die reviseur geen veranderinge aan daardie betrokke frase aangebring het nie, is dit met 'n 0 in Excel aangedui. Die veranderinge wat die reviseurs wel aangebring het, is in rooi in Excel aangedui en die foute in die konsepvertaling en Afrikaanse doeltekste (revisieprodukte) is in blou gemerk. Kyk bylae E vir die analise van reël 1 tot 4. Hierdie analise is aan die hand van die analiseraamwerk gedoen wat in die volgende afdeling beskryf word.

#### **5.4.3.6 Analiseraamwerk**

Die navorser het 'n konsep-analiseraamwerk geskep deur foute in die konsepvertaling (voor revisie) te identifiseer en moontlike regstellings voor te stel. Die bespreking met die paneel assesseerders wat

die vertaalprodukte geëvalueer het (afdeling 5.4.4.1) asook hulle kommentaar op die meetinstrument het heelwat hiertoe bygedra. Daarna is vier Afrikaanse doeltekste (ná revisie) lukraak gekies en daardie revisieprodukte is ontleed aan die hand van die konsep-analisaamwerk en die kategorieë wat in afdeling 5.4.4.2 uiteengesit word. Die navorser het die konsep-analisaamwerk uitgebrei deur nuwe foute, veranderinge en regstellings in die vier revisieprodukte te identifiseer en dit by die konsep-analisaamwerk te inkorporeer.

Twee van die assesseerders (afdeling 5.4.2) het die navorser met die analise van die revisieprodukte bygestaan. Vir die doeleinnes van hierdie studie, word hulle (met inbegrip van die navorser) die ‘taalkundiges’ genoem. Die drie taalkundiges het ’n loodsanalise gedoen om die werkswyse te toets en enige moontlike probleme uit die weg te ruim: Die navorser het die konsep-analisaamwerk, ’n verduideliking van die kategorieë, en die vier revisieprodukte aan die ander twee taalkundiges gestuur sodat hulle die analise kon nagaan en aandui of hulle daarmee saamstem of nie. Aangesien die taalkundiges die revisieproduk moes evalueer, het hulle dieselfde dokumente as die reviseurs ontvang, naamlik die Engelse bronteks, die Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie), die vertaal- en revisie-opdrag, en die algemene revisiebeginsels. Die evaluering van die revisieprodukte is aan die hand van hierdie dokumente en die konsep-analisaamwerk gedoen.

Nadat die taalkundiges die loodsanalise nagegaan het, het hulle met die navorser vergader en die evaluering van die revisieprodukte bespreek. Enige onsekerheid oor die kategorieë is uitgeklaar, spesifieke foute in die konsepvertaling en aanvaarbare regstellings is geïdentifiseer, en spesifieke foute in die revisieprodukte is bespreek. Teksanalise is hoogs subjektief, daarom was daar nie altyd konsensus nie en die besluit is gekies wat deur twee uit die drie taalkundiges voorgestaan is. Die navorser het die konsep-analisaamwerk na aanleiding van hierdie intensieve gesprek aangepas en al 30 revisieprodukte aan die hand daarvan ontleed. Die konsep-analisaamwerk is nog drie keer aan die taalkundiges gestuur en is telkens na aanleiding van die terugvoer bygewerk. Die taalkundiges se terugvoer is ná die eerste bespreking nog een keer in ’n gesprek ontvang en daarna ’n verdere twee keer per e-pos. Daarna het die navorser die analisaamwerk gefinaliseer en al 30 revisieprodukte wéér ontleed. Die analisaamwerk is as bylae C opgeneem.

#### **5.4.3.7 Vraelys 1: reviseur se profiel**

Nadat daar per e-pos bepaal is of die reviseur aan die kriteria vir deelname aan die studie voldoen (afdeling 5.4.5), het die reviseur die eerste vraelys ingevul. Vraelys 1 aan die reviseurs is as bylae F beskikbaar. Daar is met hierdie vraelys gepoog om meer inligting oor die reviseur se profiel in te win ten einde te bepaal of veranderlikes wat die reviseursprofiel betref enige invloed op die kwaliteit van die revisieproduk het (hoofnavorsingsvraag 2). Die vraelys het uit twee afdelings bestaan, naamlik die ingeligtetoestemmingsvorm met inligting oor die empiriese studie en ruimte waar die reviseurs

kon aandui of hulle wel aan die studie wil deelneem, en 'n tweede afdeling met die vrae self. Die tweede afdeling het uit 24 vrae bestaan, meestal oop vrae sodat die deelnemer soveel moontlik inligting kon verskaf. Met vraag 1 tot 5 is biografiese inligting oor die deelnemers ingewin, naamlik ouderdom, die tale wat hulle magtig is en in watter provinsie in Suid-Afrika hulle woon. Inligting oor die deelnemers se ervaring in vertaling en revisie is deur middel van vraag 6 tot 16 ingewin, byvoorbeeld die aantal jaar ervaring, asook watter dienste meer as ander gelewer word.<sup>53</sup> Aangesien die terminologie vir revisie nog nie gestandaardiseer is nie (afdeling 3.2), is daar in vraag 17 gevra watter term of terme die deelnemers gebruik om na die nagaan van vertaalde dokumente te verwys. Vraag 18 tot 20 het gefokus op die kwalifikasie(s) waaroor die deelnemers beskik, en vraag 21 tot 23 of hulle lid van 'n professionele organisasie is en/of oor SAVI-akkreditasie beskik. By die laaste vraag moes die deelnemers aandui of hulle die afgelope vyf jaar enige werksessies en/of kortkursusse in vertaling, redigering of revisie bygewoon het, aangesien dit 'n aanduiding van voortgesette professionele ontwikkeling sou kon wees.

Die navorsing het die inligting wat uit hierdie vraelys verkry is in 'n Excel-sigblad ingevoeg saam met die inligting wat uit die tweede vraelys verkry is en die verskillende punte wat die kwaliteit van die vertaal- en revisieprodukte aandui.

#### **5.4.3.8 Vraelys 2: revisieprocedure**

Die navorsing het die tweede vraelys aan elke reviseur gestuur sodra sy die betrokke reviseur se revisie van die konsepvertaling ontvang het. Vraelys 2 aan die reviseurs is as bylae G opgeneem. Die hoofdoel van hierdie vraelys was om meer inligting oor revisiepraktyke in die vertaalbedryf te bekom en om die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk te bepaal (hoofnavorsingsvraag 3). Die vraelys het uit 17 oop vrae bestaan. By vraag 1 is die deelnemers versoek om hulle naam en van in te vul. Die fokus van vraag 2 tot 6 was op aspekte van die revisieprocedure. In die revisie-opdrag (kyk afdeling 5.4.3.4) is die reviseurs versoek om aan te teken hoe lank dit hulle geneem het om die revisie te doen, met ander woorde vandat hulle begin het om die Engelse bronteks of Afrikaanse konsepvertaling te lees totdat hulle die revisie self voltooi het. Hierdie inligting kon hulle by vraag 2 verskaf. By vraag 3 is daar gefokus op die volgorde waarin die tekste gelees is en die aantal keer wat die Afrikaanse konsepvertaling gelees is. Vraag 4 het getoets of die reviseurs dieselfde revisiemetode konsekwent volg en of hulle soms ander metodes gebruik. Die reviseurs het inligting oor 'n ander aspek van die revisieprocedure by vraag 5 verskaf, naamlik

---

<sup>53</sup> In Suid-Afrika is dit algemeen dat 'n taalpraktisyn nie net een taaldiens soos vertaling of redigering lever nie, maar eerder 'n kombinasie van verskeie dienste.

of hulle slegs op die rekenaarskerm gewerk het, of ook op gedrukte kopie. By vraag 6 kon hulle weer aandui of hulle hierdie prosedure konsekwent toepas of nie.

Vraag 7 en 8 het gefokus op die spesifieke teks wat in hierdie navorsingsprojek gebruik is. Die reviseurs kon by vraag 7 aandui of daar 'n besondere aspek van die Afrikaanse konsepvertaling was wat aan hulle 'n uitdaging gebied het. Hiermee is daar gepoog om inligting oor die reviseurs se persepsie van die teks in te win. By vraag 8 kon die reviseurs aandui of daar enigets is wat hulle taak as reviseur sou kon vergemaklik, in 'n poging om hulle persepsie oor die kwaliteit van die konsepvertaling en hulpbronne aan reviseurs in te win. Volgens die navorsers se ervaring, word die kwaliteit van vertalers se werk soms beïnvloed deur die wete dat hulle werk nagegaan sal word of nie. Hierdie aanname is in vraag 9 getoets.

Kwessies wat in vraag 10 tot 13 aan bod gekom het, is of daar voldoende terugvoer aan reviseurs gegee word (vraag 10 en 13), of die reviseurs hulle eie vertaalwerk deur ander taalpraktisyns laat nagaan voordat dit aan die kliënt gestuur word (vraag 11) en watter positiewe en negatiewe aspekte aan hulle algemene ervaring van revisie verbonde was (vraag 12).

Die reviseurs se persepsie oor vaardighede waарoor 'n reviseur behoort te beskik is in vraag 14 getoets, en by vraag 15 en 16 kon hulle aandui of hulle dink opleiding spesifiek in revisie of vertaling sou 'n taalpraktisyń kon help om 'n goeie revisieproduk te lewer. By die laaste vraag (vraag 17) is deelnemers die geleentheid gegun om enige bykomende kommentaar te lewer.

Die revisieprosedure kan ook deur middel van ander metodes ondersoek word, soos *think-aloud protocols* (TAP's) en sagteware vir *keystroke logging*.<sup>54</sup> Künzli (2006a; 2006b; 2007a; 2007b) het in sy empiriese studie waarin tien reviseurs drie tekste nagegaan het van TAP's gebruik gemaak. Sowel Künzli (2006b:194) as Robert en Brunette (2016:324) erken dat die invloed van hardop dink op die reviseur terwyl hy of sy werk, nog onbekend is. Die geldigheid van die data kan versterk word deur meer as een data-insamelingsmetode te gebruik, soos om TAP's met *keystroke logging* te kombineer. 'n Voorbeeld van sodanige kombinasie word aangetref in Robert (2012) wat die invloed van revisieprosedures op die kwaliteit van revisie ondersoek het, en ondersoeke na revisievermoë waarin die rekenaarprogram Inputlog gebruik is om die *keystroke logging* te doen (bv. Robert, Rigouts Terryn et al. 2017). In die empiriese studie van hierdie proefskrif is gepoog om die ekologiese geldigheid van die studie te verhoog deur die interaksie tussen 'n vryskuttaalpraktisyń en 'n kliënt na te boots. Die reviseurs het die revisietakaak in hulle eie kantore regoor Suid-Afrika gedoen,<sup>55</sup> dus was TAP's en *keystroke logging* nie toepaslike metodes vir hierdie studie nie.

---

<sup>54</sup> Kyk Saldanha en O'Brien (2013:122–145) vir 'n opsomming van hierdie metodes.

<sup>55</sup> Die reviseurs verteenwoordig sewe provinsies, te wete Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, Noordwes, Oos-Kaap, Vrystaat en die Wes-Kaap.

#### 5.4.4 Meetinstrumente

Twee hoofkategorieë van assessoringsinstrumente wat in die vertaalbedryf gebruik word, is in afdeling 2.3.3.4 genoem, naamlik meer holistiese, kwalitatiewe assessoringsrubriekе (*rubrics*) en kwantitatiewe foutgebaseerde instrumente (*metrics*). Ten einde die sterkpunte van albei hierdie benaderings te benut, is albei in 'n gemengdemetode-benadering gebruik. Die vertalings ná revisie is op drie vlakke geassesseer, naamlik:

- die kleiner dele van die teks soos enkele woorde, formuleringe of groepe woorde (fout-analise);
- die teks as geheel (holistiese assessoring); en
- die vertaling se groter konteks is in ag geneem deurdat die vertaal- en revisie-opdrag as maatstawwe gebruik is waaraan die doeltreffendheid van die vertaling en revisie gemeet is.

##### 5.4.4.1 Vertaalproduk: Colina (2009) aangepas

Colina (2008; 2009) het 'n meetinstrument vir vertaalkwaliteit op grond van funksionalistiese benaderings tot vertaling ontwerp (kyk bylae H). Aangesien vertalings volgens hierdie benaderings aan die hand van 'n spesifieke vertaalopdrag geskep word, word die assessoring van die vertaalproduk ook aan die hand van die betrokke vertaalopdrag gedoen (Colina 2008:104). Aspekte wat in die vertaalopdrag beskryf word, is byvoorbeeld die doel van die vertaling, kenmerke van die teikenlesers, en wanneer en waar die vertaling gelees gaan word. Die inligting in die vertaalopdrag rig vertaalbesluite, en dus ook die kriteria vir assessoring, byvoorbeeld ten opsigte van die verband tussen die bron- en doelteks. Hierdie kriteria is by die meetinstrument se beskrywende stellings (*descriptors*) geïnkorporeer. Die assesseerder kies een van vier stellings wat die kwaliteit van die vertaling die beste beskryf.

Die kwaliteit van die vertaling word in vier kategorieë geassesseer, naamlik i) doelstaal, ii) funksionele en tekstuele toereikendheid, iii) niegespesialiseerde inhoud (betekenis), en iv) gespesialiseerde inhoud en terminologie (Colina 2009). In elkeen van hierdie kategorieë is daar vier stellings wat wissel van lae tot hoë kwaliteit. Byvoorbeeld, van die stellings oor die laagste en hoogste kwaliteit in die doelstaal-kategorie is "The text is extremely difficult to read, bordering on being incomprehensible." teenoor "Problems/awkward expressions are minimal if existent at all." (Colina 2009). Daar is 'n waarde aan al vier stellings toegeken, byvoorbeeld 5 vir die laagste kwaliteit en 30 vir die hoogste kwaliteit. Die waarde in elkeen van die vier kategorieë word bymekaargetel om 'n punt uit 100 te kry.

Die invloed van die onderskeie kategorieë op die kwaliteit van die teks as geheel kan wissel (Colina 2008:103). Dit geld ook vir die toepaslikheid van 'n spesifieke kategorie op 'n spesifieke genre: Vir

die vertaling van 'n notule kan die kategorie vir niegespesialiseerde inhoud (betekenis) byvoorbeeld belangriker geag word as die kategorie vir doelstaal. Daarom word daar gewigte aan elke kategorie gekoppel wat na gelang van die soort teks aangepas kan word. Colina (2008:110–112) het die meetinstrument ontwikkel vir die assessering van openbaregesondheid-tekste vir die algemene publiek; dus is die doelstaal-kategorie as die belangrikste geag met 'n waarde van 30, die kategorie vir gespesialiseerde inhoud en terminologie die minste belangrik met 'n waarde van 20, en die ander twee kategorieë ('funksionele en tekstuele toereikendheid', en 'niegespesialiseerde inhoud') elk met 'n waarde van 25. Kyk bylae H vir Colina (2009) se meetinstrument voordat enige aanpassings gemaak is.

Die interbeoordelaarsbetroubaarheid (*inter-rater reliability*) van Colina (2009) se meetinstrument is op verskeie tekste en in verskeie tale getoets: Elf beoordelaars het vyf Spaanse tekste geassesseer, tien beoordelaars het vier Sjinese tekste geassesseer, en nege beoordelaars het vier Russiese tekste geassesseer (Colina 2009:245). Die gevolg trekking was dat daar goeie interbeoordelaarsbetroubaarheid vir alle tekste en taalgroepe was, behalwe vir die groep Russiese assesseerders. Die betroubaarheid van 'n instrument word deur veranderlikes soos die genre, taal en assesseerders beïnvloed, daarom moet die interbeoordelaarsbetroubaarheid van 'n instrument in verskeie situasies bepaal word.

Colina (2009) se meetinstrument is vir die doeleindes van hierdie empiriese studie effens aangepas en in Afrikaans vertaal: Die dekblad van die oorspronklike instrument met onder andere die vertaalopdrag is uitgehaal, aangesien daardie inligting op ander wyses aan die assesseerders in hierdie studie oorgedra is. Daar is ook nie van die assesseerders verwag om 'n opsomming van die assessering en 'n aanbeveling te maak nie. Verder is die telkaart (*scoring worksheet*) nie aan die assesseerders gestuur nie, aangesien die navorser self die waardes ingevul en die totale punt vir elke teks bereken het. Soos in afdeling 5.4.5.2 beskryf word, is die tekste wat geëvalueer moes word in groepe van vyf aan die assesseerders gestuur. Hulle het een meetinstrument vir elke vyf tekste ontvang waarop hulle dan die assessering van al vyf tekste gedoen het. Die kategorie 'niegespesialiseerde inhoud' (betekenis) is uitgehaal en die naam van die kategorie vir gespesialiseerde inhoud en terminologie is na 'vakkundige inhoud en terminologie' verander. Dit is eerstens gedoen aangesien vakkundige inhoud 'n belangrike kriterium is vir die teks wat in hierdie studie gebruik is, naamlik 'n eksamenvraestel; en, tweedens, sodat die kategorieë in hierdie holistiese instrument ooreenstem met die kategorieë aan die hand waarvan die revisieprodukte beskryf is (afdeling 5.4.4.2). Die aangepaste meetinstrument het dus uit drie kategorieë bestaan met 'n waarde van 30 vir elkeen. Die punt uit 90 is na 'n persentasiepunt verwerk. Kleiner redaksionele veranderinge is in die beskrywende stellings

aangebring, maar die inhoud het dieselfde gebly. Die meetinstrument waarmee die kwaliteit van die vertaalprodukte bepaal is, sien soos volg daar uit:

### Holistiese meetinstrument: beskrywende stellings

Kategorie 1: Doeltaal						
Nr.	Beskrywing	Merk een blokkie vir elke vertaalde teks.				
		T1	T2	T3	T4	T5
1a	Die vertaling getuig van ernstige gebreke in taalvaardigheid. Dit bevat ongrammatikale gebruik van die doelstaal asook spelfoute. Die vertaling is in 'n soort 'derde taal' (nie die bron- of die doelstaal nie): Die struktuur van die brontaal oorheers so sterk dat die vertaling nie as 'n voorbeeld van 'n teks in die doelstaal beskou kan word nie. Die doel van die vertaling kan nie die aantal oordragte uit die brontaal regverdig nie. Die teks is uiterst moeilik leesbaar; dit grens eintlik aan onverstaanbaar.					
1b	Elemente of strukture uit die brontaal is onnodig na die vertaling oorgedra. Die brontaal se struktuur is duidelik in die vertaling te sien en belemmer die leesbaarheid daarvan. Die teks is moeilik verstaanbaar.					
1c	Hoewel die doelteks oor die algemeen leesbaar is, is daar probleme en onnatuurlike stelwyses, meestal weens onnodige oordrag vanuit die bronteks.					
1d	Die vertaalde teks lees soortgelyk aan tekste wat oorspronklik in die doelstaal geskryf is en waarvan die doel, gehoor en tekstile ooreenstem met dié wat in die vertaalopdrag uitgestippel is. Daar is weinig, indien enige, probleme of onnatuurlike stelwyses.					
<b>Voorbeeld/Opmerkings</b>						

<b>Kategorie 2: Funksionele en tekstuele toereikendheid</b>						
<b>Nr.</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Merk een blokkie vir elke vertaalde teks.</b>				
		<b>T1</b>	<b>T2</b>	<b>T3</b>	<b>T4</b>	<b>T5</b>
<b>2a</b>	Die mikpunte, doel, funksie en gehoor wat die teks voor oë het, is verontagsaam. Die vertaling is gedoen sonder om tekstuele eenhede, tekstuele doel, die genre of die gehoor se behoeftes (kultureel, linguisties, ens.) in ag te neem. Dit kan nie deur revisie reggestel word nie.					
<b>2b</b>	Die vertaalde teks gee 'n mate van aandag aan die doel en gehoor wat die vertaling voor oë het, maar mis die teiken wat 'n paar belangrike aspekte daarvan betref (bv. die vlak van formaliteit, sommige aspekte van die funksie van die vertaling, en die gehoor se behoeftes en kulturele oorwegings). Dit gaan moeite verg om dit reg te stel.					
<b>2c</b>	Die vertaling is nie ver verwyderd van die mikpunte en doel (funksie) van die teks en die behoeftes van die bedoelde gehoor nie, maar dit kon doeltreffender gewees het inaggenome die beperkings en vereistes in die vertaalopdrag. Dit kan reggestel word aan die hand van redigeervoorstelle.					
<b>2d</b>	Die vertaling pas presies in by die oogmerke en die doel (funksie: informatief, ekspressief, oorredend) wat vir die vertaling gestel is asook die bedoelde gehoor (vlak van formaliteit ingesluit). Dit neem ook die gehoor se kulturele behoeftes en kenmerke in ag. Slegs geringe redigering is nodig, indien enigsins.					
<b>Voorbeeld/Opmerkings</b>						

<b>Kategorie 3: Vakkundige inhoud en terminologie</b>						
<b>Nr.</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Merk een blokkie vir elke vertaalde teks.</b>				
		<b>T1</b>	<b>T2</b>	<b>T3</b>	<b>T4</b>	<b>T5</b>
<b>3a</b>	Die vertaling getuig van oningeligtheid of onkunde oor spesialisterminologie en/of onvoldoende kennis van vakkundige inhoud.					
<b>3b</b>	Daar is ernstige of gereelde foute wat terminologie of vakkundige inhoud, of albei, betref.					
<b>3c</b>	Daar is 'n paar terminologiefoute, maar dit het nie 'n ernstige uitwerking op die vakkundige inhoud nie.					
<b>3d</b>	Die terminologie is akkuraat en gepas weergegee. Die vertaling getuig van 'n goeie beheersing van onderwerpspesifieke terme en inhoud.					
<b>Voorbeeld/Opmerkings</b>						

### Holistiese meetinstrument: telkaart

<b>1. Doeltaal</b>								
no.	waarde	waarde deur assesseerders toegeken					totaal uit 150	gemiddeld uit 30
		ass. 1	ass. 2	ass. 3	ass. 4	ass. 5		
1a	5							
1b	15							
1c	25							
1d	30							

<b>2. Funksionele en tekstuele toereikendheid</b>								
no.	waarde	waarde deur assesseerders toegeken					totaal uit 150	gemiddeld uit 30
		ass. 1	ass. 2	ass. 3	ass. 4	ass. 5		
2a	5							
2b	15							
2c	25							
2d	30							

<b>3. Vakkundige inhoud en terminologie</b>								
no.	waarde	waarde deur assesseerders toegeken					totaal uit 150	gemiddeld uit 30
		ass. 1	ass. 2	ass. 3	ass. 4	ass. 5		
3a	5							
3b	15							
3c	25							
3d	30							

	totaal uit 150	gemiddeld uit 30
1. Doeltaal		
2. Funksionele en tekstuele toereikendheid		
3. Vakkundige inhoud en terminologie		
<b>totaal uit 450</b>		
<b>gemiddeld uit 90</b>		
<b>persentasie</b>		


Die loodsassessering wat met hierdie meetinstrument uitgevoer is, word in afdeling 5.4.5.2 beskryf.

#### **5.4.4.2 Revisieproduk: Van Rensburg (2017a)-kategorieë**

Die kategorieë wat in hierdie empiriese studie gebruik is, word in afdeling 3.9.3.1 verduidelik. Dit het uit drie vlakke bestaan, naamlik –

- vlak 1: nodige veranderinge, onnodige veranderinge, foute oorgesien, foute ingevoeg; met betrekking tot
- vlak 2: doeltaalgebruik, doeltekstfunksie, vertaalakkuraatheid; en of die erns van die verandering of fout as
- vlak 3: ernstig of gering bestempel word (Van Rensburg 2017a:74).

Ten einde konsekwente besluitneming in die analise van die revisieprodukte in die hand te werk, is die analise met behulp van twee vloeidiagramme gedoen, naamlik een vir die vlak 1- en vlak 2-kategorie, en 'n ander vir die vlak 3-kategorie. Die vloeidiagram ten opsigte van vlak 1 en vlak 2 verskyn op die volgende bladsy.




Die vloeidiagram ten opsigte van vlak 1 (nodige en onnodige veranderinge, en foute oorgesien of ingevoeg) en vlak 2 (doeltaalgebruik, doeltekstfunksie, en vertaalakkuraatheid) begin met die vraag of daar wel 'n fout in die konsepvertaling was. Indien wel, is die verandering geklassifiseer volgens die sukses van die verandering: Indien die fout reggestel is, is dit as 'n nodige verandering (NV) geïdentifiseer; indien die fout nie reggestel is nie, is die verandering as 'n mislukte regstelling (MR) geïdentifiseer. Dit is op vlak 1 van die kategorieë soos vroeër in hierdie afdeling beskryf. Daarna is dieselfde prosedure vir sowel nodige veranderinge as mislukte regstellings gevvolg om vlak 2 (taalgebruik, vertaling of doeltekstfunksie) te bepaal.

Indien daar nie 'n fout in die konsepvertaling was waar die reviseur 'n verandering aangebring het nie, is die vraag gevra hoe die betrokke verandering die kwaliteit van die konsepvertaling beïnvloed. Daar is drie opsies –

- Indien die vertaling verbeter is, is die verandering as 'n 'nodige verandering' (NV) geklassifiseer.
- Indien die kwaliteit van die konsepvertaling nie beïnvloed is nie, is die verandering as 'n 'onnodige verandering' (OV) geklassifiseer.
- Indien daar afbreuk aan die kwaliteit van die konsepvertaling gedoen is, is die verandering as 'n 'fout ingevoeg' (FI) geklassifiseer.

Daarna is die analyse voortgesit deur telkens te besluit of die verandering of fout betrekking het op taalgebruik, die doeltekstfunksie, of vertaalakkuraatheid. Die aard van onnodige veranderinge is juis dat dit nie die kwaliteit van die konsepvertaling beïnvloed nie, dus is 'n onnodige verandering nie as gering, ernstig of kritiek (vlak 3) geklassifiseer nie. Hierdie besluit is wel gemaak ten opsigte van nodige veranderinge, foute oorgesien en foute ingevoeg. Dit is gedoen aan die hand van die vloeidiagram vir vlak 3 wat op die volgende bladsy verskyn.



Wanneer daar oor die erns van 'n fout besluit moes word, is die vraag gevra of die vertaling ten spyte van die fout vir die voorgenome doel gebruik sou kon word. Daar is drie opsies in die vloeidiagram waar die antwoord op hierdie vraag 'nee' is. Die eerste opsie: 'n Fout word as kritiek bestempel wanneer lesers sodanig mislei word dat hulle veiligheid of lewe bedreig word. Hierdie opsie was nie van toepassing op die genre wat in hierdie studie gebruik is nie (eksamenvraestel), maar is wel in die vloeidiagram behou, aangesien die vloeidiagram toegepas kan word op ander genres soos die instruksies vir die installering van 'n sneeuuorstorting-veiligheidsnet wat in Künzli (2006b) se studie gebruik is. Die tweede opsie: Wanneer 'n fout veroorsaak het dat die bronteks se boodskap totaal verlore gegaan het sonder dat die lesers se veiligheid bedreig is, is dit as 'n ernstige fout geag, aangesien studente sodanig mislei sou kon word dat hulle die vraag verkeerd verstaan, verkeerd beantwoord en dat hulle daardeur punte sou kon verloor. Die derde opsie: Foute wat sou kon lei tot regsimplikasies vir die kliënt of wat 'n negatiewe invloed op die kliënt se reputasie sou kon hê, is ook as ernstige foute bestempel.

Indien die vertaling wel ten spyte van die betrokke fout vir die voorgenome doel gebruik sou kon word, is die vraag gevra of die betekenisoordrag negatief beïnvloed is. Indien nie, kon dit as 'n uitleg- of taalfout geïdentifiseer word sonder om na die bronteks te kyk. Daar was nie uitleg- of taalfoute in die analise van die revisieprodukte wat as ernstige foute geklassifiseer is nie. Indien betekenisoordrag wel negatief deur die fout beïnvloed is, is dit as 'n vertaalfout geklassifiseer. 'n Verdere vraag het die keuseproses geleid, naamlik of die bronteks se oorspronklike betekenis (met inagneming van die vertaalopdrag) ietwat verander of verdoesel is, en of dit heeltemal verlore gegaan het. Indien die oorspronklike betekenis slegs ietwat verander of verdoesel is, is dit as 'n geringe vertaalfout geklassifiseer. Indien die betekenis heeltemal verlore gegaan het, word die voorstel gemaak om na die eerste vraag in die vloeidiagram terug te keer, naamlik om die moontlike invloed van die fout op die bruikbaarheid van die vertaling te hooroorweeg.

In Van Rensburg (2017a) is die vlak van erns nie net aan foute gekoppel wat oorgesien of ingevoeg is nie, maar ook aan nodige veranderinge om sodoende die positiewe aspekte van die revisieprodukt ag te neem.

'n Voorbeeld waar 'n nodige verandering (NV) aangebring is om 'n geringe fout ten opsigte van taalgebruik (t) reg te stel, is in reël 1 van die Afrikaanse konsepvertaling waar *Stellenbosch University* verkeerdelik as "Stellenbosch Universiteit" vertaal is en deur verskeie reviseurs na "Universiteit Stellenbosch" verander is. Die afkorting wat hiervoor gebruik is, is NV(t).

'n Voorbeeld van waar 'n nodige verandering (NV) aangebring is om 'n ernstige fout ten opsigte van vertaling (V) reg te stel, kom voor in reël 2 waar *Faculty of Arts and Social Sciences* verkeerdelik as "Fakulteit van Kuns en Sosiale Wetenskappe" vertaal is. Sommige reviseurs het dit na "Fakulteit

Lettere en Sosiale Wetenskappe” verander en die afkorting NV(V) is gebruik om die verandering aan te toon.

’n Voorbeeld van ’n mislukte regstelling (MR) is in reël 25 van die konsepvertaling. ’n Deel van die volgende sin is in die vertaling uitgelaat: *Discuss the effects of factory work and reform on the health and living conditions of men, women and children*. Die konsepvertaling lui soos volg: “Bespreek die effek van fabriekswerk en -hervorming op die gesondheid van mans, vroue en kinders”. Een van die reviseurs wat die ernstige fout ten opsigte van vertaling – EF(V) – raakgegesien het, het dit probeer regstel deur die woorde “en leefstyl” in te voeg. Hierdie verandering is egter geklassifiseer as ’n mislukte regstelling (MR) en as ’n ernstige fout ten opsigte van vertaling wat ingevoeg is – EFI(V) – aangesien die betekenis van die bronteks verander is en die leser daardeur mislei word.

’n Voorbeeld van waar ’n ernstige fout ten opsigte van die funksie van die vertaling reggestel is, kom voor in reël 14 van die konsepvertaling. Dit is deel van die eksamenvraestel as genre se kenmerke dat die aantal punte vir die betrokke vraag ná die vraag tussen blokhakies geplaas word. Dit gee die leser dus leiding oor hoe uitgebreid elke vraag beantwoord behoort te word. Ná vraag 4, een van die kortvrae in afdeling A, word die aantal punte tussen blokhakies in die konsepvertaling verkeerdelik aangegee as 16, terwyl dit eintlik 6 moet wees. ’n Hele paar reviseurs het die fout reggestel en die verandering is as NV(F) geklassifiseer.

Wanneer die antwoord op die eerste vraag in die vloeidiagram (of daar ’n fout in die konsepvertaling was) (afdeling 5.4.4.2) ‘nee’ is, is ’n volgende vraag gevra, naamlik in watter mate die verandering wat die revisor aangebring het die kwaliteit van die konsepvertaling beïnvloed: Is die konsepvertaling verbeter, het die verandering enige invloed op die kwaliteit van die konsepvertaling gehad, of doen die verandering afbreuk aan die kwaliteit van die konsepvertaling. Indien die verandering die kwaliteit van die konsepvertaling verbeter het, is dit as ’n nodige verandering (NV) geklassifiseer. Indien die verandering geen invloed op die kwaliteit van die vertaling gehad het nie, is dit as ’n onnodige verandering (OV) geklassifiseer. Indien die verandering afbreuk aan die kwaliteit van die vertaling gedoen het, is dit as ’n ingevoegde fout (FI) geklassifiseer. Daarna is dieselfde prosedure gevolg vir nodige veranderinge (NV) en foute ingevoeg (FI) om vlak 2 (taalgebruik, vertaling of doeltekstfunksie) en vlak 3 (ernstig of gering) te bepaal. Aangesien onnodige veranderinge (OV) geen invloed op die kwaliteit van die vertaling het nie, is vlak 2 (taalgebruik, vertaling of doeltekstfunksie) en vlak 3 (ernstig of gering) nie op hierdie kategorie toegepas nie.

’n Voorbeeld van waar ’n onnodige verandering met betrekking tot taalgebruik – OV(t) – aangebring is, is in reël 50 waar vyf reviseurs “ten tye van” (*at the time of*) met sy wisselvorm “ten tyde van” vervang het. ’n Onnodige verandering met betrekking tot vertaling – OV(v) – kom voor in reël 42 tot 43. Die vertaler het “However, I believe there was” vertaal met “Maar ek dink daar was”. Ses

reviseurs het “dink” met die direkte vertaling “glo” vervang wat in hierdie konteks as ’n onnodige verandering geklassifiseer is.

’n Geringe fout ten opsigte van funksie – GFI(f) – is by reël 36 ingevoeg. Die bronteks “I leave it with you” is korrek vertaal as “Ek laat dit in u hande”. Een reviseur het die formele “u” met die informele “julle” vervang en dus die register verander. ’n Ernstige fout met betrekking tot funksie – EFI(F) – is deur ’n ander reviseur by reël 38 ingevoeg. By afdeling C, vraag 1 is daar in die middel van die vraag ’n nommer 2 teen die linkerkantste kantlyn ingevoeg. Aangesien dit verwarring ten opsigte van die vraagnommers kan veroorsaak, is die verandering as ’n EFI(F) geklassifiseer.

’n Geringe fout met betrekking tot vertaling – GFI(v) – is by reël 16 ingevoeg. Die bronteks “It is an extraordinary thing ...” is foutief as “Dit is ongelooflik ...” vertaal. Enkele reviseurs het ’n GFI(v) ingevoeg deur “ongelooflik” met “verstommend”, “buitengewoon”, of “merkwaardig” te vervang. Twee voorbeelde van ’n ernstige fout met betrekking tot vertaling – EFI(V) – is deur een reviseur by reël 23 tot 24 ingevoeg. Die bronteks lui soos volg: “we began applying energy in vast amounts to tools with which we began tearing the environment apart”. Die oorspronklike boodskap is dat energie ingespan is vir werktuie waarmee die omgewing verwoes is, maar hierdie boodskap het totaal verlore gegaan deur “werktuie” met “middele” te vervang asook ’n ekstra werkwoord (“te ontwikkel”) in te voeg: “toe ons begin het om ontsaglike hoeveelhede energie in te span om middele te ontwikkel waarmee ons die omgewing uitmekaargeruk het”. Daar is dus twee ernstige foute met betrekking tot vertaling – EFI(V) – gemerk.

’n Geringe fout met betrekking tot taalgebruik – GFI(t) – is deur drie reviseurs by reël 8 ingevoeg deur “kortvrae” na “kort vroe” te verander en daardeur die konsekwentheid met “paragraafvrae” in reël 15 te verbreek. Die enigste ernstige fout met betrekking tot taalgebruik – EFI(T) – is deur een reviseur by reël 27 tot 29 ingevoeg. Die verlede tyd is in die tweede deel van die sin na die teenwoordige tyd verander, maar nie in die laaste deel van die sin nie, met die gevolg dat ’n EFI(T) ingevoeg is en die teks ná revisie soos volg lees: “Hoeveel dapper manne, hoeveel beeldskone dames, nuttig nog die oggend ontbyt saam met hulle gesinne en daardie selfde aand ’n tafel met hulle voorvaders in die hiernamaals gedeel!”

Een kategorie wat nie in die vloeidiagramme oor die besluitnemingsproses ten opsigte van die reviseur se veranderinge en die erns daarvan weerspieël word nie, is foute in die konsepvertaling wat deur die reviseur oorgesien is. ’n Voorbeeld van ’n geringe fout ten opsigte van taalgebruik wat oorgesien is, is in reël 1 waar die Universiteit se naam verkeerd geskryf is as “Stellenbosch Universiteit”. Hoewel talle reviseurs ’n nodige verandering aangebring het – NV(t) – deur dit na “Universiteit Stellenbosch” te verander, het sommige reviseurs nie die fout raakgesien nie en is dit as ’n GFO(t) gemerk.

Die vertaler het 'n ernstige fout met betrekking tot vertaling – EF(V) – begaan deur *statement* met “bewering” in reël 11 te vertaal. Wanneer 'n reviseur nie die fout reggestel het deur “bewering” met “stelling” te vervang nie, is dit as 'n EFO(V) gemerk. Die vertaling van *extraordinary* in reël 16 is nie “ongelooflik” nie, maar eerder “vreemd”. Indien 'n reviseur nie die fout raakgesien het nie, is dit as 'n GFO(v) gemerk. Vroeër in hierdie afdeling is die voorbeeld genoem van die punte tussen blokhakies wat in die vraestel se vraag 4 foutief as “[16]” gegee is (reël 14). Wanneer die reviseur nie hierdie fout reggestel het nie, is dit as 'n ernstige fout met betrekking tot funksie wat oorgesien is – EFO(F) – aangeteken.

#### **5.4.4.3 Revisieproduk: Van Rensburg (2017a)-formule**

Die Van Rensburg (2017a)-formule wat gebruik is om die kwaliteit van die revisieprodukte te kwantifiseer, word in afdeling 3.9.3.2 beskryf. Die Excel-sigblaaie met die kwalitatiewe analise van die revisieprodukte in verskeie kategorieë (soos bylae E) is gebruik om die foute en regstellings in elke kategorie te kwantifiseer. Die formule is daarna toegepas deur van die verskillende totale in die onderskeie kategorieë gebruik te maak. Hierdie revisieformule is vir die doeleindes van dié studie ontwikkel, maar ook om as meetinstrument in vertaalkantore gebruik te word. Soos in afdeling 3.9.3 genoem, kan die formule en kategorieë in reviseurs se prestasie-evaluering gebruik word om hulle te help om hulle revisievaardighede te slyp.

### **5.4.5 Steekproefneming, data-insameling en dataverwerking**

#### **5.4.5.1 Reviseurs**

Die populasie reviseurs is in afdeling 5.4.2 gespesifieer as professionele taalpraktisyns in Suid-Afrika wat aan die volgende vereistes voldoen: (i) Afrikaans as eerste taal; (ii) Engels as tweede taal; (iii) 'n formele kwalifikasie in tale en/of taalwetenskap en/of taalpraktyk; (iv) minstens vyf jaar vertaalervaring; en (v) ervaring in revisie.

Daar bestaan nie 'n steekproefraamwerk (*sampling framework*) vir die populasie taalpraktisyns wat hier bo beskryf word nie. In 'n poging om daarvoor te vergoed (en om te trianguleer) is 'n kombinasie van drie vorme van niewaarskynlikheid-steekproefneming (*nonprobability sampling*) gebruik, naamlik doelgerigte steekproefneming (*purposive sampling*), gerieflikheid-steekproefneming (*convenience sampling*), en sneeubal-steekproefneming (*snowball sampling*).

Volgens Dörnyei (2007:98) maak die meeste navorsing in toegepaste taalwetenskap gebruik van niewaarskynlikheid-steekproefneming. Volgens Saldanha en O'Brien (2013:164) is dit ook die strategie wat die meeste in vertaalwetenskap gebruik word. 'n Nadeel aan niewaarskynlikheid-steekproefneming is dat die bevindinge nie veralgemeen kan word nie. As gevolg van die groot aantal

veranderlikes in empiriese studies in die vertaalwetenskap behoort sodanige empiriese studies in ander omgewings met ander taalpare herhaal te word.

Soos hier bo verduidelik, het die populasie vir dié empiriese ondersoek bestaan uit taalpraktisyns wat oor spesifieke opleiding en ervaring beskik en was dit dus van pas om van doelgerigte steekproefneming gebruik te maak (Cohen, Manion & Morrison 2011:157). Dörnyei (2007:128) gebruik die term ‘kriterium-steekproefneming’ (*criterion sampling*) wat dalk ’n beter beskrywing van dié metode is. Gerieflikheid-steekproefneming word ook beskikbaarheid-steekproefneming (*availability sampling* – Schutt 2015:168) en geleentheid-steekproefneming (*opportunity sampling* – Dörnyei 2007:97) genoem. Volgens Schutt (2015:168) is gerieflikheid-steekproefneming dikwels geskik vir navorsing in die sosiale wetenskappe wanneer ’n nuwe veld ondersoek word. Revisie word in dié proefskrif as ’n redelik nuwe veld in Suid-Afrika bestempel, omdat hier nog weinig navorsing daaroor gedoen is in vergelyking met navorsing in lande soos België, Swede en Italië.

Die derde steekproefnemingmetode wat in hierdie studie gebruik is, was sneeubal-steekproefneming (*snowball sampling*) wat behels dat deelnemers aan die studie versoek word om nog moontlike deelnemers te identifiseer wat dalk aan die kriteria vir die studie voldoen (Dörnyei 2007:98). Die navorser het taaldienste by drie Suid-Afrikaanse universiteite in drie verskillende provinsies gekontak met die versoek om ’n lys met die name en e-posadresse van taalpraktisyns met Afrikaans as eerste taal te kry. Dit is gedoen omdat die teks wat nagegaan moes word ’n eksamenvraestel vir tweedejaar-universiteitstudente was en omdat hierdie studie die gebruik van revisie spesifiek in ’n akademiese vertaalkantoor ondersoek het. Nog ’n rede waarom universiteite genader is, was die kriterium dat die taalpraktisyne oor ’n kwalifikasie in tale en/of taalwetenskap en/of taalpraktyk moes beskik. Die aanname is gemaak dat heelwat afgestudeerde studente vir die universiteite se vertaalkantore werk sou doen. Die navorser het ook SAVI se webwerf ([www.translators.org.za](http://www.translators.org.za)) besoek en ’n soektog gedoen na vertalers wat aan een van die kriteria voldoen, naamlik dat hulle in die vertaalkombinasie Engels–Afrikaans werk. Vertalers se kwalifikasies word ook meestal op die webwerf aangegee – die navorser kon dus daar reeds vertalers uitskakel wat nie oor die vereiste kwalifikasie beskik het nie. In gevalle waar ’n taalpraktisyn se kwalifikasie nie op die webwerf beskikbaar was nie, is die inligting per e-pos ingewin. Verder het die navorser ook individuele taalpraktisyns gekontak wat reeds aan haar bekend was. Sneeubal-steekproefneming was geskik vir hierdie studie aangesien dit moeilik en selfs onmoontlik was om ’n steekproefraamwerk vir hierdie populasie op te stel en omdat daar lede van die populasie was wat mekaar geken het (Schutt 2015:172), byvoorbeeld taalpraktisyns wat in die taalkombinasie Engels–Afrikaans werk en wie se eerste taal Afrikaans is. Die navorser het deelnemers aan die studie versoek om haar te verwys na ander taalpraktisyns wat moontlik aan die kriteria vir die studie voldoen.

Die eerste twee vereistes waaraan reviseurs aan die studie moes voldoen, was om (i) Afrikaans as eerste taal en (ii) Engels as tweede taal te hê. Die doel was om veranderlikes wat betref taalvermoë te beperk, aangesien die reviseurs 'n Afrikaanse doelteks wat uit Engels vertaal is, moes nagaan.

Hierdie empiriese studie het 'n meer kwalitatiewe benadering gevvolg deur revisie as verskynsel te beskryf deur reviseurs se revisieprodukte, menings en persepsies oor revisie te ondersoek. Kwantitatiewe metodes is vir triangulasiedoeleindes aangewend. Die studie het dus nie gepoog om die hele populasie taalpraktisyens te bereik wat in die vertaalkombinasie Engels–Afrikaans werk nie, maar eerder om die veranderlikes wat die revisieproduk kan beïnvloed so ver moontlik te beperk. Daarom was die derde vereiste dat die reviseurs oor 'n formele kwalifikasie in tale en/of taalwetenskap en/of taalpraktyk moes beskik. Die aanname, hoewel aanvegbaar, is daardeur gemaak dat sodanige opleiding taalpraktisyens in staat stel om 'n beter revisieproduk te lewer. Hoewel Hansen (2008) aanbeveel dat 'n reviseur oor opleiding in vertaalteorie behoort te beskik, was dit nie as kriterium vir hierdie studie geskik nie, aangesien dit die reeds beperkte steekproefgrootte verder negatief sou beïnvloed.

Die vierde vereiste is gestel as minstens vyf jaar vertaalervaring, aangesien daar in die vertaalwetenskap-literatuur aangevoer word dat reviseurs ervare vertalers behoort te wees. Die mees onlangse kwaliteitstandaard vir die vertaalbedryf, ISO 17100 (2015:6), vereis twee jaar voltydse professionele vertaalervaring van persone met 'n graad, en vyf jaar voltydse professionele vertaalervaring van persone sonder 'n graad.

Die vyfde en laaste vereiste waaraan die reviseurs moes voldoen, was om ervaring in revisie te hê. In Suid-Afrika word revisie nog nie so wyd toegepas soos oorsee nie, daarom moes hierdie vereiste plooibaar wees ten einde nie 'n obskure steekproefgrootte te veroorsaak nie. In Robert (2012:120) se studie moes sy haar vereiste van vyf jaar revisie-ervaring verander, aangesien te min respondenten aan hierdie vereiste voldoen het. Nadat die vereiste na minstens een jaar revisie-ervaring verander is, het 16 reviseurs aan Robert se studie deelgeneem (2012:120).

#### **5.4.5.2 Assessering van die vertaalproduk**

Die vereistes waaraan die assesseerders moes voldoen, is in afdeling 5.4.2 uiteengesit. Pragmatische kwessies, soos beperkte befondsing en dat die assesseerders ten tye van die assessering in Stellenbosch vir opleiding beskikbaar moes wees, het tot gevolg gehad dat slegs vyf assesseerders aan die studie kon deelneem. Dit was belangrik dat die assesseerders opleiding in die gebruik van die meetinstrument ontvang om die interbeoordelaarsbetroubaarheid te verhoog. 'n Loods-assessering is gedoen: Die assesseerders het die Engelse bronteks, die vertaalopdrag, twee konsepvertalings en die assessoringsinstrument ontvang. Die twee konsepvertalings is in 'n vorige studie oor vertaalvermoë

(Van Rensburg 2014) gebruik. Die assesseerders het die kwaliteit van hierdie twee konsepvertalings met behulp van die assessoringsinstrument en spesifiek ook met die vertaalopdrag in gedagte geassesseer. Die uitkoms van die assessoring, probleme in die bronsteks en alle kommentaar oor die gebruik van die betrokke assessoringsinstrument is by 'n vergadering bespreek waar al vyf assesseerders en die navorser teenwoordig was. 'n Spesifieke punt van bespreking was die moontlike oorvleueling tussen die vier vlakke in elke kategorie naamlik vlak (a) laagste kwaliteit tot vlak (d) hoogste kwaliteit. Die uitkoms was dat daar 'n verdere riglyn vir die keuse tussen die vier vlakke aan die assesseerders gegee is. Dit is die mate van revisie wat daar nog aan die vertaling gedoen moet word voordat dit aan die kliënt gestuur kan word: op 'n kontinuum vanaf vlak (a) waar die meeste revisie nodig is, tot vlak (d) waar die minimum revisie nodig is.

Die 30 tekste in die empiriese studie is in groepe van vyf aan die assesseerders gestuur om assessoringsvoosheid te voorkom. Die navorser het self die betrokke waardes aan die assessorings gekoppel, die persentasiepunt uit 90 bereken en die data in 'n Excel-sigblad geplaas sodat die nodige statistiese toetse gedoen kan word (kyk afdeling 5.4.5.4).

#### **5.4.5.3 Analise van die revisieproduk**

Elkeen van die dertig revisieprodukte is reël vir reël of frase vir frase onder mekaar in 'n Excel-sigblad geplaas. (Kyk bylae E vir die analise van reël 1 tot 4.) Die navorser en twee taalkundiges het op grond van die Van Rensburg (2017a)-kategorieë (in afdeling 5.4.4.2) 'n analiseraamwerk geskep waarvolgens die revisieprodukte ontleed is.<sup>56</sup> Die vereistes waaraan die taalkundiges moes voldoen, word in afdeling 5.4.2 uiteengesit. Daarna het die navorser die Van Rensburg (2017a)-formule, soos in afdeling 5.4.4.3 uiteengesit, op die revisieprodukte toegepas om die kwaliteit daarvan te kwantifiseer.

#### **5.4.5.4 Statistiese analyse**

Beskrywende statistiek word gebruik om die datastel te beskryf, byvoorbeeld die (rekenkundige) gemiddeld en mediaan as maatstawwe van sentrale neiging (*measures of central tendency*) (Leedy & Ormrod 2013:283–286) en die standaardafwyking (*standard deviation*). Inferensiële statistiek word gebruik om die mate waarin 'n verband tussen twee of meer veranderlikes getrek kan word, te ondersoek. Vir alle statistiese toetse is 'n 5%-betekenispeil toegepas (standaardpraktyk in die sosiale wetenskappe) wat beteken 'n p-waarde van minder as 0.05 dui daarop dat die resultate statisties beduidend is, en dus nie aan toeval toegeskryf kan word nie. Soms is resultate met 'n 10%-betekenispeil ( $p<0.1$ ) ook gerapporteer, veral in gevalle waar die resultaat net-net buite die 5%-

---

<sup>56</sup> Kyk afdeling 5.4.3.6 waar die proses wat gevolg is met die skep van die analiseraamwerk verduidelik word. Die analiseraamwerk is as bylae C opgeneem.

betekenispeil geval het. In gevalle waar die p-waarde minder is as 0.1 (10%-beteenispeil), is die kans dat die resultate aan toeval toegeskryf kan word effens groter as waar die p-waarde minder is as 0.05 (5%-beteenispeil).

Enkelsteekproef-t-toetse (*single-sample t-tests*) is gedoen om te bepaal of die gemiddeldes van ordinale metings van 'n vaste voorafbepaalde konstante verskil (kyk afdeling 6.2.2). Die interbeoordelaarsbetroubaarheid van die vyf assesseerders wat die holistiese meetinstrument toegepas het (kyk afdeling 5.4.4.1) is bepaal met behulp van tweerigting-intraklaskorrelasie-analises (*twoway intra class correlation: ICC*) waарoor daar in afdeling 6.2.2 gerapporteer word. Moontlike verbande tussen ordinale metings is met Pearson se korrelasie-analises getoets (kyk bv. afdeling 6.3.2.1). 'n Eenrigting-ANOVA (analise van variansie) is gebruik om te toets vir verskille van ordinale metings tussen groepe (kyk bv. afdeling 6.3.1). Waar daar meer as twee groepe vergelyk is, is Fisher se toets vir die kleinste betekenisvolle verskil (LSD) gebruik om verskille tussen pare groepe te bepaal (soos in afdeling 6.4.2).

Alle statistiese toetse is deur die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die US gedoen. Intraklaskorrelasies is bereken met behulp van die statistiese programmeertaal 'R'. Die ander statistiese toetse is met behulp van die Statistica-program (weergawe 13.2) gedoen.

#### **5.4.6 Etiese aspekte**

Etiese klaring vir hierdie empiriese studie is van die US se etiese komitee ontvang. Die toestemmingsbrief is as bylae A opgeneem. Elke deelnemer het 'n ingeligtetoestemmingsvorm ontvang met inligting oor die studie en 'n ruimte waar hulle skriftelik tot deelname kon instem. Die ingeligtetoestemmingsvorm (en eerste vraelys) vir reviseurs is as bylae F opgeneem. Die ingeligtetoestemmingsvorm en vraelys vir die assesseerders is as bylae I beskikbaar. Geen risiko's of ongemak is deur hierdie studie veroorsaak nie: Deelname was vrywillig en die deelnemers is 'n markverwante fooi betaal vir die professionele diens wat hulle gelewer het. Die inligting wat ingewin is, is vertroulik en word anoniem gehou.

### **5.5 Samevatting**

Die navorsingsvrae, metodologie en navorsingsinstrumente wat in die empiriese ondersoek na revisiekwaliteit gebruik is, is in hierdie hoofstuk in besonderhede verduidelik. Daar is gepoog om die beskrywing van die metodologie so volledig moontlik te maak sodat die studie deur ander navorsers gerepliseer kan word. Die resultate en bespreking volg in hoofstuk 6.

## Hoofstuk 6 Bevindinge en bespreking

### 6.1 Inleiding

Besonderhede oor die navorsingsontwerp van hierdie studie is in die vorige hoofstuk uiteengesit. Die bevindinge van die kwalitatiewe en statistiese analyses word vervolgens verskaf en bespreek.

Soos in afdeling 5.3.1 genoem, het die volgende drie hoofnavorsingsvrae dié empiriese studie gerig:

- (1) Wat is die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk?
- (2) Wat is die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk?<sup>57</sup>
- (3) Wat is die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk?

Die bevindinge van die empiriese studie word vervolgens aan die hand van hierdie hoofnavorsingsvrae en betrokke subnavorsingsvrae uiteengesit in afdeling 6.2 (hoofnavorsingsvraag 1: revisie en vertaalkwaliteit), afdeling 6.3 (hoofnavorsingsvraag 2: reviseursprofiel en revisiekwaliteit), en afdeling 6.4 (hoofnavorsingsvraag 3: revisieprocedure en revisiekwaliteit).

### 6.2 Hoofnavorsingsvraag 1: revisie en vertaalkwaliteit

Die subnavorsingsvrae wat betref die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is:

Wat is die kwaliteit van die –

- (1a) vertaalproduk voor revisie (die konsepvertaling)?
- (1b) vertaalproduk ná revisie (die doelteks)?
- (1c) revisieproduk?

Die antwoorde op hierdie subnavorsingsvrae behoort lig te werp op wat die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is. Vertaalkwaliteit voor revisie word in afdeling 6.2.1 bespreek, vertaalkwaliteit ná revisie in afdeling 6.2.2 en die kwaliteit van die revisieproduk kom in afdeling 6.2.3 aan bod.

---

<sup>57</sup> Die vertaalproduk bestaan uit die hele vertaling. Die revisieproduk word gedefinieer as die veranderinge wat die reviseur aangebring het, asook die foute wat hy of sy oorgesien het.

## 6.2.1 Navorsingsvraag 1a: vertaalqwaliteit voor revisie

Die kwaliteit van die vertaalproduk voor revisie (die konsepvertaling) is op twee wyses bepaal, naamlik 'n teksanalise (afdeling 6.2.1.1), en 'n holistiese assessorering met die gegewe assessoringsinstrument (afdeling 6.2.1.2).

### 6.2.1.1 Teksanalise van konsepvertaling

Daar word in afdeling 2.2.3 verwys na Nord (2005:37) se ekstratekstuele en intratekstuele faktore, en die 'WH'-vrae (kyk figuur 2.2) wat die vertaler kan gebruik in die analise van die bronsteks en die kommunikatiewe situasie waarin die vertaling gebruik gaan word. Hierdie analise word gedoen om te bepaal watter elemente van die bronsteks behoue moet bly, of aangepas moet word, ten einde 'n geskikte vertaling vir die betrokke situasie te skep. Teoreties gesproke kan reviseurs 'n soortgelyke analise doen om te bepaal of daar elemente in die konsepvertaling is wat nie aan die vertaalopdrag voldoen nie, en dus aangepas behoort te word. Die konsepvertaling van die eksamenvraestel word vervolgens aan die hand van Nord se ekstratekstuele en intratekstuele faktore ontleed (2005:41–153).

#### *Ekstratekstuele faktore*

Die afsender: Nord (2005:6) se onderskeid tussen die opsteller van die teks (*text producer*) en die afsender (*sender*) het nie vir hierdie empiriese studie gegeld nie. Die geskiedenisdosent het albei rolle vervul, aangesien hy of sy die Engelse bronsteks opgestel het en ook die afsender was, met ander woorde die persoon wat die teks uitgereik het om 'n boodskap oor te dra.

Die afsender se bedoeling(s): Die dosent se bedoeling met die Engelse bronsteks en Afrikaanse vertaling van die eksamenvraestel was om relevante vrae te stel wat die studente se kennis oor die inhoud van die betrokke module summatief sou toets.

Die bedoelde ontvanger: Tweedejaar-universiteitstudente wat die betrokke geskiedenismodule volg.

Medium: Die studente het gedrukte kopieë van die eksamenvraestel ontvang.

Plek: Die plek waar die Engelse bronsteks geskep is en waar die Afrikaanse vertaling ontvang is, was dieselfde, naamlik die US in die Wes-Kaap.

Tyd: Die bronsteks is in 2012 geskep en die vertaling is in dieselfde jaar ontvang.

Beweegrede (*motive for communication*): Die beweegrede vir die kommunikasie stem ooreen met die afsender se bedoeling, te wete om die studente se kennis oor die inhoud van die betrokke module te toets.

Teksfunksie: 'n Eksamenvraestel is 'n kombinasie van 'n informatiewe en instruktiewe teks.

## Intratekstuele faktore

Vakgebied: geskiedenis.

Inhoud: Dit stem ooreen met die inhoud van die betrokke geskiedenismodule wat die Stormloop vir Afrika en die Industriële Revolusie insluit.

Veronderstellings: Die afsender se veronderstellings sluit in alle inligting wat volgens hom of haar aan die teksontvangers bekend is (Nord 2005:106). Een voorbeeld in hierdie empiriese studie kon wees dat die dosent aanvaar het dat die studente weet wat opdragwoorde soos ‘verduidelik’ en ‘bespreek’ beteken. ’n Tweede voorbeeld kon wees dat die dosent aanvaar het dat die studente weet hoe om kortvrae (met minder punte) teenoor langvrae (met meer punte) te beantwoord.

Samestelling (*text composition*): Ná die opskrif (met die Universiteit-, Fakulteit- en modulenaam) verskyn daar inligting oor die eksamensituasie (hoeveel tyd toegelaat word en die totale punte vir die vraestel), asook instruksies oor hoeveel vrae beantwoord moet word en die inhandiging van die vraestel en antwoordboek. Daarna volg drie afdelings, naamlik kortvrae, paragraafvrae en opstelvrae. Dit is ’n konvensie in eksamenvraestelle om die aantal punte wat aan elke vraag toegeken word, ná die vraag aan te dui. In hierdie geval is dit telkens aan die regterkant van die bladsy tussen blokhakies vertoon. ’n Opvallende kenmerk van hierdie vraestel was dat daar aanhalings deur bekendes soos Joseph Conrad en David Livingstone gegee is, gevvolg deur ’n instruksie om spesifieke aspekte van die aanhalings te verduidelik of teen ’n spesifieke agtergrond soos die Stormloop vir Afrika te ontleed.

Nietaalkundige elemente: Daar was geen nietaalkundige elemente soos foto’s, illustrasies of diagramme in hierdie teks nie.

Leksikon: Hierdie vraestel is juis gekies omdat die leksikon nie werklik gespesialiseer was nie en die vertaler en reviseurs terme redelik maklik sou kon naslaan.

Sinstruktuur: Die konsepvertaling het enkelvoudige en saamgestelde sinne bevat. Die gemiddelde aantal woorde per sin vir die hele vraestel was 15.9. Die gemiddelde aantal woorde per sin in die aanhalings (16 uit 29 sinne) was meer as dié van die ander teksdele (13 uit 29 sinne), naamlik 18.6 woorde per sin in die aanhalings en 12.5 woorde per sin in die ander teksdele. Die meeste sinne was stellings (16 uit 29) wat hoofsaaklik in die aanhalings voorgekom het. Daar was 7 instruksies en 4 vrae, en 2 uitroepe het in die aanhalings voorgekom.

Suprasegmentele elemente (*suprasegmental features*): Elemente soos skuinsdruk, lettertipe, vetdruk, aanhalingstekens, aandagstrepe en hakies is hier ter sprake (Nord 2005:132). Vetdruk is vir opskrifte gebruik, en aanhalingstekens vir die aanhalings wat veral in die laaste twee afdelings van die vraestel gebruik is. Die aanhalings is gevvolg deur ’n aandagstreep en die naam van die persoon wie se woorde

aangehaal is. Die aantal punte wat aan elke vraag toegeken is, is ná elke vraag tussen blokhakies geplaas.

Die navorsers en twee taalkundiges het 'n verdere analyse van die konsepvertaling gedoen om te bepaal hoeveel ernstige en geringe foute ten opsigte van taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid daar in die konsepvertaling was. Hierdie kategorieë word in afdeling 5.4.4.2 uiteengesit en is ook in die beskrywing van die revisieproduk gebruik (kyk afdeling 6.2.3.1). Hierdie analyse van die konsepvertaling is gedoen as deel van die proses waartydens die analiseraamwerk geskep en uitgebrei is (kyk afdeling 5.4.3.6).

'n Fout kan gedefinieer word as die afwyking van 'n norm, konvensie of reël (Nord 2005:186). Volgens 'n funksionalistiese vertaalbenadering behoort die skopos (funksie en doel) en verlangde kwaliteitvlak van die beplande doeltekst in die vertaalopdrag gespesifiseer te word. 'n Vertaalfout ontstaan dus wanneer enige van die instruksies in die vertaalopdrag nie nagekom word nie (Nord 2005:187). Die vertaalopdrag wat in die empiriese studie gebruik is (kyk afdeling 5.4.3.2), spesifiseer dat al die inligting in die bronstekst akkuraat na die doeltekst oorgedra moet word. Wanneer die betekenis van 'n woord, frase of sin in die bronstekst verdraai of verdoesel is, is dit in hierdie empiriese studie as 'n vertaalfout bestempel wat die reviseur moes regstel. Dit is egter nie slegs vertaalfoute wat 'n negatiewe invloed op die kwaliteit van 'n doeltekst kan hê nie, maar ook foute ten opsigte van die taal van die doeltekst (Hansen 2010:386). Volgens die vertaalopdrag in hierdie empiriese studie moes die doeltekst in idiomatiese Afrikaans geformuleer wees. Enige afwyking van die Afrikaanse taalreëls en idiomatiese taalgebruik, is dus as 'n taalfout bestempel.

Daar is 42 foute in die konsepvertaling aangetref: 21 geringe foute ten opsigte van doeltaalgebruik, 1 ernstige fout ten opsigte van doeltekstfunksie, 9 ernstige foute ten opsigte van vertaalakkuraatheid, en 11 geringe foute ten opsigte van vertaalakkuraatheid.

### ***6.2.1.2 Holistiese assessering van die konsepvertaling***

'n Paneel van vyf assesseerders het 'n holistiese assessering van die konsepvertaling gedoen met behulp van Colina (2009) se meetinstrument wat vir hierdie studie effens aangepas is (kyk afdeling 5.4.4.1). Die assesseerders was nie daarvan bewus dat hulle 'n konsepvertaling en 30 verskillende revisies daarvan assesseer nie: Hulle het die Engelse bronstekst ontvang met die opdrag om die 31 gegewe vertalings te evalueer. Die assesseerders se fokus was dus op die hele vertaalproduk. Die gemiddelde punte wat aan die konsepvertaling (voor revisie) toegeken is, word in tabel 6.1 aangedui.

**Tabel 6.1 Vertaalkwaliteit voor revisie**

<b>kategorie 1: doeltaal (punt uit 30)</b>	<b>kategorie 2: funksionele en tekstuele toereikendheid (punt uit 30)</b>	<b>kategorie 3: vakkundige inhoud en terminologie (punt uit 30)</b>	<b>totale punt uit 90</b>	<b>totale punt as %</b>
17	19	13	49	54.44


Navorsingsvraag 1a het soos volg gelui: Wat is die kwaliteit van die vertaalproduk voor revisie (die konsepvertaling)? Die antwoord was dat die kwaliteit van die vertaalproduk voor revisie uitgedruk kan word as 'n persentasiepunt van 54.44. Die konsepvertaling het nie aan die vertaalopdrag voldoen nie, aangesien die kwaliteit van die vertaling nie van so aard was dat dit gereed was om aan die dosent (die kliënt) gelewer te word nie (kyk die vertaalopdrag in afdeling 5.4.3.2). Die aspek van die konsepvertaling waarvoor die hoogste punt toegeken is, was funksionele en tekstuele toereikendheid (kategorie 2). Volgens die assessoringsinstrument (kyk afdeling 5.4.4.1) beteken hierdie punt uit 30 dat die doel en funksie van die vertaling en die teikengehoor se behoeftes in 'n redelike mate in die konsepvertaling in ag geneem is. 'n Effens laer punt is aan doeltaalgebruik (kategorie 1) toegeken, wat daarop dui dat elemente of strukture uit die brontaal onnodig in die vertaling oorgedra is, en dat dit die leesbaarheid belemmer het. Die laagste punt is aan vakkundige inhoud en terminologie (kategorie 3) toegeken. Dit is ook 'n aanduiding dat die vertaalopdrag nie nagekom is nie, aangesien die vertaler navorsing moes doen om die geskikste Afrikaanse terme te kies.

Volgens revisiebeginsel A3 in afdeling 3.7 behoort 'n duidelik ontoereikende vertaling eerder oorvertaal as nagegaan te word (Europese Kommissie 2010:8; Mossop 2014:205). Hoewel hierdie konsepvertaling heelwat foute bevat het ('n totaal van 42 in 'n teks van 518 woorde), het die totale punt van 54.44% daarop gedui dat die vertaling nie totaal ontoereikend is nie, aangesien die kwaliteit van die vertaling wel deur revisie verhoog kon word.<sup>58</sup> Die konsepvertaling was geskik om in hierdie empiriese studie gebruik te word huis omdat dit genoeg foute bevat het ten einde revisie as 'n kwaliteitkontrole te ondersoek.

### 6.2.2 Navorsingsvraag 1b: vertaalkwaliteit ná revisie

Ten einde die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk te bepaal, is die kwaliteit van die vertalings ná revisie ondersoek. Die instrument waarmee die kwaliteit van die vertaling voor revisie bepaal is, is ook vir hierdie assessorering gebruik. Die verspreiding van die persentasies ná revisie word in figuur 6.1 aangedui.

<sup>58</sup> Dit is die navorsers se subjektiewe interpretasie van die persentasie wat aan die konsepvertaling toegeken is: 'n Punt bo 50% was vir die doeleindes van hierdie empiriese studie aanvaarbaar, hoewel die verwagtinge in die praktyk veel hoër sou kon wees.



**Figuur 6.1 Vertaalkwaliteit ná revisie: persentasies**


Die hoogste persentasie ná revisie was 87.78% teenoor die laagste persentasie van 50%. Vir al 30 vertaalprodukte ná revisie was die gemiddeld 65.2%, die mediaan 62.2%, en die standaardafwyking 9.5%. Die twee grootste groeperings was die 13 vertaalprodukte met 'n persentasie van 55 tot 64, en die 9 vertaalprodukte met 'n persentasie van 70 tot 79.

Die gemiddelde punte wat aan die 30 vertaalprodukte toegeken is, word in tabel 6.2 van die hoogste na die laagste persentasie aangedui. In die kolom tweede van regs word aangedui wat die kwaliteitsverskil tussen die konsepvertaling en elke vertaalprodukt ná revisie was. Die punte vir die drie onderskeie kategorieë ‘doeltaal’, ‘funksionele en tekstuele toereikendheid’, en ‘vakkundige inhoud en terminologie’ word ook aangedui.

**Tabel 6.2** Vertaalkwaliteit ná revisie: gemiddelde punte

tekst-no.	kategorie 1: doeltaal (punt uit 30)	kategorie 2: funksionele en tekstuele toereikendheid (punt uit 30)	kategorie 3: vakkundige inhoud en terminologie (punt uit 30)	totale punt uit 90	totale punt as %	konsep- vertaling met % verbeter	rang- volgorde
8	23	28	28	79	87.78	33.34	1ste
7	26	23	26	75	83.33	28.89	2de
5	27	23	21	71	78.89	24.45	3de
6	25	19	26	70	77.78	23.34	4de
11	21	24	23	68	75.56	21.12	5de
28	21	23	24				
13	21	19	25	65	72.22	17.78	6de
2	19	21	23	63	70	15.56	7de
19	21	21	21				
20	19	20	24				
29	17	21	25				
16	17	23	21	61	67.78	13.34	8ste
21	23	19	17	59	65.56	11.12	9de
30	18	19	22				
12	19	19	19	57	63.33	8.89	10de
3	19	15	21	55	61.11	6.67	11de
4	21	17	17				
18	21	19	15				
23	17	17	21				
25	15	17	23				
27	19	19	17				
1	19	15	19	53	58.89	4.45	12de
9	17	17	17	51	56.67	2.23	13de
15	17	17	17				
17	17	19	15				
22	17	19	15				
26	21	15	15	49	54.44	0	14de
24	15	15	19				
10	15	15	15	45	50	-4.44	15de
14	13	15	17				

Volgens die assessering met die aangepaste Colina (2009)-instrument het die revisie in teks nommer 24 geen invloed op die kwaliteit van die konsepvertaling gehad nie, aangesien dieselfde persentasie aan die vertaling ná revisie as vir die konsepvertaling voor revisie toegeken is (54.44%). Die mate waarin revisie die kwaliteit van die vertaalprodukte beïnvloed het, word in figuur 6.2 aangetoon. Dit word uitgedruk as die persentasieverskil tussen die kwaliteit voor revisie teenoor die kwaliteit ná revisie.



**Figuur 6.2 Invloed van revisie op vertaalkwaliteit**

Vir al 30 vertaalprodukte ná revisie was die gemiddelde persentasie waarmee revisie die vertaalkwaliteit beïnvloed het 10.8%, die mediaan 7.8%, en die standaardafwyking 9.5%. Die maksimum persentasie waarmee die kwaliteit van die konsepvertaling verbeter is, was 33.34% (teks no. 8, kyk ook tabel 6.2). Die revisie in twee tekste (no. 10 en 14, kyk ook tabel 6.2) het die kwaliteit van die konsepvertaling negatief beïnvloed: Die gemiddelde punt wat die assesseerders aan hierdie twee tekste toegeken het, was 50%, dus is die kwaliteit van die konsepvertaling met 4.44% verlaag. Volgens hierdie assessering het revisie in 27 uit die 30 gevalle (90%) 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit gehad.

In figuur 6.2 is dit egter duidelik dat heelwat vertaalprodukte met slegs 'n geringe persentasie verbeter is (minder as 10%). Die vraag kan dus ontstaan of dit genoeg verbetering is om revisie wel die moeite werd te maak. Daarom is 'n Enkelsteekproef-t-toets (*single-sample t-test*) gedoen om te bepaal of die gemiddelde persentasie ná revisie van die persentasie voor revisie (54.44%) verskil. Die resultate in tabel 6.3 toon  $p < 0.001$  en die gevolgtrekking was dat daar 'n statisties beduidende verskil is. Revisie as kwaliteitkontrole het dus 'n beduidende positiewe invloed op die kwaliteit van die konsepvertaling gehad.

**Tabel 6.3 Gemiddelde persentasie ná revisie in vergelyking met persentasie voor revisie**

vertaalkwaliteit in % ná revisie	gemiddeld	standaard- afwyking	N	standaard- fout	% voor revisie	t-waarde	graad van vryheid	p
	65.22	9.53	30	1.74	54.4	6.22	29	0

Ten einde die interbeoordelaarsbetroubaarheid van die 31 vertaalprodukte (een konsepvertaling voor revisie en dertig vertaalprodukte ná revisie) se assessering met behulp van die holistiese instrument te bepaal, is 'n tweerigting-intraklaskorrelasie-analise (*twoway intra class correlation*: ICC) gedoen. 'n Waarde van 1 het beteken dat die vyf assesseerders 100% oor die assessering van al 31 vertalings saamgestem het, teenoor 'n waarde van 0 wat beteken dat hulle oor niks saamgestem het nie. Die ICC-ooreenstemming vir hierdie assessering was 0.47. Daar was dus 'n matige ooreenstemming tussen die vyf assesseerders wat die vertaalkwaliteit gemeet het. Die evaluering van vertaling is hoogs subjektief, daarom is hierdie ICC-ooreenstemming redelik aanvaarbaar. Die betroubaarheid van hierdie holistiese instrument is verder ondersoek deur die resultate met dié van die revisieformule te vergelyk: Kyk figuur 6.18 in afdeling 6.2.3.2 wat 'n statisties beduidende positiewe verband tussen dié twee instrumente toon.

Navorsingsvraag 1b het soos volg gelui: Wat is die kwaliteit van die vertaalproduk ná revisie (die doelteks)? Die persentasies wat die vertaalproduk se kwaliteit ná revisie aantoon, wys dat 27 uit die 30 (90%) vertaalprodukte ná revisie se kwaliteit hoër was as voor revisie. Hoewel sommige van hierdie vertaalprodukte se kwaliteit steeds nie hoog genoeg was om aan die kliënt gelewer te word nie, was dit wel 'n aanduiding dat revisie as kwaliteitkontrole 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit kan hê. Hoofnavorsingsvraag 1, te wete wat die invloed van revisie op vertaalkwaliteit is, word verder in afdeling 6.2.3 bespreek deur op die kwaliteit van die revisieproduk te fokus.

### 6.2.3 Navorsingsvraag 1c: revisiekwaliteit

Die invloed van revisie op die vertaalproduk is verder ondersoek deur die revisieproduk aan die hand van die kategorieë in afdeling 5.4.4.2 te ontleed, en deur die revisieproduk se kwaliteit deur middel van die revisieformule in afdeling 5.4.4.3 te kwantifiseer.<sup>59</sup>

#### 6.2.3.1 Kwaliteit van die revisieprodukte: beskrywende kategorieë


Elke revisieproduk is beskryf deur middel van die kategorieë wat in afdeling 3.9.3.1 en 5.4.4.2 genoem word, naamlik

---

<sup>59</sup> Soos in afdeling 1.1 verduidelik, bestaan die revisieproduk uit die veranderinge wat die reviseur aangebring het, asook die foute wat hy of sy oorgesien het.

- (1) nodige veranderinge, onnodige veranderinge, foute oorgesien, foute ingevoeg; met betrekking tot
- (2) doeltaalgebruik, doeltekstfunksie, die akkuraatheid van die vertaling; en of die erns van die verandering of fout as
- (3) ernstig of gering bestempel word. (Van Rensburg 2017a:74)

Die verspreiding van die aantal nodige veranderinge (NV) wat die reviseurs aangebring het, volg in figuur 6.3. Nodige veranderinge waar foute reggestel is, word hierby ingesluit, sowel as nodige veranderinge waar die leesbaarheid van die konsepvertaling verbeter is.



**Figuur 6.3 Totale aantal nodige veranderinge aangebring**

Die meeste nodige veranderinge wat deur 'n reviseur aangebring is, was 44 en die minste was 2. Vir al 30 revisieprodukte was die gemiddeld 20.27, die mediaan 22, en die standaardafwyking 8.85. In die helfte van die revisieprodukte is daar 20 tot 29 nodige veranderinge aangebring.

Die aantal nodige veranderinge is verder ontleed aan die hand van die kategorieë 'taalgebruik', 'doeltekstfunksie' en 'vertaalakkuraatheid'. (Kyk tabel 6.4.)


**Tabel 6.4 Nodige veranderinge aangebring: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid**

nodige veranderinge aangebring	gemiddeld	mediaan	reeks	standaardafwyking
taalgebruik	13.6	13	1–31	6.3
doeltekstfunksie	0.7	1	0–2	0.6
vertaalakkuraatheid	6	6	0–13	3.4
totaal	20.3	22	2–44	8.8

Dit blyk uit tabel 6.4 dat daar verreweg meer nodige veranderinge ten opsigte van doeltaalgebruik aangebring is as in die ander twee kategorieë. Dit stem ooreen met die bevindinge van ander empiriese studies soos dié van Rasmussen en Schjoldager (2011:107) in Denemarke en Feinauer en Lourens (2017:116) in Suid-Afrika. In 'n studie oor die revisie van masjienvertaalde produkte in Ierland het De Almeida (2013:199) ook bevind die meeste nodige veranderinge is ten opsigte van taalgebruik aangebring.

Die nodige veranderinge wat die reviseurs ten opsigte van taalgebruik aangebring het, is verder ontleed aan die hand van die persentasie taalfoute wat die reviseurs reggestel het en die aantal veranderinge wat hulle aangebring het om leesbaarheid te verbeter.


Daar was 21 taalfoute in die konsepvertaling. Die verspreiding van die persentasie taalfoute wat die reviseurs deur nodige veranderinge (NV) reggestel het, volg in figuur 6.4.



**Figuur 6.4 Nodige veranderinge: persentasie taalfoute reggestel**

Die hoogste persentasie taalfoute wat deur 'n revisor reggestel is, is 76.19% en die laagste is 4.76%. Vir al die revisieprodukte is die gemiddeld 40.63%, die mediaan 38.1%, en die standaardafwyking 18.66%. In 20 van die 30 revisieprodukte (66.7%) is minder as die helfte van die taalfoute reggestel (10 en minder).

Volgens die revisie-opdrag moes die reviseurs die konsepvertaling se leesbaarheid verbeter waar nodig. Die verspreiding van die aantal nodige veranderinge (NV) wat die reviseurs aangebring het om leesbaarheid te verbeter, word in figuur 6.5 aangetoon.




**Figuur 6.5 Nodige veranderinge: leesbaarheid verbeter**

Die meeste nodige veranderinge waar leesbaarheid deur 'n reviseur verbeter is, was 15 en die minste was 0. Vir al die revisieprodukte is die gemiddeld 5.1, die mediaan 4, en die standaardafwyking 3.4. Dit blyk dat die oorgrote meerderheid reviseurs (27 uit die 30) slegs 0 tot 9 veranderinge aangebring het om leesbaarheid te verbeter. Die een teks (no. 13) waar daar 15 veranderinge ten opsigte van leesbaarheid aangebring is, is as 'n uitskieter bestempel. Teks nommer 13 het ook 'n redelik hoë punt in die kategorie 'taalgebruik' in die assessering van die vertaalproduk ontvang (nl. 21 uit 30, m.a.w. 70%) en volgens die revisieformule in afdeling 6.2.3.2 is hierdie teks as die beste revisieprodukt bestempel (kyk tabel 6.8).

Vertaalakkuraatheid is 'n belangrike aspek wat reviseurs behoort na te gaan, aangesien die leser deur vertaalfoute mislei kan word. Die nodige veranderinge wat die reviseurs ten opsigte van vertaalakkuraatheid aangebring het, is verder ontleed aan die hand van die persentasie ernstige vertaalfoute en die persentasie geringe vertaalfoute wat die reviseurs reggestel het. (Die verskil tussen ernstige en geringe foute word in afdeling 5.4.4.2 verduidelik.)


Daar was 9 ernstige vertaalfoute in die konsepvertaling. Die verspreiding van die persentasie ernstige vertaalfoute wat die reviseur deur nodige veranderinge (NV) reggestel het, volg in figuur 6.6.



**Figuur 6.6 Nodige veranderinge: persentasie ernstige vertaalfoute reggestel**

Die hoogste persentasie vertaalfoute wat reggestel is, was 66.67% en die laagste was 0. Vir al die revisieprodukte was die gemiddeld 32.22%, die mediaan 33.33%, en die standaardafwyking 21.91. Van die 30 reviseurs het 21 (70%) minder as die helfte (4 en minder) ernstige vertaalfoute reggestel. Die res van die ernstige vertaalfoute het in die eksamenvraestel agtergebleef. Dit sou die studente kon mislei en hulle prestasie negatief beïnvloed (soos in Van Dyk et al. 2011 wel die geval was).

Daar was 11 geringe vertaalfoute in die konsepvertaling. Die verspreiding van die persentasie geringe vertaalfoute wat deur nodige veranderinge (NV) reggestel is, word in figuur 6.7 aangedui.




**Figuur 6.7 Nodige veranderinge: persentasie geringe vertaalfoute reggestel**

Die hoogste persentasie geringe vertaalfoute wat reggestel is, was 63.64% en die laagste was 0. Vir al die revisieprodukte was die gemiddeld 28.18%, die mediaan 22.73%, en die

standaardafwyking 18.85. Dit blyk uit figuur 6.7 dat 25 reviseurs (83.3%) minder as die helfte (5 en minder) geringe vertaalfoute reggestel het.

Reviseurs bring nie slegs nodige veranderinge aan nie, maar ook onnodige veranderinge deur byvoorbeeld 'n sinoniem in te voeg wat nie die kwaliteit van die vertaling beïnvloed nie (kyk afdeling 3.9.2). Die verspreiding van die aantal onnodige veranderinge (OV) wat die reviseurs aangebring het, word in figuur 6.8 aangedui.



**Figuur 6.8 Aantal onnodige veranderinge aangebring**

Die meeste onnodige veranderinge wat deur 'n reviseur aangebring is, was 34 en die minste was 0. Vir al die revisieprodukte was die gemiddeld 11.4, die mediaan 9, en die standaardafwyking 8.7. Die meeste reviseurs (23, m.a.w. 76.7%) het 0 tot 14 onnodige veranderinge aangebring, terwyl die minderheid (7, m.a.w. 23.3%) 15 tot 34 onnodige veranderinge aangebring het. Talle van die revisiebeginsels wat aan die reviseurs in hierdie empiriese studie beskikbaar gestel is (kyk afdeling 5.4.3.4) beklemtoon dat die aanbring van onnodige veranderinge ongewens is. Tog toon empiriese studies in Europa soortgelyke tendense: In Swede het agt uit die tien reviseurs onnodige veranderinge aangebring (Künzli 2007b:118), en in België het al twaalf reviseurs dit ook gedoen (Arthern 1983:54).


Die aard van 'n onnodige verandering – 'n verandering wat nie die kwaliteit van die teks verbeter of verswak nie – bepaal dat die erns van alle onnodige veranderinge gering is. Tabel 6.5 toon die onnodige veranderinge wat aangebring is wat betrek aan taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid.

**Tabel 6.5 Onnodige veranderinge aangebring: taalgebruik, doelteksfunksie en vertaalakkuraatheid**

onnodige veranderinge aangebring	gemiddeld	mediaan	reeks	standaardafwyking
taalgebruik	9.6	8	0–27	7.6
doelteksfunksie	0	0	0	0
vertaalakkuraatheid	1.9	1.5	0–7	1.6
totaal	11.4	9	0–34	8.7

Die meeste onnodige veranderinge is ten opsigte van taalgebruik aangebring, terwyl daar geen onnodige veranderinge ten opsigte van die doelteks se funksie aangebring is nie. Hierdie fokus op doeltaalgebruik word ook weerspieël in tabel 6.4 wat toon dat die meeste nodige veranderinge ook ten opsigte van taalgebruik aangebring is.

‘Foute oorgesien’ (FO) word gedefinieer as foute wat steeds ná revisie in die revisieproduk teenwoordig is. Die verspreiding van die aantal foute wat deur die reviseurs oorgesien is, volg in figuur 6.9.



**Figuur 6.9 Totale aantal foute oorgesien**

Die meeste foute wat deur ’n revisor oorgesien is, was 40 en die minste was 14. Vir al die revisieprodukte was die gemiddeld 26.33, die mediaan 26, en die standaardafwyking 6.7. Die revisieproduk waar die minste foute oorgesien is (teks no. 13) was volgens die revisieformule die beste revisieprodukt (afdeling 6.2.3.2, tabel 6.8). Die twee revisieprodukte waar die meeste foute oorgesien is (40 foute oorgesien in teks no. 15 en 17) was volgens die revisieformule en tabel 6.8

onder die drie swakste revisieprodukte. In die swakste revisieproduk (teks no. 9) is daar 35 foute oorgesien.


Daar was 42 foute in die konsepvertaling wat die reviseurs moes regstel: 21 foute ten opsigte van doeltaalgebruik, 1 fout ten opsigte van doeltekstfunksie, en 20 foute ten opsigte van vertaalakkuraatheid. Die aantal foute oorgesien (FO) is verder aan die hand van hierdie drie kategorieë ontleed en die resultate word in tabel 6.6 getoon.

**Tabel 6.6 Foute oorgesien: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid**

foute oorgesien	gemiddeld	mediaan	reeks	standaardafwyking
taalgebruik	11.9	12.5	1–20	4.3
doeltekstfunksie	0.5	1	0–1	0.5
vertaalakkuraatheid	13.7	13	9–20	3.2
totaal	26.3	26	14–40	6.7

Dit blyk dat die reviseurs 'n gemiddeld van 26.3 uit die 42 foute wat hulle moes regstel, oorgesien het (62.6%) en dat daardie foute steeds in die vertaalproduk wat aan die kliënt gestuur word aanwesig sou wees. Talle reviseurs het dus nie daarin geslaag om die hoofdoel van revisie, naamlik om al die foute reg te stel, na te kom nie (revisiebeginsel B2, afdeling 3.7).

Daar is in empiriese studies (bv. Brunette et al. 2005:35, Künzli 2007b:121) bevind dat reviseurs ook nuwe foute invoeg. Die verspreiding van die aantal foute wat deur die reviseurs in hierdie empiriese studie ingevoeg is (FI), volg in figuur 6.10.



**Figuur 6.10 Totale aantal foute ingevoeg**

Die meeste foute wat deur 'n reviseur ingevoeg is, was 20 en die minste was 1. Vir al die revisieprodukte was die gemiddeld 5.9, die mediaan 5, en die standaardafwyking 4.7. Alle reviseurs het minstens een fout ingevoeg. Die meeste reviseurs (80%) het 1 tot 9 foute ingevoeg, terwyl slegs 6 reviseurs (20%) 10 tot 20 foute ingevoeg het. Die een teks (no. 10) waar daar 20 foute ingevoeg is, is as 'n uitskieter bestempel. Hierdie teks is volgens die holistiese assessoringsinstrument een van die twee swakste vertaalprodukte wat die kwaliteit van die konsepvertaling met 4.44% laat daal het (tabel 6.2 in afdeling 6.2.2). Volgens die revisieformule is teks nommer 10 die vierde swakste revisieproduk (tabel 6.8 in afdeling 6.2.3.2).


Die aantal foute wat ingevoeg is, is verder ontleed aan die hand van die kategorieë 'taalgebruik', 'doeltekstfunksie' en 'vertaalakkuraatheid'. (Kyk tabel 6.7.)

**Tabel 6.7 Foute ingevoeg: taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaalakkuraatheid**

foute ingevoeg	gemiddeld	mediaan	reeks	standaardafwyking
taalgebruik	1.7	1	0–6	1.8
doeltekstfunksie	1.4	1	0–11	2.2
vertaalakkuraatheid	2.8	2	0–9	2.4
totaal	5.9	5	1–20	4.7

Hoewel daar 'n klein verskil tussen die drie kategorieë is, is die meeste foute ten opsigte van vertaalakkuraatheid ingevoeg, gevvolg deur taalfoute en foute ten opsigte van die doeltekstfunksie.


In figuur 6.11 word 'n oorsig gegee oor die gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur in die kategorie 'nodige veranderinge' (NV), 'onnodige veranderinge' (OV), 'foute oorgesien' (FO) en 'foute ingevoeg' (FI).



**Figuur 6.11 Gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur**

Hierdie bevindinge toon twee ooreenkoms met Künzli (2007b:121) se empiriese studie wat in Swede gedoen is: Van die totale aantal veranderinge en foute maak foute wat ingevoeg is (FI) in hierdie studie 9% uit in vergelyking met 10% in Künzli se studie, en onnodige veranderinge (OV) maak 18% uit in vergelyking met 20% in die Sweedse studie. Daar is egter twee groot verskille te bespeur, naamlik foute wat oorgesien is (FO) wat 'n veel hoër persentasie van hierdie empiriese studie uitgemaak het, naamlik 41% teenoor 29% in Künzli (2007b:121) se studie, en die veel laer persentasie nodige veranderinge (NV) van 32% teenoor 41% in Künzli se studie. Arthern (1983:56) duï nie die persentasies vir sy studie in België aan nie, maar volgens die figure waarin hy die aantal nodige en onnodige veranderinge, ernstige en geringe foute vergelyk, is dit duidelik dat die aantal nodige veranderinge in vergelyking met die ander kategorieë verreweg die meeste was. In 'n studie oor die revisie van masjienvertaalde produkte (Engels–Frans en Engels–Brasiliaanse Portugees) is die kategorie met die hoogste telling ook nodige veranderinge, gevvolg deur onnodige veranderinge, foute oorgesien en foute ingevoeg (De Almeida 2013:199). Die gemiddelde aantal foute wat in die empiriese studie vir hierdie proefskrif oorgesien is, was dus besonder hoog.


Figuur 6.12 gee 'n oorsig oor die gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur in die kategorie 'taalgebruik' ten opsigte van nodige veranderinge (NV), onnodige veranderinge (OV), foute oorgesien (FO) en foute ingevoeg (FI).



**Figuur 6.12 Taalgebruik: NV, OV, FO en FI**

Die gemiddelde aantal nodige taalveranderinge is net-net hoër as die taalfoute oorgesien en onnodige veranderinge aangebring. In die lig van die hoë aantal veranderinge wat aangebring is ('n gemiddeld van ongeveer 23 per reviseur), is die gemiddelde aantal foute wat ingevoeg is, verbasend laag.


In figuur 6.13 word 'n oorsig gegee oor die gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur in die kategorie 'doelteksfunksie' ten opsigte van nodige veranderinge (NV), onnodige veranderinge (OV), foute oorgesien (FO) en foute ingevoeg (FI).



**Figuur 6.13 Doeleksfunksie: NV, OV, FO en FI**

Die gemiddelde aantal veranderinge aangebring en foute is so laag omdat daar net een fout ten opsigte van funksie in die konsepvertaling was.


Figuur 6.14 toon 'n oorsig oor die gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur in die kategorie 'vertaalakkuraatheid' ten opsigte van nodige veranderinge (NV), onnodige veranderinge (OV), foute oorgesien (FO) en foute ingevoeg (FI).



**Figuur 6.14 Vertaalakkuraatheid: NV, OV, FO en FI**

Dit is kommerwakkend dat die reviseurs in hierdie empiriese studie meer as dubbeld soveel vertaalfoute oorgesien het as wat hulle reggestel het. Vertaalakkuraatheid is huis die belangrikste revisieparameter (kyk afdeling 3.5 en tabel 3.8), aangesien reviseurs moet seker maak dat die boodskap akkuraat na die doelteks oorgedra word. Moontlike verbande tussen die aantal foute oorgesien en veranderlikes met betrekking tot die reviseursprofiel en die revisieprocedure word in afdeling 6.3 en 6.4 bespreek.

In figuur 6.15 word 'n oorsig gegee oor die gemiddelde aantal veranderinge en foute per reviseur in die kategorie 'gering' of 'ernstig' ten opsigte van nodige veranderinge (NV), onnodige veranderinge (OV), foute oorgesien (FO) en foute ingevoeg (FI).



**Figuur 6.15 Vlak van erns (gering of ernstig): NV, OV, FO en FI**

Die aantal geringe foute oorgesien was die meeste, gevvolg deur die aantal geringe nodige veranderinge en onnodige veranderinge. Die totale aantal ernstige foute wat ná revisie steeds in die doelteks was, was heelwat minder as die geringe foute. Tog is 'n reviseur se werk huis om die ernstige foute op te spoor omdat dit die grootste invloed op vertaalkwaliteit het. Wanneer 'n gemiddeld van 6.4 ernstige vertaalfoute oorgesien en 'n gemiddeld van 1.2 vertaalfoute selfs ingevoeg is, is die revisie-opdrag nie nagekom nie.

Navorsingsvraag 1c het soos volg gelui: Wat is die kwaliteit van die revisieproduk? Hierdie vraag is gedeeltelik beantwoord deur die revisieproduk in hierdie afdeling te beskryf aan die hand van die kategorieë wat in afdeling 3.9.3.1 en 5.4.4.2 uiteengesit word, naamlik

- (1) nodige veranderinge, onnodige veranderinge, foute oorgesien, foute ingevoeg; met betrekking tot
- (2) doeltaalgebruik, doeltekstfunksie, die akkuraatheid van die vertaling; en of die erns van die verandering of fout as
- (3) ernstig of gering bestempel word. (Van Rensburg 2017a:74)

Die aantal veranderinge en foute in hierdie kategorieë asook die revisieformule word in afdeling 6.2.3.2 gebruik om die kwaliteit van die revisieproduk te kwantifiseer.

### **6.2.3.2 Kwaliteit van die revisieprodukte: formule**

Die ontwikkeling van die formule wat gebruik is om die revisieprodukte se kwaliteit te kwantifiseer word in afdeling 3.9.3.2 en in Van Rensburg (2017a) beskryf, en in figuur 6.16 aangetoon.

kwaliteit van revisieprodukt	$\frac{[(NV(E) \times 2) + NV(G)] - [(EF \times 2) + GF + OV/2]}{\text{aantal woorde in die konsepvertaling voor revisie}} \times 1\,000$
------------------------------------	---

**Figuur 6.16 Formule om die kwaliteit van die revisieprodukt te kwantifiseer**


Wanneer 'n resultaat van 0 of laer verkry word, beteken dit nie dat kwaliteit afwesig is of dat die kwaliteit van die konsepvertaling verlaag is nie. Dit dui daarop dat die reviseur minder nodige veranderinge aangebring het as die totaal van die oorblywende foute en die aantal onnodige veranderinge aangebring. Die kwaliteit van die revisieprodukte na aanleiding van die revisieformule word in tabel 6.8 van die hoogste na die laagste kwaliteit uiteengesit.

**Tabel 6.8 Revisiekwaliteit volgens die revisieformule: alle punte**

tekstnommer	punt toegeken	rangvolgorde
13	13.51	1ste
8	-0.97	2de
11	-8.69	3de
19		
28	-11.58	4de
6	-14.48	5de
1		
22	-22.2	6de
18	-23.17	7de
21	-27.99	8ste
5		
23	-34.75	9de
27		
7	-36.68	10de
20	-38.61	11de
2		
25	-45.37	12de
4	-47.3	13de
26	-52.12	14de
30	-53.09	15de
16	-54.05	16de
12	-55.98	17de
29	-63.71	18de
24	-68.53	19de

14	-69.5	20ste
3	-70.46	21ste
10	-85.91	22ste
15	-87.84	23ste
17	-90.73	24ste
9	-91.7	25ste

Die hoogste punt vir revisiekwaliteit na aanleiding van die formule was 13.51 teenoor die laagste punt van -91.7. Vir al 30 revisieprodukte was die gemiddeld -43, die mediaan -42, en die standaardafwyking 27.7. Die verspreiding van die punte wat vir revisiekwaliteit toegeken is, word in figuur 6.17 aangedui.




**Figuur 6.17 Revisiekwaliteit volgens die revisieformule: verspreiding van punte**

Die meeste van die revisieprodukte (22 uit 30, m.a.w. 73.3%) se punte het tussen -69 en -10 gelê, terwyl die ander se punte hoër (10%) en laer (16.7%) was. Dit dui daarop dat die meeste reviseurs meer foute in die teks agtergelaat het as wat hulle reggestel het. Die reviseurs se tekort aan revisieopleiding kan dalk een van die oorsake van hierdie onderprestasie wees. Een aspek van revisie wat egter nie in die formule verreken word nie, is die teksgedeeltes wat die reviseur nagegaan het, maar geen veranderinge aangebring het nie omdat daardie gedeeltes aanvaarbaar was. Indien daar 'n wyse gevind word om hierdie aspek van revisie by 'n formule te inkorporeer, sou dit tot hoër punte kon lei.

Een wyse om die betroubaarheid van meetinstrumente te bepaal, is deur die uitkoms van verskillende instrumente met mekaar te vergelyk. 'n Moontlike verband tussen die uitkoms van die twee meetinstrumente – die holistiese assesseringsinstrument en die revisieformule – is dus ondersoek. Pearson se rangkorrelasiekoëfisiënt (*Pearson's rank correlation coefficient*) toon 'n statisties

beduidende positiewe verband tussen die resultate van die twee instrumente ( $r=0.65$ ,  $p<0.01$ ), soos in die spreidingsdiagram (*scatter diagram*) in figuur 6.18 gesien kan word.



**Figuur 6.18 Verband tussen die holistiese instrument en revisieformule se resultate**

Die twee meetinstrumente toon dus ooreenstemmende resultate wat daarop dui dat die instrumente as betroubaar bestempel kan word.

Na aanleiding van navorsingsvraag 1c is ondersoek wat die kwaliteit van die 30 revisieprodukte is. Dit is gedoen deur middel van 'n teksanalise aan die hand van die analiseraamwerk (bylae C) en die beskrywende kategorieë wat in afdeling 6.2.3.1 genoem is. Die resultate stem ooreen met ander empiriese studies in dié sin dat daar 'n duidelike fokus op die taalkundige aspekte van die konsepvertaling waargeneem is. In teenstelling met ander empiriese studies was die aantal foute wat in dié empiriese studie oorgesien is, egter besonder hoog. Die revisieformule in afdeling 6.2.3.2 is gebruik om die kwaliteit van die revisieprodukte te kwantifiseer. Die resultate van die revisieformule toon 'n positiewe verband met dié van die holistiese assesseringsinstrument waarmee die kwaliteit van die vertaalproduk gemeet is.

#### 6.2.4 Gevolgtrekking: revisie en vertaalkwaliteit (navorsingsvraag 1)

Die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalprodukt is ondersoek ten einde hoofnavorsingsvraag 1 te beantwoord. Die kwaliteit van die konsepvertaling voor revisie is bepaal aan die hand van 'n teksanalise (afdeling 6.2.1.1) en die vyf assesseerders se gemiddelde punte met behulp van 'n holistiese meetinstrument (afdeling 6.2.1.2). Daar was heelwat foute in die

konsepvertaling, naamlik 42 in 'n teks van 518 woorde. Die assesseerders het 'n gemiddelde punt van 54.44% aan die konsepvertaling toegeken wat daarop dui dat die kwaliteit wel deur revisie verbeter sou kon word. Die kwaliteitvlak van die konsepvertaling was dus geskik vir hierdie empiriese studie, aangesien dit die reviseurs voldoende geleentheid gebied het om hulle revisievaardighede te demonstreer. Die 30 vertaalprodukte ná revisie is met dieselfde holistiese instrument as die vertaalproduk voor revisie geassesseer (afdeling 6.2.2) en die resultate toon dat 90% van die vertaalprodukte se kwaliteit wel hoër is as voor revisie. Dit dui daarop dat revisie wel 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit het en dat dit as 'n kwaliteitkontrole in 'n akademiese vertaalkantoor gebruik sou kon word. Die kwaliteit van die revisieprodukte, met ander woorde al die veranderinge en foute wat die reviseurs aangebring of oorgesien het, is ondersoek met behulp van beskrywende kategorieë (afdeling 6.2.3.1) en 'n formule om die kwaliteit van die revisieprodukte te kwantifiseer (afdeling 6.2.3.2). Die revisieformule stel 'n vertaalkantoor in staat om die kwaliteit van onderskeie reviseurs se werk met mekaar te vergelyk. Die beskrywende kategorieë kan gebruik word om reviseurs se sterk- en swakpunte te bepaal sodat hulle weet watter aspekte van hulle werk ontwikkel moet word. Die reviseurs in hierdie empiriese studie het veel meer foute oorgesien en dus ook veel minder nodige veranderinge aangebring as wat in ander empiriese studies bevind is. Een verduideliking hiervoor kan wees dat revisie byvoorbeeld in Europa algemener deur vertaalkantore uitgevoer word as in Suid-Afrika, aangesien kwaliteitstandaarde soos EN 15038 (2006) wat revisie vereis, ook algemener in Europa as in Suid-Afrika toegepas word. Die analise aan die hand van die beskrywende kategorieë wys verder daarop dat daar in hierdie empiriese studie, in ooreenstemming met ander empiriese studies, 'n duidelike fokus op doeltaalgebruik was, en nie op akkurate vertaling om seker te maak dat die bronsteks se boodskap suksesvol oorgedra word nie.

In die volgende afdeling word aspekte van die reviseur se profiel onder die soeklig geplaas.

### **6.3 Hoofnavorsingsvraag 2: reviseursprofiel en revisiekwaliteit**

Die subnavorsingsvrae wat betref die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieprodukt was: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieprodukt en die reviseur se –

(2a) kwalifikasie(s)?

(2b) vertaalervaring?

(2c) revisie-ervaring?

Die inligting oor die reviseurs se kwalifikasie(s), vertaal- en revisie-ervaring is deur middel van vraelys 1 ingewin (kyk afdeling 5.4.3.7 en bylae F). Analises is telkens gedoen ten opsigte van die

onafhanklike veranderlike (wat betref die revisieursprofiel) en die afhanklike veranderlike (revisiekwaliteit) uitgedruk as die 24 kategorieë wat in tabel 6.9 uiteengesit word, en 'n punt wat deur middel van die revisieformule gegenereer is (afdeling 6.2.3.2).

**Tabel 6.9 Revisiekwaliteit: beskrywende kategorieë**

NV: nodige veranderinge	NV: taalgebruik	NV: doelteksfunksie	NV: vertaling	NV: totaal
	NV: persentasie taalfoute reggestel	NV: leesbaarheid verbeter	NV: persentasie geringe vertaalfoute reggestel	NV: persentasie ernstige vertaalfoute reggestel
FO: foute oorgesien	FO: taalgebruik	FO: doelteksfunksie	FO: vertaling	FO: totaal
FI: foute ingevoeg	FI: taalgebruik	FI: doelteksfunksie	FI: vertaling	FI: totaal
FO + FI: totale aantal foute	FO + FI: taalgebruik	FO + FI: doelteksfunksie	FO + FI: vertaling	FO + FI: totaal
OV: onnodige veranderinge	OV: taalgebruik	OV: doelteksfunksie	OV: vertaling	OV: totaal

### 6.3.1 Navorsingsvraag 2a: reviseurs se kwalifikasie(s)

Daar word dikwels van reviseurs vereis om 'n kwalifikasie in vertaling te hê (kyk afdeling 3.8). Van die 30 reviseurs wat aan die empiriese studie deelgeneem het, het 13 wel oor 'n vertaalkwalifikasie beskik, en 17 het nie. 'n Eenrigting-ANOVA (variansie-analise) is uitgevoer om die moontlikheid van 'n verband tussen 'n kwalifikasie in vertaling en die kwaliteit van die revisieproduk te ondersoek. Die resultate kan in bylae J gesien word.


Daar is geen statisties beduidende verband of tendens tussen 'n kwalifikasie in vertaling en enige aanduiding van revisiekwaliteit aangetref nie. Künzli (2009:297) het dieselfde in sy empiriese studie in Swede bevind (kyk ook afdeling 3.8.1.6) en meen dat ervaring in die professie moontlik kan vergoed vir die gebrek aan 'n vertaalkwalifikasie. ('n Moontlike verband tussen revisiekwaliteit en ervaring in vertaling en revisie is ondersoek en word in afdeling 6.3.2 en 6.3.3 bespreek.) Dit blyk dus dat die antwoord op navorsingsvraag 2a negatief is: Daar is in hierdie empiriese studie geen verband aangetref tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseur se kwalifikasie in vertaling nie. Verdere empiriese studies sal in Suid-Afrika gedoen moet word, maar hierdie resultaat

laat die vraag ontstaan of kennis van vertaalteorie wel nodig is vir 'n reviseur om 'n goeie revisieproduk te lewer.

### 6.3.2 Navorsingsvraag 2b: reviseurs se vertaalervaring

Reviseurs is gewoonlik ervare vertalers (Gile 2005, in Hansen 2008:256). Kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf (EN 2006:7; ISO 2015:6) stel vyf jaar voltydse professionele vertaalervaring gelyk aan 'n graad in vertaling. Die Kanadese standaard vereis van reviseurs om benewens 'n graad in vertaling óf akkreditasie as 'n vertaler ook oor minstens drie jaar voltydse vertaalervaring in die betrokke vakgebied (van die vertaalprojek) te beskik (CAN/CGSB 2008:3).

Die reviseurs in hierdie empiriese studie se vertaalervaring word op twee wyses uitgedruk, naamlik die aantal jaar vertaalervaring, asook in watter taalkombinasie die reviseurs die meeste vertaal (Engels–Afrikaans of Afrikaans–Engels). Die verspreiding van die reviseurs se aantal jaar ervaring in vertaling word in figuur 6.19 aangetoon.



**Figuur 6.19 Reviseurs se aantal jaar vertaalervaring**

Die hoogste aantal jaar vertaalervaring was 50 teenoor die laagste wat 5 jaar was. Vir al 30 reviseurs was die gemiddelde aantal jaar ervaring 14.23, die mediaan 10, en die standaardafwyking 10.68. Die revisor met 50 jaar vertaalervaring was 'n uitskieter, aangesien die ander 29 reviseurs oor 5 tot 33 jaar vertaalervaring beskik het.

Nog 'n wyse waarop die aard van die reviseurs se vertaalervaring beskryf is, was die taalkombinasie (Engels–Afrikaans of Afrikaans–Engels) waarin hulle die meeste vertaal. Dit is gedoen aangesien talle vertaaldiensverskaffers van vertalers en reviseurs vereis om ervaring in die betrokke taalkombinasie vir 'n spesifieke vertaalprojek te hê. Die doelteks in hierdie empiriese studie was

Afrikaans, daarom word die reviseurs se vertaalervaring verder beskryf aan die hand van of hulle meer vertaling (uit Engels) in Afrikaans doen of andersom. Twintig uit die dertig reviseurs het aangedui hulle doen meer vertaling (uit Engels) in Afrikaans (67%), terwyl die ander tien meer vertaling (uit Afrikaans) in Engels doen (33%).

### ***6.3.2.1 Bevindinge: aantal jaar vertaalervaring en revisiekwaliteit***

Pearson se rangkorrelasiekoëffisiënt is gebruik om te bepaal of daar 'n verband tussen die aantal jaar vertaalervaring en revisiekwaliteit is. Die resultate is as bylae K beskikbaar. Daar is een statisties beduidende verband op die 5%-betekenispeil ( $p<0.05$ ) aangetref, naamlik met die aantal nodige veranderinge wat ten opsigte van funksie aangebring is met  $F(1, 28)=5.22$  en  $p=0.03$ . Verder het een indikator van revisiekwaliteit, naamlik die persentasie taalfoute wat die reviseurs reggestel het, 'n statisties beduidende verband op die 10%-betekenispeil ( $p<0.1$ ) met die aantal jaar vertaalervaring getoon: Hoe meer vertaalervaring, hoe hoër was die persentasie taalfoute wat die reviseurs reggestel het ( $r=0.35$ ,  $p=0.06$ ).

Twee ander indikators van revisiekwaliteit kan slegs as tendense beskryf word, een met 'n positiewe en een met 'n (swak) negatiewe verband met die aantal jaar vertaalervaring. Hoe meer vertaalervaring die persoon gehad het, hoe meer nodige veranderinge ten opsigte van taalgebruik is aangebring ( $r=0.28$ ,  $p=0.14$ ). Verder is 'n negatiewe verband (hoewel statisties onbeduidend) aangetref tussen vertaalervaring en die totale aantal taalfoute wat oorgesien en ingevoeg is ( $r=-0.27$ ,  $p=0.15$ ). Hoe meer vertaalervaring, hoe minder taalfoute het in die revisieprodukte agtergebly.

### ***6.3.2.2 Bevindinge: vertaalervaring (Engels–Afrikaans) en revisiekwaliteit***


Vertaalervaring is ook gemeet aan die hand daarvan of die reviseurs meer uit Engels in Afrikaans vertaal, of andersom. 'n Eenrigting-ANOVA is uitgevoer om die moontlikheid van 'n verband met die kwaliteit van die revisieproduk te ondersoek. Die resultate kan in bylae L gesien word. Daar is geen statisties beduidende verband aangetref nie, hoewel een indikator van revisiekwaliteit 'n (swak) positiewe verband toon wat slegs as 'n tendens beskou kan word. Die groep reviseurs wat wel meer uit Engels in Afrikaans vertaal, het meer onnodige veranderinge ten opsigte van vertaling aangebring as die groep wat meer uit Afrikaans in Engels vertaal:  $F(1, 28)=2.02$ ,  $p=0.17$ .

Navorsingsvraag 2b het soos volg gelui: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseur se vertaalervaring? Die antwoord op hierdie vraag is dat daar slegs een verband aangetref is wat statisties beduidend is (op die 10%-betekenispeil): Dit wil voorkom of reviseurs meer taalfoute regstel hoe meer aantal jaar ervaring hulle in vertaling het. Soos reeds in afdeling 3.8 genoem, is daar ander empiriese studies wat ook bevind het dat reviseurs met meer vertaalervaring nie noodwendig goeie revisieprodukte lewer nie (bv. De Almeida 2013; Hansen 2008;

Künzli 2009). Dit kan daarop wys dat revisievermoë wel in talle opsigte van vertaalvermoë verskil, dus behoort die aard van revisievermoë verder ondersoek te word.

### 6.3.3 Navorsingsvraag 2c: reviseurs se revisie-ervaring

Kwaliteitstandaarde spesifieer 'n aantal jaar vertaalervaring vir reviseurs (afdeling 6.3.2), maar nie 'n spesifieke aantal jaar revisie-ervaring nie. Die reviseurs in hierdie empiriese studie se revisie-ervaring word uitgedruk as die aantal jaar ervaring wat hulle in revisie het. Die verspreiding van die reviseurs se aantal jaar revisie-ervaring word in figuur 6.20 aangetoon.



**Figuur 6.20 Reviseurs se aantal jaar revisie-ervaring**

Die hoogste aantal jaar ervaring in revisie was 20 teenoor die laagste wat 1 jaar was. Vir al 30 reviseurs was die gemiddelde aantal jaar revisie-ervaring 5.6, die mediaan 4.5, en die standaardafwyking 4.4. Daar was vier uitskieters, te wete die reviseurs met 12, 13, 15 en 20 jaar revisie-ervaring, aangesien die ander 26 reviseurs oor 10 jaar en minder ervaring beskik het.

Die resultate vir hierdie veranderlike kan in bylae M gesien word. Die eenrigting-ANOVA wat vir twee kategorieë gedoen is, is in albei gevalle statisties beduidend, naamlik nodige veranderinge ten opsigte van funksie met  $F(1, 28)=11.04$  en  $p=0.002$ ; en foute oorgesien ten opsigte van funksie met  $F(1, 28)=5.1$  en  $p=0.03$ . Die resultate toon dat reviseurs met meer revisie-ervaring minder nodige veranderinge ten opsigte van funksie aangebring het, en die een fout ten opsigte van funksie in die konsepvertaling eerder oorgesien as reggestel het. Hierdie resultate moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word, aangesien al vier die uitskieters (wat betref aantal jaar revisie-ervaring) die fout ten opsigte van funksie oorgesien het. Dit is dus moontlik dat hierdie verband nie werklik waar is nie. De Almeida (2013:199) het in 'n studie oor die revisie van masjienvertaalde produkte (Engels–Frans

en Engels–Brasiliaanse Portugees) geen duidelike verband tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die deelnemers se hoeveelheid ervaring in die revisie van masjienvertaalde produkte aangetref nie. Dit blyk dat die antwoord op navorsingsvraag 2c negatief is, naamlik dat daar geen verband tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die reviseur se revisie-ervaring is nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die gemiddelde aantal jaar revisie-ervaring in hierdie empiriese studie (5.6 met 'n mediaan van 4.5) laag is en dat nie een van die deelnemers voltydse reviseurs was nie.

#### **6.3.4 Gevolgtrekkings: reviseursprofiel en revisiekwaliteit (navorsingsvraag 2)**

Daar is slegs twee verbande tussen die reviseursprofiel en revisiekwaliteit aangetref wat statisties beduidend is. Hiervolgens stel reviseurs met meer jare vertaalervaring meer taalfoute en foute ten opsigte van funksie reg as reviseurs met minder jare vertaalervaring. Verskeie ander empiriese studies het ook min of geen verband tussen die reviseursprofiel en revisiekwaliteit aangetref nie. Hoewel vertaal- en revisievermoë in vele opsigte ooreenstem, kan dit nie sonder meer aan mekaar gelyk gestel word nie (Hansen 2008:274). Offersgaard et al. (2008:156) meen die grootste verskil tussen die profiel van 'n reviseur (van masjienvertaalde produkte) en dié van 'n vertaler, is dat die reviseur oor die vaardigheid moet beskik om oombliklik te besluit of 'n vertaling aanvaarbaar is of nie. Dit duif op revisiebeginsel A1 in afdeling 3.7 waarvolgens revisie kostedoeltreffend behoort te wees. Revisievermoë is in slegs enkele empiriese studies ondersoek, soos dié van Hansen (2008), Rigouts Terryn et al. (2017), en Robert et al. (2018). Die revisievermoëmodel wat in Robert, Remael et al. (2017) voorgestel word, kan deur empiriese studies nog verder verfyn word ten einde die verskille tussen die profiel van 'n vertaler en dié van 'n reviseur te bepaal.

In die volgende afdeling word aspekte van die revisieprocedure onder die soeklig geplaas.

### **6.4 Hoofnavorsingsvraag 3: revisieprocedure en revisiekwaliteit**

Die subnavorsingsvrae wat betref die invloed van die prosedure wat die reviseur gevolg het op die kwaliteit van die revisieproduk was: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisie en die –


- (3a) tyd wat die reviseur aan die revisie bestee het?
- (3b) revisiemetode wat die reviseur gevolg het (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie)?
- (3c) medium wat die reviseur gebruik het (slegs rekenaarskerm, of ook papier)?

Die inligting oor die revisieprocedure wat die reviseurs gevolg het, is deur middel van vraelys 2 ingewin (kyk afdeling 5.4.3.8 en bylae G). Analises is gedoen ten opsigte van die onafhanklike veranderlike (wat betref die revisieprocedure) en die afhanklike veranderlike (revisiekwaliteit)

uitgedruk as die 24 kategorieë in tabel 6.9 in afdeling 6.3 uiteengesit, en 'n punt wat deur middel van die revisieformule gegenereer is (kyk afdeling 6.2.3.2).

#### 6.4.1 Navorsingsvraag 3a: tyd aan revisie bestee

Volgens revisiebeginsel A1 (tabel 3.9 in afdeling 3.7) moet revisie kostedoeltreffend wees. Dit beteken onder ander dat daar net genoeg tyd aan revisie bestee moet word en nie meer nie, aangesien dit die kostedoeltreffendheid van revisie beïnvloed. Die reviseurs wat aan hierdie empiriese studie deelgeneem het, is 'n markverwante tarief vir hulle dienste betaal. Dit was 'n vaste tarief en nie 'n uurtarief nie, dus is die kanse skraal dat die tarief die reviseurs sou motiveer om meer tyd aan die revisie te bestee. Die verspreiding van die tyd wat die reviseurs aan die revisietaak bestee het, word in figuur 6.21 aangetoon.




**Figuur 6.21 Tyd aan revisie bestee**

Die meeste tyd wat aan die revisietaak bestee is, was 300 minute teenoor die minste wat 15 minute was. Vir al 30 reviseurs was die gemiddelde aantal minute aan die revisie bestee 104 minute, die mediaan 90, en die standaardafwyking 58.15. Daar was een uitskieter, te wete die reviseur van teks nommer 25 wat 300 minute aan die revisie bestee het.


Pearson se rangkorrelasiekoeffisiënt is gebruik om te bepaal of daar 'n verband was tussen die revisiekwaliteit en die tyd wat aan die revisietaak bestee is. Die resultate is as bylae N opgeneem. Daar was twee indikators van revisiekwaliteit wat statisties beduidende resultate op die 1%-betekenispeil ( $p<0.01$ ) getoon het, drie was statisties beduidend op die 5%-betekenispeil ( $p<0.05$ ), vier was statisties beduidend op die 10%-betekenispeil ( $p<0.1$ ), en twee indikators het 'n matige tendens getoon ( $p>0.15$ ).

Die totale aantal foute wat ingevoeg is toon 'n positiewe verband met die aantal minute wat aan die revisietaak bestee is ( $r=0.48$ ,  $p<0.01$ ). Figuur 6.22 toon dat hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe meer foute is ingevoeg.



**Figuur 6.22 Verband tussen tyd aan revisie bestee en totale aantal foute ingevoeg**

Daar is ook 'n positiewe verband (statisties beduidend op die 1%-betekenispeil) tussen die tyd wat aan die revisietaak bestee is en die aantal foute wat ingevoeg is ten opsigte van vertaling ( $r=0.52$ ,  $p<0.01$ ). Hoe meer tyd aan die revisie bestee is, hoe meer foute ten opsigte van vertaling is ingevoeg. Die spreidingsdiagram in figuur 6.23 beeld hierdie verband uit.




**Figuur 6.23 Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal vertaalfoute ingevoeg**

Die positiewe verband tussen tyd bestee en die foute wat ingevoeg is (figuur 6.22 en 6.23), word ondersteun deur 'n matige tendens: Die reviseurs het meer taalfoute ingevoeg hoe langer hulle aan die revisietaak bestee het ( $r=0.3$ ,  $p=0.1$ ). Die positiewe verband tussen tyd bestee en die onderskeie soorte foute ingevoeg, moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word, aangesien die uitskieter (teks no. 25 waaraan 300 minute bestee is) van die meeste taalfoute, vertaalfoute en totale aantal foute bevat wat ingevoeg is. Dieselfde geld vir drie ander tekste waaraan daar heelwat meer tyd as die mediaan van 90 minute bestee is, naamlik teks nommer 5 (waaraan 210 minute bestee is), en teks nommer 19 en 22 (waaraan elk 180 minute bestee is).


In Künzli (2009:298) se studie waarin 'n regsteks, 'n tegniese teks en 'n bemarkingsteks deur reviseurs nagegaan is (Frans–Duits), is bevind dat die tyd aan die revisietaak bestee 'n redelik sterk verband ( $p<0.001$ ) met revisiekwaliteit getoon het. Ook die aantal nodige veranderinge (*gerechtfertigter Revisionen*) wat die reviseurs aangebring het, het 'n sterk verband ( $p<0.001$ ) getoon met die tyd wat aan die revisie bestee is (Künzli 2009:299). Met ander woorde, hoe meer tyd aan revisie bestee is, hoe beter was die kwaliteit van die revisieproduk. Die ander resultate ten opsigte van 'n moontlike verband tussen tyd bestee en revisiekwaliteit in die empiriese studie vir hierdie proefskrif duï ook op soortgelyke verbanne wat wel statisties beduidend is.

Een resultaat (statisties beduidend op die 5%-betekenispeil) toon 'n negatiewe verband tussen die tyd aan die revisie bestee en die aantal vertaalfoute wat oorgesien is ( $r=-0.46$ ,  $p=0.01$ ). Dit wil sê die reviseurs het minder vertaalfoute oorgesien hoe langer hulle aan die revisie bestee het (figuur 6.24).




**Figuur 6.24 Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal vertaalfoute oorgesien**

Die twee laaste resultate in hierdie afdeling wat statistiese beduidendheid (op die 5%-betekenispeil) toon, is die positiewe verband tussen die tyd bestee en die aantal nodige veranderinge ten opsigte van vertaling wat aangebring is ( $r=0.4$ ,  $p=0.03$ ), asook die totale aantal nodige veranderinge wat aangebring is ( $r=0.38$ ,  $p=0.04$ ). Hoe langer die reviseurs aan die revisietak bestee het, hoe meer nodige veranderinge ten opsigte van vertaling het hulle aangebring, en hoe hoër is die totale aantal nodige veranderinge wat hulle aangebring het. Hierdie twee positiewe verbande wat statisties beduidend is, word in figuur 6.25 en figuur 6.26 uitgebeeld.



**Figuur 6.25 Verband tussen tyd aan revisie bestee en aantal nodige veranderinge ten opsigte van vertaling aangebring**



**Figuur 6.26 Verband tussen tyd aan revisie bestee en totale aantal nodige veranderinge aangebring**

Vier indikators van revisiekwaliteit toon 'n verband met die tyd bestee wat statisties beduidend is op die 10%-betekenispeil. Die eerste twee is tussen tyd bestee en die persentasie geringe vertaalfoute

wat reggestel is ( $r=0.35$ ,  $p=0.055$ ) en die persentasie ernstige vertaalfoute wat reggestel is ( $r=0.32$ ,  $p=0.09$ ). Dit blyk dus dat hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe hoër is die persentasie vertaalfoute wat reggestel is. Dit stem ooreen met die volgende resultaat wat statisties beduidend is op die 10%-betekenispeil: Die negatiewe verband tussen tyd bestee en die totale aantal foute wat oorgesien is ( $r=-0.34$ ,  $p=0.07$ ) stem ooreen met die inligting in figuur 6.24 wat toon dat hoe meer tyd die reviseurs aan die revisie bestee het, hoe minder vertaalfoute het hulle oorgesien.

Die vierde en laaste resultaat in hierdie afdeling wat statisties beduidend is op die 10%-betekenispeil, toon dat hoe meer tyd die reviseurs bestee het, hoe meer nodige veranderinge het hulle aangebring wat die leesbaarheid van die konsepvertaling verbeter het ( $r=0.32$ ,  $p=0.08$ ). Die matige tendens (hoewel statisties onbeduidend) tussen tyd bestee en die aantal nodige veranderinge ten opsigte van taalgebruik ( $r=0.3$ ,  $p=0.11$ ) ondersteun hierdie resultaat.

Dit kan dalk voorkom of daar 'n teenstrydigheid is tussen die positiewe verband tussen die tyd wat aan die revisietaak bestee is en (i) die verbetering van die teks (figuur 6.24 tot 6.26), en (ii) die aantal foute wat ingevoeg is (figuur 6.22 en 6.23). Wanneer daar vergelyk word hoeveel nodige veranderinge aangebring is teenoor hoeveel foute ingevoeg is, blyk dit egter dat die reviseurs veel meer nodige veranderinge aangebring het as die foute wat hulle ingevoeg het. Hierdie bevinding kan ook gesien word in figuur 6.11 waar aangedui word dat die reviseurs 'n gemiddeld van 20.27 nodige veranderinge aangebring het, teenoor 'n gemiddeld van 5.9 foute wat hulle ingevoeg het.


Navorsingsvraag 3a het soos volg gelui: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die tyd wat die revisor aan die revisie bestee het? Verskeie resultate wat statisties beduidend is op die 5%- en 10%-betekenispeil, toon dat hoe meer tyd aan die revisie bestee is, hoe minder foute is oorgesien en hoe meer nodige veranderinge is aangebring. Hierdie resultate stem ooreen met dié van Künzli (2009:300), op grond waarvan hy die afleiding maak dat kwaliteit inderdaad tyd neem: "Mit anderen Worten: Qualität braucht Zeit". Veral in akademiese vertaalkantore waar hulpbronne skaars is en reviseurs dikwels onder hoë tydsdruk moet werk, is dit 'n groot uitdaging om te oorkom. Reviseurs moet deurlopend in gedagte hou dat revisie kostedoeltreffend moet wees en dat hulle net genoeg tyd aan 'n revisietaak moet bestee om seker te maak dat die vertaalopdrag nagekom is. Dit beteken reviseurs moet bereid wees om nie deurgaans na die hoogste kwaliteit te streef nie, maar om ook laer kwaliteitvlakke (kyk afdeling 2.3.3.2) toe te pas indien dit in die projekspesifikasie vereis word.

#### **6.4.2 Navorsingsvraag 3b: revisiemetode gevvolg**

Soos reeds in afdeling 3.6 genoem, word die doeltreffendheid van hoofsaaklik vier revisiemetodes in die literatuur ondersoek, naamlik 'n eentalige revisie (E-metode), 'n vergelykende revisie (V-

metode), 'n vergelykende revisie gevvolg deur 'n eentalige revisie (VE-metode), en 'n eentalige revisie gevvolg deur 'n vergelykende revisie (EV-metode). Die Amerikaanse kwaliteitstandaard ASTM F2575 (2014:10) beveel aan dat reviseurs die VE-metode volg, met ander woorde eers 'n vergelykende revisie gevvolg deur 'n eentalige revisie.

Die keuse oor watter revisieprocedure gevvolg moet word, is ter wille van ekologiese geldigheid aan die reviseurs oorgelaat. Dit is ook gedoen ten einde 'n opname te maak oor watter metodes meer as ander gebruik word. Daar was geen reviseurs in hierdie empiriese studie wat slegs 'n eentalige revisie (E) gedoen het nie. Figuur 6.27 toon dat meer reviseurs (40%) 'n eentalige en daarna 'n vergelykende revisie (EV) gedoen het, 33% het eers 'n vergelykende en daarna 'n eentalige revisie (VE) gedoen, en 27% van die reviseurs het slegs 'n vergelykende revisie (V) gedoen.



**Figuur 6.27 Revisiemetode gevvolg**

'n Eenrigting-ANOVA is uitgevoer om die moontlikheid van 'n verband te ondersoek tussen revisiekwaliteit en die revisiemetode wat gevvolg is. Die resultate is as bylae O beskikbaar. Slegs een verband is aangetref wat statisties beduidend is op die 10%-betekenispeil, te wete met die persentasie ernstige vertaalfoute wat reggestel is met  $F(2, 27)=3.2$  en  $p=0.06$ . 'n LSD-toets het bepaal dat die VE-groep beduidend van die ander twee groepe verskil: Die reviseurs wat eers 'n vergelykende en daarna 'n eentalige revisie gedoen het, het gemiddeld 'n heelwat laer persentasie ernstige vertaalfoute reggestel (18.89%) in vergelyking met die ander twee groepe (albei 38.89%). Dit blyk dus dat die VE-metode wat deur ASTM F2575 (2014:10) en Horguelin en Brunette (1998:39, in Künzli 2014:11) aanbeveel word, nie in hierdie geval doeltreffend was nie.


Dit is egter opvallend dat sowel die V- as die EV-metode dieselfde gemiddelde persentasie ernstige vertaalfoute wat reggestel is, opgelewer het. Dit dui daarop dat dit nie 'n verskil in kwaliteit tot gevvolg

gehad het of die doelteks slegs een keer (V-metode) of twee keer (EV-metode) gelees is nie. Dieselfde is bevind in Robert (2012:258) se studie waar 16 reviseurs vier persverklarings nagegaan het wat uit Nederlands in Frans vertaal is: Die E-metode was aansienlik minder doeltreffend as die drie ander metodes, maar daar is geen statisties beduidende verskille tussen die V-, VE-, en EV-metode aangetref ten opsigte van die kwaliteit van die revisieproduk betrek nie.

Navorsingsvraag 3b het soos volg gelui: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die revisiemetode wat die reviseur gevolg het (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie)? Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die volgorde waarin die bronsteks en doelteks gelees word geen verskil aan die revisiekwaliteit maak nie. Ongeveer dieselfde is vir die V-metode, VE-, en EV-metode gevind, behalwe dat die groep reviseurs wat die VE-metode gevolg het (eers vergelykend en daarna eentalig) 'n laer gemiddelde persentasie ernstige vertaalfoute as die ander twee groepe reggestel het.


#### **6.4.3 Navorsingsvraag 3c: Medium gebruik**

Daar is ook ondersoek of daar 'n verband bestaan tussen revisiekwaliteit en die medium waarop die reviseurs gewerk het (slegs rekenaarskerm, of ook papier). Dit blyk uit figuur 6.28 dat die grootste groep reviseurs (56.7%) slegs op die rekenaarskerm gewerk het sonder om enige papier te gebruik ('slegs skerm'). Dit stem ooreen met opnames in België (Robert 2008:18) en Italië (Scocchera 2017:14) soos in afdeling 3.6 beskryf. Die tweede grootste groep (30%) het die Engelse bronsteks en/of die konsepvertaling gedruk, die veranderinge aan die konsepvertaling eers op papier aangebring, en dit daarna na die rekenaar oorgedra ('veranderinge eers op papier'). Die kleinste groep (13.3%) het die Engelse bronsteks gedruk en die veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring ('veranderinge direk op rekenaar').




**Figuur 6.28 Medium gebruik**

'n Eenrigting-ANOVA is uitgevoer om die moontlikheid van 'n verband te ondersoek tussen revisiekwaliteit en die medium wat in die revisietaak gebruik is. Die resultate is as bylae P opgeneem. Daar is 'n statisties beduidende verband op die 5%-betekenispeil aangetref tussen die medium wat gebruik is en die aantal taalfoute wat ingevoeg is met  $F(2, 27)=4.26$  en  $p=0.02$ . Die resultate toon dat die groep reviseurs wat die veranderinge eers op papier aangebring het (groep 2 in figuur 6.29), meer taalfoute as die ander groepe ingevoeg het, te wete 'n gemiddeld van 3 taalfoute ingevoeg, in vergelyking met 'n gemiddeld van 1.35 taalfoute deur die groep wat slegs op die skerm gewerk het (groep 1 in figuur 6.29), en 'n gemiddeld van 0.5 taalfoute ingevoeg deur die groep wat die bronsteks gedruk het, maar die veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring het (groep 3 in figuur 6.29). (FI taal = taalfoute ingevoeg)



**Figuur 6.29 Verband tussen medium gebruik en aantal taalfoute ingevoeg**


Die volgende twee resultate is albei statisties beduidend op die 10%-betekenispeil met 'n p-waarde wat gelyk is aan 0.05: die totale aantal foute wat ingevoeg is (FI totaal) met  $F(2, 27)=3.27$ , en die totale aantal foute ten opsigte van taalgebruik (FO + FI taalgebruik) met  $F(2, 27)=3.49$ . Die verband tussen die medium wat in die revisietaak gebruik is en die totale aantal foute wat die reviseurs ingevoeg het (FI totaal), word deur figuur 6.30 uitgebeeld.



**Figuur 6.30 Verband tussen medium gebruik en totale aantal foute ingevoeg**

By die groep wat die veranderinge eers op papier aangebring het (groep 2 in figuur 6.30) was die gemiddelde aantal foute wat ingevoeg is (9), weer eens hoër as dié van die ander twee groepe. Die groep wat die bronsteks gedruk het, en die veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring het (groep 3 in figuur 6.30), het gemiddeld 5.25 foute ingevoeg, terwyl die groep wat slegs op die skerm gewerk het (groep 1 in figuur 6.30), 'n gemiddeld van 4.41 foute ingevoeg het.

Die verband tussen die medium gebruik en die totale aantal taalfoute ( $FO + FI$  taal) met  $F(2, 27)=3.49$  en  $p=0.05$  word in figuur 6.31 aangetoon.



**Figuur 6.31 Verband tussen medium gebruik en totale aantal taalfoute**

Die resultate toon dat die groep reviseurs wat die veranderinge eers op papier aangebring het (groep 2 in figuur 6.31), meer taalfoute as die ander groepe oorgesien en ingevoeg het: Hulle het dus meer taalfoute in die revisieproduk agtergelaat, te wete 'n gemiddeld van 16.22 taalfoute agtergelaat, in vergelyking met 'n gemiddeld van 13.18 taalfoute deur die groep wat slegs op die skerm gewerk het (groep 1 in figuur 6.31), en 'n gemiddeld van 11.25 taalfoute agtergelaat deur die groep wat die bronsteks gedruk het, maar die veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring het (groep 3 in figuur 6.31).

Navorsingsvraag 3c het soos volg gelui: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die medium wat die reviseur gebruik het (slegs rekenaarskerm, of ook papier)? Die resultate toon dat die groep wat eers veranderinge op papier aangebring het en dit daarna na die rekenaar oorgedra het, meer taalfoute oorgesien en ingevoeg het as die ander groepe. Hierteenoor het vorige studies oor redigering bevind dat meer foute op die skerm oorgesien is as op papier (Bisaillon 2007:86; Dayton 2003:200; Wharton-Michael 2008:38). Hierdie studies is egter tien jaar en langer gelede gedoen. Dit is moontlik dat redigeerders en reviseurs sedertdien die rekenaar meer en meer as medium gebruik, en dus die vaardigheid aangeleer het om foute op die skerm te identifiseer.

Die groep wat eers veranderinge op papier aangebring het en dit daarna na die rekenaar oorgedra het, het ook gemiddeld meer foute ingevoeg (taal-, doeltekstfunksie-, en vertaalfoute) as die ander twee groepe wat die veranderinge direk op die rekenaar aangebring het. Dit wil dus voorkom of die ekstra

stap om die veranderinge na die rekenaar oor te dra, wel 'n negatiewe invloed op die kwaliteit van die revisieproduk gehad het.

#### **6.4.4 Gevolgtrekkings: revisieprosedure en revisiekwaliteit (navorsingsvraag 3)**

Daar is in hierdie empiriese studie veel meer statisties beduidende verbande tussen revisiekwaliteit en die revisieprosedure aangetref, as tussen revisiekwaliteit en die profiel van die reviseur. Drie aspekte van die revisieprosedure is ondersoek, naamlik hoeveel tyd aan die revisietaak bestee is, die volgorde waarin 'n eentalige en/of vergelykende revisie gedoen is, en watter medium die reviseurs in die revisie gebruik het. Van hierdie onderskeie aspekte van die revisieprosedure het die tyd wat aan revisie bestee word, die meeste statisties beduidende verbande met revisiekwaliteit getoon. Met ander woorde, hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe beter was die kwaliteit van die revisieproduk. Die tweede meeste statisties beduidende verbande is aangetref tussen revisiekwaliteit en die medium wat die reviseurs gebruik het. Die groep wat veranderinge eers op papier aangebring en dit daarna na die rekenaar oorgedra het, het swakker revisieprodukte as die ander groepe gelewer: Hulle het meer taalfoute oorgesien en ingevoeg, en die gemiddeld vir die totale aantal foute wat hulle ingevoeg het (taal-, doelteksfunksie-, en vertaalfoute) is ook hoër as dié van die ander twee groepe. In hierdie studie het die reviseurs wat veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring het, dus beter revisieprodukte gelewer as diegene wat veranderinge eers op papier aangebring het.

### **6.5 Verdere gevolgtrekkings**

In hierdie empiriese studie is moontlike verbande tussen die kwaliteit van revisie en die onderstaande sewe veranderlikes getoets:

- profiel: 'n kwalifikasie in vertaling (navorsingsvraag 2a, afdeling 6.3.1);
- profiel: aantal jaar vertaalervaring (navorsingsvraag 2b, afdeling 6.3.2.1);
- profiel: meer vertaalervaring in Engels–Afrikaans of andersom (navorsingsvraag 2b, afdeling 6.3.2.2);
- profiel: aantal jaar revisie-ervaring (navorsingsvraag 2c, afdeling 6.3.3);
- prosedure: tyd aan die revisietaak bestee (navorsingsvraag 3a, afdeling 6.4.1);
- prosedure: die revisiemetode wat die reviseurs gevolg het (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie) (navorsingsvraag 3b, afdeling 6.4.2); en
- prosedure: die medium wat die reviseurs gebruik het (navorsingsvraag 3c, afdeling 6.4.3).

Vier van hierdie veranderlikes het betrekking op die profiel van die reviseur (hoofnavorsingsvraag 2) en die ander drie het betrekking op die revisieprosedure wat gevolg is (hoofnavorsingsvraag 3). Daar is heelwat meer statisties beduidende verbande tussen revisiekwaliteit en veranderlikes ten opsigte

van die revisieprocedure aangetref, as tussen revisiekwaliteit en veranderlikes ten opsigte van die reviseursprofiel. 'n Verband wat statisties beduidend is, dui nie noodwendig daarop dat die betrokke veranderlike die oorsaak van hoë of lae revisiekwaliteit was nie. Dit is egter opmerklik dat daar drie keer soveel statisties beduidende verbande met die revisieprocedure aangetref is as met die reviseursprofiel. Dit wil dus voorkom of die reviseurs se kwalifikasies, vertaal- en revisie-ervaring nie so 'n groot invloed op revisiekwaliteit gehad het as die revisieprocedure wat hulle gevvolg het nie. Dit dui ook daarop dat akademiese vertaalkantore 'n risiko waag om werk aan reviseurs toe te ken op grond van die profiel in hulle CV's, en dat hulle revisievaardighede eerder prakties geassesseer behoort te word (Van Rensburg 2017a:85).

Een uit die sewe veranderlikes het geen statisties beduidende verbande met revisiekwaliteit óf enige tendense getoon nie, naamlik 'n kwalifikasie in vertaling. Hierdie bevinding was onverwags, aangesien die kwaliteitstandaarde ISO/TS 11669 (2012:7) en ISO 17100 (2015:6) van reviseurs vereis om 'n graad in vertaling te hê en daar ook 'n kennis-oor-vertaling-vaardigheid in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel opgeneem is (kyk figuur 3.1 en afdeling 3.8.1.6). Soos reeds in afdeling 3.8.1.6 genoem, is daar in 'n empiriese studie in Swede (m.b.t. die taalpaar Frans–Duits) ook geen beduidende verband tussen 'n vertaalkwalifikasie en die kwaliteit van revisie aangetref nie (Künzli 2009:297). 'n Kwalifikasie in vertaling is egter só 'n algemene vereiste vir reviseurs in die vertaalbedryf dat 'n moontlike verband met revisiekwaliteit in verdere empiriese studies met ander tale en genres ondersoek behoort te word.

Die een veranderlike wat verreweg die meeste statisties beduidende verbande met revisiekwaliteit getoon het, was die tyd wat aan die revisietaak bestee is: Revisieprodukte van hoë kwaliteit neem tyd in beslag. Revisie as kwaliteitkontrole is egter duur, daarom is dit nie volhoubaar om deurgaans na die hoogste kwaliteit te streef nie. Soos reeds in afdeling 6.4.1 genoem, behoort reviseurs bereid te wees om vertaal- en revisieprodukte van wisselende kwaliteitvlakke te lewer, na gelang van wat in die projekspesifikasie vereis word. In kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf word daar van reviseurs verwag om kennis oor verskillende kwaliteitvlakke van vertaling te hê asook die vermoë om hierdie kennis toe te pas (tabel 3.10, afdeling 3.8.2).

Revisiekwaliteit is in hierdie empiriese studie uitgedruk aan die hand van 24 beskrywende kategorieë (tabel 6.9, afdeling 6.3) en met behulp van 'n revisieformule gekwantifiseer (figuur 6.16, afdeling 6.2.3.2). Daar is een kategorie waar geen statisties beduidende verbande óf enige tendense aangetref is nie, naamlik die aantal onnodige veranderinge wat aangebring is. Die laagste p-waarde wat vir hierdie kategorie verkry is, was vir die aantal onnodige veranderinge ten opsigte van vertaling en die reviseurs se vertaalervaring in die taalkombinasie Engels–Afrikaans met  $F(1, 28)=2.02$  en  $p=0.17$ . Die groep reviseurs wat meestal uit Engels in Afrikaans vertaal, het meer onnodige veranderinge ten

opsigte van vertaling aangebring as die groep wat meestal uit Afrikaans in Engels vertaal. Hierdie bevinding is egter statisties onbeduidend. Daar is reeds in afdeling 3.9 genoem dat talle empiriese studies bevind het dat bykans alle reviseurs onnodige veranderinge aanbring. Hierdie studie was geen uitsondering nie. Akademiese vertaalkantore sal daarby baat om vas te stel waarom soveel reviseurs onnodige veranderinge aanbring, daarom behoort daar verdere empiriese studies hieroor gedoen te word.

Die kategorie waar die meeste statisties beduidende verbande voorgekom het, was die aantal nodige veranderinge wat aangebring is, en spesifiek ten opsigte van die tyd wat aan die revisie bestee is. Hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe meer nodige veranderinge is aangebring:

- die aantal nodige veranderinge ten opsigte van vertaling ( $r=0.4$ ,  $p=0.03$ );
- die totale aantal nodige veranderinge wat aangebring is ten opsigte van taalgebruik, doeltekstfunksie en vertaling ( $r=0.38$ ,  $p=0.04$ );
- die persentasie geringe vertaalfoute wat reggestel is ( $r=0.35$ ,  $p=0.06$ );
- die aantal nodige veranderinge wat leesbaarheid verbeter het ( $r=0.32$ ,  $p=0.08$ ); en
- die persentasie ernstige vertaalfoute wat reggestel is ( $r=0.32$ ,  $p=0.09$ ).

Die tweede meeste verbande met die aantal nodige veranderinge is ten opsigte van die reviseurs se aantal jaar vertaalervaring aangetref, naamlik twee statisties beduidende verbande (en een tendens). Hoe meer aantal jaar vertaalervaring, hoe meer nodige veranderinge is aangebring:

- die aantal nodige veranderinge ten opsigte van funksie met  $F(1, 28)=5.22$  en  $p=0.03$ ;
- die persentasie taalfoute wat reggestel is ( $r=0.35$ ,  $p=0.06$ ); en
- die aantal nodige veranderinge wat aangebring is ten opsigte van taalgebruik ( $r=0.28$ ,  $p=0.14$ ).

Dit wil dus voorkom of die aantal nodige veranderinge positief beïnvloed is deur meer aantal jaar vertaalervaring en meer tyd wat aan die revisietaak bestee is.

Die aantal foute en veranderinge in die 24 kategorieë (tabel 6.9, afdeling 6.3) is saam met die Van Rensburg (2017a)-revisieformule gebruik om die kwaliteit van elke revisieproduk as 'n punt uit te druk ten einde die revisieprodukte met mekaar te vergelyk (figuur 6.16, afdeling 6.2.3.2). Volgens hierdie formule is die hoogste punt aan teks nommer 13 toegeken met 'n punt van 13.51, en die laagste punt aan teks nommer 9 met 'n punt van -91.7 (tabel 6.8, afdeling 6.2.3.2). Die punte wat deur middel van die formule gegenereer is, is net soos die 24 kategorieë in tabel 6.9 as 'n aanduiding van revisiekwaliteit beskou. Moontlike verbande tussen hierdie punte en die sewe veranderlikes ten opsigte van die reviseursprofiel en revisieprocedure is dus ook ondersoek. Daar is geen statisties beduidende verbande óf tendense aangetref nie. Die laagste p-waarde is aangetref ten opsigte van die metode wat gevolg is, naamlik 'n eentalige revisie, vergelykende revisie of 'n kombinasie van die

twee met  $F(2, 27)=1.8$  en  $p=0.19$ . Volgens hierdie resultaat was die groep reviseurs wat eers 'n eentalige revisie en daarna 'n vergelykende revisie gedoen het, se gemiddelde punte hoër as dié van die ander twee groepe. Daar kan egter nie 'n gevolgtrekking hieroor gemaak word nie, aangesien die resultaat statisties onbeduidend is.

Aspekte wat in die revisieformule in berekening gebring word, is ernstige en geringe nodige veranderinge aangebring, ernstige en geringe foute oorgesien en ingevoeg, onnodige veranderinge aangebring, en die aantal woorde in die konsepvertaling voor revisie. In afdeling 6.2.3.1 is genoem dat onnodige veranderinge gedefinieer word as veranderinge wat nie die kwaliteit van die konsepvertaling verbeter of verswak nie, en dat alle onnodige veranderinge dus as gering geag word. Dit is moontlik dat die invoeging van 'n aspek wat nie die tekskwaliteit beïnvloed nie daar toe geleid het dat daar geen statisties beduidende verbande tussen die formulepunt as aanduiding van revisiekwaliteit en die sewe veranderlikes aangetref is nie. Soos in afdeling 3.7 genoem, kan die aanbring van onnodige veranderinge tot swak werksverhoudinge tussen reviseurs en vertalers lei. Daarom is dit wel belangrik om die aantal onnodige veranderinge in die formule in aanmerking te neem wanneer dit in akademiese vertaalkantore gebruik word om die kwaliteit van reviseurs se werk te kwantifiseer en met mekaar te vergelyk.

## **6.6 Samevatting**

Die bevindinge van die empiriese studie is in hierdie hoofstuk aangebied en is in vergelyking met ander relevante empiriese studies bespreek. Dit is gedoen aan die hand van drie groeperinge met die fokus op die vertaalproduk (hoofnavorsingsvraag 1), die profiel van die reviseur (hoofnavorsingsvraag 2), en die prosedure wat in die revisietak gevolg is (hoofnavorsingsvraag 3).

Die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is ondersoek deur die vertaalkwaliteit voor revisie en ná revisie te bepaal. Daar is gevind dat revisie wel 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit het, aangesien 90% van die vertaalprodukte se kwaliteit ná revisie hoër was as voor revisie. Die revisieprodukte het bestaan uit al die veranderinge en foute wat die reviseurs aangebring of oorgesien het. Die analise aan die hand van die beskrywende kategorieë (afdeling 6.2.3.1) het daarop gedui dat daar in dié empiriese studie veel meer foute oorgesien (en dus veel minder nodige veranderinge aangebring) is as wat in empiriese studies in Europa gevind is. In ooreenstemming met ander empiriese studies, is daar 'n duidelike fokus op doeltaalgebruik aangetref, en nie op akkurate vertaling om seker te maak dat die bronsteks se boodskap suksesvol oorgedra word nie.

Die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk is ondersoek aan die hand van of die reviseurs oor 'n vertaalkwalifikasie beskik het of nie, hulle aantal jaar vertaalervaring, of hulle meestal uit Engels in Afrikaans vertaal of andersom, en die aantal jaar revisie-ervaring. In

ooreenstemming met ander empiriese studies, is daar slegs enkele verbande aangetref wat statisties beduidend is. Dié bevinding ondersteun Hansen (2008:274) wat aanvoer dat daar verskille tussen revisie- en vertaalvermoë is en dat goeie vertalers nie noodwendig goeie reviseurs is nie.

Die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk is ondersoek met betrekking tot hoeveel tyd aan die revisietaak bestee is, watter revisiemetode gevvolg is (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie), en die medium wat gebruik is (slegs rekenaarskerm, of ook papier). Daar is in dié empiriese studie talle statisties beduidende verbande tussen revisiekwaliteit en die revisieprocedure aangetref, in die besonder ten opsigte van hoeveel tyd aan die revisie bestee is. Dit blyk dat hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe hoër was die revisieproduk se kwaliteit. Die medium wat die reviseurs gebruik het, het ook 'n beduidende invloed op revisiekwaliteit gehad. Wanneer veranderinge aan die konsepvertaling eers op papier aangebring is en daarna na die rekenaar oorgedra is, was die kwaliteit van die revisieproduk laer as wanneer daar slegs van die rekenaar gebruik gemaak is. Dit wil dus voorkom of die revisieprocedure wat gevvolg word eerder as die reviseursprofiel as 'n voorspeller van revisiekwaliteit sou kon dien.

Die laaste hoofstuk volg met 'n bondige oorsig oor die hoofstukke van dié proefskrif, gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak, en voorstelle vir verdere navorsing word aan die hand gedoen.

## Hoofstuk 7 Samevatting en slot

### 7.1 Inleiding

Revisie as een van die aspekte van kwaliteitbestuur is in hierdie studie van nader beskou en in die konteks van akademiese vertaalkantore aan hoëronderwysinstellings bespreek. Die breë doelwitte van die studie (soos in afdeling 1.3 genoem) en die wyse waarop dit aangepak is, word vervolgens uiteengesit.

**Doelwit 1:** Revisie is as een aspek van kwaliteitbestuur beskryf, en die rol wat dit in kwaliteitstandaarde en vertaalkantore speel, is ondersoek. Die teoretiese grondslag, te wete die funksionalistiese vertaalbenaderings en vertaalkwaliteit, is in hoofstuk 2 gelê, waarna revisie in besonderhede in hoofstuk 3 bespreek is. In hoofstuk 4 is na kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf en die benadering van dié standaarde tot kwaliteitbestuur gekyk. Dit is gevvolg deur 'n beskrywing van die opname onder tien vertaalkantore en die rol wat revisie in daardie kantore se kwaliteitbestuur speel. (Kyk afdeling 7.2 vir die gevolgtrekkings.)

**Doelwit 2:** Die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk is ondersoek om die doeltreffendheid van revisie as kwaliteitkontrole te bepaal. Dit is in die empiriese studie gedoen (hoofstuk 5 en 6) aan die hand van hoofnavorsingsvraag 1 soos in afdeling 7.3 verduidelik.

**Doelwit 3:** Die invloed van veranderlikes met betrekking tot die revisieprocedure en die profiel van die reviseur op die kwaliteit van die revisieproduk is ondersoek om te bepaal of een of meer van hierdie veranderlikes as voorspellers van revisiekwaliteit kan dien. Dit is in die empiriese studie gedoen (hoofstuk 5 en 6) aan die hand van hoofnavorsingsvraag 2 oor die reviseursprofiel en hoofnavorsingsvraag 3 oor die revisieprocedure soos in afdeling 7.3 uiteengesit.

### 7.2 Oorsig van hoofstukke

Die eerste deel van die teoretiese grondslag vir dié studie is in hoofstuk 2 beskryf, naamlik vertaalkwaliteit wat revisie onderlê en die funksionalistiese vertaalbenaderings van Vermeer (1978; 1996), Reiss en Vermeer (1984; 1991), Holz-Mänttäri (1984), en Nord (1991a; 1997b; 2005). Vertaling word volgens hierdie benaderings as 'n komplekse handeling beskou waarby verskillende rolspelers soos kliënte en reviseurs betrokke is. Hierdie breë produksieproses stem ooreen met die kwaliteitbestuursbenadering wat in kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf gevvolg word. Verdere ooreenkoms tussen die teorie en praktyk is dat die sukses van die vertaling gemeet word aan die doel en funksie wat dit in die doeltaalkultuur moet vervul: Hierdie benadering staan in die vertaalbedryf bekend as die "fit-for-purpose"-beginsel, en volgens die teorie én praktyk behoort die

doel en funksie van die vertaling in die projekspesifikasie en vertaalopdrag beskryf te word. Die gevolgtrekking is derhalwe in hoofstuk 2 gemaak dat die funksionalistiese vertaalbenaderings se konseptuele raamwerk wel in die vertaalpraktyk van toepassing is. Daar is 'n onderskeid tussen 'n breë en 'n eng definisie van vertaling getref, en aangetoon dat albei hierdie definisies binne die raamwerk van die funksionalistiese vertaalbenaderings pas, aangesien die omvang en aard van die vertaalprojek in die projekspesifikasie omskryf word. Verder is die mikrovertaalproses (die vertaler se kognitiewe proses) van die makrovertaalproses (die produksieproses in 'n vertaalkantoor) onderskei, en daar is aangevoer dat die makrovertaalproses as kwaliteitverzekering in 'n vertaalkantoor gebruik kan word deur prosesse in die kantoor te standaardiseer. Die funksionalistiese vertaalbenaderings sowel as kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf fokus eerder op die produksieproses as die assessering van die produk. Derhalwe is hoofstuk 2 afgesluit deur na die assessering van die vertaalproduk te kyk, te wete die doel van assessering, verskillende kwaliteitvlakke, en assessering soos vanuit die teorie (House 1977, 1997, 2015; Reiss 1971/2000) en die praktyk (holistiese assesseringsrubriek en foutgebaseerde instrumente) benader.

Die tweede deel van dié studie se teoretiese grondslag is in hoofstuk 3 gelê deur verskeie aspekte van revisie in besonderhede te omskryf. Daar is verduidelik dat selfrevisie deur die vertaler self, en anderrevisie deur iemand anders as die vertaler uitgevoer word. Die revisie van masjienvertaalde produkte (*post-editing*) is as 'n soort anderrevisie beskryf. Dit is veral vir akademiese vertaalkantore met beperkte hulpbronne nie kostedoeltreffend om alle tekste na te gaan nie; dus is daar gekyk na watter kriteria gebruik kan word by die besluit oor watter tekste wel nagegaan word, asook watter aspekte van 'n teks nagegaan behoort te word. Daarna is die onderskeie revisieparameters (soos akkuraatheid en korrekte taalgebruik) onder die loep geneem, en verskeie revisieprosedures is bespreek (soos watter medium die reviseur gebruik het). Beginsels van revisie vir akademiese vertaalkantore is voorgestel, byvoorbeeld dat reviseurs en vertalers mekaar se werk moet respekteer. Revisievermoë en die onderskeie vaardighede in Robert, Remael et al. (2017) se revisievermoëmodel is in oënskou geneem, waarna die vereistes oor revisievermoë in kwaliteitstandaarde vir die vertaalbedryf uitgelig is. Laastens is revisiekwaliteit bespreek aan die hand van faktore wat dit kan beïnvloed (soos die tyd bestee), tekortkominge in revisieprodukte (soos onnodige veranderinge), en die assessering van revisieprodukte deur middel van beskrywende kategorieë en formules waarmee revisiekwaliteit gekwantifiseer kan word. Na aanleiding van die literatuur en vorige empiriese studies is tot die gevolgtrekking gekom dat revisieprodukte nie noodwendig van hoë kwaliteit is nie. Daar behoort dus ook ander aspekte van kwaliteitbestuur benewens revisie in 'n vertaalkantoor te wees, soos toegangstoetse vir vertalers en hulp aan vertalers in die vorm van hulpbronne soos stylgidse en terminologielyste. Daar is ook aangetoon dat revisie as kwaliteitkontrole waardevol is vir

indiensopleiding wanneer reviseurs gereeld terugvoer aan vertalers gee ten einde te voorkom dat foute herhaal word en daardeur meer revisietyd in beslag neem.

In hoofstuk 4 is revisie as een van die aspekte van kwaliteitbestuur in 'n vertaalkantoor bespreek. Vyf kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf is bekend gestel en kernstappe vir kwaliteitbestuur wat in minstens drie uit die vyf standarde voorkom, is geïdentifiseer. Hierdie stappe is uiteengesit aan die hand van die voorvertaalfase, die vertaalfase en die navertaalfase. Dit is gevvolg deur 'n beskrywing van die opname onder tien vertaalkantore (vyf akademies en vyf privaat) en die rol wat revisie by kwaliteitbestuur in dié kantore speel. Al tien vertaalkantore gebruik revisie as 'n kwaliteitkontrole in wisselende mates, hoewel vier privaat kantore se kliënte ekstra vir hierdie diens moet betaal. Uit die akademiese vertaalkantore se beskrywing van hulle revisiepraktyke is die gevolgtrekking gemaak dat hulle genoeg word om beperkte hulpbronne te bestuur: Nie alle tekste word nagegaan nie, en talle reviseurs bespaar tyd deur die doelteks te lees en slegs na die brontekst te verwys wanneer iets vreemds hulle opval.

Die navorsingsvrae, metodologie en navorsingsinstrumente wat in die empiriese ondersoek na revisiekwaliteit gebruik is, is in hoofstuk 5 omskryf. Dertig reviseurs het 'n geskiedenis-eksamenvraestel nagegaan wat uit Engels in Afrikaans vertaal is. Dit is gedoen aan die hand van 'n gegewe revisie-opdrag en met toegang tot die Engelse brontekst, die vertaalopdrag wat aan die vertaler gegee is, en algemene beginsels vir revisie. Die reviseurs het twee vraelyste ingevul waarmee data oor elkeen se profiel (soos revisie- en vertaalervaring) en revisieprocedure (soos vergelykende revisie of nie) ingewin is. Die kwaliteit van die Afrikaanse konsepvertaling (voor revisie) en die vertaalprodukte (Afrikaanse doeltekste ná revisie) is deur 'n paneel – die assesseerders – gemeet om die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk te bepaal (navorsingsvraag 1a en 1b). Hierdie assessering is gedoen aan die hand van Colina (2009) se meetinstrument wat vir die doeleindes van die empiriese studie effens aangepas is. 'n Tweede paneel – die taalkundiges – het die kwaliteit van die revisieprodukt bepaal ten einde navorsingsvraag 1c te beantwoord. Dit is gedoen aan die hand van beskrywende kategorieë (soos nodige veranderinge en foute ingevoeg) en 'n formule waarmee die kwaliteit van die revisieprodukt gekwantifiseer is. Die data oor die kwaliteit van die revisieprodukt (navorsingsvraag 1c) is in kombinasie met die data in vraelys 1 gebruik om die invloed van die revisieur se profiel op die kwaliteit van die revisieprodukt te bepaal (navorsingsvraag 2). Die fokus was spesifiek op die moontlike verband tussen die kwaliteit van die revisieprodukt en die revisieur se kwalifikasie(s) (navorsingsvraag 2a), die revisieur se vertaalervaring (navorsingsvraag 2b), en die revisieur se revisie-ervaring (navorsingsvraag 2c). Die data oor die kwaliteit van die revisieprodukt (navorsingsvraag 1c) is verder in kombinasie met die data in vraelys 2 gebruik om die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieprodukt te bepaal (navorsingsvraag 3).

Die fokus was spesifiek op 'n moontlike verband tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die tyd wat die reviseur aan die revisie bestee het (navorsingsvraag 3a), die revisiemetode wat gevvolg is (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie) (navorsingsvraag 3b), en die medium wat in die revisie gebruik is (slegs rekenaarsskerm of ook papier) (navorsingsvraag 3c). 'n Gemengdemetodebenadering is derhalwe gevvolg deur van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe data gebruik te maak. Beskrywende statistiek is gebruik om die data te beskryf en inferensiële statistiek is gebruik om moontlike verbande tussen die onderskeie veranderlikes te ondersoek.

Die bevindinge van die empiriese studie is in hoofstuk 6 uiteengesit en bespreek. 'n Bondige samevatting van die gevolgtrekkings wat na aanleiding van die bevindinge en teen die agtergrond van revisieliteratuur gemaak is, word in die volgende afdeling aangebied.

### **7.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings**

Die eerste van die drie breë doelwitte vir hierdie studie soos in afdeling 1.3 en 7.1 gestel, is in hoofstuk 4 bereik deur revisie as een aspek van kwaliteitbestuur te beskryf en om die rol van revisie in vertaalkantore met behulp van 'n opname te ondersoek en daaroor verslag te doen. 'n Bondige samevatting van die gevolgtrekkings is in afdeling 7.2 aangebied.

Die tweede en derde breë doelwitte vir dié studie (afdeling 1.3 en 7.1) is bereik deur middel van drie hoofnavorsingsvrae wat in die empiriese studie (hoofstuk 5 en 6) ondersoek is. 'n Bondige oorsig oor die navorsingsontwerp is in afdeling 7.2 aangebied. Die belangrikste gevolgtrekkings word vervolgens aan die hand van die drie hoofnavorsingsvrae gemaak, naamlik:

- (1) Wat is die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk?
- (2) Wat is die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk?
- (3) Wat is die invloed van die revisieprocedure op die kwaliteit van die revisieproduk?

#### **7.3.1 Hoofnavorsingsvraag 1: revisie en vertaalkwaliteit**

Die invloed van revisie op die kwaliteit van die vertaalproduk (hoofnavorsingsvraag 1) is deur die onderstaande subnavorsingsvrae geoperasionaliseer: Wat is die kwaliteit van die –

- (1a) vertaalproduk voor revisie (die konsepvertaling)?
- (1b) vertaalproduk ná revisie (die doelteks)?
- (1c) revisieproduk?

Daar is bevind dat die kwaliteit van 27 uit die 30 (90%) vertaalprodukte ná revisie hoër was as voor revisie. Derhalwe is die gevolgtrekking gemaak dat revisie 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit

het en dat dit as 'n kwaliteitkontrole in 'n akademiese vertaalkantoor gebruik sou kon word. Die kwaliteit van die revisieprodukte, met ander woorde al die veranderinge en foute wat die reviseurs aangebring of oorgesien het, is ondersoek met behulp van beskrywende kategorieë en 'n formule waarmee die kwaliteit van die revisieprodukte as punte uitgedruk is. Die analise aan die hand van die beskrywende kategorieë het aangetoon dat daar in dié empiriese studie veel meer foute oorgesien is (en dus ook minder nodige veranderinge aangebring is) as wat in relevante empiriese studies in Europa bevind is. Die moontlike verklaring hiervoor (soos in hoofstuk 6 genoem), is dat revisie 'n gevestigde praktyk is in lande waar kwaliteitstandaarde soos EN 15038 (2006) toegepas word, terwyl standaarde vir die vertaalbedryf nie so algemeen in Suid-Afrika toegepas word nie. Die gevolg trekking kan gemaak word dat reviseurs opleiding spesifiek in revisie nodig het waar hulle vaardighede kan aanleer wat hulle in staat sal stel om te bepaal waarom hulle so baie foute oorsien. Die analise aan die hand van die beskrywende kategorieë wys verder daarop dat daar in dié empiriese studie, in ooreenstemming met ander empiriese studies, 'n duidelike fokus op doeltaalgebruik was, eerder as op die akkurate oordrag van die bronsteks se boodskap na die doelsteks. Volgens die revisieliteratuur is akkurate vertaling die belangrikste revisieparameter wat nagegaan behoort te word. Opleiding in revisie sou reviseurs meer bedag kon maak op die verskeie revisieparameters en op wat hulle belangrikste taak as reviseurs is.

### **7.3.2 Hoofnavorsingsvraag 2: reviseursprofiel en revisiekwaliteit**

Die invloed van die reviseur se profiel op die kwaliteit van die revisieproduk (hoofnavorsingsvraag 2) is deur die onderstaande subnavorsingsvrae geoperasionaliseer: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die revisieur se –

- (2a) kwalifikasie(s)?
- (2b) vertaalervaring?
- (2c) revisie-ervaring?

'n Moontlike verband is ondersoek tussen revisiekwaliteit en of die reviseurs oor 'n kwalifikasie in vertaling beskik of nie. Vertaalervaring is uitgedruk as twee veranderlikes, naamlik die aantal jaar vertaalervaring, en of die reviseurs meer uit Engels in Afrikaans vertaal of andersom. Revisie-ervaring is uitgedruk as die aantal jaar revisie-ervaring waaroor die reviseurs beskik. Daar is, in ooreenstemming met ander relevante empiriese studies, slegs enkele verbande tussen revisiekwaliteit en die reviseursprofiel aangetref. Hierdie empiriese bevindinge ondersteun die revisieliteratuur waar daar aangevoer word dat vertaal- en revisievermoë oorvleuel, maar ook verskil, en dat goeie vertalers dus nie noodwendig goeie reviseurs is nie. Dit is instryd met aanvaarde praktyk in die bedryf: Revisie word gewoonlik deur ervare vertalers gedoen, en vier uit die vyf kwaliteitstandaarde wat in hoofstuk 4

bespreek is, vereis dat reviseurs oor dieselfde kwalifikasies en vermoëns as vertalers beskik. Dit wil dus voorkom of daar 'n aanname in die bedryf is dat ervare vertalers wel goeie reviseurs is. Na aanleiding van die bevindinge in ander studies asook in dié empiriese studie, kan die gevolgtrekking egter gemaak word dat hierdie aanname nie noodwendig akkuraat is nie. Reviseurs behoort derhalwe nie op grond van hulle vertaalervaring gekies te word nie; hulle revisievaardighede behoort eerder deur 'n toets geassesseer te word.

### **7.3.3 Hoofnavorsingsvraag 3: revisieprocedure en revisiekwaliteit**

Die invloed van die prosedure wat die reviseur gevolg het op die kwaliteit van die revisieproduk (hoofnavorsingsvraag 3) is deur die volgende subnavorsingsvrae geoperasionaliseer: Watter verband, indien enige, is daar tussen die kwaliteit van die revisieproduk en die –

- (3a) tyd wat die reviseur aan die revisie bestee het?
- (3b) revisiemetode wat die reviseur gevolg het (eentalig, vergelykend, of 'n kombinasie)?
- (3c) medium wat die reviseur gebruik het (slegs rekenaarskerm, of ook papier)?

Daar is in hierdie empiriese studie veel meer statisties beduidende verbande tussen revisiekwaliteit en die revisieprocedure aangetref, as tussen revisiekwaliteit en die profiel van die reviseur. Van die onderskeie aspekte van die revisieprocedure, het die tyd wat aan revisie bestee is die meeste statisties beduidende verbande met revisiekwaliteit getoon. Met ander woorde, hoe meer tyd aan die revisietaak bestee is, hoe beter was die kwaliteit van die revisieproduk. Die tweede meeste statisties beduidende verbande is aangetref tussen revisiekwaliteit en die medium wat die reviseurs gebruik het. Die groep wat veranderinge eers op papier aangebring en dit daarna na die rekenaar oorgedra het, het swakker revisieprodukte as die ander groepe gelewer: Hulle het meer taalfoute oorgesien en ingevoeg, en die gemiddeld vir die totale aantal foute wat hulle ingevoeg het (taalgebruik-, doeltekstfunksie-, en vertaalfoute) was ook hoër as dié van die ander twee groepe. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die reviseurs wat veranderinge aan die konsepvertaling direk op die rekenaar aangebring het, beter revisieprodukte gelewer het as diegene wat veranderinge eers op papier aangebring het. Verder is die gevolgtrekking gemaak dat die revisieprocedure wat gevolg word eerder as die reviseursprofiel as 'n voorspeller van revisiekwaliteit sou kon dien.

## **7.4 Beperkings**

Hierdie empiriese studie sou kon baat by 'n groter steekproefgrootte met meer reviseurs, assesseerders en taalkundiges. Befondsing was 'n beperking, aangesien al die deelnemers professionele taalpraktisyns was wat vir hulle dienste vergoed moes word. Ten spyte van hierdie beperking vergelyk die aantal reviseurs (dertig) egter goed met ander empiriese studies soos dié van

Künzli (2007b) met tien reviseurs en Robert (2012) met sestien reviseurs. Die groter aantal reviseurs het wel daartoe gelei dat slegs een teks ontleed is, in vergelyking met Künzli (2007b) se drie tekste en Robert (2012) se vier tekste. Hierdie studie behoort dus met tekste in ander genres herhaal te word.

’n Beperking in talle empiriese studies oor vertaal- en revisiekwaliteit is die groot aantal veranderlikes en die kwessie dat die navorser min van hierdie veranderlikes kan beheer. Ekologiese geldigheid is in dié studie nagestreef deur die transaksie tussen ’n kliënt en reviseur na te boots en deurdat die reviseurs die revisietaak in hulle eie kantore gedoen het, eerder as in ’n vreemde eksperimentele opset. Dit het daartoe gelei dat die navorser min beheer oor die situasie gehad het en op die professionaliteit van die reviseurs moes staatmaak. ’n Beperking van hierdie studie was dus die moontlikheid dat die inligting wat die reviseurs in die vraelyste oor hulle agtergrond en revisieproses verskaf het, nie heeltemal akkuraat was nie. Hoewel dit nie ideaal was vir ’n empiriese studie nie, weerspieël dit wel die werklikheid waar kliënte ook op taalpraktisyns se professionaliteit moet staatmaak om byvoorbeeld werk van hoogstaande kwaliteit te lewer. In ’n poging om die aantal veranderlikes ten opsigte van die reviseurs se profiel te beperk, is daar vereistes gestel waaraan die deelnemers moes voldoen, soos Afrikaans as eerste taal en minstens vyf jaar vertaalervaring soos in afdeling 5.4.5.1 beskryf.

Assessering is hoogs subjektief. Daar is in hierdie empiriese studie gepoog om vir dié subjektiwiteit te vergoed deur van meerdere evalueerders gebruik te maak: Vertaalkwaliteit is deur ’n paneel van vyf assesseerders bepaal, en revisiekwaliteit deur ’n paneel van drie taalkundiges. Verder het albei paneleloodsassesserings gedoen, aan die hand waarvan die meetinstrumente bespreek is en die deelnemers opleiding in die toepassing van die instrumente ontvang het.

## 7.5 Bydrae gelewer

Ten spyte van die beperkings wat in afdeling 7.4 genoem is, is die studie se breë doelwitte bereik, die navorsingsvrae is voldoende beantwoord, en dus dra die studie by tot die kennis wat reeds oor hierdie onderwerp bestaan.

Revisie is as ’n kwaliteitkontrole in ’n vertaalkantoor se kwaliteitbestuur beskryf waar dit deur professionele taalpraktisyns uitgevoer word. Met die ontleeding en beskrywing van die revisieprodukte in die empiriese studie is getoon dat revisie eerder saam met ander wyses van kwaliteitversekering gebruik behoort te word. Kernstappe vir kwaliteitbestuur is geïdentifiseer aan die hand van kwaliteitstandarde vir die vertaalbedryf: Vertaalkantore kan hierdie stappe ondersoek en bepaal watter reeds gevolg word, en watter stappe bygevoeg kan word om hulle kwaliteitbestuurstelsel te versterk.

Daar is gepoog om die verloop van die empiriese studie in voldoende besonderhede te beskryf sodat dit in 'n ander omgewing en verband gerepliseer kan word. Sodoende kan revisiekwaliteit in ander navorsingsituasies met ander tale en genres ondersoek word. Die meeste empiriese studies oor revisie word met studente as deelnemers gedoen. Hierdie studie is egter een van min wat professionele taalpraktisyns as deelnemers gebruik het. Die bevindinge kan dus in ag geneem word deur akademiese vertaalkantore wat revisie as kwaliteitkontrole oorweeg of reeds gebruik. Vertaalkantore behoort kennis te neem dat daar in hierdie en ander empiriese studies geen statisties beduidende verband tussen 'n kwalifikasie in vertaling en revisiekwaliteit aangetref is nie. Dit is dus 'n risiko om reviseurs op grond van die profiel in hulle CV's aan te stel sonder dat 'n vaardigheidstoets in revisie afgelê is.

Hoewel dié empiriese studie se bevindinge nie sonder meer veralgemeen kan word nie, behoort vertaalkantore verder kennis daarvan te neem dat die reviseurs in hierdie geval veel meer foute oorgesien as reggestel het, en dat die revisieprodukte van reviseurs dus sporadies nagegaan behoort te word. Dit kan as deel van prestasie-evaluering en indiensontwikkeling gedoen word sodat reviseurs oor hulle eie werk kan besin, byvoorbeeld die revisieprosedures wat hulle volg. Die beskrywende kategorieë kan gebruik word om reviseurs se sterk- en swakpunte te bepaal sodat hulle weet watter aspekte van hulle werk ontwikkel moet word. Verder stel die revisieformule vertaalkantore in staat om die kwaliteit van verskillende reviseurs se werk met mekaar te vergelyk. Ten spyte daarvan dat reviseurs se revisieprodukte nie foutloos is nie, het die empiriese studie wél getoon dat revisie 'n positiewe invloed op vertaalkwaliteit het en dat dit dus as 'n kwaliteitkontrole in 'n vertaalkantoor toegepas sou kon word.

## **7.6 Voorstelle vir verdere navorsing**

Daar is in hierdie studie hoofsaaklik op revisieliteratuur gefokus, hoewel daar ook na redigering verwys is. Die literatuurondersoek kan na die literatuur oor redigering uitgebrei word om te bepaal of hierdie literatuur ook op revisie van toepassing kon wees. Verder kan daar in empiriese studies ondersoek word in watter mate redigeer- en revisievermoë ooreenstem en verskil. Redigering as studieveld behoort ook te baat by ondersoeke na die mate waarin die kwaliteit van die teks beïnvloed word deur redigering, of deur veranderlikes soos die redigeerder se profiel en die redigeerproses wat gevvolg is. Die data wat deur sodanige ondersoeke gegenereer word, kan dan met die data van hierdie studie oor revisie vergelyk word.

Benewens die funksionalistiese benadering tot vertaling wat in dié studie gevvolg is, kan revisie ook vanuit 'n meer sosiologiese benadering tot vertaling bestudeer word. Volgens sodanige sosiologiese benadering val die klem op vertaling as 'n sosiale handeling, en dus die vertaler se rol as agent in die makrovertaalproses (of breër produksieproses) wat met ander agente soos die kliënt en die reviseur

moet saamwerk (Buzelin 2011). Daar word in afdeling 2.2.2 genoem dat Holz-Mänttäri (1984) soortgelyke aspekte in haar funksionalistiese raamwerk geïnkorporeer het, byvoorbeeld dat 'n vertaler een van die professionele rolspelers in die skep van 'n vertaling is. Daar is dus wel sosiologiese elemente in Holz-Mänttäri (1984) se vertaalhandelingsteorie (Wolf 2010:338), hoewel die fokus meer op funksioneel-toereikende kommunikasie as op die vertaler as agent val. Die samewerking tussen die onderskeie agente in 'n vertaalnetwerk is deur Buzelin (2007) ondersoek deur van die sosiologiese akteur-netwerk-teorie (*Actor-Network Theory*) sowel as etnografiese navorsingsmetodes gebruik te maak (Wolf 2010:340). Hierdie teoretiese raamwerk sou ook vir die bestudering van revisie gebruik kon word met 'n besondere klem op die verhouding tussen die reviseur en vertaler (wat in afdeling 3.8 onder revisievermoë bespreek word). Nog 'n moontlikheid is dat die medium wat reviseurs gebruik (slegs rekenaarskerm, of ook papier) in 'n ergonomiese studie verder ondersoek word om te bepaal hoe reviseurs se werksomstandighede hulle besluitneming beïnvloed. (Kyk byvoorbeeld werkplekstudies oor professionele vertalers deur Ehrensberger-Dow et al. [2016], Ehrensberger-Dow & Hunziker Heeb [2016], en Ehrensberger-Dow & O'Brien [2015].)

Aangesien daar soveel veranderlikes in empiriese studies in die vertaalwetenskap is, is dit baie belangrik dat studies gerepliseer word om sodoende die bevindinge verder te toets. Hierdie studie kan byvoorbeeld gedoen word met reviseurs wat wél oor revisie-opleiding beskik, of met 'n ander taalkombinasie of genre. Nog 'n moontlikheid is om hierdie veranderlikes so ver moontlik dieselfde te hou en ander reviseurs te betrek. Indien dit enigsins moontlik is, sou 'n replisering met die dertig reviseurs wat aan dié studie deelgeneem het waardevol kon wees deur 'n eksamenvraestel in 'n ander studieveld, of 'n meer algemene genre soos 'n mediavrystelling, te gebruik.

'n Vraag wat in die huidige studie ontstaan het, handel oor die redes waarom reviseurs besluit het om 'n verandering aan te bring of nie. Ten einde hierdie aspek te ondersoek, sou die metodologie van dié studie aangepas moes word deur byvoorbeeld onderhoude met die reviseurs te voer kort nadat hulle die revisietaak voltooi het. In 'n ergonomiese studie sou daar gefokus kon word op reviseurs se gebruik van die rekenaarskerm en/of papier, faktore wat die keuse beïnvloed en die moontlike invloed wat hierdie veranderlike op revisiekwaliteit het. Navorsing oor redes vir veranderinge en die medium wat gebruik word, is ook op redigeerders van toepassing.

Ander meetinstrumente kan gebruik word om die kwaliteit van die vertaling voor en ná revisie te bepaal, soos die nuwe DQF-MQM-instrument (TAUS 2017) wat in afdeling 2.3.3.4 genoem word. Die vertaalprodukte is in hierdie empiriese studie deur professionele taalpraktisyns geassesseer; dit kan nuttig wees om 'n assessering deur die bedoelde lesers van die teks te laat doen, met ander woorde tweedejaar-geskiedenisstudente met Afrikaans as eerste taal.

Dit is nodig om 'n opname onder hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika te doen om te bepaal watter instellings revisie-opleiding verskaf, wat die inhoud van daardie opleiding behels, en moontlik om revisie-opleiding aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings aan te moedig en te standaardiseer. Dit sou ook verdere implikasies vir die opleiding van vertalers tot gevolg kon hê, naamlik hoe die kurrikulum aangepas moet word om revisie-opleiding daarin te integreer. Terwyl die huidige studie op revisiekwaliteit in die praktyk gefokus het, kan daar ook studies oor revisiekwaliteit in die opleiding van vertalers gedoen word, byvoorbeeld om te ondersoek of vertaalstudente se besluite ten opsigte van revisie merkbaar van dié van professionele vertalers verskil.

Die opname onder vertaalkantore kan uitgebrei word na meer kantore ten einde die rol van revisie in kwaliteitbestuur in die vertaalbedryf te bepaal. Sodanige opname kan net in Suid-Afrika gedoen word, maar ook in sowel Suid-Afrika as in 'n ander land soos Denemarke om die revisiepraktyke in die twee lande te vergelyk. 'n Groot skaalse internasionale opname met die hulp van byvoorbeeld die Europese Unie vir Verenigings vir Vertaalmaatskappye (EUATC), SAVI en die ATA kan ook verdere lig op die rol van revisie in kwaliteitbestuur werp.

## 7.7 Slotgedagte

Revisie is 'n integrale deel van sowel die mikro- as die makrovertaalproses. Dit blyk uit die literatuur, empiriese studies en in die vertaalbedryf dat revisie as 'n kwaliteitkontrole gebruik word om seker te maak dat die vertaling aan die verlangde kwaliteitvlak volgens die vertaalopdrag voldoen. Reviseurs maak, soos alle mense, wel foute; daarom behoort revisie slegs een aspek van 'n vertaalkantoor se kwaliteitbestuur uit te maak. Reviseurs het ook, soos vertalers, opleiding en professionele indiensontwikkeling nodig ten einde revisie- en dus vertaalprodukte van hoë kwaliteit te lewer.

## Bronne

- Adab, B. 2008. Translating specialised texts: An overview of key factors involved in translator training for specialized translation. *Studia Philologia*, 3:11–24. Verkry by <http://www.diacronia.ro/ro/indexing/details/A15448/pdf> [27 April 2018].
- Allal, L., L. Chanquoy & P. Largy (eds.). 2004. *Revision: Cognitive and instructional processes*. Dordrecht: Kluwer.
- Al-Qinai, J. 2000. Translation quality assessment: Strategies, parametres and procedures. *Meta*, 45(3):497–519. doi: 10.7202/001878ar
- Angelelli, C. 2009. Using a rubric to assess translation ability: Defining the construct. In C. Angelelli & H. Jacobson (eds.). *Testing and assessment in translation and interpreting studies: A call for dialogue between research and practice*. Amsterdam: John Benjamins, 13–47.
- Angelone, E. 2013. The impact of process protocol self-analysis on errors in the translation product. *Translation and Interpreting Studies*, 8(2):253–271. doi: 10.1075/tis.8.2.07ang
- Antunović, G. & N. Pavlović. 2011. Here and now: Self-revision in student translation processes from L2 and L3. *Across Languages and Cultures*, 12(2):213–234. doi: 10.1556/Acr.12.2011.2.5
- Arango-Keeth, F. & G. Koby. 2003. Assessing assessment. Translator training evaluation and the needs of industry quality assessment. In B. Baer & G. Koby (eds.). *Beyond the ivory tower: Rethinking translation pedagogy*. Amsterdam: John Benjamins, 117–134.
- Arevalillo, J. 2005. The EN-15038 European quality standard for translation services: What's behind it? TranslationDirectory.Com. Verkry by <http://www.translationdirectory.com/article472.htm> [27 April 2018].
- Arthurn, P. 1983. Judging the quality of revision. *Lebende Sprachen*, 28(2):53–57. doi: 10.1515/les.1983.28.2.53
- Arthurn, P. 1987. Four eyes are better than two. In C. Picken (red.). *Translating and the computer 8: A profession on the move*. Londen: Aslib, 14–26.
- ASTM F2575 *Standard guide for quality assurance in translation*. 2014. Tweede uitgawe. ASTM Internasional. West Conshohocken, VSA.
- AUSIT (Australian Institute of Interpreters and Translators). 2012. AUSIT code of ethics and code of conduct. Verkry by [https://ausit.org/AUSIT/Documents/Code\\_Of\\_Ethics\\_Full.pdf](https://ausit.org/AUSIT/Documents/Code_Of_Ethics_Full.pdf) [27 April 2018].

- Baker, M. & G. Saldanha (eds.). 2009. *Routledge encyclopedia of translation studies*. Tweede uitgawe. Londen: Routledge.
- Beukes, A-M. & M. Pienaar. 2010. *Veeltalige vertaalterminologie*. Pretoria: Van Schaik.
- Biel, Ł. 2011. Training translators or translation service providers? EN 15038:2006 standard of translation services and its training implications. *The Journal of Specialised Translation*, 16:61–76. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue16/art\\_biel.pdf](http://www.jostrans.org/issue16/art_biel.pdf) [26 April 2018].
- Bisaillon, J. 2007. Professional editing strategies used by six editors. *Written Communication*, 24(4):295–322. doi: 10.1177/0741088307305977
- Bonnet, B. 2006. Quality standards: A sign of the industry's maturity? *MultiLingual*, Junie: 45–48.
- Bowker, L. & D. Fisher. 2010. Computer-aided translation. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 60–65.
- Breedveld, H. 2002. Writing and revising processes in professional translation. *Across Languages and Cultures*, 3(1):91–100. doi: 10.1556/Acr.3.2002.1.7
- Breedveld, H. & H. van den Bergh. 2002. Revisie in vertaling: Wanneer en wat. *Linguistica Antverpiensia, New Series: Themes in Translation Studies*, 1:327–345. Verkry by <https://lants-tts.uantwerpen.be/index.php/LANS-TTS/article/view/23/22> [26 April 2018].
- Brunette, L. 2000. Towards a terminology for translation quality assessment: A comparison of translation quality assessment practices. *The Translator*, 6(2):169–182. doi: 10.1080/13556509.2000.10799064
- Brunette, L., C. Gagnong & J. Hine. 2005. The GREVIS project: Revise or court calamity. *Across Languages and Cultures*, 6(1):29–45. doi: 10.1556/Acr.6.2005.1.3
- Buzelin, H. 2007. Translations ‘in the making’. In M. Wolf & A. Fukari (eds.). *Constructing a sociology of translation*. Amsterdam: John Benjamins, 135–169.
- Buzelin, H. 2011. Agents of translation. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 2). Amsterdam: John Benjamins, 6–12.
- Byrne, J. 2012. *Scientific and technical translation explained: A nuts and bolts guide for beginners*. Manchester: St Jerome.
- Callison-Burch, C., P. Koehn, C. Monz, K. Peterson, M. Przybocki & O. Zaidan. 2010. Findings of the 2010 joint workshop on statistical machine translation and metrics for machine translation. In *Proceedings of the Joint Fifth Workshop on Statistical Machine Translation and MetricsMATR*, 15–16 Julie, Uppsala, Swede, 17–53. Association for Computational

- Linguistics. Verkry by <http://www.statmt.org/wmt10/pdf/wmt10-overview.pdf> [27 April 2018].
- CAN/CGSB 131.10 *Translation services*. 2008. Kanadese Raad vir Algemene Standaarde. Gatineau, Kanada.
- Carstens, W. & K. van de Poel. 2012. *Teksredaksie*. Hersiene uitgawe. Stellenbosch: Sun Press.
- Chesterman, A. 1994. Quantitative aspects of translation quality. *Lebende Sprachen*, 39(4):153–156. doi: <https://doi.org/10.1515/les.1994.39.4.153>
- Chesterman, A. & E. Wagner. 2002. *Can theory help translators? A dialogue between the Ivory Tower and the Wordface*. Manchester: St Jerome.
- Cohen, L., L. Manion & K. Morrison. 2011. *Research methods in education*. Sewende uitgawe. Londen: Routledge.
- Colina, S. 2008. Translation quality evaluation: Empirical evidence for a functionalist approach. *The Translator*, 14(1):97–134. doi: 10.1080/13556509.2008.10799251
- Colina, S. 2009. Further evidence for a functionalist approach to translation quality evaluation. *Target*, 21(2):235–264. doi: 10.1075/target.21.2.02col
- Conde, T. 2013. Translation versus language errors in translation evaluation. In D. Tsagari & R. van Deemter (reds.). *Assessment issues in language translation and interpreting*. Frankfurt: Peter Lang, 97–112.
- Corpas Pastor, G. 2006. Translation quality standards in Europe: An overview. In E. Miyares Bermúdez & L. Ruiz Miyares (reds.). *Linguistics in the twenty first century*. Newcastle: Cambridge Scholars, 47–57. Verkry by [https://www.uma.es/hum892/publicaciones/corpas\\_2006b.pdf](https://www.uma.es/hum892/publicaciones/corpas_2006b.pdf) [27 April 2018].
- Dayton, D. 2003. Electronic editing in technical communication: A survey of practices and attitudes. *Technical Communication*, 50(2):192–206. Verkry by <http://www.ingentaconnect.com/contentone/stc/tc/2003/00000050/00000002/art00006> [26 April 2018].
- De Almeida, G. 2013. Translating the post-editor: An investigation of post-editing changes and correlations with professional experience across two Romance languages. Doktorale proefskrif, Dublin City Universiteit, Dublin, Ierland. Verkry by [http://doras.dcu.ie/17732/1/THESIS\\_G\\_de\\_Almeida.pdf](http://doras.dcu.ie/17732/1/THESIS_G_de_Almeida.pdf) [26 April 2018].

- Delisle, J., H. Lee-Jahnke & M. Cormier (eds.). 1999. *Terminologie de la Traduction – Translation terminology – Terminología de la traducción – Terminologie der Übersetzung*. FIT monograph series (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins.
- DePalma, D. 2013. How to add post-edited MT to your service offerings. Cambridge, MA: Common Sense Advisory.
- DFKI (German Research Centre for Artificial Intelligence). 2014. Multidimensional Quality Metrics (MQM) Definition. Verkry by [http://www.qt21.eu/mqm-definition/diffs/mqm-0\\_9\\_2-0\\_9\\_3-diffs.html](http://www.qt21.eu/mqm-definition/diffs/mqm-0_9_2-0_9_3-diffs.html) [15 Julie 2018].
- Didaoui, M. 2007. Translation quality: A pragmatic and multidirectional approach. In P. Schmitt & H. Jungst (eds.). *Translationsqualität [Vertaalkwaliteit]*. Frankfurt: Peter Lang, 79–90.
- Doherty, S. 2016. The impact of translation technologies on the process and product of translation. *International Journal of Communication*, 10:947–969. Verkry by <http://ijoc.org/index.php/ijoc/article/view/3499/1573> [26 April 2018].
- Doherty, S. 2017. Issues in human and automatic translation quality assessment. In D. Kenny (red.). *Human issues in translation technology*. Londen: Routledge, 131–148.
- Doherty, S., F. Gaspari, D. Groves, J. van Genabith, L. Specia, A. Burchardt, A. Lommel, & H. Uszkoreit. 2013. Mapping the industry I: Findings on translation technologies and quality assessment. QTLaunchPad-verslag. Europese Kommissie-projek. Verkry by [http://www.qt21.eu/launchpad/sites/default/files/Version\\_Participants\\_Final.pdf](http://www.qt21.eu/launchpad/sites/default/files/Version_Participants_Final.pdf) [27 April 2018].
- Dörnyei, Z. 2007. *Research methods in applied linguistics: Quantitative, qualitative, and mixed methodologies*. Oxford: Oxford University Press.
- Drugan, J. 2013. *Quality in professional translation: Assessment and improvement*. Londen: Bloomsbury.
- Eckersley, H. 2002. Systems for evaluating translation quality: SAE J2450 and ITR BlackJack offer two approaches to ensuring translation consistency. *Multilingual Computing & Technology*, 13(3):39–42.
- Ehrensberger-Dow, M. & A. Hunziker Heeb. 2016. Investigating the ergonomics of the technologized translation workplace. In R. Muñoz (red.). *Reembedding translation process research*. Amsterdam: John Benjamins, 69–88.

- Ehrensberger-Dow, M., A. Hunziker Heeb, G. Massey, U. Meidert, S. Neumann & H. Becker. 2016. An international survey of the ergonomics of professional translation. *ILCEA* 27:1–21. Verkry by <http://ilcea.revues.org/4004> [29 Oktober 2018].
- Ehrensberger-Dow, M. & S. O'Brien. 2015. Ergonomics of the translation workplace: Potential for cognitive friction. *Translation Spaces*, 4(1):98–118. doi: 10.1075/ts.4.1.05ehr
- EN 15038 *Translation services – Service requirements*. 2006. Europese Komitee vir Standaardisasie. Brussel, België.
- Englund Dimitrova, B. 2005. *Expertise and explicitation in the translation process*. Amsterdam: John Benjamins.
- Englund Dimitrova, B. 2010. Translation process. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies*. Verkry by [www.benjamins.com/online/hts](http://www.benjamins.com/online/hts) [30 Augustus 2011].
- Europese Kommissie. 2010. Revision manual. Directorate-General for Translation, Spaanse afdeling. Verkry by [http://ec.europa.eu/translation/spanish/guidelines/documents/revision\\_manual\\_en.pdf](http://ec.europa.eu/translation/spanish/guidelines/documents/revision_manual_en.pdf) [26 April 2018].
- Eyckmans, J. & Ph. Anckaert. 2017. Item-based assessment of translation competence: Chimera of objectivity versus prospect of reliable measurement. *Linguistica Antverpiensia, New Series: Themes in Translation Studies*, 16:40–56. Beskikbaar by <https://lants-tts.uantwerpen.be/index.php/LANS-TTS/article/view/436/395> [18 Oktober 2018].
- Eyckmans, J., Ph. Anckaert & W. Segers. 2009. The perks of norm-referenced translation evaluation. In C. Angelelli & H. Jacobson (eds.). *Testing and assessment in translation and interpreting*. Amsterdam: John Benjamins, 73–93.
- Eyman, D. & C. Reilly. 2006. Revising with word processing/technology/document design. In A. Horning & A. Becker (eds.). *Revision: History, theory, and practice*. West Lafayette, IN: Parlor Press, 102–116.
- Feinauer, I. & A. Lourens. 2017. The loyalty of the literary reviser: Author, source text, target text or reader? *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 53:97–118. doi: 10.5842/53-0-735
- Fiederer, R. & S. O'Brien. 2009. Quality and machine translation: A realistic objective? *The Journal of Specialised Translation*, 11:52–74. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue11/art\\_fiederer\\_obrien.pdf](http://www.jostrans.org/issue11/art_fiederer_obrien.pdf) [26 April 2018].

- Fields, P., D. Hague, G. Koby, A. Lommel & A. Melby. 2014. What is quality? A management discipline and the translation industry get acquainted. *Revista Tradumàtica: tecnologies de la traducció*, 12:404–412. Verkry by <http://revistes.uab.cat/tradumatica/article/view/n12-fields-hague-koby-etal/pdf> [26 April 2018].
- Folaron, D. 2010. Translation tools. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 429–436.
- Forcada, M. 2010. Machine translation today. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 215–223.
- Fry, D. 1999. Mission critical. *Language International*, 11(5):24–30.
- Gambier, Y. 2014. Changing landscape in translation. *International Journal of Society, Culture & Language*, 2(2):1–12. Verkry by [http://ijscsl.net/pdf\\_4638\\_8301154b3bfe303a6e1c541f62c4e18a.html](http://ijscsl.net/pdf_4638_8301154b3bfe303a6e1c541f62c4e18a.html) [22 Mei 2018].
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer. 2007. How about meta? An introduction. *Target*, 19(2):189–195. doi: 10.1075/target.19.2.02gam
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer (eds.). 2010. *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins.
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer (eds.). 2011. *Handbook of translation studies* (vol. 2). Amsterdam: John Benjamins.
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer (eds.). 2012. *Handbook of translation studies* (vol. 3). Amsterdam: John Benjamins.
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer (eds.). 2013. *Handbook of translation studies* (vol. 4). Amsterdam: John Benjamins.
- Gambier, Y. & L. van Doorslaer (eds.). 2018. *Translation studies bibliography online*. Verkry by <https://benjamins.com/online/tsb/> [25 Julie 2018].
- García, I. 2008. Translating and revising for localisation: What do we know? What do we need to know? *Perspectives: Studies in Translatology*, 16(1):49–60. doi: 10.1080/09076760802517630
- García, I. 2010. Is machine translation ready yet? *Target*, 22(1):7–21. doi: 10.1075/target.22.1.02gar
- García, I. 2012. A brief history of postediting and of research on postediting. In A. Pym & A. Rosa (eds.). *New directions in translation studies*. Spesiale uitgawe van Anglo Saxonica, 3(3):292–310.

- Gaspari, F., H. Almaghout & S. Doherty. 2015. A survey of machine translation competences: Insights for translation technology educators and practitioners. *Perspectives: Studies in Translatology*, 23(3):333–358. doi: 10.1080/0907676X.2014.979842
- Göpferich, S. 2009. Towards a model of translation competence and its acquisition: The longitudinal study TransComp. In S. Göpferich, A. Jakobsen & I. Mees (eds.). *Behind the mind: Methods, models and results in translation process research*. Copenhagen Studies in Language 37. Copenhagen: Samfundslitteratur Press, 11–37.
- Görög, A. 2014a. Quantifying and benchmarking quality: The TAUS Dynamic Quality Framework. *Revista Tradumàtica: tecnologies de la traducció*, 12:443–454. Verkry by <http://revistes.uab.cat/tradumatica/article/view/n12-gorog2/pdf> [26 April 2018].
- Görög, A. 2014b. Translation and quality: Editorial. *Revista Tradumàtica: tecnologies de la traducció*, 12:388–391. Verkry by <http://revistes.uab.cat/tradumatica/article/view/n12-gorog/pdf> [26 April 2018].
- Gotti, M. & S. Šarčević (eds.). 2006. *Insights into specialized translation*. Bern: Peter Lang.
- Gouadec, D. 2007. *Translation as a profession*. Amsterdam: John Benjamins.
- Gouadec, D. 2010. Quality in translation studies. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 270–275.
- Graham, J. 1983. Checking, revision and editing. In C. Picken (red.). *The translator's handbook*. Londen: Aslib, 99–105.
- Graham, J. 1989. Checking, revision and editing. In C. Picken (red.). *The translator's handbook*. Tweede uitgawe. Londen: Aslib, 59–70.
- Guerberof, A. 2009a. Productivity and quality in MT post-editing. In M-J. Goulet, C. Melançon, A. Désilets & E. Macklovitch (eds.). *Proceedings of the workshop beyond translation memories: New tools for translators*, The Twelfth Machine Translation Summit, Ottawa, Kanada, 29 Augustus. Verkry by <http://www.mt-archive.info/MTS-2009-Guerberof.pdf> [27 April 2018].
- Guerberof, A. 2009b. Productivity and quality in the post-editing of outputs from translation memories and machine translation. *Localisation Focus: The International Journal of Localisation*, 7(1):11–21. Verkry by <http://www.localisation.ie/oldwebsite/resources/lfresearch/Vol7Issue1.pdf#page=11> [27 April 2018].
- Guerberof Arenas, A. 2014. Correlations between productivity and quality when post-editing in a professional context. *Machine Translation*, 28:165–186. doi: 10.1007/s10590-014-9155-y

- Hansen, G. 2008. The speck in your brother's eye – the beam in your own. Quality management in translation and revision. In G. Hansen, A. Chesterman & H. Gerzymisch-Arbogast (eds.). *Efforts and models in interpreting and translation research*. Amsterdam: John Benjamins, 255–280. doi: 10.1075/btl.80.19han
- Hansen, G. 2009. A classification of errors in translation and revision. In M. Forstner, H. Lee-Jahnke & P. Schmitt (eds.). *CIUTI-Forum 2008. Enhancing translation quality: Ways, means, methods*. Oxford: Peter Lang, 313–326.
- Hansen, G. 2010. Translation ‘errors’. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 385–388.
- Hine, J. 2003. Teaching text revision in a multilingual environment. In B. Baer & G. Koby (eds.). *Beyond the ivory tower: Rethinking translation pedagogy*. Amsterdam: John Benjamins, 135–156.
- Holz-Mänttäri, J. 1984. *Translatorisches Handeln: Theorie und Methode [Vertaalhandeling: Teorie en metode]*. Helsinki: Suomalainen Tiedeakatemia.
- Horguelin, P. & L. Brunette. 1998. *Pratique de la révision [Revisiepraktyk]*. Brossard: Linguatech.
- Horning, A. & A. Becker (eds.). 2006. *Revision: History, theory and practice*. West Lafayette: Parlor Press.
- House, J. 1977. *A model for translation quality assessment*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.
- House, J. 1997. *Translation quality assessment: A model revisited*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.
- House, J. 1998. Quality of translation. In M. Baker (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge, 197–200.
- House, J. 2001. How do we know when a translation is good? In E. Steiner & C. Yallop (eds.). *Exploring translation and multi-lingual text production: Beyond content*. Berlyn: Mouton De Gruyter, 127–160.
- House, J. 2009. Quality. In M. Baker & G. Saldanha (eds.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Tweede uitgawe. Londen: Routledge, 221–225.
- House, J. 2015. *Translation quality assessment: Past and present*. Londen: Routledge.
- Hu, C., P. Resnik, Y. Kronrod, V. Eidelman, O. Buzek & B. Bederson. 2011. The value of monolingual crowdsourcing in a real-world translation scenario: Simulation using Haitian Creole emergency SMS messages. In C. Callison-Burch, P. Koehn, C. Monz & O. Zaidan (eds.). *Proceedings of the sixth workshop on statistical machine translation*, Edinburgh,

- Skotland, Julie, 399–404. Verkry by <http://www.aclweb.org/anthology/W11-2148> [27 April 2018].
- Hurtado Albir, A. 2010. Competence. In Y. Gambier & L. van Doorslaer (eds.). *Handbook of translation studies* (vol. 1). Amsterdam: John Benjamins, 55–59.
- IAMLADP (International Annual Meeting on Language Arrangements, Documentation and Publications). 2004. *Report: Task force on the quality management approach*. Verkry by [http://www.uncti.net/pages/essays/quality\\_mngt.pdf](http://www.uncti.net/pages/essays/quality_mngt.pdf) [24 April 2007].
- Ipsen, A. & H. Dam. 2016. Translation revision: Correlating revision procedure and error detection. *Hermes: Journal of Language and Communication in Business*, 55:143–156.
- ISO 17100 *Translation services – Requirements for translation services*. 2015. Internasionale Standaardeorganisasie: Genève, Switserland.
- ISO 18587. *Translation services – Post-editing of machine translation output – Requirements*. 2017. Internasionale Standaardeorganisasie. Verkry by <https://www.iso.org/standard/62970.html> [18 Julie 2018].
- ISO/TS 11669 *Translation projects – General guidance*. 2012. Internasionale Standaardeorganisasie: Genève, Switserland.
- Jääskeläinen, R. 2010. Are all professionals experts? In G. Shreve & E. Angelone (eds.). *Translation and cognition*. Amsterdam: John Benjamins, 213–227.
- Jakobsen, A. 2002. Translation drafting by professional translators and by translation students. In G. Hansen (red.). *Empirical translation studies: Process and product*. Copenhagen: Samfundslitteratur, 191–204.
- Jansen, C., R. Richards & L. van Zyl. 2017. Evaluating four readability formulas for Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 53:149–166. doi: 10.5842/53-0-739
- Jiménez-Crespo, M. 2009. The evaluation of pragmatic and functionalist aspects in localization: Towards a holistic approach to quality assurance. *The Journal of Internationalization and Localization*, 1:60–92. doi: 10.1075/jial.1.03jim
- Kingscott, G. 2009. An approach to translation quality assessment. Verkry by <http://chicata.org/wp-content/uploads/2013/03/member-announcement-03-17.2013-Kingscott-Article-on-Quality-Assessment.pdf> [27 April 2018].
- Koby, G. 2007. Computer editing as a translation efficiency skill: Summary evidence from keystrokes. *Translation and Interpreting Studies*, 2(2):93–125. doi: 10.1075/tis.2.2.04kob

- Koby, G., F. Fields, D. Hague, A. Lommel & A. Melby. 2014. Defining translation quality. *Revista Tradumàtica: tecnologies de la traducció*, 12:413–420. Verkry by <http://revistes.uab.cat/tradumatica/article/view/n12-koby-fields-hague-etal/pdf> [26 April 2018].
- Koby, G. & I. Lacruz. 2017. The thorny problem of translation and interpreting quality. *Linguistica Antverpiensia, New Series: Themes in Translation Studies*, 16:1–12. Verkry by <https://lants.uantwerpen.be/index.php/LANS-TTS/article/view/487/405> [26 April 2018].
- Koby, G. & A. Melby. 2013. Certification and job task analysis (JTA): Establishing validity of translator certification examinations. *Translation & Interpreting*, 5(1):174–210. Verkry by <http://www.trans-int.org/index.php/transint/article/view/243/116> [26 April 2018].
- Kockaert, H. & W. Segers. 2014. Evaluation de la traduction: La méthode PIE (Preselected Items Evaluation). *Turjuman. Revue de Traduction et d'Interprétation / Journal of Translation Studies*, 23(2):232–250.
- Kockaert, H. & W. Segers. 2017. Evaluation of legal translations: PIE method (Preselected Items Evaluation). *Journal of Specialised Translation*, 27:148–163. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue27/art\\_kockaert.pdf](http://www.jostrans.org/issue27/art_kockaert.pdf) [18 Oktober 2018].
- Koehn, P. 2010. Enabling monolingual translators: Post-editing vs options. In *Human language technologies: Proceedings of the 2010 annual conference of the North American chapter of the Association for Computational Linguistics*, Los Angeles, CA, Junie, 537–545. Verkry by <http://www.proceedings.com/08590.html> [27 April 2018].
- Koo, L. & H. Kinds. 2000. A quality-assurance model for language projects. In R. Sprung & S. Jaroniec (eds.). *Translating into success: Cutting-edge strategies for going multilingual in a global age*. American Translators Association Scholarly Monograph Series 11. Amsterdam: John Benjamins, 147–157.
- Koponen, M. 2016. Is machine translation post-editing worth the effort? A survey of research into post-editing and effort. *The Journal of Specialised Translation*, 25:131–148. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue25/art\\_koponen.pdf](http://www.jostrans.org/issue25/art_koponen.pdf) [26 April 2018].
- Koponen, M. & L. Salmi. 2015. On the correctness of machine translation: A machine translation post-editing task. *The Journal of Specialised Translation*, 23:118–136. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue23/art\\_koponen.pdf](http://www.jostrans.org/issue23/art_koponen.pdf) [26 April 2018].
- Koponen, M. & L. Salmi. 2017. Post-editing quality: Analysing the correctness and necessity of post-editor corrections. *Linguistica Antverpiensia, New Series: Themes in Translation Studies*,

- 16:137–148. Verkry by <https://lans.ua.ac.be/index.php/LANS-TTS/article/view/439/394> [26 April 2018].
- Künzli, A. 2006a. Teaching and learning translation revision: Some suggestions based on evidence from a think-aloud protocol study. In M. Garant (red.). *Current trends in translation teaching and learning*. Helsinki Department of Translation Studies Publication III. Helsinki: Universiteit van Helsinki, 9–24.
- Künzli, A. 2006b. Translation revision. A study of the performance of ten professional translators revising a technical text. In M. Gotti & S. Šarčević (eds.). *Insights into specialized translation*. Bern: Peter Lang, 195–214.
- Künzli, A. 2007a. The ethical dimension of translation revision. An empirical study. *Journal of Specialised Translation*, 8:42–56. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue08/art\\_kunzli.php](http://www.jostrans.org/issue08/art_kunzli.php) [26 April 2018].
- Künzli, A. 2007b. Translation revision. A study of the performance of ten professional translators revising a legal text. In Y. Gambier, M. Shlesinger & R. Stolze (eds.). *Doubts and directions in translation studies*. Amsterdam: John Benjamins, 115–126.
- Künzli, A. 2009. Qualität in der Übersetzungsrevision – eine empirische Studie [Kwaliteit in vertaalrevisie – 'n empiriese studie]. In H. Kalverkämper & L. Schippel (eds.). *Translation zwischen Text und Welt – Translationswissenschaft als historische Disziplin zwischen Moderne und Zukunft* [Vertaling tussen teks en wêreld – vertaalwetenskap as historiese dissipline tussen moderniteit en toekoms]. Berlyn: Frank & Timme, 291–304.
- Künzli, A. 2011. Research on revising translations. E-pos aan A. van Rensburg, 12 Januarie [avrens@sun.ac.za].
- Künzli, A. 2014. Die Übersetzungsrevision: Begriffsklärungen, Forschungsstand, Forschungsdesiderate [Vertaalrevisie: Begripsverklaring, huidige stand van navorsing en moontlike verdere navorsing]. *trans-kom – Zeitschrift für Translationswissenschaft und Fachkommunikation*, 7(1):1–29. Verkry by [http://www.trans-kom.eu/bd07nr01/trans-kom\\_07\\_01\\_01\\_Kuenzli\\_Revision.20140606.pdf](http://www.trans-kom.eu/bd07nr01/trans-kom_07_01_01_Kuenzli_Revision.20140606.pdf) [26 April 2018].
- Lauscher, S. 2000. Translation quality assessment: Where can theory and practice meet? *The Translator*, 6(2):149–168. doi: 10.1080/13556509.2000.10799063
- Law, M. & H. Kruger. 2008. Towards the professionalisation of editing in South Africa. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(4):479–493. doi: 10.2989/SALALS.2008.26.4.6.678

Leedy, P. & J. Ormrod. 2013. *Practical research: Planning and design*. Tiende uitgawe. Boston, MA: Pearson.

Lommel, A., H. Uszkoreit & A. Burchardt. 2014. Multidimensional Quality Metrics (MQM): A framework for declaring and describing translation quality metrics. *Revista Tradumàtica: tecnologies de la traducció*, 12:455–463. Verkry by <http://revistes.uab.cat/tradumatica/article/view/n12-lommel-uszkoreit-burchardt/pdf> [26 April 2018].

Luther, J., F. Pheiffer & R. Gouws (eds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.

Mackenzie, R. 2004. Functional translation theory and quality in translation: An interface between theory and practice. In J. Tommola (red.). *Language, text and translation*. Turku: Turunyliopisto, 157–168.

Martin, T. 2007. Managing risks and resources: A down-to-earth view of revision. *The Journal of Specialised Translation*, 8:57–63. Verkry by [http://www.jostrans.org/issue08/art\\_martin.pdf](http://www.jostrans.org/issue08/art_martin.pdf) [26 April 2018].

